# DIE ETIOLOGIESE AGTERGROND VAN DIE GEDRAGSAFWYKENDE KLEURLINGKIND EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR SY HEROPVOEDING.

deur

EERW. F.A. BESTER, B.A., M.Ed.

====

PROEFSKRIF INGEHANDIG AAN DIE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

TER GEDEELTELIKE VOLDOENING
AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD D.Ed.

====

DRIE BANDE.

====

BAND I : WESE EN HERKOMS.

====

PROMOTOR: PROF. DR. H.J.J. BINGLE.

1961.

========

# VOORWOORD.

Oor 'n tydperk van agt jaar onderwyservaring aan die Heatherdale Kleurling-Hoërskool in Bloemfontein en dertien jaar aan die Ottery Nywerheidskool vir Kleurlingseuns, het ek die geleentheid gehad om die Kleurling as mens en veral die probleme van die Kleurlingkind van naderby te leer ken. Met verskerpte besinning het dit al hoe duideliker geword dat die Kleurlingkind in besondere sin die produk van sy hereditêre en maatskaplike erfgoedere is. Hierdie studie is 'n beskeie poging om aan te dui hoe hierdie erfgoedere in gedragsafwyking neerslag vind, en hoe daarmee in 'n heropvoedingsprogram rekening gehou behoort te word.

Die versameling en verwerking van die stof was 'n gedugte taak wat nie alleen aan myself nie, maar noodwendig ook aan andere oor lang tydperke hoë eise gestel en soms baie ontberings en opoffering geverg het. Dit is vir my behoefte om met deernis melding te maak van die selflose offervaardigheid waarmee my vrou en kindertjies hierdie onderneming moontlik gemaak het.

Die Departement van Kleurlingsake wat aan my 'n jaar studieverlof toegestaan het, verdien en ontvang hiermee my opregte dankbaarheid. Deur my afwesigheid het ekstra verantwoordelikheid op die skouers van my personeel neergekom. Die prysenswaardige bereidwilligheid waarmee hulle dit die hoof gebied het, was vir my 'n groot inspirasie. My besondere dank gaan veral aan die sielkundiges, mnre. J.C. Carstens en G.J. le Roux wat deur middel van kliniese rapport belangrike statistiese feite uitgelig en geverifieer het.

Met opregte waardering moet ek melding maak van die twee hoogleraars wat by hierdie studie deurslaggewende rol gespeel het. Beide prof. S.P. Olivier en prof. H.J.J.Bingle het onmisbare leiding gegee om die studie tot 'n suksesvolle einde deur te loods. Dit het onder prof. Olivier aan U.K. aanvang gemaak en moes met sy vertrek as Rektor van die Universiteitskollege vir Indiërs in Natal, onder prof. H.J.J. Bingle van die P.U. vir C.H.O. voortgesit en gefinaliseer word. Dit is vir my heeltemal onmoontlik om in woorde uitdrukking te gee aan die hoogagting, waardering en inspirasie wat aanraking met hierdie professore by my opgewek het.

Dit doen ook besondere genoeë om langs hierdie weg waardering te betuig aan mev. L. Weepener wat met byna bomenslike inspanning die tikwerk op so 'n voortreflike wyse behartig het.

Ten slotte met diepe eerbied en kinderlike geloof my nederige dank aan die Hemelse Vader wat my met 'n duidelike roeping geroep, en 'n onvermydelike lewenstaak opgelê het. Mag daardeur sy Naam verheerlik word.

P.A. Bester

Nywerheidskool,
OTTERY, K.P.
13 Desember 1961.

# I N H O U D S O P G A W E.

## B A N D I : W E S E E N H E R K O M S.

### HOOFSTUK I : INLEIDING.

Bladsy.

1. Behoefte aan die Ondersoek .......................... 1.
   (a) Beplanning van die Heropvoedingsprogram ...... 1.
   (b) Gebrek aan Wetenskaplike Kennis .............. 2.
2. Omskrywing van Terme ............................... 3.
   (a) Gedragsmoeilike Kleurlingkind ................ 3.
   (b) Etiologiese Agtergrond ....................... 4.
   (c) Implikasies vir Heropvoeding ................. 4.
3. Terreinafbakening .................................. 5.
   (a) Eiesoortigheid en Kompleksiteit .............. 5.
   (b) Die Kleurling en sy Herkoms .................. 6.
   (c) Die Kleurling en sy Woongebied ............... 7.
   (d) Die Kleurling in Sosio-ekonomiese Verband .... 8.
   (e) Die Kleurling in Sosio-sedelike Verband ...... 8.
   (f) Die Kleurling en sy Opvoeding ................ 8.
   (g) Die Kleurling en Selfmiskenning .............. 9.
   (h) Opvoedkundige Implikasies .................... 9.
4. Metode van Ondersoek ............................... 10.
   (a) Empiries-statisties .......................... 10.
      (i) Agtergronds- en Vóórgeskiedenismonster.............................. 10.
      (ii) Inrigtingsgeskiedenismonster ....... 11.
      (iii) Die Gesindheidsmonster ............. 12.
      (iv) Betroubaarheid van die Statistieke.. 14.
         aa) Agtergronds-, Vóór- en Inrigtingsgeskiedenismonsters..... 14.
         bb) Die Gesindheidsquestionnaire. 15.
   (b) Histories en Feitelik ........................ 16.
   (c) Prinsipiëel .................................. 17.

### HOOFSTUK II : 'N OMSKRYWING VAN DIE KLEURLING.

1. Ontstaan en Aard van die Vraagstuk ................. 19.
2. Die Behoefte aan 'n Omskrywing ..................... 21.
   (a) Rasseskeidslyne .............................. 21.
   (b) Kleurgevoel .................................. 21.

Bladsy.

(c) Westerse Leefwyse............................ 22.
(d) Wetgewing ................................... 22.
(e) Administrasie ............................... 26.
(f) Regspleging ................................. 26.

3. Verskillende Denkrigtings ...................... 38.
(a) Die Agnostiese Benadering ................... 38.
(b) Die Negatiewe Benadering .................... 40.
(c) Die Positiewe Benadering .................... 42.
(i) Moeilikheid van 'n Woordomskrywing.. 42.
(ii) Moontlikheid van 'n Woordomskrywing. 42.
(iii) Positiewe Beskrywings tot dusver.... 43.
aa) Statutêre Woordomskrywings... 43.
bb) Antropologiese Omskrywing ... 44.

4. 'n Voorgestelde Woordomskrywing .................. 45.
(a) Terminologiese Onderskeidinge ............... 45.
(i) Naturel en Bantoe ................... 45.
(ii) Blank en Nie-blank .................. 46.
(iii) Gekleurde en Kleurling .............. 46.
(iv) Kaapse Kleurling en Kaapse Maleier.. 46.
(b) Die Kleurling: 'n Omskrywing ................ 47.

5. Identifikasie-rigsnoer .......................... 47.
(a) Die Genealogiese Kriterium .................. 48.
(b) Die Empiriese Kriterium ..................... 49.
(c) Die Kulturele Kriterium ..................... 50.
(d) Die Maatskaplike Kriterium .................. 50.

6. Die Uitwerking .................................. 52.

HOOFSTUK III : DIE HERKOMS VAN DIE KLEURLING: MENGELBESTANDDELE.

1. Rassesamestelling van Kinderwet-ouers ........... 53.

2. Die Tyd van Ontstaan ............................ 54.

3. Etniese Boustowwe ............................... 57.
(a) Khoisan ..................................... 57.
(b) Negroïed .................................... 58.
(c) Asiaties .................................... 58.
(d) Kaukasies ................................... 58.

4. Die Boesmans .................................... 59.
(a) Voorgeskiedenis ............................. 59.
(b) Latere Lotgevalle: Uitroeiïngsoorloë.......... 60.
(c) Toepaslike Etnografiese Besonderhede ......... 61.
(i) Fisiese Eienskappe .................. 61.

(ii)/.....

Bladsy.

(ii) Lewenswyse .......................... 62.
(iii) Geesteseienskappe: Opvoedbaarheid, onvoorspelbaarheid, vryheidsliefde 62.
(d) Bydrae tot Ontstaan van die Kleurling ........ 64.
(i) Afstamming .......................... 64.
(ii) Direkte Verbastering ............... 65.
(iii) Inboorling-uitroeiïngsoorloë........ 65.
(iv) Blanke Uitroeiïngsoorloë............ 65.
(v) Geestesaffiniteit ................... 66.

5. Die Hottentotte ................................. 67.
(a) Benaming ................................... 67.
(i) Uitwendige Toedigting .............. 68.
(ii) Inwendige Herleiding ............... 68.
(b) Voorgeskiedenis ............................ 69.
(i) Ontstaan ........................... 69.
(ii) Migrasie ........................... 71.
(iii) Stamverdeling: Kaapse Hottentotte, Oostelike Hottentotte, Naman en Koranna ......................... 72.
(c) Toepaslike Etnografiese Besonderhede ......... 77.
(i) Somatiese Eienaardighede ........... 77.
(ii) Regeringstelsel .................... 79.
(iii) Godsdiens .......................... 80.
(iv) Die Plek van die Vrou .............. 81.
(v) Seksuele Lewe en Soregus ........... 82.
(vi) Opmerksaamheid en Satire ........... 84.
(vii) Gasvryheid en Vrygewigheid ......... 84.
(viii) Gemoedelikheid en Oppervlakkigheid.. 85.
(ix) Gebrek aan Nasionale Trots ......... 86.
(x) Verdowingsmiddels, Luiheid en Gebrek aan Spaarsin .................... 87.
(xi) Aanpasbaarheid en Geluk ............ 87.
(d) Bydrae tot die Ontstaan van die Kleurling .... 88.
(i) Numeriese Bydrae ................... 88.
(ii) Somatiese Ooreenkomste ............. 91.
(iii) Temperamentele Eienskappe .......... 92.

6. Die Slawe........................................ 95.
(a) Redes vir Invoer ............................ 95.
(b) Invoer en Herkoms ........................... 97.
(i) Die Begin: Die Maria en die Hasselt 97.
(ii) Slawehandel met Madagaskar ......... 97.
(iii) Slawe uit die Ooste ................ 99.
(iv) Slawehandel onder die Britse Bewind. 102.
(c) Huisvesting en Behandeling .................. 102.

Bladsy.

(i) Die Slawelosie .................... 102.
(ii) Slawe van Private Eienaars ......... 105.
(iii) Slawewette .......................... 108.
(d) Vrye Swartes en Kaapse Maleiers ............. 109.
(i) Vrye Swartes ....................... 109.
(ii) Kaapse Maleiers .................... 110.
(e) Prize Negroes en Vrystelling van die Slawe ... 111.
(i) Exeter Hall ........................ 111.
(ii) Afskaffing van Slawehandel ......... 112.
(iii) Prize Negroes ...................... 113.
(iv) Vrystelling van die Slawe .......... 114.
(f) Bydrae tot die Kleurlinge .................... 114.
(i) Numeries ........................... 114.
(ii) Fisiese Voorkoms ................... 115.
(iii) Maleiers en Islam .................. 115.
(iv) Emosionele Opwenbaarheid en Misdaad. 115.
(v) Seksuele Losheid ................... 116.
(vi) Handvaardigheid .................... 116.

7. Die Blanke.................................................. 116.
(a) Herkoms ...................................... 117.
(i) Verbyvarendes ...................... 117.
(ii) Inwoners ........................... 118.
(b) Werwing vir die V.O.C. ...................... 119.
(c) Gehalte van Werknemers ...................... 120.
(d) Bydrae tot die Kleurlinge .................... 122.
(i) Fisiese Eienskappe ................. 123.
(ii) Godsdiens en Kultuur ............... 123.
(iii) Ongunstige Invloede ................ 124.

8. Die Bantoe .................................................. 124.
(a) Herkoms en Etnografiese Besonderhede ......... 125.
(i) Herkoms en Verspreiding............. 125.
(ii) Fisiese Eienskappe ................. 125.
(iii) Godsdiens .......................... 126.
(iv) Ekonomiese en Sosiale Organisasie... 126.
(v) Die Regering- en Regstelsel ........ 127.
(vi) Geaardheid en Sedelike Peil van die Bantoe ........................... 127.
(b) Intog in Wes-Kaapland ........................ 129.
(c) Bydrae tot die Kleurlinge .................... 131.
(i) Versterking van die Negroïede Inslag 131.
(ii) Onbeperkte Potensiaal .............. 132.

9. Die Indiër .................................................. 133.
(a) Redes vir Invoer ............................ 133.

(b)/.....

Bladsy.

(b) Voorwaardes, Toestroming en groeiende Antipatie ........................................ 134.
(i) Voorwaardes ........................ 134.
(ii) Toestroming ........................ 135.
(iii) Groeiende Antipatie .............. 137.
(c) Indiërs in ander Provinsies ................ 139.
(i) Oranje-Vrystaat ................... 139.
(ii) Kaapland .......................... 139.
(iii) Transvaal ......................... 140.
(d) Toepaslike Etnografiese Besonderhede ........ 140.
(i) Fisiese Eienskappe ................ 140.
(ii) Godsdiens en Kultuur .............. 140.
(iii) Mistisisme ........................ 141.
(iv) Arbeidsaamheid en Vooruitstrewendheid ........................... 141.
(v) Sakesin en Twyfelagtige Wetsgehoorsaamheid ........................ 142.
(e) Bydrae tot die Kleurling ................... 142.
(i) Sydelingse Bymenging .............. 142.
(ii) Versterking van die Oosterse Element ........................... 142.
(iii) Godsdienstige Invloed ............. 144.

10. Gevolgtrekking .............................. 144.
(a) Rangorde van Bydraes ....................... 144.
(b) Gehalte van Boustowwe ...................... 145.
(c) Bron van die Kwaad ......................... 145.
(d) Vermoë tot Prestasie ....................... 146.
(e) Kulturele Aanhanklikheid ................... 146.

## HOOFSTUK IV : DIE HERKOMS VAN DIE KLEURLING: DIE MENGELPROSES.

1. Faktore wat Kruising teëgewerk het ................ 147.
(a) Wetgewing .................................. 148.
(i) Teen Ontug ........................ 148.
(ii) Teen Gemengde Huwelike ............ 150.
(b) Etniese Verskille .......................... 151.
(i) Voorkoms .......................... 151.
(ii) Vuilheid .......................... 152.
(iii) Primitiwiteit en Agterlikheid...... 153.
(c) Die Invloed van Sosiale Status ............. 154.
(d) Die Invloed van die Godsdiens .............. 155.
(e) Kleurvooroordeel ........................... 157.

2. Faktore wat Kruising begunstig het ................ 160.
(a) Primitiwiteit en Agterlikheid van die Nieblankes ....................................... 160.

(i)/.....

Bladsy.

(i) Onder die Slawe .................. 160.
(ii) Onder die Hottentotte ............ 163.
(b) Diensvoorwaardes en Tekort aan Blanke Vroue.. 165.
(c) Swak Gehalte van vroegste Blanke Inwoners.... 166.
(d) Veragtering in die Binneland ............... 167.
(e) Afwesigheid van Kleurgevoel ................ 169.

3. Gemengde Huwelike ................................ 170.
(a) Blankes en Slavinne ........................ 170.
(b) Blankes en Hottentottinne .................. 172.
(c) Gemengde Huwelike onlangs .................. 175.
(i) Algemeen ......................... 175.
(ii) Huwelike met Kleurlinge .......... 175.
(iii) Huwelike met Bantoes .............. 175.
(iv) Huwelike met Asiate ............... 176.

4. Kohabitasie ...................................... 177.
(a) Blankes met Slavinne ....................... 177.
(b) Blankes met Hottentottinne ................. 178.
(c) Blankes met Bantoes ........................ 183.
(d) Blankes met Kleurlinge ..................... 184.

5. Toevallige Gemeenskap ............................ 184.
(a) Omgang met Slawe ........................... 184.
(i) Die Slawelosie .................... 185.
(ii) Taphuise, Herberge en Private Bordele ............................... 186.
(iii) Gewone Huishoudinge ............... 187.
(iv) Blanke Vroue en Slawe ............ 190.
(b) Omgang met Hottentotte ..................... 192.
(i) Aan die Kaap ...................... 193.
(ii) In die Binneland .................. 194.
(iii) Hottentotmans en Blanke Vroue ..... 196.
(c) Omgang met Nie-blankes onlangs: Bantoe, Asiate en Kleurlinge ...................... 196.
(d) Vermenging van Nie-blankes Onderling ....... 199.
(i) Slawe en Hottentotte .............. 199.
(ii) Kleurlinge en Bantoes ............. 201.
(iii) Asiate met Bantoes en Kleurlinge .. 206.

6. Gevolgtrekkings .................................. 207.
(a) Seleksie ................................... 207.
(b) Gesinsverband .............................. 209.
(c) Maatskaplike Norme ......................... 209.

=====

BAND II/.....

# B A N D  II : W O O N G E B I E D  E N  L E W E N S W Y S E.

## HOOFSTUK V : VERSPREIDING VAN DIE KLEURLINGE.

Bladsy.


1. Geografiese Herkoms van Gedragsmoeilike Kleurling-lingkinders .................................. 211.

2. Getalsverhoudinge en Bevolkingsaanwas .............. 213.
   (a) 'n Veelrassige Bevolking ..................... 213.
   (b) 'n Persentuele Samestelling .................. 215.
   (c) Groeiverhoudinge ............................. 215.
   (d) Geboortes en Sterfgevalle .................... 216.
   (e) Kleurlinge wen Veld .......................... 217.
   (f) Toekomsverwagtinge ........................... 218.

3. Verspreiding oor Provinsies: Kleurlinge is Kaap-landers ........................................... 219.
   (a) Getalsterkte in Afsonderlike Provinsies ...... 219.
   (b) Persentuele Verspreiding ..................... 219.
   (c) Geografiese Stabiliteit ...................... 221.
   (d) Relatiewe Voorkomsfrekwensie ................. 221.

4. Kleurlinge in die Westelike Provinsie .............. 223.
   (a) Kaapland sonder die Transkei ................. 223.
   (b) Natuurlike Habitat ........................... 224.

5. Kleurlinge in die Metropolitaanse Gebiede .......... 226.
   (a) Sametrekking in Stadsgebiede ................. 226.
   (b) Voorkeurstede ................................ 229.

6. Die Trek na die Stede............................... 229.
   (a) Statistieke................................... 229.
   (b) Oorsake ...................................... 232.
      (i) Vroeëre Verwikkelinge ..................... 232.
      (ii) Patriargale Lewenstruktuur verander. 234.
      (iii) Ontvolking van die Platteland ...... 234.
      (iv) Industrialisasie ......................... 235.
      (v) Ekonomiese Oorweginge ..................... 236.
      (vi) Gesindheidsfaktore ....................... 236.
   (c) Gevolge ...................................... 238.
      (i) Behuisingstekort .......................... 238.
      (ii) Werkloosheid ............................. 238.
      (iii) Werkskuheid ............................. 239.
      (iv) Tekort aan Onderwysgeriewe ......... 239.
      (v) Beëindiging van Beskermde Toestande. 239.
      (vi) Vryetydsprobleme ......................... 240.
      (vii) Groeiende Oppervlakkigheid ......... 240


(viii)/.....

Bladsy.

(viii) Verlies van Kerkverband .......... 241.
(ix) Kultuurbotsings .................. 241.
(d) Kontak met die Bantoe ..................... 242.
(i) Behuising ...................... 242.
(ii) Onderwys ....................... 243.
(iii) Arbeidsmark en Loonpeil .......... 243.
(iv) Verbastering .................... 243.
(v) Sedelike Verwording .............. 244.

7. Verstedeliking en Gedragsafwyking ................. 245.

HOOFSTUK VI : SOSIO-EKONOMIESE TOESTANDE.

1. Kleurslagboom in Wetgewing .......................... 247.
(a) Kleurvooroordeel .......................... 248.
(b) Die Gemenereg ............................. 250.
(c) Statutêre Reg ............................. 251.
(d) Diskriminerende Wetgewing vóór 1910 ......... 251.
(e) Kleurwetgewing tussen 1910 en 1948 .......... 252.
(f) Kleurwetgewing ná 1948 ..................... 253.
(i) Wette oor Bloedvermenging ......... 254.
(ii) Wette oor Maatskaplike en Woonbuurtskeiding .................. 255.
(iii) Stemregwette ..................... 258.
(iv) Ekonomiese Wette .................. 260.
(v) Hoër Onderwys ..................... 261.
(vi) Bevolkingsregistrasie ............. 262.
(g) Die Uitwerking van Kleurwetgewing .......... 263.

2. Armoede ............................................. 268.
(a) Ekonomiese Peil van die Kleurling-kinderwetouer.................................... 268.
(b) Die Geheelbeeld van die S.A.Ekonomie ........ 270.
(i) Beëindiging van die Patriargale Stelsel ......................... 270.
(ii) Die Ontwikkeling van Sekondêre Nywerhede ...................... 271.
(iii) Verstedeliking .................... 272.
(iv) Toenemende Volksinkomste .......... 273.
(c) Ekonomiese Bedrywighede ..................... 274.
(i) Die Kleurling as Ondernemer ....... 274.
(ii) Bedryfsindeling ................... 275.
(iii) Arbeidsverskuiwing ................ 277.
(iv) Geskooldheid ...................... 278.
(v) Gehalte van Kleurlingarbeid ....... 279.
(d) Inkomste en Lewenspeil ..................... 282.

(i)/.....

Bladsy.

(i) Inkomste ........................ 282.
(ii) Die Armoedsgrens ................. 284.
(iii) Armoede in Aksie ................. 287.

3. Die Behuisingsvraagstuk ........................ 292.
(a) Woonomstandighede van die Leerlingmonster.... 292.
(b) Historiese Oorsig ........................... 293.
(i) In die Vroegste Tyd ............... 293.
(ii) Tussen Unie en die Tweede Wêreld-oorlog.......................... 294.
(iii) Sedert die Oorlog ................ 296.
(c) Wetenskaplike Ondersoek .................... 297.
(i) In verband met die Bantoes ........ 297.
(ii) In verband met die Kleurlinge ..... 298.
(d) Die Oorsake van Behuisingsprobleme .......... 300.
(i) Gebrek aan Toereikende Beplanning.. 300.
(ii) Kleurlinge en Bantoes in dieselfde Lokasies ....................... 301.
(iii) Leefgewoontes .................... 303.
(iv) Armoede .......................... 305.
(e) Aard en Omvang ............................. 309.
(i) Bevredigende Huisvesting van Enkeles ......................... 310.
(ii) Strukturele Toestand van Woonhuise. 310.
(iii) Oorbewoning ...................... 313.
(iv) Sanitasie ........................ 318.
(v) Watervoorsiening ................. 320.
(vi) Paaie en Beligting ............... 320.
(vii) Dreinering ....................... 320.
(viii) Sport- en Speelterreine .......... 320.
(f) Bestryding ................................. 321.
(i) Liggame .......................... 321.
(ii) Finansies ........................ 321.
(iii) Bantoebehuising .................. 323.
(iv) Stremmende Faktore ............... 324.
(v) Vordering ........................ 325.
(g) Uitwerking ................................. 329.
(i) Behuising en die Familielewe ...... 329.
(ii) Behuising en Dissipline .......... 330.
(iii) Behuising, Vryetydsbesteding en Uithuisigheid .................. 331.
(iv) Behuising en die Skool ........... 332.
(v) Waardebepaling ................... 332.

4. Gesondheid ..................................... 334.
(a) Die Gesondheidstoestand van Kinderwet-ouers.. 334.

(b)/.....

Bladsy.

(b) Samehang met ander Vraagstukke .............. 335.
(i) Vereistes vir Bestudering ......... 335.
(ii) Oorerwingsfaktore ................. 336.
(iii) Omgewingsfaktore .................. 337.
(c) Algemene Gesondheidstoestand.................. 337.
(i) Vergelyking met Blankes ........... 337.
(ii) Ondervoeding ...................... 338.
(iii) Mediese Versorging ................ 339.
(iv) Verskillende Lewensfases .......... 341.
(d) Geboortes en Kindersterfte ................. 343.
(i) Geboortes ......................... 343.
(ii) Kindersterfte ..................... 345.
(e) Lewensverwagting ........................... 348.
(i) Sterfgevalle ...................... 348.
(ii) Lewensverwagting .................. 349.
(f) Veneriese Siekte ........................... 353.
(i) Veneriese Siekte by die Kinderwet-kind ........................... 353.
(ii) Verspreiding en Uitwerking ........ 353.
(iii) Voorkoms .......................... 355.
(iv) Bestryding ........................ 358.
(g) Tuberkulose ................................ 359.
(i) Voorkoms .......................... 361.
(ii) Verspreiding ...................... 362.
(iii) Bestryding ........................ 364.
(iv) Uitwerking ........................ 368.
(h) Implikasies van Kinderwelsyn ............... 371.
(i) Onpopulêre Arbeid ................. 371.
(ii) Hoë Afhanklikheidsratio ........... 371.
(iii) Mediese Onkoste ................... 371.
(iv) Verlies aan Inkomste .............. 372.
(v) Behuisingskomplikasies ............ 372.
(vi) Opvoedingskomplikasies ............ 372.

5. Gevolgtrekking ................................. 373.

## HOOFSTUK VII : SOSIO-SEDELIKE TOESTANDE.

1. Buite-egtelikheid .............................. 377.
(a) By die Kinderwet-ouers ..................... 377.
(b) Die Verskynsel ............................. 377.
(i) Oorsprong en Oorsake .............. 379.
(ii) Soorte ............................ 380.

Bladsy.

(iii) Afmetings ........................ 381.
(c) Uitwerking ............................ 383.
(i) Maatskaplik ........................ 383.
aa) Die Skande .................. 383.
bb) Die Gebroke Huis ............ 385.
(ii) Sedelik ........................... 387.
(iii) Sielkundig ....................... 389.

2. Drankmisbruik ............................... 390.
(a) By die Kinderwet-ouers ..................... 390.
(b) Die Aard ..................................... 391.
(i) Terminologie ...................... 392.
(ii) Kleurlingdranksug ................. 392.
(iii) Alkoholisme as Siekte ............. 393.
(c) Die Oorsake .................................. 394.
(i) Bemoeilikende Faktore ............. 394.
(ii) Historiese Terugblik .............. 395.
(iii) Rassies-sielkundige Faktore ........ 397.
(iv) Sosiaal-ekonomiese Faktore ......... 400.
(v) Sedelik-opvoedkundige Faktore ...... 402.
(vi) Beskerming teen Natuurlike Eliminasie ............................ 404.
(d) Die Omvang ................................... 405.
(i) Bemoeilikende Faktore ............. 405.
(ii) Veroordelings ..................... 406.
(iii) Indrukke op Waarnemers ............ 409.
(iv) Verspreiding van Drankmisbruik...... 410.
(e) Die Uitwerking ............................... 411.
(i) Drankmisbruik en Gesondheid ........ 412.
aa) Direkte Invloed op Gesondheid 412.
bb) Indirekte Invloed op Gesondheid ..................... 412.
cc) Gesondheid en Kinderwelvaart. 414.
(ii) Drankmisbruik en Ekonomiese Welsyn.. 414.
aa) Wanbesteding van Inkomste.... 415.
bb) Ondermyning van Werkvermoë... 416.
cc) Werkgewilligheid ........... 416.
(iii) Drankmisbruik en Gesinswelsyn ...... 417.
aa) Behuising .................. 418.
bb) Werkende Moeders ........... 418.
cc) Gesinsverbrokkeling ........ 419.
(iv) Drankmisbruik en Sedelikheid ....... 420.
(v) Drankmisbruik en Misdaad ........... 422.

aa)/.....

Bladsy.

aa) Drank en die Totale Misdaadsyfer .................... 422.
bb) Drank en Verskillende Misdaadtipes ................ 423.
cc) Drank en die Misdaadouderdom 424.
(vi) Drankmisbruik en Opvoeding ........ 426.
aa) Drank en Skoolopvoeding..... 426.
bb) Drank en Huislike Opvoeding. 427.

3. Dagga ............................................. 428.
(a) Oorsake .................................... 430.
(b) Die Aard van Daggagebruik ................... 432.
(i) Benaming .......................... 432.
(ii) Historiese Oorsig ................. 433.
(iii) Gebruiksmetode .................... 433.
(iv) Houding teenoor Daggarokery ....... 434.
(c) Die Omvang van Daggagebruik ................. 435.
(i) Algemene Indrukke ................. 435.
(ii) Statistieke ....................... 438.
(d) Die Uitwerking van Daggagebruik ............. 443.
(i) Fisiese Uitwerking ................ 444.
(ii) Psigiese Uitwerking ............... 445.
(iii) Psigotiese Uitwerking ............. 447.
(iv) Sedelike Uitwerking ............... 449.
aa) Dagga en Misdaad .......... 449.
bb) Dagga en Geslagsdrif ....... 450.
cc) Dagga en Gewoontevorming ... 451.
(v) Maatskaplik-opvoedkundige Uitwerking ......................... 453.

4. Misdaad ........................................... 454.
(a) Misdaad by Kinderwet-ouers .................. 455.
(b) Begripsbepalings............................. 455.
(i) Misdaad en Misdadiger ............. 455.
(ii) Misdaadstatistieke ................ 456.
(iii) Misdaadklassifikasie .............. 457.
aa) Juridiese Indeling ......... 457.
bb) Ernstige en Nie-ernstige Misdaad ................. 457.
cc) Ouderdom en Ras ............ 458.
(c) Oorsake van Misdaad onder Kleurlinge ........ 458.
(i) Samevatting ....................... 458.
(ii) Gebrekkige Sedelike Vorming ....... 459.
(iii) Misdaad as Lewensbestaan .. ....... 459.

(d)/.....

Bladsy.

(d) Aard en Omvang van Misdaad onder Kleurlinge.. 460.
(i) Teenstrydige Bevindings ........... 460.
(ii) Bevolking, Seks en Alle Misdaad ... 461.
aa) Relatiewe Bydraes van die Rassegroepe .............. 461.
bb) Toename van Misdaad ........ 464.
cc) Bydraes van die Sekse ...... 464.
(iii) Bevolking, Seks en Ernstige Misdaad 464.
aa) Relatiewe Bydraes van die Rasse .................... 465.
bb) Relatiewe Toename .......... 465.
cc) Bydraes van die Sekse ...... 468.
(iv) Ernstige en Nie-ernstige Misdaad ... 468.
(v) Uitgesoekte Oortredings ........... 468.
aa) Diefstal ................... 471.
bb) Aanranding ................. 471.
cc) Seksuele Onsedelikheid ..... 471.
(vi ) Misdaad en Drank .................. 476.
(vii) Misdaad en Ouderdom ............... 476.
(viii) Strafbehandeling en Residivisme ... 480.
(e) Uitwerking van Misdaad ...................... 483.
(i) Gebroke Huisgesinne .............. 483.
(ii) Ondermyning van die Sedelikheid.... 484.
(iii) Ondermyning van die Opvoeding ..... 484.

=====

BAND III : GESINDHEID EN OPVOEDING.

=====

HOOFSTUK VIII : ONDERWYSTOESTANDE.

1. Vertraging en Uitskakeling ........................... 487.
(a) Monsterondersoek ............................ 488.
(b) Vertragingstatistiek in Provinsiale Skole .. 488.
(i) Ouderdom-standerd-verspreiding .... 492.
(ii) Standerds en Aantal Jare vertraag.. 496.
(c) Toetredingsouderdom ......................... 506.
(d) Druiping .................................... 508.
(i) Uitslae van Openbare Eksamens ..... 508.
(ii) Herhaaldelike Druiping ............ 509.
(iii) Druiping as Simptoom van Vertraging 510.
(e) Sosio-ekonomiese Omstandighede .............. 510.
(i) Aard van Ondersoek deur Stellenbosch en Kaapstad ............... 511.
(ii) Bevindings ........................ 511.

(f)/.....

Bladsy.

(f) Skoolverlating .............................. 514.
(i) Aard en Omvang .................... 514.
aa) Volgens Standerd-ouderdom-verspreiding .............. 514.
bb) Volgens Uitskakelingstabel.. 514.
(ii) Betekenis ......................... 518.

2. Leerplig ........................................ 519.
(a) Grondslae van Leerplig ...................... 519.
(b) Behoefte aan Leerplig ....................... 520.
(c) Leerplig en die Owerheid .................... 522.
(i) Eise om Leerplig .................. 522.
(ii) Leerplig en Wetgewing ............. 524.
(iii) Struikelblokke in die Weg van Leerplig ......................... 527.
aa) Ontoereikende Finansies .... 527.
bb) Sektariese Skole ........... 527.
cc) Toepassingskomplikasies .... 529.

3. Onderwysfasiliteite ............................ 530.
(a) Beheer ...................................... 530.
(b) Finansies ................................... 532.
(i) Staatsteun ........................ 532.
(ii) Statistieke ....................... 533.
(c) Akkommodasie ................................ 534.
(i) Verskaffing ....................... 536.
(ii) Gehalte ........................... 538.
(iii) Oorbevolking ...................... 539.
(iv) Grootte van Klasse ................ 540.
(d) Uitrusting .................................. 543.
(i) Lessenaars ........................ 543.
(ii) Handboeke ......................... 543.
(iii) Biblioteekboeke ................... 545.

4. Opvoedbaarheid van die Kleurlingkind............... 545.
(a) I.K.-toetsprestasies van die Gedragsafwykende Kleurlingkind ........................... 546.
(b) Besware teen Vergelykende Toetse ............ 547.
(i) Toetse en Toetsing ................ 550.
(ii) Sosio-ekonomiese Faktore .......... 551.
(iii) Opvoeding en Onderwys ............. 551.
(c) Resultate van Vergelykende Toetse ........... 554.
(i) Toetse in die Buiteland ........... 554.
(ii) Kleurlinge en Blankes in Suid-Afrika ......................... 555.
aa) Bevindinge van Dr. M.L.Fick. 556.

bb)/.....

Bladsy.

bb) Resultate berig deur die Wilcocks-kommissie.......... 557.
cc) Leerbekwaamheid en die Graad van Blanke Bloed ........... 559.
(d) Toelaatbare Gevolgtrekkings ................. 562.
(i) Fundamenteel ...................... 562.
(ii) Prakties .......................... 563.
aa) Behoefte aan Navorsing...... 563.
bb) Onderwysaanpassings ........ 564.
cc) Gedragsmoeilikhede ......... 564.

5. Die Gehalte van Onderrig en Onderwysers ............ 565.
(a) Skolastiese Toetsresultate .................. 565.
(i) Die Toetse ........................ 566.
(ii) Die Toetslinge .................... 566.
(iii) Die Resultate ..................... 567.
(b) Die Opleiding van Onderwysers ............... 569.
(i) Erkende Opleidingsinrigtings ...... 569.
(ii) Kursusse en Sertifikate ........... 570.
(c) Skaarste aan Onderwyseresse ................ 572.
(i) Aard en Omvang .................... 573.
(ii) Oorsake ........................... 574.
aa) Ekonomies .................. 574.
bb) Opvoedkundig ............... 574.
cc) Maatskaplike Verantwoordelikheidsin ................... 575.
(iii) Uitwerking ........................ 575.
(d) Kleinkinderskool-metodiek .................. 576.
(e) Opleidingsgehalte .......................... 577.
(f) Die Onderwyser in die Praktyk ............... 578.
(i) Bevoegdheidsopname ................ 578.
(ii) Inspekteursverslae ................ 579.
aa) Voorbereiding en Korreksiewerk ...................... 580.
bb) Hulpmiddels by die Onderwys. 580.
cc) Belangstelling in Leerlinge. 581.
(iii) Professionele Gedrag, Gesindheid en Optrede ........................ 581.

6. Kausale Verband met Gedragsafwyking ............... 583.
(a) Gebrek aan Leerplig ........................ 583.
(b) Vertraging op Skool ........................ 584.
(c) Opvoedbaarheid ............................. 584.
(d) Gebrekkige Skoolfasiliteite ................ 584.
(e) Gehalte van Onderrig en Onderwysers ......... 585.

HOOFSTUK IX/......

## HOOFSTUK IX : SELFMISKENNING.

Bladsy.

1. 'n Monsterondersoek .................................. 587.
    (a) Resultate .................................. 588.
    (b) Gevolgtrekkings .................................. 590.
        (i) Rasbegeerte .................................. 590.
        (ii) Kleurbegeerte .................................. 590.
        (iii) Behandeling en Koerante .................................. 590.
        (iv) Invloed van Skoolontwikkeling ...... 593.

2. Oorsake vir Selfmiskenning .................................. 593.
    (a) Erflike Faktore .................................. 593.
        (i) Ongelyksoortige Mengelbestanddele... 593.
        (ii) Die Khoisan-erfenis.................................. 595.
        (iii) Die Slawe-mentaliteit .................................. 597.
    (b) Omgewingsfaktore .................................. 597.
        (i) Kleurdiskriminasie en -wetgewing ... 598.
        (ii) Sosio-ekonomiese en -sedelike Mis-standе .................................. 599.
        (iii) Opvoedkundige Invloede .................................. 599.

3. Openbaringsvorme van Selfmiskenning .................................. 601.
    (a) Minderwaardigheidsgevoel .................................. 601.
    (b) Aanhanklikheid .................................. 603.
    (c) Verdeeldheid .................................. 606.
        (i) Motiewe vir Verdeeldheid .................................. 606.
        (ii) Verskeidenheid van Organisasies .... 607.
        (iii) Klasseverskeidenheid .................................. 610.
    (d) Gebrekkige Groepsidealisme .................................. 611.
        (i) Groepsgevoel en Nasionalisme ...... 611.
        (ii) Groepsaktiwiteite .................................. 613.
        (iii) Gebrek aan Leiers .................................. 615.
    (e) Die Oorgangstrewe .................................. 618.
        (i) Die Verlange .................................. 619.
        (ii) Die Praktyk .................................. 621.
            aa) Wyse van Oorgang .................................. 621.
            bb) Omvang van die Oorgang ...... 623.
    (f) Frustrasie en Verbittering .................................. 624.
        (i) Aard en Afmetings .................................. 624.
        (ii) Onderskeiding tussen Blanke Volks-dele .................................. 628.
        (iii) Onderskeiding ten opsigte van Taal-medium.................................. 629.
        (iv) Onderskeiding ten opsigte van Nuus-blaaie en Ander Leesstof ......... 630.

4. Uitwerking/.....

Bladsy.

4. Uitwerking van Selfmiskenning ........................ 633.
(a) Staatkundige Welsyn ........................... 633.
(b) Sosio-ekonomiese Welsyn ....................... 635.
(c) Skoolonderrig ................................. 637.
(i) Beheer ........................... 638.
(ii) Inhoud ........................... 639.
(iii) Praktyk ........................... 641.
(iv) Hoër Onderwys ...................... 641.
(d) Gebrekkige Persoonlikheidsvorming ............ 642.

HOOFSTUK X : IMPLIKASIES VIR HEROPVOEDING.

1. Aard en Omvang van Gedragsafwyking .................. 645.
(a) Die Gedragsafwykende Kind in die „Buite"-skool 646.
(b) Die Gedragsafwykende Kind in sy Huis ......... 647.
(c) Die Gedragsafwykende Kind in ander Inrigtings. 648.
(d) Oorsake vir Opname ........................... 648.
(e) Hofrekords van Monsterleerlinge............... 650.
(f) Kleurling-jeugmisdaad oor die Algemeen ....... 651.
(i) Alle Misdaad ...................... 651.
(ii) Ernstige Misdaad .................. 655.
(iii) Uitgesoekte Oortredings ........... 658.
(g) Modale Patroon van die Gedragsafwykende Kleurlingseun ................................. 659.
(i) Die Inkubasieperiode (1 - 6/7 Jaar). 659.
(ii) Die Germinasie- of Ontkiemingsperiode (7 - 11/12 Jaar) ............. 662.
(iii) Die Konsolidasieperiode (12 - 16/17 Jaar) ........................... 664.
(iv) Die Finalisasieperiode (17 - 21/23 Jaar) ........................... 665.
(v) Waaksaamheid teen Wensdenkery ...... 666.

2. Fundamentele Oorweginge ........................... 667.
(a) Noodsaaklikheid van vooraf bepaalde Lewens- en Wêreldbeskouing ........................... 668.
(b) Liberalisme teenoor Calvinisme ............... 669.
(i) Liberalisme ....................... 670.
aa) Die Mens in Maatskaplike Verband .................. 671.
bb) Die Mens in Sedelike Verband. 672.
cc) Die Mens in Ekonomiese Verband ..................... 673.
dd) Die Mens in Opvoedkundige Verband .................. 673.
ee) Die Mens in Politieke Verband 673.

Bladsy.

(ii) Die Calvinisme .................... 674.

aa) Die Calvinistiese Godsbeskouing ...................... 674.

bb) Die Calvinistiese Mensbeskouing ...................... 675.

cc) Die Calvinistiese Kleurlingbeskouing ................ 676.

dd) Die Calvinistiese Medeverantwoordelikheidsbegrip ...... 678.

(c) Fundamentele Rigsnoere ...................... 679.

(i) Verwerping van die Liberalisme ..... 680.

(ii) Aanvaarding van die Verskeidenheidsbeginsel ....................... 680.

(iii) Onderlinge Medeverantwoordelikheid ten opsigte van die eie Identiteit 680.

(iv) Noodsaaklikheid van Ontplooiïngsfasiliteite ...................... 681.

3. Implementasie, Organisasie en Administrasie van die Opheffingsprogram ............................... 682.

(a) Kompliserende Faktore ....................... 683.

(i) Die Omvangrykheid van die Vraagstuk. 683.

(ii) Liberalistiese Invloede ........... 684.

aa) Op Politieke Gebied ........ 684.

bb) Op Sosiaal-nasionale Gebied.. 684.

cc) Op Sedelik-godsdienstige Gebied ..................... 685.

dd) Op Joernalistieke Gebied .... 686.

(iii) Teenkanting van Kleurlingkant ...... 686.

(b) Inhoud van die Opheffingsprogram ............ 687.

(i) Ideologies ....................... 687.

aa) Eie Identiteit ............. 687.

bb) Groepsidentiteit ........... 688.

cc) Groepsverantwoordelikheid ... 688.

dd) Leierskap .................. 688.

ee) Groepstrots en -offervaardigheid .................... 688.

ff) Groepsoptrede: Ko-operasie... 688.

(ii) Sosio-ekonomies .................. 688.

aa) Ekonomies .................. 690.

bb) Behuising .................. 692.

(iii) Sedelik-godsdienstig .............. 692.

aa) Sedelike Misstande ......... 693.

bb) Godsdienstig ............... 693.

(iv) Politiek ......................... 694.

(c) Toepassingshulpmiddele ...................... 695.

Bladsy.

(i) Navorsingsburo .................... 695.
(ii) Inligting en Voorligting .......... 696.
(iii) Persbeheer ....................... 697.
(iv) Die Skool ......................... 698.
(d) Beheer ................................. 698.

4. Gewone Onderwys .......................... 699.
(a) Fundamentele Gebrek .................... 699.
(b) Die Doel van die Onderwys .............. 701.
(c) Die Inhoud van die Onderwys ............ 703.
(i) Sedelik-godsdienstig ............... 704.
(ii) Wetenskaplik-kultureel ............ 705.
(iii) Tegnies-kultureel ................ 705.
(iv) Geestelik-kultureel ............... 706.
(d) Metode van die Onderwys ................ 707.
(e) Leerplig en Onderwysfasiliteite ........ 708.
(f) Onderwys en die Onderwyser ............. 709.
(i) Onderwys ........................... 709.
(ii) Die Onderwyser en sy Opleiding ..... 711.
aa) Duidelike Doelstelling ...... 711.
bb) Kolleges en Dosente ......... 712.
cc) Onderwysers en Salarisse .... 713.

5. Korrektiewe Onderwys ..................... 714.
(a) Soorte Inrigtings ...................... 714.
(b) Private Inrigtings ..................... 715.
(c) Die Staatskinderhuis ................... 717.
(d) Die Nywerheidskool ..................... 719.
(e) Verbeteringskole........................ 723.
(i) Porter-verbeteringskool ............ 723.
(ii) Faure-verbeteringskool vir Kleurlingdogters ....................... 724.
(iii) Faure-verbeteringskool vir Kleurlingseuns ......................... 725.
(f) Korrektiewe Onderrig ................... 726.
(i) Fisiese Versorging ................. 726.
(ii) Klaskameronderrig ................. 727.
(iii) Ambagsopleiding .................. 727.
(iv) Sielkundige Dienste ............... 728.
(v) Godsdiens .......................... 729.
(vi) Dissipline ........................ 729.
(vii) Sport, Ontspanning en Vryetyd ..... 730.
(viii) Prefekte ........................ 731.
(ix) Uitplasing en Uitplasingshostelle... 731.
(x) Nasorgdienste ...................... 733.

(g)/.....

Bladsy.

(g) Die Personeel ................................ 733.

6. Resultate van Korrektiewe Inrigtings ................ 734.
(a) Resultate aan Verbeteringskole ............... 735.
(b) O.M.V.-resultate aan die Nywerheidskool ...... 735.
(c) Monsterondersoek van 500 Nywerheidskoolleerlinge ................................. 736.
(i) Verblyfperiode ..................... 736.
(ii) Skoolvordering ..................... 737.
(iii) Ambagsvordering .................... 739.
(iv) Oortredings en Strafmaatreëls ...... 743.
(v) Ontslag ............................ 749.
(d) Gevolgtrekking ............................. 750.

7. Konstruktiewe Slotsom .............................. 750.
(a) Aanpassing en Uitbreiding van Nywerheid- en Verbeteringskole ........................... 751.
(i) Grootte ............................ 751.
(ii) Differensiasie ..................... 752.
aa) Verbeteringskole ........... 752.
bb) Nywerheidskole ............. 753.
(b) Jeugkampe ...................................... 754.
(i) Populasie .......................... 755.
(ii) Grootte en Ligging ................. 756.
(iii) Inhoud en Metode van Kampaktiwiteite 757.
(iv) Differensiasie ..................... 757.
(v) Beheer, Administrasie en Finansies.. 757.
(vi) Ontslag ............................ 758.

8. Slot ............................................. 758.

## LYS VAN TABELLE.


| No. | Tabel. | Bladsy/e. |
|---|---|---|
| 1. | Wette in die Republiek van S.A. waarin Rassediskriminasie voorkom ........................ | 23- 25. |
| 2. | Hooggeregshofsake met Rasseklassifikasie as Geskilpunt ................................. | 27- 37. |
| 3. | Rassesamestelling van Kinderwet-ouers ......... | 53. |
| 4. | Die Kaapse Bevolking in die Jare 1806-1827 .... | 89- 90. |
| 5. | Blankes en Slawe in die Agtiende Eeu .......... | 98. |
| 6. | Verspreiding van Slawe op 3 Oktober 1829 ...... | 106. |
| 7. | Toename van Bantoes in Wes-Kaapland ........... | 130. |
| 8. | Asiatiese Bevolkingsaanwas in die Republiek ... | 136. |
| 9. | Gemengde Huwelike tussen 1925 en 1937 ......... | 174. |
| 10. | Kleurlinge en Bantoes in sekere Stedelike Gebiede van die Skiereiland .................. | 202. |
| 11. | Geografiese Herkoms van die Gedragsmoeilike Kleurlingkind ............................. | 212. |
| 12. | Bevolkingsamestelling en -aanwas sedert 1904... | 214. |
| 13. | Persentuele Samestelling van die S.A. Bevolking | 215. |
| 14. | Persentasie-styging van die Bevolking sedert 1904 .......................................... | 216. |
| 15. | Natuurlike Aanwas per 1,000 onder Blankes en Kleurlinge, 1945-1952 ....................... | 217. |
| 16. | Beraamde Bevolkingsterkte in 2,000 n.C. ....... | 218. |
| 17. | Verspreiding van die Kleurlinge oor die Provinsies ..................................... | 219. |
| 18. | Persentuele Verspreiding van die Kleurlinge oor die Provinsies ............................. | 220. |
| 19. | Die Kleurlinge vergelyk met die totale Bevolking van elke Provinsie, 1904-1960 .............. | 222. |
| 20. | Kleurlinge in Kaapland, met en sonder die Transkei .......................................... | 224. |
| 21. | Kleurlinge in die Westelike Provinsie, 1921-1951 .......................................... | 225. |
| 22. | Kleurlinge in die Metropolitaanse Gebiede, 1921-1960 ..................................... | 227-228. |
| 23. | Bevolkingsverdeling tussen Stad en Platteland, 1921-1951 ..................................... | 230. |
| 24. | Wette op Groepsgebiede in die Jare 1950-1959... | 256. |
| 25. | Die Ekonomiese Posisie van Kinderwet-ouers .... | 269. |
| 26. | Persentuele Bydrae van die Verskillende Sektore tot die Geografiese Volksinkome van die Unie, 1912-1953 ..................................... | 271. |
| 27. | Persentuele Bedryfsverspreiding van Ekonomiesbedrywige Kleurlinge, 15 Jaar en ouer in 1921, 1936 en 1946 ........................... | 276. |
| 28. | Persentuele Geskooldheidsindeling van Loonvasstellings deur die Loonraad 1937-1951 ....... | 278. |
| 29. | Inkomste van Kleurlingmans en -vroue in Kaapland, 15 Jaar en ouer, 1946 ................ | 283. |


30./.....

| No. | Tabel. | Bladsy/e. |
|---|---|---|
| 30. | Jaarlikse Minimum Onderhoudskoste van 'n Vlakte-huisgesin van Twee Ouers en Drie Kinders... | 288. |
| 31. | Behuisingsomstandighede van 500 Nywerheidskoolkinders .................................... | 293. |
| 32. | Relincome-verspreiding van Kleurlinghuishoudinge in Ses Stedelike Gebiede ..................... | 308. |
| 33. | Huurvermoë van Kleurlinghuishoudinge ........... | 309. |
| 34. | Behuisingsopname van Kleurlinge op Onderverdeelde Landgoedere binne die Afdelingsraadsgebied, 1945 ........................................ | 311. |
| 35. | Behuisingsopname in Grassy Park, Lotusrivier en die Nuwe Retreat Landgoed, 2. 6.60 ........... | 312. |
| 36. | M.S.A.-slaapkamerskaal vir Blankes ............. | 315. |
| 37. | Groottes van Kleurlinghuishoudinge ............. | 315. |
| 38. | Groottes van Kleurlinghuishoudinge met negatiewe Huurvermoë .................................. | 316. |
| 39. | Uitgawe aan Kleurlingbehuising deur Nasionale Behuising en die Aantal Woonhuise voltooi, 1945-1957 .................................... | 327. |
| 40. | Gesondheidstoestand van Ouers en/of Voogde van 500 Nywerheidskoolkinders .................... | 335. |
| 41. | Mediese Dienste gelewer aan Kaaplandse Skole in 1958 ........................................ | 342. |
| 42. | Lewendgeboortes per 1,000 Blankes, Kleurlinge en Asiate oor die Jare 1940-1958 ............... | 343. |
| 43. | Kindersterftes per 1,000 lewendgeboortes en as Persentasie van alle Sterftes onder Blankes, Kleurlinge en Asiate oor die Jare 1940-1958... | 345. |
| 44. | Doodsoorsake wat moontlik aan Verwaarlosing toegeskrywe kan word per 100,000 Lewendgeboortes in 1958 ..................................... | 347. |
| 45. | Sterfgevalle per 1,000 van die Bevolking oor die Jare 1940-1958 ............................ | 349. |
| 46. | Lewensverwagting van Blankes, Kleurlinge en Asiate in 1945-47 en 1950-52 ................ | 351. |
| 47. | Toetse vir Wasserman-Reaksie by 1,800 Nywerheidskool-Kleurlingseuns ......................... | 353. |
| 48. | Sterftes aan Geslagsiektes per 100,000 van die Bevolking oor die Jare 1949-1958 ............. | 356. |
| 49. | Geslagsiekte-behandeling aan Klinieke van die Kaapse Afdelingsraad, 1948-1953 ............. | 356. |
| 50. | Voorkoms van, en Sterfgevalle weens Tuberkulose in die verskillende Provinsies en onder die verskillende Rasse per 100,000 van elke Rassegroep vir die jaar 1957 ...................... | 362. |
| 51. | Sterfgevalle weens Tuberkulose per 100,000 van elke Bevolkingsgroep ......................... | 368. |
| 52. | Huisverband van 500 Nywerheidskool-Kleurlingkinders ........................................ | 376. |
| 53. | Huwelikstaat van Ouers by Geboorte van 500 Nywerheidskool-Kleurlingkinders ................ | 377. |


54./.....

| No. | Tabel. | Bladsy/e. |
|---|---|---|
| 54. | Persentuele Opgawe van Buite-egtelike Lewend-geboortes oor die Jare 1940-1958 ............ | 382. |
| 55. | Drankmisbruik ten Huise van 500 Nywerheidskool-Kleurlingkinders .......................... | 391. |
| 56. | Gemiddelde Drankwet-veroordelings per 1,000 van die Bevolking oor Periodes tussen 1921 en 1958 .................................... | 407. |
| 57. | Sterfgevalle van Besondere Aard wat vermoedelik deur Drankmisbruik beïnvloed word, per 100,000 van elke Bevolkingsdeel in 1958 ..... | 413. |
| 58. | Totale Misdaad en Drankmisdaad in Stellenbosch in 1951, 1953 en 1955 ...................... | 423. |
| 59. | Die Rol van Drank by Verskillende Misdaadtipes onder Kleurlinge in Stellenbosch in 1951, 1953 en 1955 ............................... | 423. |
| 60. | Persentasie Drankmisdade by die Verskillende Ouderdomsgroepe van Kleurlinge in Stellenbosch in 1951, 1953 en 1955 ...................... | 424. |
| 61. | Daggaveroordelings tussen 1945 en 1959 ........ | 439-440. |
| 62. | Misdaad by Ouers, Broers en Susters van 500 Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge ............. | 455. |
| 63. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings vir alle Misdaad in Periodes tussen 1921 en 1958 ..... | 462. |
| 64. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings vir Ernstige Misdaad vir Periodes tussen 1935 en 1958 .... | 466. |
| 65. | Alle Misdaad teenoor Ernstige Misdaad volgens Jaarlikse Veroordelings sedert 1949 ......... | 469. |
| 66. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings weens Diefstal in Tydvakke tussen 1921 en 1958 ........ | 472. |
| 67. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings weens Aanranding in Tydvakke tussen 1921 en 1958 ..... | 472. |
| 68. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings weens Seksuele Onsedelikheid in Tydvakke tussen 1921 en 1958 .................................... | 472. |
| 69. | Ouderdomsgroepe en Persentasie Misdaad onder Kleurlinge .............................. | 478. |
| 70. | Die Gemiddelde Aantal Kleurlinggevangenes met een of meer Veroordelings in Tydvakke tussen 1926 en 1958 ............................... | 481. |
| 71. | Ouderdom-standerd-verspreiding van 500 Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge ten tyde van hul Toelating .................................. | 489. |
| 72. | Ouderdom-standerd-verspreiding van Kleurlingleerlinge in Kaapland op 3. 6.1958 .......... | 493. |
| 73. | Ouderdom-standerd-verspreiding van Blanke Leerlinge in Kaapland op 3. 6. 1958 ............ | 494. |
| 74. | Ouderdom-standerd-verspreiding van Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge op 3. 6.1958 ....... | 497. |
| 75. | Vertraging van Kleurling-leerlinge (Lle.) bo die Normale Leeftyd (N.L.) op 3. 6.1958...... | 498. |
| 76. | Vertraging van Blanke Leerlinge (Lle.) bo die Normale Leeftyd (N.L.) op 3. 6.1958 ......... | 499. |

| No. | Tabel. | Bladsy/e. |
|---|---|---|
| 77. | Vertraging van Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge (Lle.) bo die Normale Leeftyd (N.L.) op 3. 6.58 .............................. | 504. |
| 78. | Gemiddelde Persentasie Druipelinge in Kleurlingskole tussen 1951 en 1953 ............ | 509. |
| 79. | Ouderdomme van Leerlinge en Persentasie Leerlinge wat twee- en meermale gedruip het ... | 509. |
| 80. | Uitskakeling van Kleurlingleerlinge, aktueel en persentueel ten opsigte van Standerds I en VI .................................. | 516. |
| 81. | Uitskakeling van Blanke Leerlinge, aktueel en persentueel ten opsigte van Standerds I en VI ...................................... | 517. |
| 82. | Styging in Onderwysuitgawes ten opsigte van Blankes en Kleurlinge tussen 1940 en 1958.. | 534. |
| 83. | Oorbevolking van Klaskamers in Kleurlingskole | 540. |
| 84. | Vergelyking van die Aantal Onderwysers, Kinders en Skole onder Blankes en Kleurlinge tussen die Jare 1949-1958 ................ | 541. |
| 85. | Grootte van Klasse in Kleurlingskole ........ | 543. |
| 86. | I.K.-distribusie van 500 Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge ........................ | 547. |
| 87. | Persentuele Verskil van Blankes oor Kleurlinge in Skoolprestasietoetse ............ | 568. |
| 88. | Opleiding van Onderwysers .................. | 571. |
| 89. | Opleiding in Kleinkinderskool-metodiek ...... | 577. |
| 90. | Bevoegdheid van Onderwysers ................ | 579. |
| 91. | Gesindhede van Leerlinge in Standerds III tot VIII ten opsigte van Ras, Kleur en Taal.... | 589-589(a). |
| 92. | Persentuele Verspreiding van Ras-, Kleur- en Taalvoorkeur oor die verskillende Standerds | 590. |
| 93. | Lees van Engelse en Afrikaanse Dagblaaie deur Kleurlingonderwysers en -studente in Transvaal ...................................... | 631. |
| 94. | Vordering en Gedrag van 500 Gedragsafwykende Kleurlingseuns op Skool vóór Wetsbesteding. | 646. |
| 95. | Gedragsafwyking van 500 Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge in Huis en Omgang .......... | 647. |
| 96. | Gedragsaanpassing van 127 Oorgeplaaste Leerlinge in vorige Kinderwetinrigtings ....... | 648. |
| 97. | Wetsprosedure vir Opname van 500 Nywerheidskool-Kleurlingseuns ..................... | 649. |
| 98. | Gronde vir Wetsbesteding van 500 Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge ................. | 649. |
| 99. | Misdaadsoorte waarvoor 500 Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge tereggestaan het ....... | 650. |
| 100. | Aantal Monsterleerlinge een- en meermale veroordeel ...................................... | 651. |
| 101. | Gemiddelde Jaarlikse Jeugmisdaadveroordelings in Tydvakke tussen 1945 en 1958........... | 653. |


102/....

| No. | Tabel. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 102. | Gemiddelde Jaarlikse Jeugmisdaadveroordelings weens Ernstige Oortredings in Tydvakke tussen 1945 en 1958 | 656. |
| 103. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings van Jeugdiges weens Diefstal en Aanranding in Tydvakke tussen 1945 en 1958 | 659. |
| 104. | Private Inrigtings vir Sorgbehoewende Kleurlingkinders | 716. |
| 105. | Klaasjagersberg-staatskinderhuis: Leerlinge en Uitgawes | 718. |
| 106. | Beraamde Rol en Uitgawe ten opsigte van Nywerheid- en Verbeteringskole sedert 1945 | 721. |
| 107. | Personeelvoorsiening aan Nywerheid- en Verbeteringskole op 16. 9.61 | 722. |
| 108. | O.M.V.-resultate, Ottery, 1952-1960 | 736. |
| 109. | Verblyfperiode van 500 Leerlinge aan die Nywerheidskool | 737. |
| 110. | Skoolvordering van 500 Leerlinge aan die Nywerheidskool | 739. |
| 111. | Verspreiding van 500 Leerlinge in Ambagte | 742. |
| 112. | Tegniese Eksamensukses van 500 Nywerheidskoolleerlinge | 743. |
| 113. | Verskillende soorte Oortredings en die Aantal Leerlinge wat dit een-, twee- of meermale begaan het. | 744. |
| 114. | Verskillende Straftipes en die Aantal Leerlinge wat een, twee- of meermale die Strafsoorte ontvang het | 747. |
| 115. | Wyse van Ontslag van 500 Nywerheidskoolleerlinge... | 749. |

## LYS VAN GRAFIEKE.


| No. | Grafiek. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 1. | Lewendgeboortes per 1,000 van die Bevolking ....... | 344. |
| 2. | Kindersterftes per 1,000 Lewendgeboortes tussen 1940 en 1958 ................................ | 346. |
| 3. | Sterftes per 1,000 van die Bevolking tussen 1940 en 1958 ...................................... | 350. |
| 4. | Lewensverwagting van Manlike Persone in 1950-52 ... | 352. |
| 5. | Sterfgevalle as gevolg van Geslagsiektes per 100,000 van die Bevolking tussen 1949 en 1958.... | 357. |
| 6. | Persentasie positiewe W.R.-toetse by kronologiese Groepe van 500 Leerlinge uit 'n Totaal van 1,800 toegelaat tussen 19. 7.48 en 19. 6.61 aan die Nywerheidskool, Ottery. ......................... | 360. |
| 7. | Sterfgevalle weens Tuberkulose per 100,000 van die Bevolking tussen 1945 en 1957 .................. | 369. |
| 8. | Gemiddelde Drankwet-veroordelings per 1,000 van die Bevolking oor Periodes tussen 1921 en 1958 ...... | 408. |
| 9. | Ouderdomsgroepe en Persentasie Drankmisdaad onder Kleurlinge, Stellenbosch, 1951, 1953 en 1955 .... | 425. |
| 10. | Daggaveroordelings per 1,000 van die Bevolking tussen 1945 en 1959 ............................. | 441. |
| 11. | Daggaveroordelings as Persentasie van alle Oortredings van die verskillende Rasse tussen 1945 en 1958 ...................................... | 442. |
| 12. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings weens alle soorte Misdaad in Tydvakke tussen 1921 en 1958, per 100 van die Bevolkingsgroepe ...................... | 463. |
| 13. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings weens Ernstige Misdaad per 1,000 van die Bevolkingsgroepe in Tydvakke tussen 1935 en 1958.................... | 467. |
| 14. | Ernstige Misdaad as Persentasie van alle Misdaad tussen 1949 en 1958 .......................... | 470. |
| 15. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings weens Diefstal per 1,000 van die Bevolkingsgroepe oor Tydvakke tussen 1921 en 1958............................ | 473. |
| 16. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings weens Aanranding per 1,000 van die Bevolkingsgroepe oor Tydvakke tussen 1921 en 1958............................ | 474. |
| 17. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings weens Seksuele Onsedelikheid per 10,000 van die Bevolkingsgroepe oor Tydvakke tussen 1921 en 1958 ............... | 475. |
| 18. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings van Kleurlinge weens Drank en Aanranding per 1,000 van die Bevolking en weens Onsedelikheid per 10,000 van die Bevolking in Tydvakke tussen 1921 en 1958 ....... | 477. |
| 19. | Ouderdomsgroepe en Persentasie Misdaad ........... | 479. |
| 20. | Residiviste as Persentasie van alle Gevangenes tussen 1926 en 1958 ............................ | 482. |
| 21. | Persentuele Ouderdomsverspreiding van 500 Leerlinge met Toelating ............................ | 490. |


22./.....

| No. | Grafiek. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 22. | Persentuele Verspreiding van 500 Leerlinge in Skoolstanderds geslaag met Toelating .................. | 491. |
| 23. | Mediaan-ouderdomme van alle Blanke en Kleurlingleerlinge in Kaapland op 3 Junie 1958, en alle Kleurlingleerlinge in die Nywerheidskool, Ottery, op dieselfde dag ................................ | 495. |
| 24. | Persentasie Leerlinge, gewoon en gedragsafwykend, vertraag in elke Standerd op 3 Junie 1958 ........ | 500. |
| 25. | Persentasie Vertraagdes en Aantal Jare vertraag op 3 Junie 1958 .................................. | 502. |
| 26. | Mediaan-leeftye van Leerlingmonster met Toelating en dié van die hele Skoolbevolking soos op 3 Junie 1958 .............................................. | 505. |
| 27. | Vergelykende Styging van Onderwysuitgawes aan Blankes en Kleurlinge tussen 1940 en 1958 bereken met 1940 as Basis ................................ | 535. |
| 28. | Grootte van Klasse in Kleurlingskole .............. | 544. |
| 29. | I.K.-distribusie van 500 Nywerheidskool-Kleurlingleerlinge ........................................ | 548. |
| 30. | Persentuele Verspreiding van Ras-, Kleur en Taalvoorkeur oor Standerds III tot VIII .............. | 591. |
| 31. | Leerlinge se Beskouinge oor Behandeling deur Blankes en die Koerant wat hulle verkieslik lees ......... | 592. |
| 32. | Persentasie Jeugdiges een- en meermaal veroordeel .. | 652. |
| 33. | Jeugmisdaadveroordelings per 10,000 van die Bevolking in Tydvakke tussen 1945 en 1958 ............. | 654. |
| 34. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings van Jeugdiges weens Ernstige Misdaad in Tydvakke tussen 1945 en 1958 .............................................. | 657. |
| 35. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings van Jeugdiges weens Diefstal in Tydvakke tussen 1945 en 1958.... | 660. |
| 36. | Gemiddelde Jaarlikse Veroordelings van Jeugdiges weens Aanranding in Tydvakke tussen 1945 en 1958.. | 661. |
| 37. | Verblyfperiodes van 500 Leerlinge persentueel bereken ............................................... | 738. |
| 38. | Standerds met Toelating en Ontslag van 500 Leerlinge persentueel bereken ............................ | 740. |
| 39. | Aantal Standerds gevorder deur 500 Leerlinge persentueel bereken.................................... | 741. |
| 40. | Persentuele Verspreiding van die Aantal eerste, tweede en verdere Oortredings ................... | 745. |
| 41. | Persentuele Verspreiding van die Aantal eerste, tweede en verdere Straftoedienings ............... | 748. |

## LYS VAN BYLAES.

Bladsy.

Bylae A. Agtergrond- en Persoonlike Vóórgeskiedenis van 500 Nywerheidskoolleerlinge toegelaat tussen Junie 1958 en Julie 1961, tewete Nrs. 1281-1780 ............................ 760.

Bylae B. Inrigtingsgeskiedenis van 500 Nywerheidskoolleerlinge toegelaat tussen April 1952 en Oktober 1955, en wat almal reeds ontslaan is, tewete Nrs. 374-873 .................... 763.

Bylae C. Gesindheidsquestionnaire beantwoord deur 354 leerlinge in standerds III tot VIII:

Afrikaans ........................... 765.

Engels .............................. 766.

## LYS VAN AFKORTINGS VIR AANDUIDING VAN BRONNE.

**Argiefstukke:**

| | |
|---|---|
| C.: ....... | Raad van Politie. |
| C.J.: ..... | Raad van Justitie. |
| V.C.: ..... | Verbatim Copies. |

**Hofverslae:**

| | |
|---|---|
| A.D.: ..... | Appellate Division. |
| C.P.D.: ... | Cape Provincial Division. |
| G.W.L.D.:.. | Griqualand West Local Division. |
| N.A.C.:.... | Native Appeal Court. |
| N.P.D.: ... | Natal Provincial Division. |
| N.L.R.: ... | Natal Law Reports. |
| O.P.D.: ... | Orange Free State Provincial Division. |
| P.H.: ..... | Prentice Hall. |
| S.A.L.R.:.. | South African Law Reports. |
| S.C.: ..... | Supreme Court Cases. |
| T.P.D.: ... | Transvaal Provincial Division. |
| T.S.C.:.... | Transvaal Supreme Court. |
| W.L.D.:.... | Witwatersrand Local Division. |

**Staatsdokumente:**

| | |
|---|---|
| N.O.:...... | Nywerheidskool, Ottery. |
| Ord.:...... | Ordonnansie. |
| S.G.E.:.... | Superintendent-General of Education. |
| S.G.O.:.... | Superintendent-generaal van Onderwys. |
| U.G.:...... | Staatspublikasie. |

**Verenigings en Rade:**

| | |
|---|---|
| C.A.F.D.A.: | Cape Flats Distress Association. |
| C.S.I.R.:.. | Council for Scientific and Industrial Research. |
| S.A.B.R.A.: | Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede. |
| T.E.P.A.:.. | Teachers' Educational and Professional Association. |
| T.L.S.A.:.. | Teachers' League of South Africa. |
| V.R.V.:.... | Van Riebeeck-vereniging. |
| W.N.N.R.:.. | Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad. |

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

Hierdie ondersoek gaan oor die etiologiese agtergrond van die gedragsmoeilike Kleurlingkind en die implikasies daarvan vir sy heropvoeding. Om by wyse van inleiding die onderneming in perspektief te stel, is verduidelikende kommentaar nodig oor die behoefte aan so 'n ondersoek, die terme wat gebruik, die terrein wat gedek en die metode wat gevolg word.

### 1. Behoefte aan die Ondersoek.

Vir die ingewyde is daar veral tweërlei oorwegings wat die behoefte aan so 'n ondersoek aksentueer; en elkeen hiervan verdien nadere toeligting:

#### (a) Beplanning van die Heropvoedingsprogram.

By alle opvoedingsaktiwiteite is planmatige optrede noodsaaklik, en daarom ook by die heropvoedingsprogram rakende gedragsmoeilike Kleurlingkinders. Die beplanning daarvan kan alleen behoorlik geskied aan die hand van wetenskaplike kennis oor die vraagstuk self. Die vraagstuk het te doen met 'n verskynsel wat -- gemeet aan gangbare maatstawwe -- abnormaal, wesentlik sosiaal-patologies is. Daarom is een van die kernvrae wat telkens hier opduik, dié wat vra na die oorsake van hierdie abnormale verskynsel.

Die opvoeder aan 'n korrektiewe inrigting vir Kleurlinge vind dan ook baie gou uit hoe belangrik hierdie aspek van die saak is. Eers wanneer hy hom van die etiologiese agtergrond van sy leerling vergewis het, kom die besef hoe buitengewoon en veelomvattend sy taak is: Sy werksaamhede moet naamlik rekening hou met die kind se lewe aan weerskante van sy verblyfperiode aan die inrigting. Enersyds gryp dit ver in sy verlede terug waar 'n kausale faktorekompleks hom gemaak het wat hy is; andersyds gryp dit na die toekoms heen waar dit van hom verwag word om ná sy inrigtingsbehandeling op 'n nuwe, normale, sosiale wyse aan te pas by dieselfde ou maatskappy waarin en waardeur hy tot sy eertydse abnormale, anti-sosiale gedragspatroon geraak het.

Nou spreek dit vanself dat sinvolle beplanning van die inrigtings- en ander herwinningsaktiwiteite alleen kan geskied deur sorgsaam rekening te hou met die feite van sy vóórgeskiedenis sowel as die vooruitsigte vir sy nágeskiedenis. Tewens as daar enigsins realisties en intelligent te werk gegaan wil word met die oog op permanente sukses, moet hierdie vóór- en nágeskiedenis tot 'n groot hoogte bepaal wat die opvoedingsaksie

eintlik/.....

eintlik sal behels.

In die praktyk lê die feitelike voorgeskiedenis en die prospektiewe nageskiedenis vir die Kleurling ingebed in een en dieselfde ding: daardie etiologiese agtergrond naamlik, wat sy gedragsafwyking in die eerste plek veroorsaak het; en telkens moet die opvoeder vir homself op wetenskaplike wyse rekenskap gee van die antwoord wat hy kry op die vraag „Wat is die oorsaak van hierdie wanaanpassing?" Hierdie kennis is van deurslaggewende betekenis by die vorm en inhoud, die teorie en praktyk, die algemene en die besondere van die heropvoedingsprogram.

Die volle trefkrag van hierdie oorweging blyk eers duidelik as dit ook negatief gestel word: Sonder hierdie kennis is dit nouliks moontlik om sinvol en wetenskaplik op te voed, sal baie energie en kragte verlore gaan, en sal grootskaalse verkwisting van finansiële middele plaasvind. En die ernstige implikasie is dat dit vir baie jare reeds gebeur.

(b) <u>Gebrek aan Wetenskaplike Kennis</u>.

Want die nodige wetenskaplike kennis waarop die nodige wetenskaplike teenoptrede gebaseer moet word, is vooras-nog net nie beskikbaar nie. In weerwil van verspreide, fragmentariese en losse gegewens oor die Kleurling en sy maatskappy, bestaan daar 'n opvallende gebrek aan gesaghebbende en gesistematiseerde inligting oor hierdie rassegroep in Suid-Afrika, der mate dat 'n ad hoc navorsingsburo deur die staat as 'n noodsaaklike bestanddeel van sy opheffingsprogram in die vooruitsig gestel word.

Daar word algemeen aanvaar dat die Kleurlinge 'n versonke, minderbevoorregte bevolkingsdeel is, en dat versonke, minderbevoorregte bevolkingsdele 'n hoë kwota aan sosiaal-patologiese verskynsels -- dus ook aan wangedrag onder jeugdiges -- oplewer. Sodra daar egter gevra word na die juiste aard en omvang van hierdie verskynsels onder Kleurlinge en die verband daarvan met gedragsafwyking, kom die ondersoeker beurtelings voor leemtes, gissings en verwarring te staan. Daar bestaan by die opvoeding van die gedragsmoeilike Kleurlingkind inderdaad 'n aktuele, dringende behoefte aan 'n omvattende, deurtastende en gesistematiseerde etiologie van sy gedragsprobleme sodat tot kennis van 'n gedetailleerde kausale patroon geraak, en doelgerigte koers in die opvoedingsaktiwiteite gevind kan word.

En dit is die oogmerk van hierdie studie om so 'n volledige etiologiese agtergrond-analise te verskaf tesame met die fundamentele implikasies daarvan vir die heropvoedingsprogram. Op hierdie wyse word 'n poging aangewend om lig te werp op een van die belangrikste opvoedkundige vraagstukke van die Suid-Afrikaanse onderwystoneel.

2. Omskrywing van Terme.

Die terme wat in hierdie dissertasie gebruik word, vereis nadere omskrywing.

(a) Gedragsmoeilike Kleurlingkind.

Die term, „Kleurlingkind" is 'n samegestelde begrip wat vir hierdie doel in sy onderdele ontleed moet word, tw. „kind" en „Kleurling". Iemand is vir onderhawige doeleindes 'n „kind" solank hy die voorwerp van die Kinderwet[1] is, en word in Art. 1(ix) van die Engelse teks omskrywe as „any person whether an infant or not who is under the age of eighteen years and ..." (vir sekere doeleindes van die wet soos omskrywe) „includes a person who is over the age of eighteen years but under the age of twenty-one years."

Hierteenoor is die term, „Kleurling", 'n veelomstrede, ingewikkelde begrip waarvoor daar nietemin so dringend 'n nadere omskrywing nodig is, dat 'n spesiale hoofstuk daaraan gewy moes word.[2]

Net soos die geval is met „Kleurling", bring ook die adjektief „gedragsmoeilik" verdere beperking op die konnotasie van die term „kind" te pas. „Gedragsmoeilik" is meer as stout. Vir doeleindes van hierdie ondersoek beteken „gedragsmoeilik" daardie graad van stoutheid waar die ouer, voog, onderwyser, leraar of die gebruiklike opvoedkundige instansies nie meer in staat is om die situasie suksesvol te hanteer nie en hulp van buite nodig geword het om die kind onder beheer te kry. So 'n kind het dan „onbeheerbaar" geword, en word die voorwerp van optrede in terme van die Kinderwet,[3] of behoort dit te word. Hierdie onbeheerbaarheid kan beskou word as 'n vroeë stadium van delinkwensie wat later in botsing met die gereg, en dus in volslae jeugmisdaad kulmineer. Ook hierdie laasgenoemde uiterste graad van wangedrag word onder „gedragsmoeilik" ingesluit.

By die begrip „kind", „Kleurlingkind", „gedragsmoeilike Kleurlingkind" is daar dus 'n progressiewe afdigting van betekenis sodat die begrip uiteindelik beteken daardie persoon van minder as 18, of, onder sekere omstandighede, minder as 21 jaar, wat tot 'n bepaalde rassegroep wat in Suid-Afrika „Kleurlinge" genoem word, behoort, en wie se wangedrag sodanige afmetings aangeneem het dat hy die voorwerp van geregtelike optrede word, of behoort te word.

(b) Etiologiese/.....

---

1) Wet Nr. 33 van 1960.
2) Vid. Hoofstuk II, p. 18.
3) Wet Nr. 33 van 1960, Art. 1(xxv)(d); Arts. 26-37.

(b) Etiologiese Agtergrond.

„Agtergrond" word hier opgevat in 'n wyer sin as die blote objektiewe milieu waarteen die kind hom bevind. Dit sluit weliswaar ook sy fisiese, maatskaplike, ekonomiese, etiese en opvoedkundige omgewingsfaktore in, dit wil sê daardie invloede wat van buite af op hom inwerk; maar dit sluit ook sekere subjektiewe faktore soos 'n erflike geestespotensiaal, o. a. byvoorbeeld, die aangebore intelligensie, temperament en emosionele labiliteit nie uit nie. Die agtergrond waarteen die gedragsmoeilikhede hul ontstaan vind, moet in die lig van beide die objektiewe en subjektiewe, die uitwendige en inwendige faktore wat hul invloed laat geld, gesien word. Sonder hierdie dubbelvoudige benadering kan die volle waarheid nooit vertel word nie.

Hierdie agtergrond in sy objektiewe en subjektiewe verankering, bepaal, oftewel, veroorsaak die gedrag van die kind, wat in die onderhawige konteks natuurlik sy wangedrag is. „Etiologies", as byvoeglike naamwoord, afgelei van „etiologie" (Gr., aitia = oorsaak), die leer van veroorsaking, word deurgaans in hierdie sin gebruik en die „etiologiese agtergrond" word dus opgevat as daardie komplekse patroon van objektiewe en subjektiewe faktore wat in kausale verband met die gedrag van die kind staan en dus sy gedrag veroorsaak.

(c) Implikasies vir Heropvoeding.

Die etiologiese agtergrond van die gedragsmoeilikheid van die Kleurlingkind lê verstrengel en ingebed in sy breëre lewenspatroon. Dit het hom vóór sy wetsbesteding gedragsmoeilik gemaak, en volgens die gebruiklike maatskaplike norme 'n wanopvoeding besorg. Die taak van die opvoeder is hier dus nie bloot om die onvolwassene tot volwassenheid op te voer, of die normale, ongerepte, onontwikkelde kind tot die mensvan God te laat gedy nie.[1] Sy taak is om iemand wat reeds verkeerd ontwikkel het, met gespesialiseerde opvoedingsaktiwiteite en -tegnieke by te kom, die verkeerde ontwikkeling eers teë te gaan en ongedaan te maak, om dan in die plek daarvan die regte ontwikkelingsproses aan die gang te sit. Dit is wesentlik 'n herwinningsaksie, rehabilitasie, korrektiewe opvoeding of ook „heropvoeding".

Die heropvoedingsbegrip is egter nie alleen tot die kind wat reeds verkeerd gegaan het, beperk nie. Ten opsigte van

die/.....

---

1) Coetzee, J. Chr.: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, p. 32.

die Kleurling so 'n enge benadering hoegenaamd geen toereikende oplossing nie. Omdat die heropvoedingsvraagstuk onder hierdie mense in 'n besondere sin met die kind se lewe vóór en ná sy inrigtingsloopbaan te doen het, moes die konnotasie van die term uitgebrei word. In 'n baie aktuele sin moet die heropvoedingswerk dan ook vóór sy inrigtingsloopbaan begin, en daarná voortgesit word. Dit het dan hier wesentlik te doen met preventiewe opvoedingsmaatreëls wat tesame met die engere heropvoedingsprogram 'n eenheid moet vorm om uiteindelik 'n land- en volkwye opheffingsdaad onder Kleurlinge uit te maak.

Die term „implikasies" behou sy gebruiklike betekenis en dui die bepalende invloed aan wat die kausale faktore op die heropvoedingsprogram uitoefen of behoort uit te oefen.

## 3. Terreinafbakening.

Elkeen wat aktief met herwinningswerk onder die Kleurlingjeug te doen het, kom gou agter dat die etiologiese terrein homself afbaken: Daar ontvou telkens 'n kausale patroon wat hom in sy geheel op die ondersoeker afdwing, en wat in sy geheel ondersoek, ontleed en waardeer moet word. Alleen langs dié weg kan daar enigsins tot 'n betroubare begrip van die gedragsmoeilike Kleurlingkind deurgedring word.

### (a) Eiesoortigheid en Kompleksiteit.

Alvorens hierdie navorsingsterrein met meer eksakte detail afgepen word, is dit nodig om op twee belangrike eienskappe daarvan te wys:

Die eerste het te doen met die opvallende eiesoortigheid daarvan: Elke keer doen die feit hom voor dat die Kleurlingmaatskappy heel anders is as dié van die blanke. Dit beteken nie dat daar nie groot ooreenkomste bestaan nie. Inteendeel. Dit is algemene kennis dat die Kleurlinge volslae westers georiënteerd is. Hul taal, kultuur, godsdiens en algemene leefwyse is deurgaans -- met uitsondering van die Mohamedanisme van die Kaapse Maleiers -- geskoei op die lees van die blanke; en daarom is daar ook treffende ooreenkomste, selfs ten opsigte van dié faktore wat jeugmisdaad onderlê. Maar -- en dit is van die grootste belang -- daar is ook fundamentele verskille wat nie verontagsaam kan word nie. Hierdie verskille is soms genealogies-hereditêr, en daarom sielkundig en temperamenteel tipies van aard, soms sosio-ekonomies, en soms sedelik; maar hoe dit ookal sy, word daardeur 'n wesensverskillende lewensbenadering in die hand gewerk dermate dat dit wat by die een as buitengewoon, selfs as patologies sou geld, dikwels by die ander as't ware alledaagse gebruik geword het. Om hierdie

eiesoortige/.....

eiesoortige, karakteristieke, kausale patroon soos dit die gedragsafwykende Kleurlingkind onderlê, uit te lig, te sistematiseer en vir opvoedingsdoeleindes in rekening te bring, is 'n uitdagende vraagstuk; en dit is die taak van hierdie ondersoek.

Die tweede hoedanigheid van hierdie kausale terrein is die kompleksiteit daarvan. 'n Veelheid van skynbaar heterogene, losse, uiteenlopende faktore werk saam om 'n eenheidsresultaat, dié van gedragsafwyking, maatskaplike wanaanpassing, jeugmisdaad, of watter vorm dit ookal aanneem, ten gevolge te hê. By nadere ondersoek blyk egter baie gou dat by hierdie veelheid van faktore wat met die eerste oogopslag los van mekaar skyn te wees, inderwaarheid 'n noue, intieme verwantskap en wisselwerking bestaan, sodat dit selfs onmoontlik is om die een heeltemal van die ander te isoleer. Hulle is wederkerig en kondisionerend sodanig verstrengel, dat dit dikwels onmoontlik is om te sê waar die een ophou en die ander begin. Dit is juis hierdie noue onderlinge verband van die kausale faktore en die gevolglike kompleksiteit en pluriformiteit van die totale patroon wat vereis dat die etiologiese agtergrond in sy geheel benader en ontleed moet word.

Die omvang van hierdie geheelbeeld kan beste aangedui word deur die belangrikste komponente uit te lig:

(b) Die Kleurling en sy Herkoms.

Die reddingswerker onder gedragsmoeilike Kleurlingkinders kom baie gou onder die indruk watter geweldige gewig die rassefaktor dra. Die Kleurlingkind kan nooit te eniger tyd losgemaak, losgesien of losbedink word van die groot, allesoorheersende werklikheid dat hy Kleurling is nie. Dit is nie net ekonomies, maatskaplik of selfs moreel van deurslaggewende betekenis nie, maar ook intellektueel, temperamenteel en disposisioneel; nie alleen uitwendig nie, maar ook inwendig; dit bepaal nie alleen sy maatskaplike erfenis nie, maar ook sy hereditêre geestesvermoëns. Om in Suid-Afrika as Kleurling gebore te word, is vir die betrokkene van die allergrootste bepalende betekenis; want daardeur word hy erfgenaam van 'n besondere maatskaplike groep in 'n besondere maatskaplike samestelling, met besondere maatskaplike norme, waardes en vooruitsigte; maar ook erfgenaam van 'n besondere natuur met besondere vermoëns, tendense en beperkinge. En vooraanog hou hierdie erfgoedere vir hom benewens veel wat mooi en te waardeer is, ook veel wat skadelik is, in.

As om Kleurling te wees, so beslissend is, is dit nodig om die begrip „Kleurling" te omskrywe. Dit word in Hoofstuk

II/.....

II [1] intensief gedoen. Verskillende denkrigtings word ontleed en 'n selfstandige bydrae gelewer in die vorm van 'n eie woordomskrywing wat terselfdertyd 'n identifikasierigsnoer verskaf om in grensgevalle uitsluitsel te gee.

Sodra daar aan die hand van hierdie, of watter definisie ookal vasgestel is dat die betrokkene Kleurling is, is dit verder nodig om vas te stel waar die Kleurling vandaan kom. Hier gaan dit om sy wordingsgeskiedenis en moet 'n genealogiese analise gemaak word. Dit geskied in Hoofstuk III.[2] Dit is vir 'n grondige begrip van die Kleurling as mens van die grootste betekenis, want hierby kom die boustowwe wat in die wordingsproses opgegaan het, ter sprake. Dit is 'n belangrike feit dat die Kleurlinge 'n mengelvolk is, en by mengelvolke is die konstituerende dele uiters belangrik. In verband met die mengelbestanddele is daar veral ingegaan op die karakteristieke bydrae wat elke etniese groep gelewer het ten opsigte van temperament en geaardheid, faktore wat begryplikerwyse op die aard en karaktervorming van die mengelproduk moes deurwerk, en op dié wyse die lewensbenadering van die Kleurling in belangrike sin predestineer.

Benewens die mengelbestanddele is die mengelproses vir die Kleurling en sy herkoms van groot betekenis. Hierdie gebeure word uitvoerig behandel in Hoofstuk IV.[3] Aangesien die mengelproses plaasgevind het tussen primitiewe mense en slawe sonder enige maatskaplike aansien, en insoverre daar blankes by betrokke was, sonder enige maatskaplike goedkeuring, was die nakomelinge maatskaplik gestigmatiseer en tot 'n minderwaardige status bestem. Die mengelproses het verder op so 'n wyse plaasgevind dat dit aan die Kleurlingbevolking 'n sinistêre legaat van immoraliteit besorg het. Waar primitiwiteit en onsedelikheid by die wording van 'n volksgroep so 'n groot rol speel, moet die spore van verwaarlosing en gebrekkige sedelike norme vir baie geslagte lank duidelik sigbaar wees. Dit is hierdie spore wat onmiskenbaar loop tot by die groot aantal gedragsmoeilike Kleurlingjeugdiges. En daarom maak die opvolg van dié spore onvermydelik deel uit van hierdie ondersoek.

(c) <u>Die Kleurling en sy Woongebied.</u>

Ekologies is die woongebied van groot belang.

Die/.....

---

1) p. 18 et seqq.
2) p. 53 et seqq.
3) p. 147 et seqq.

Die Kleurlinge trek met koorsagtige haas stede-toe. En hulle doen dit ongeag die gevolge. Aangesien die grootstad juis die plek is waar gedragsafwyking onder kinders floreer, moet hierdie belangrike volksverhuisingsvraagstuk ondersoek word. Dit geskied in Hoofstuk V.[1] Verstedeliking bring vir die Kleurlinge nie alleen hewige intensifikasie van sosio-ekonomiese en sosio-sedelike vraagstukke mee nie, dit maak ook grootskaalse kontak met die Bantoe onvermydelik. Dit het veral 'n demoraliserende invloed op die laer klas Kleurling, dit wil sê juis die geledere waaruit die Kinderwet-inrigting hoofsaaklik sy bevolking trek.

(d) <u>Die Kleurling in Sosio-ekonomiese Verband.</u>

Hier is van belang die tradisionele Suid-Afrikaanse lewenspatroon waarvolgens daar tussen rasse onderskei word. Geskoei op hierdie lees bestaan die staatsbeleid van differensiasie wat differensiërende wetgewing nodig maak, en wat as gevolg van politieke en revolusionêre propaganda ongunstige gevoelsreaksies by die ontwikkelde Kleurlinge, en via hulle by die massa veroorsaak. Hand aan hand met hierdie gees van verset en bitterheid werk ander sosio-ekonomiese faktore soos armoede, gebrekkige behuising en swak gesondheid wat erkende presipiterende kragte is by die verwekking van gedragsprobleme by kinders. Hierdie aangeleenthede soos hulle die Kleurling raak, word derhalwe volledig ondersoek in Hoofstuk VI.[2]

(e) <u>Die Kleurling in Sosio-sedelike Verband.</u>

Alle voorafgaande vraagstukke werk saam om ernstige sedelike vraagstukke onder die Kleurlinge te skep. Buite-egtelikheid, drank, dagga en misdaad is maatskaplike euwels wat onder die Kleurlinge weelderig hoogty vier, en 'n hoë tol eis van hierdie mense en hul maatskaplike welsyn. Dit is faktore wat nie alleen die individu verongeluk nie, maar wat die hele maatskappy deur ondergrawing van die sedelike peil verkanker, en die kind aan ontsettende gevare blootstel. Hierdie vraagstukke word behandel in Hoofstuk VII.[3]

(f) <u>Die Kleurling en sy Opvoeding.</u>

Teen die gesamentlike adverse invloede van al hierdie kausale faktore moet die skool help walgooi; maar die skool word in sy werksaamhede gestrem deur die gebrek aan leerplig, onvoldoende en ontoereikende akkommodasie en uitrusting,

skoolvertraging/.....

---

1) p. 211 et seqq.
2) p. 247 et seqq.
3) p. 375 et seqq.

skoolvertraging, die vraagstuk van opvoedbaarheid, ondoeltreffende onderwys en verkeerde, skadelike gesindhede van baie onderwysers. Hierdie onderwysprobleme raak die kind ten seerste, oefen 'n negatiewe invloed uit op 'n gesonde aanpassing by die maatskappy en moet dus 'n plek kry in hierdie agtergrondstudie. Dit geskied in Hoofstuk VIII.[1]

(g) Die Kleurling en Selfmiskenning.

Bestryding van die bogenoemde euwels word ernstig gestrem deur 'n sielkundige verskynsel onder die Kleurlingbevolking wat wel elke nadenkende reddingswerker met 'n lamheid slaan, maar wat op die Kleurling as individu en as groep 'n noodlottige uitwerking het. Dit is die bestendige weiering van die Kleurling om homself te aanvaar, sy volhardende selfmiskenning. Dit bring minderwaardigheidsgevoelens, aanhanklikheid, verdeeldheid, en gebrek aan leiers, groepsgevoel en maatskaplike verantwoordelikheidsin mee. Dit loop by die ontwikkelde Kleurling uit op 'n onweerstaanbare drang tot selfontvlugting: Hy begeer om blank te wees en die „oorgang" word vir hom die Hoogste Goed. En waar dit nie kan nie, tree frustrasie en verbittering in wat sy gesindheid vergal, sy selfrespek ondermyn, oorwinning oor maatskaplike euwels en persoonlike swakhede verongeluk en sy vordering as groep onmoontlik maak. Terwyl die kind noodwendig in so 'n atmosfeer tot roekeloosheid, wêreld- en wetsveragting moet verval, word hierdie vraagstuk in Hoofstuk IX [2] bespreek.

(h) Opvoedkundige Implikasies.

Dit spreek vanself dat hierdie etiologiese agtergrondstudie vir die terapeutiese pedagogiek ernstige implikasies moet inhou. Enersyds het hierdie implikasies met die korrektiewe inrigting en sy werksaamhede te doen. Uiteraard gaan dit hier meer oor die breë fundamentele beginsel as oor die ondergeskikte detail. Die aard van die inrigtings self en hul bestaansreg in hul huidige gedaante moet aan die blootgelegde feite van die onderliggende kausale patroon getoets, en die nodige aanpassings gemaak word. Maar veel belangriker nog is die ontdekking dat die vraagstuk van die gedragsmoeilike Kleurlingkind tot aansienlike mate buite die korrektiewe inrigting en wel binne sy eie maatskaplike verband deur die nodige aanpassings en opheffingswerk aangedurf moet word. Hierdie implikasies word in Hoofstuk X [3] uiteengesit en vorm die kulmineringspunt van hierdie ondersoek.

4. Metode/.....

---

1) p. 487 et seqq.
2) p. 587 et seqq.
3) p. 645 et seqq.

4. Metode van Ondersoek.

Die ondersoek het meegebring dat feite ingesamel, gerangskik, geinterpreteer en toegepas moes word. Hierdie insameling, rangskikking, interpretasie en toepassing van die feite het vereis dat die prosedure soms empiries-statisties, soms histories en soms prinsipiëel moes wees. Dit is nodig om aan te dui hoe elk van hierdie metodes aangewend is.

(a) Empiries-statisties.

Die ondersoek is gekoppel aan drie monsterstudies met leerlinge aan die Nywerheidskool, Ottery. In elke geval is daar 'n afsonderlike veld ondersoek wat nader omskrywe moet word.

(i) Agtergronds- en Vóórgeskiedenis-monster.

Die eerste monster is gebruik om die agtergronds- en vóórgeskiedenis van die gedragsmoeilike Kleurlingkind te ontleed. Daarvoor is die ruime totaal van 500 leerlinge op 'n toevallige wyse gekies. Die enigste vereiste wat hier gegeld het, was dat die kinders vir ondersoekdoeleindes maklik bekombaar moes wees, dit wil sê nog aan die inrigting moes verkeer. Om dié rede is alle leerlinge wat sedert 19 Junie 1958 tot 28 Junie 1961 toegelaat is, by die monster ingesluit. Soos leerlinge aan die skool toegelaat word, ontvang hulle toelatingsnommers wat numeries op mekaar volg. Leerlinge met agtereenvolgende toelatingsnommers van 1280 tot 1815 is by hierdie monster ingesluit, 'n numeriese totaal van 536. Die 36 leerlinge wat in hierdie sekwensie uitgelaat is, was leerlinge wat ten tyde van die ondersoek nie bekombaar was nie as gevolg van dood, siekte, drostery of oorplasing na ander sorg.

Die leidraad wat by die insameling van die feite gevolg is, word aangedui in Bylae A.[1] Dit is in twee hoofafdelings ingedeel, waarvan die eerste oor die agtergrondsgeskiedenis en die tweede oor die persoonlike vóórgeskiedenis gaan. Op toereikende, groot bladsye is vertikale kolomme getrek met die opskrifte van elke item in die skema bo-aan, sodat daar vir elke item op die skema 'n vertikale kolom was. In die vertikale kolom heel links is die nommers van die leerlinge in numeriese volgorde neergeskrywe sodat daar vir elke leerling 'n blokkie beskikbaar was onder elke item. Een bladsy het vir 'n maksimum van 70 leerlinge voorsiening gemaak sodat altesame 8 van hierdie groot, spesiaal voorbereide bladsye nodig was.

Op hierdie stadium is die geval van elke leerling afsonderlik ondersoek. In die sorgvuldig-voorbereide omslag van elke leerling/.....

---

1) Vid. p. 760.

leerling word alle dokumente bewaar wat op hom betrekking het. Hierdie dokumente bestaan altyd uit die amptelike vorms wat by die administrasie van die Kinderwet gebruik word en sluit in verslae soos die hofondersoek, geboortesertifikaat of skatting van die ouderdom, mediese sertifikaat, kommitteringsorder, proefbeampteverslag en in toepaslike gevalle 'n oorplasingslasbrief. Hierby kom soms skoolrapporte en kerklike dokumente soos 'n doopseël; en waar die kind 'n kriminele rekord het, kom daar ook kriminele hofverslae en 'n lys van vorige veroordelings by. Verder word alles wat die betrokke kind raak, tydens sy aanhoudingsperiode in sy persoonlike omslag bygehou soos oortredings en strafmaatreëls, plasing en vordering op skool en in sy ambag, verlofvoorregte, sielkundig-kliniese bevindings en uiteindelik sy ontslag.

Waar hierdie dokumente nie bevredigende en afdoende getuienis oor een of ander item gelewer het nie, is die kind binnegeroep en taktvol ondervra ten einde die feite bo verdenking te stel. Indien 'n bepaalde item dan vir 'n bepaalde kind geldig was, is 'n vertikale strepie in die betrokke blokkie aangebring.

Nadat die ondersoek voltooi is, is die bevindings in tabelvorm verwerk. Dit word by elke toepaslike vraagstuk van die ondersoekterrein as uitgangspunt gebruik en die gegewens is dus dwarsdeur Hoofstukke III tot VIII versprei. Waar omstandighede dit vereis, word van mediane, gemiddeldes, persentasies en grafieke gebruik gemaak om vergelykings voor te stel en tendense treffend te illustreer.

(ii) Inrigtingsgeskiedenis-monster.

By die behandeling van die monster waarvolgens die inrigtingsloopbaan van die kind nagespeur is, is presies dieselfde prosedure gevolg.

Ook in hierdie geval het die monster uit 500 leerlinge bestaan wat toevallig gekies is om as verteenwoordigend van die inrigtingsbevolking van 'n Kinderwetskool te dien. Die enigste vereiste hier was dat die leerlinge reeds hul skoolloopbaan agter die rug moes hê, dit wil sê hulle moes oud-leerlinge wees wat reeds die skool verlaat het. Om dié rede is die jongste agtereenvolgende 500 leerlinge wat die skool verlaat het, uitgekies. Die vroegste gedeelte van die skoolrol is vermy omdat rekords in die aanvangstadium van die inrigting nie so sorgsaam en volledig bygehou is as later nie. Die numeries opeenvolgende toelatings was die leerlinge met toelatingsnommers 374 tot 873 en hierdie nommers verteenwoordig alle leerlinge wat in die Nywerheidskool, Ottery, opgeneem is tussen

22 April/.....

22 April 1952 tot 1 November 1955.

By die ondersoek na die inrigtingsgeskiedenis is daar gepoog om vas te stel hoe lank die kind aan die skool vertoef het, watter vordering hy op skool en in sy werkwinkel gemaak het, watter oortredings begaan en watter straf toegedien is. Ten slotte word ook gevra na die aard van sy ontslag. Die skema wat hier gevolg is, word aangedui in Bylae B.[1)]

Die statistieke is hier uitgelig op presies dieselfde wyse as in die geval van die agtergronds- en vóórgeskiedenis-monster, met dié verskil dat daar slegs op die inhoud van die persoonlike omslag staatgemaak moes word tesame met ander skoolrekords soos die toelatingsregisters, strafregisters en promosieskedules. Persoonlike onderhoude met hierdie leerlinge het nie vir onderhawige doeleindes plaasgevind nie.

Die gegewens wat hierdie monsterstudie opgelewer het, is ingesamel met die oog op 'n waardering van wat met die inrigtingsbehandeling bereik word, watter gedragsprobleme hulle voordoen, die vraagstukke wat daaruit ontstaan en die mate van welslae wat behaal word. Die resultate van hierdie monsteronder-soek is derhalwe versprei oor die inhoud van Hoofstuk X wat handel met die implikasies wat die etiologiese agtergrond vir die heropvoedingsprogram inhou.

(iii) <u>Die Gesindheidsmonster.</u>

Sekere gesindheidsfaktore wat in die Kleurlinglewe van deurslaggewende betekenis is by die veroorsaking en behandeling van gedragsmoeilike kinders, het hul baie gou en baie sterk voelbaar gemaak, dermate dat hierdie aspek ondersoek moes word. Hierdie gesindheidspatroon is verweef om die karakteristieke verskynsel van selfmiskenning wat daarop neerkom dat die Kleurling nie homself wil wees nie, maar begeer om 'n blanke te word.

Om vas te stel in hoeverre hierdie gesindheid tot by die kinders deurwerk en progressief by hulle posvat, is 'n baie eenvoudige questionnaire bestaande uit elf direkte afsonderlike vragies opgestel.[2)] Op elke vragie kon een van twee antwoorde gegee word, en die leerling moes 'n kruisie maak in 'n opening wat tussen hakies gelaat is ná dié antwoord wat hy verkies om te gee. Van hierdie vragies het nrs. 1, 2 en 5 te doen met sy rasbegeerte, 3 en 4 met sy kleurbegeerte. Nrs. 6 en 7 handel oor sy opvattinge aangaande die behandeling wat Kleurlinge van/.....

---

1) p. 763.
2) Vid. Bylae C, p.

van blankes ontvang, vrae nrs. 8 tot 10 het te doen met sy taalvoorkeur ten opsigte van Engels en Afrikaans, en vraag 11 met die koerant wat hy verkieslik lees of wil lees.

Die questionnaire is opgestel en afgerol in albei landstale met een medium aan elke kant van 'n folio-bladsy. Die kind kon die medium kies waarin hy die vraelys wou voltooi. Dit het die vorm van 'n groepstoets aangeneem en is deur die afsonderlike klasse wat vir ondervraging gebruik is, gelyktydig ingevul.

Omdat die ondersoeker gevrees het dat sy status as blanke skoolhoof die vrymoedigheid en eerlikheid van die kinders se antwoorde kon beïnvloed, is een van die intelligentste Kleurlingonderwysers as toetsafnemer gebruik. Dié besondere persoon is gekies ook omdat daar op sy lojaliteit en integriteit vir dié doel staatgemaak kon word. Omdat hy 'n gunstelinghuisvader is, bekend by alle leerlinge, kon daar ook op hulle goedgesindheid teenoor hom gereken word.

Die oogmerk met die questionnaire en die wyse van toediening is sorgvuldig aan hierdie onderwyser verduidelik. Dit het op die volgende vereistes neergekom:

aa) Elke klas moes vooraf tot 'n toestand van gemak, rustigheid, orde en konsentrasie gebring word.

bb) Die vrae moes met absolute eerlikheid bejeën en beantwoord word. Dit kon sonder enige vrees geskied want die antwoord was volkome geheim. Geen naam, nommer of selfs handskrif het daarop verskyn nie.

cc) Elke vragie is afsonderlik deur die onderwyser voorgelees, duidelik gestel en die leerlinge het gelyktydig op 'n gegewe moment elkeen sy kruisie gemaak na dié antwoord wat sy begeerte aandui.

dd) Beantwoording van die vragies was volkome vrywillig. Diegene wat nie wou antwoord nie, kon weier.

Die leerlinge wat vir die beantwoording van die vraelys genader is, is met sekere voorbehoud toevallig gekies. Hulle het bestaan uit alle leerlinge in twee std. III-, vier std.IV-, vier std. V-, vier std. VI- en vier stds. VII- en VIII-klasse. Hierdie klasse is gekies omdat dit die hoogste klasse in die skool is, en omdat die proefpersone in staat moes wees om behoorlik te lees, 'n oordeel oor sy eie gesindheidsbelewenis te vel, en 'n eenvoudige opdrag uit te voer deur 'n kruisie op die regte plek te maak. Daar is van die standpunt uitgegaan dat leerlinge in laer klasse nie vir hierdie doeleindes bevredigend kwalifiseer nie. Die totale aantal leerlinge wat die

vraelys/.....

vraelys beantwoord het, was 354.

Aangesien hierdie leerlinge in twee groepe verdeel is wat al om die ander dag skool-toe gaan -- die leerlinge besoek een dag die skool en die volgende dag die werkswinkel -- moes die questionnaire op twee agtereenvolgende dae voorgelê word.

Nadat alle voltooide vraelyste voorhande was, is die frekwensie-tabel op die gebruiklike wyse opgestel en die resultate in tabelvorm en persentueel verwerk ten einde vergelyking makliker te maak. Hierna is die verskillende onderafdelings gekonsolideer en die gemiddelde tendense in ras-, kleur- en taalbegeerte uitgewerk. Vir aanskoulikheidsdoeleindes is hierdie resultate ook grafies voorgestel.

(iv) Betroubaarheid van die Statistieke.

Oor die betroubaarheid van die syfers wat langs hierdie weë opgedoen is, moet kommentaar gelewer word.

aa) Agtergronds-, Vóór- en Inrigtingsgeskiedenis-monster.

By die agtergronds- en vóórgeskiedenis-monster is die verslae van proefbeamptes tesame met hof-, departementele en ander amptelike dokumente as uitgangspunt gebruik. Proefbeamptes is opgeleide persone met goeie, akademiese kwalifikasies en die ondervinding leer dat hulle beriggewing gewoonlik konsensieus en korrek geskied. Inderdaad vorm proefbeampteverslae die grondslag waarop alle amptelike optrede in verband met die kind berus. Daar kan dus met sekerheid aanvaar word dat hierdie verslae, sover as wat hulle gaan, betroubare inligting verstrek. Ewe-eens bevat hof- en ander amptelike dokumente uiters selde foutiewe inligting en dan is dit gewoonlik van so 'n aard dat die fout homself verraai en deur onderhandeling met die betrokke instansie reggestel word.

Bo en behalwe die hoë betroubaarheidsgehalte van hierdie amptelike dokumente is by die onderhawige ondersoek van die agtergronds- en vóórgeskiedenis persoonlike onderhoud gevoer met elkeen van die 500 leerlinge. By hierdie geleentheid is daar van die dienste van twee opgeleide sielkundiges gebruik gemaak om die nodige kliniese rapport met die leerling te vind, die toepaslike inhoud van die amptelike dokumente te verifieer, en die addisionele informasie van die leerling self te verkry. Hierdie sielkundiges wat elke dag met die leerlinge werk, ken hulle besonder goed en geniet hulle volle vertroue. Op dié wyse is seker gemaak dat foutiewe inligting alleen by wyse van hoë uitsondering sou kon deurglip sodat dié moontlikheid vir praktiese doeleindes buite rekening gelaat mag word.

Ten/......

Ten opsigte van die ondersoek oor die inrigtingsgeskiedenis is die informasie verhaal uit registers en dokumente wat deur die skoolhoof self of sy vise-hoofde, of andersins deur senior, opgeleide- en betroubare professionele amptenare soos die inrigtingsielkundiges bygehou word. Hierdie bronne is in 'n besondere hoë mate betroubaar. Dit word nie alleen deur kruisnasienmetodes gekontroleer nie, maar is ook van so 'n aard dat foute vanself blyk; want hierdie dokumente vorm die basis waarop daagliks met die kind gehandel word. Die moontlikheid van enige ernstige fout is so goed as uitgesluit.

bb) <u>Die Gesindheidsquestionnaire.</u>

In die geval van die gesindheidsquestionnaire kan daar uit die aard van die saak nie met dieselfde mate van sekerheid en oortuiging gepraat word nie, aangesien dit hier gaan om 'n aangeleentheid wat heel anders van aard is as die ander. Dit het hier te doen met gesindhede, dit wil sê met beskouinge, sentimente, geestesinstellinge, gevoelsbelewenisse, voorkeurneigings, begeertes en verlangens. Hier kan die moontlikheid bestaan dat die kind self weens onrypheid nog onseker is oor sy eie belewenisse, dat hy, om watter rede ookal, bevrees of huiwerig mag wees om dit eerlik uit te spreek, of dat hy moedswillig verkeerd sal antwoord.

Deur die hele prosedure wat gevolg is, is daar gepoog om hierdie moontlike foute uit te skakel. Om dié rede is slegs dié leerlinge in die hoër standerds gekies, dit wil sê leerlinge wat oor so 'n mate van intelligensie en skoolvordering en dus rypheid beskik dat hulle enigermate kan begryp waaroor dit gaan en in staat sal wees om intelligent te antwoord. Om dié rede is ook 'n Kleurlingonderwyser by die toediening van die questionnaire gebruik, is geheimhouding van die antwoorde verseker, en is die beantwoording van die questionnaire 'n vrywillige aangeleentheid gemaak.

Die nadelige faktor hier was dat die toets op agtereenvolgende dae toegedien moes word sodat daar oornag moontlik geleentheid vir bespreking was. Dit is nie uitgesluit dat hierdie moontlikheid by enkele leerlinge invloed in een of ander rigting kon uitgeoefen het wat die spontaneïteit en selfs eerlikheid van die tweede groep nadelig sou kon affekteer nie. Hierteenoor moet onthou word dat die tweede groep nie kennis gedra het van die feit dat hulle ook gevra sou word om dieselfde vrae te beantwoord nie.

Terwyl daar dan toegegee moet word dat in hierdie verband die geleentheid vir moontlike foute in individuele gevalle nie uitgesluit/.....

uitgesluit is nie, moet aan die anderkant gewys word op die voorsorgmaatreëls wat getref is om betroubare resultate te verkry. Daar moet ook op gewys word dat moontlike foute hier mekaar waarskynlik sal balanseer sodat die eerlike antwoorde tog per slot van rekening by die algemene tendens die deurslag sal gee. Ten slotte moet vermeld word dat daar oor die algemeen geen bewyse gevind kon word om aan te dui dat die leerlinge op enige noemenswaardige skaal anders geantwoord het as wat hul eerlike sienswyse was nie. Alhoewel hulle 'n vrye keuse gehad het, het geeneen geweier om te antwoord nie.

Daar is dus goeie rede om aan te neem dat ook in hierdie geval betroubare resultate verkry is. Hierdie aanspraak word sterk onderskraag deur 'n treffende ooreenkoms met die resultate van ander ondersoekers wat onder totaal ander proefomstandighede die gesindheidsterrein ondersoek het.[1)]

(b) Histories en Feitelik.

Die empiries-statistiese resultate het vir doeleindes van hierdie etiologiese ondersoek die daadwerklike voorkoms van sekere verskynsels in die agtergronds- en vóórgeskiedenis van gedragsmoeilike Kleurlingseuns vasgestel. Hierna moes daar verder en intensief gedelf word in die verskynsel self om die voorkoms daarvan in die Kleurlingmaatskappy en die kausale verband wat dit met gedragsafwyking onder jeugdiges hou, bloot te lê.

Hierdie deel van die ondersoek was grootliks histories en feitelik van aard en het op 'n literatuurstudie neergekom. Soos die bibliografie aandui, was die opsporing van die bronne 'n gedugte taak. Daar bestaan nog geen uitgebreide wetenskaplike literatuur oor die Kleurlinge nie. Verreweg die grootste meerderheid van wat beskikbaar is, is nie alleen fragmentaries, los en sydelings van aard nie, maar dit is ook nêrens direk in verband gebring met die verskynsel van die gedragsmoeilike kind soos dit in hierdie ondersoek benader word nie. Hierdie skraalheid, toevalligheid en verspreidheid van die literatuur blyk ook duidelik uit die „Gekonsolideerde Algemene Bibliografie. Die Kleurlinge van Suid-Afrika" wat in Junie 1960 deur die Inligtingsafdeling van die Departement Kleurlingsake vrygestel is.

Dit spreek dus vanself dat baie wyd gelees en noukeurig

gesif/.....

---

1) Vgl. Bosman, Jan D.: 'n Ondersoek na die Gesindhede van Transvaalse Kleurlingonderwysers en -studente ...; Le Roux, C. du P.: Vooroordele en Stereotipes in die Rassehoudings van Kleurlinge.

gesif moes word. Die onderneming is op 'n deeltydse basis sedert Junie 1958 in alle erns voortgesit en in 1960 is 'n jaar studieverlof voltyds daaraan gewy.

By die opdieping van die gegewens is die heuristiese metode gevolg soos dit by die feite-versameling en -interpretasie deur die historikus gebruiklik is.[1] Dit het andermaal geblyk dat, in weerwil van die moderne fasiliteite in argiewe, biblioteke, inligtingsdienste, en verskeie ander hulpmiddele vir die navorser, „Faust" van Goethe soos aangehaal deur Langlois en Seignobos[2] nog altyd reg het:

> „Wie schwer sind nicht die Mittel zu erwerben,
> Durch die man zu den Quellen steigt."

Nêrens waar dit verhelp kon word, is daar met sekondêre bronne alleen volstaan nie. Waar enigsins moontlik, is deurgedring tot by die primêre bronne self, en dit geld veral argivale bronne, rapporte en bevindinge van ander ondersoekers. Waar die oorspronklike werke nie verkry kon word nie, geskied vermelding in dier voege, of blyk dit uit die samehang. Aangesien die Kleurlinge hoofsaaklik aan Kaapland behoort, is die ondersoek in hoofsaak tot Kaaplandse bronne beperk. Benewens die universiteitsbiblioteke van Kaapstad, Stellenbosch, en ook Potchefstroom, is die grootste hoeveelheid naslaanwerk gedoen aan die Kaapse Argief, die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek en die Parlementêre Biblioteek.

(c) Prinsipiëel.

By die noodwendige prinsipiële beoordeling van hierdie werk neem die ondersoeker besliste, ondubbelsinnige standpunt op Calvinistiese grondslag in. Binne die kader van sy Calvinistiese lewensinterpretasie is die gevolgtrekkinge gemaak, en hulle hou rekening met die teorie sowel as die praktyk, die beginsel sowel as die werklikheid, die Skriftuur sowel as die natuur. In die lig van die Calvinistiese siening is die gevolgtrekking, toepassing en slotsom in hoofsaak onvermydelik. Dit beteken dat daar in fundamentele dinge 'n prinsipiële verbondenheid is wat geen willekeur duld nie; maar dit sluit ondergeskikte detail-verskille wat binne dieselfde basiese patroon as alternatiewe mag pas, nie in nie.

---

1) Vgl. Langlois, Ch. V. and Seignobos, Ch.: Introduction to the Study of History.
2) Op. cit., p. 19.

## HOOFSTUK II.

## 'N OMSKRYWING VAN DIE KLEURLING.

Gedragsafwyking by die Kleurlingkind hou die nouste verband met die feit dat hy Kleurling is. Trouens met die geboorte van elke kind as lid van een of ander rassegroep in Suid-Afrika, het daar ten opsigte van daardie kind se toekoms, en die plek wat hy eendag in die maatskaplike samestelling van die land gaan inneem, 'n belangrike beslissing geval. In 'n besondere sin het daarmee vir die Kleurling reeds 'n gebeurtenis van predestinasie plaasgevind. Stoflik en geestelik is hy vir lewensomstandighede voorbestem waarin hy meer as die gewone aanleiding tot afwykende gedrag sal vind, veral as „afwykend" gemeet word aan maatstawwe wat by die blanke geldig is.

Die vraag of iemand 'n Kleurling is, is dus van die allergrootste belang en die vraag kan alleen bevredigend beantwoord word mits 'n bevredigende omskrywing van die Kleurling gegee word. Weliswaar bestaan daar vir praktiese doeleindes in verreweg die meeste gevalle weinig twyfel oor die rassegroep waartoe 'n bepaalde persoon behoort; maar daar is tog diegene wat grensgevalle is en vir hul klassifikasie is 'n toereikende omskrywing onontbeerlik.

Die klassifikasie-vraagstuk maak hom ook voelbaar onder die bevolking van die Kinderwet-inrigtings. Sedert 19 Julie 1948 toe die eerste leerling aan die Nywerheidskool, Ottery, toegelaat is tot 19 Junie 1961 toe die eenduisend-agthonderdste seun ingeskrywe is, het daar oor verreweg die meeste leerlinge geen twyfel bestaan dat hulle wel Kleurlinge was nie; maar dit doen daar niks aan af dat daar wel ook 'n ruime aantal in grensposisies verkeer het, vir wie se klassifikasie 'n omskrywing wel noodsaaklik was. Aan die een kant was daar nie minder as 'n totaal van 69 leerlinge wat soveel blanke bloed in hul are gehad het dat hulle hulself nie met die Kleurlinge as sodanig wou vereenselwig nie. Hiervan was daar 51 wat hulle mettertyd aan die inrigting met die gedagte versoen, en die feit aanvaar het.[1) ] Die orige 18 het/.....

---

1) N.O.-rekords: L.108/18/2, 18, 32, 36, 40, 66, 95, 101, 104, 112, 113, 127, 128, 153, 160, 242, 265, 333, 363, 419, 461, 524, 526, 531, 625, 687, 872, 954, 961, 962, 985, 999, 1007, 1020, 1066, 1067, 1134, 1141, 1172, 1229, 1230, 1241, 1268, 1298, 1506, 1554, 1574, 1575, 1630, 1671, 1718.

18 het egter diep ongelukkig gebly[1] en een het herhaaldelik met selfmoord gedreig,[2] terwyl 'n ander onder die spanning heeltemal siek geword het.[3] Een het na Johannesburg verhuis waar hy as blanke in die myne werk,[4] terwyl talle van hulle oral „try for white". Twee het na Engeland vertrek om daar onder die blankes op te gaan.[5] In minstens drie gevalle is die rasseklassifikasie van owerheidsweë gewysig, is die kinders blank verklaar en uit die inrigting verwyder.[6]

Aan die ander kant was daar ook die ruime aantal van 14 leerlinge wat in 'n onsekere posisie tussen Kleurling en Naturel verkeer het.[7] Van hulle is bekend dat 4 sedertdien as Bantoe geklassifiseer is.[8] Daar mag meer wees, want kontak word nie met leerlinge gehou nadat hulle toesigperiode verstryk het nie.

1. <u>Ontstaan en Aard van die Vraagstuk.</u>

Op soek na 'n bevredigende omskrywing van die Kleurling moet op die ontstaan en aard van die vraagstuk gelet word.

Suid-Afrika was van vroeg af aan 'n veelrassige land. Nog voor die koms van die blanke het verskillende inheemse nieblanke rasse hulle hier bevind: Die Boesmans, Hottentotte en Bantoe.[9] Nie alleen was hierdie groepe aardrykskundig in mindere of meerdere mate geskeie nie, maar hulle was ook etnies elk op sy beurt verder onderverdeel. Vir onderhawige doeleindes egter kan hulle gerieflik met die beskrywende term „inboorling" saamgevat word, en dan word bedoel die oorspronklike, inheemse bevolking van die land soos die blanke hulle hier kom kry het, óf raseg, óf onderling gemeng soos die geval mag wees. Hulle val almal saam onder die sogenaamde „basiese definisie" van 'n inboorling soos uitgedruk in Natalse wetgewing reeds sedert 1888,[10] en wat in sy mees bekende formule as volg lui:

> „The word native shall be deemed to mean and to include any member of the aboriginal races or tribes of Africa, South of the Equator".[11]

Met/......

1) N.O.-rekords : L.108/18/57, 65, 72, 103, 149, 182, 279, 298, 329, 383, 418, 586, 587, 593, 988, 1328, 1499, 1614.
2) N.O.-rekords: L.108/18/182.
3) N.O.-rekords: L.108/18/1614.
4) N.O.-rekords: L.108/18/57.
5) N.O.-rekords: L.108/18/149, 985.
6) N.O.-rekords: L.108/18/279, 1328, 1499.
7) N.O.-rekords: L.108/18/47, 115, 147, 219, 289, 348, 469, 534, 783, 822, 946, 1062, 1304, 1362, 1363, 1487, 1686.
8) N.O.-rekords: L.108/18/219, 783, 1062, 1304.
9) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of South Africa before A.D. 1505.
10) Wet 14 van 1888, Seksie 1; Tabel 1, pp. 23-25.
11) Natal Native Code Act, 19 of 1891, Section 12.

Met die Hollandse volksplanting aan die Kaap in 1652 het die Wes-Europese blanke as 'n addisionele ras op hierdie vasteland voet aan wal gesit. Met hom is mettertyd nog ander rasse as deel van sy sosio-ekonomiese huishouding tot die rassekonstellasie toegevoeg. Aanvanklik was dit in Kaapland slawe van negroïede en Oos-Indiese herkoms[1] en betreklik onlangs was dit in Natal die Indiër self.[2]

Die oorspronklike, betreklik eenvoudige rassepatroon van enkele inboorlingrasse wat etnies, geografies en kultureel min of meer apart gelewe het, is binne enkele geslagte ingrypend verander. Die bevolkingsamestelling het vinnig kompleks geword. Baie gou het die geheel hom langs vier verskillende bane ontplooi soos ons dit vandag ken, tw. blank, Kleurling, inboorling (hoofsaaklik Bantoe) en Indiër.

Dit is opmerklik dat in hierdie heterogene samestelling drie komponente min of meer hul eie identiteit behou het. Hulle is die blanke, die inboorling en die Indiër. Van hierdie drie besit eersgenoemde die kenmerkende Europese wit vel en laasgenoemde twee die ewe kenmerkende donker huid van Afrika en Indië respektiewelik. Die Bantoe word deurgaans as 'n inheemse bevolkingsdeel van die land erken, terwyl die Indiër in weerwil van die Departement Indiërsake nog steeds as 'n vreemdeling opgevat word.

Die Kleurlinge hierteenoor is 'n inheemse mengelgroep wat eintlik as 'n neweproduk langs die normale aanwasbane van die ander drie rassegroepe geword het. Aan die een uiterste is hulle moeilik van die blanke onderskeibaar ten opsigte van voorkoms, leefwyse en kultuur en aan die ander uiterste ewe moeilik onderskeibaar van die nie-blanke groepe, ook ten opsigte van voorkoms, leefwyse en kultuur. Daar is 'n haas eindelose skakering van kleur- en leefnuanses tussen „amper-wit" aan die een kant en „amper-swart" aan die ander kant.[3]

Die probleem wat ontstaan, is om hierdie groep wat ons Kleurlinge noem, van 'n behoorlike omskrywing te voorsien wat enersyds doeltreffend onderskei tussen Kleurling en blanke, en andersyds ewe doeltreffend tussen Kleurling en Inboorling of

Indiër/......

---

1) de Kock, V.: Those in Bondage, pp. 17-30;
Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p. 68 et seq.

2) H.J.B.: Die Indiërvraagstuk, Daeraadreeks, Nommer 2, p. 43.

3) Vgl. Botha, D.P.: Die Oogmerk en Rigting van Kleurlingleierskap, in Op die Horison, Junie 1959, p. 6.

Indiër.[1] Soos dr. I.D. du Plessis dit stel:[2] „The question with which one is confronted is where to draw the line."

## 2. Die Behoefte aan 'n Omskrywing.

Daar is reeds op gewys[3] en dit sal in die res van hierdie ondersoek ten oorvloede blyk[4] hoe belangrik die rassefaktor as determinante invloed in die gedragspatroon van die moeilike Kleurlingkind is. Hierbenewens egter is daar ook nog ander redes waarom daar behoefte aan 'n duidelike omskrywing bestaan.

### (a) Rasseskeidslyne.

Waar rasseskeidslyne nie getrek word nie, soos die geval is in Suid-Amerika en elders, ontstaan die behoefte aan 'n omskrywing nie, hoeseer die bestaan van die mulat daar ook al feit is.[5] In Noord-Amerika is die probleem omseil deur alle basters by die Negers, in teenstelling met die blankes, in te sluit.[6] Dat iets soortgelyks in Suid-Afrika nie gebeur het nie, word deur sommige kenners wel betreur,[7] maar die feit bly staan dat die wordingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Kleurling en sy plek in die maatskappy en rassesamestelling van die land dit ten enemale onmoontlik maak.

### (b) Kleurgevoel.

Die belangrikste rede waarom daar 'n omskrywing van die Kleurling gegee moet word, ontdek mens by die skerp-ontwikkelde kleursentiment van die Suid-Afrikaanse blanke.[8] Of hierdie kleursentiment eties goed is, of sleg, is nie hier ter sprake nie. Die feit is dat dit bestaan; en dit bestaan omdat dit in die loop van die geskiedenis voldonge feit geword het. In sy karakteristieke Suid-Afrikaanse leefwyse eis die blanke dit as deel van sy bestaansreg op om van die nie-blanke bevolkingsdele, insluitende die Kleurling, onderskei te word; en konsekwente onderskeiding sonder 'n toereikende omskrywing is nie moontlik nie.

(c) Westerse Leefwyse/......

---

1) U.G. No. 54 van 1937: Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, parr. 1-17.
2) The Coloured People of South Africa... ., p. 3.
3) Vgl. Hf. II, p. 18.
4) Vgl. Hff. III et seqq.
5) G. Eloff: Rasse en Rassevermenging, p. 71.
6) Govu vs. Stuart (1903) 24 N.L.R. 440.
7) H.G. Kuschke: Kleurlinge in die O.V.S., p. 1 et seqq.
8) G. Eloff: Op. cit., p. 77 et seq.

(c) Westerse Leefwyse.

Die blanke het met hom die Wes-Europese beskawing saamgebring en hoe dit ook al met die loop van die drie vergange eeue 'n eie identiteit aangeneem het, het dit wesentlik tog Wes-Europees van aard gebly.[1] Inderdaad het 'n Wes-Europese kultuurgenre hier tot stand gekom wat flink vergelyk met die beste uit sy bakermat. Hierteenoor staan voorasnog die onvervalste bedreiging van swart barbarisme. Die drie miljoen blankes is die enigste bolwerk daarteen, want die geskiedenis het nog glad geen afdoende bewys gelewer dat die Afrikaanse swartman in staat is om die Europese beskawing sodanig te assimileer dat dit in sy hande beveilig en bestendig is nie, afgesien nog daarvan of hy in staat is om 'n positiewe, konstruktiewe bydrae tot die verdere opbou daarvan te lewer.[2] Tussen die blanke beskawing en die swart barbarisme vorm die Kleurling 'n oorgangsmassa wat vanweë die kruising met die naturelle-miljoene, 'n onbeperkte getalle-potensiaal dra. As die blanke dus sy Wes-Europese leefwyse beveilig wil sien, moet hy sy geledere ook ten opsigte van die Kleurling deur rassediskriminasie sluit. Terwille van sy voortbestaan al dan nie as beskawingswese, moet die streep getrek word, en die vraag is, waar?

(d) Wetgewing.

Waar rasseskeidslyne 'n maatskaplike feit is, spreek dit vanself dat dié diskriminasie mettertyd ook sy weg sal vind in die land se wetgewing. Die suidelike state van die Verenigde State van Amerika, die Federasie en die Republiek van Suid-Afrika is daar almal sprekende voorbeelde van.[3]

In Suid-Afrika is rassediskriminasie in die wetgewing feitlik so oud as die volksplanting self.[4] Dit is interessant om te weet dat die eerste ontugwet reeds op 30 November 1678 in die Politieke Raad aangeneem is en as plakkaat op 9 Desember 1678,

> "... ten 11 uyren met gewoonlycke solemniteyten ... gepubliceert, mitsgaders alomme aangeplact wierd tot een yders naarrichtingh, synde daarby 't houden van bysitten off concubinen voorts alle fornicatie en ongeoorloofde conversatien en debauches met heydense vrouwen aan een yder niemandt uytgesondert, wel scherpelyck geinterdiceerd". 5)

Tabel 1 /.....

---

1) G.D. Scholtz: Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms? p. 28 et seq.
2) Adjunk-Min. M.C. Botha: Die Burger, 14. 3.61, p. 9, kol. 1.
3) Die Burger, 9. 9.59, p. 10, kol. 5.
4) Jeffreys, M.K.: Kaapse Plakkaatboek Deel I, 1652-1707, p. 152.
5) Dag Register, Verbatim Copy, 1677-1679, V.C. 8, p. 745.

TABEL 1.

WETTE IN DIE REPUBLIEK VAN S.A. WAARIN RASSEDISKRIMINASIE VOORKOM.

| RASSEDENOMINASIES | WETGEWINGSBRONNE | | MET DEFINISIE. | SONDER DEFINISIE. |
|---|---|---|---|---|
| Blankes en Nie-blankes. | Uniaal. | | 46/1946; 55/1949; 21/1950; 30/1950; 46/1951; 48/1953; 21/1956; 28/1956; 57/1956; 77/1957. | 12/1911; 13/1911; 42/1945; 28/1931; 15/1935; 28/1936; 28/1937; 45/1941; 36/1946; 41/1948; 23/1957. |
| | Provinsiaal: | Kaapland. | 20/1956 | 21/1917. |
| | | Transvaal. | 17/1904. | Volksraadsbesluite 16.6.1887 en 14.10.1897.<br>Wette: 3/1871; 7/1888; 3/1891; 25/1907.<br>Ordonnansies : 23/1904; 23/1949. |
| | | Natal. | | Wet 19/1865. Ordonnansies: 3/1928; 10/1930; 23/1942; 11/1943; 20/1949. |
| Gekleurdes. | Uniaal. | | 12/1911; 18/1913; 22/1928; 30/1928; 11/1936; 45/1941; 48/1944; 7/1946; 77/1957. | 12/1911; 3/1930; 41/1948; 30/1956. |
| | Provinsiaal: | Kaapland. | 20/1956. | 23/1934. |
| | | Transvaal. | Wet 35/1908;<br>Ordonnansie 17/1939. | Volksraadsbesluite: 16.6.1887 en 14.10.1897.<br>Proklamasie: 31/1902;<br>Wet 3/1871; 7/1888; 3/1891; 4/1891; 3/1897; 29/1903. |
| | | Natal. | Wet 15/1869. | |
| | | Oranje-Vrystaat. | | O.V.S. Hoofstukke XXXIII; XXXIV en CXXXIII. Wet 8/1893 en Ord. 14/1945. |

Vervolg op Bladsy 24.

TABEL 1 (VERVOLG).

| RASSEDENOMINASIES | WETGEWINGSBRONNE. | | MET DEFINISIE. | SONDER DEFINISIE. |
|---|---|---|---|---|
| Asiaat, Indiër, Koelie, ens. | Uniaal. | | 33/1927; 30/1928; 30/1956; 77/1957. | 12/1911; 22/1914; 43/1920; 37/1927; 14/1931; 33/1939; 45/1941; 8/1944; 41/1948. |
| | Provinsiaal: | Kaapland. | | Wet 37/1904. |
| | | Transvaal. | Wet 36/1908 en Ord. 17/1939. | Volksraadsbesluite: 16.5.1890 en 3 en 4.11.1896; Wet 27/1907; Ord. 17/1905. |
| | | Natal | | Wette: 15/1884; 25/1875; 50/1887; 7/1896; 38/1905; 44/1906; Ord. 3/1928. |
| | | Oranje-Vrystaat | | O.V.S. Hoofstuk XXXIII. |
| Naturel | Uniaal. | | 15/1911; 27/1913; 41/1925; 5/1927; 38/1927; 30/1928; 24/1932; 12/1936; 18/1936; 30/1941; 48/1944; 25/1945; 34/1945; 36/1946; 53/1946; 27/1951; 60/1952; 64/1952; 67/1952; 48/1953; 47/1953; 19/1954; 28/1956; 57/1956; 64/1956; 71/1956; 77/1957. | 19/1917; 23/1920; 18/1921; 28/1925; 26/1926; 46/1925; 30/1931; 33/1939; 40/1941; 41/1948. |

Vervolg op Bladsy 25.

TABEL 1 (VERVOLG).

| RASSEDENOMINASIES | WETGEWINGSBRONNE | | MET DEFINISIE. | SONDER DEFINISIE. |
|---|---|---|---|---|
| Naturel (Verv.) | Provinsiaal: | Kaapland. | Wette: 25/1894; 11/1895;<br>30/1899; 32/1909;<br>Ord.: 20/1956. | Wette: 22/1857; 12/1873;<br>40/1879; 24/1886;<br>32/1895;<br>Ord.: 7/1944; 8/1947. |
| | | Transvaal. | Wet: 9/1908;<br>Ord.: 17/1939; 23/1949. | Goewermentskennisgewings:<br>5/1881; 212/20.10.1885;<br>151/24.6.1893; 19/23.1.1894.<br>Volksraadsbesluite: 10.6.1891;<br>6.9.1893; 31.8.1895.<br>Wette: 2/1885; 4/1885;<br>27/1907.<br>Ord. 15/1904. |
| | | Natal. | Wet: 14/1888; 19/1891;<br>49/1898. | Goewermentskennisgewing:<br>194/1878.<br>Wet: 4/1855; 13/1875;<br>12/1884; 12/1885;<br>46/1887; 50/1887.<br>Ord.: 3/1928; 10/1930;<br>23/1942. |
| | | Oranje-Vrystaat. | | Ord.: 13/1945. |

Vandag/......

Vandag word rassediskriminasie aangetref oor die ganse linie van die wetgewende front. Dit loop dwarsdeur munisipale regulasies, provinsiale ordonnansies en republikeinse wette. Só omvangryk is die voorkoms van hierdie soort wetgewing dat vir sistematiese denke, klassifikasie daarvan nodig geword het. Die analise in Tabel 1 is insiggewend.[1)]

Uit hierdie tabel blyk dat daar tans in Suid-Afrika 83 republikeinse wette geldig is waarin onderskeid tussen rasse gemaak word; van hulle is 49 van omskrywings voorsien. Daar is 92 provinsiale wette, ordonnansies, proklamasies en besluite met soortgelyke onderskeidinge en van hulle is 19 van omskrywings voorsien.

Waar wette op so 'n groot skaal gemaak word, is dit vanselfsprekend 'n noodsaaklike vereiste om helderheid te hê oor die denotasie van die terme wat gebruik word. Om dié rede is daar dan ook verskillende pogings aangewend om die onderskeie rassegroepe in die wetgewing te omskrywe. Die bevinding is egter dat daar oor die terminologie onsekerheid bestaan, dat omskrywings van wet tot wet verskil, en dat verwarring noodwendig insluip.[2)]

(e) Administrasie.

Wanneer die wet gemaak is, volg die toepassing. Onsekerheid en verwarring van begrippe maak behoorlike administrasie onmoontlik. Die Sekretaris van Binnelandse Sake wat met die hantering van Kleurlingbelange belas was, het dit gevolglik in 1952 nodig gevind om op aanbeveling van die Kommissaris van Kleurlingsake 'n interdepartementele vergadering te belê waarop die vraag van 'n eenvormige woordomskrywing vir die Kleurling onder andere bespreek is.[3)]

(f) Regspleging.

Ook en veral die regspleging vereis helderheid van begrip oor die terminologie. Die toepassing van 'n wet bring dikwels wetsoortreding en gevolglik hofsake mee, waar die wet geïnterpreteer, die oortreding bewys, en die straf opgelê moet word. Tabel 2 dui aan hoe veelvuldig hofsake van hierdie aard was wat hul weg tot in die hoër howe en selfs die Appélhof gevind het.

Tabel 2/.....

---

1) Legal Adviser to Group Areas Board: List of legislative enactments in which reference is made to races and their classification.
2) Vgl. Tabel 2, p. 27.
3) U.G. 45/1952: Verslag van die Kommissaris van Kleurlingsake ..., p. 5.

TABEL 2.

HOOGGEREGSHOFSAKE MET RASSEKLASSIFIKASIE AS GESKILPUNT.

| RASGROEP. | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Blankes en Nie-blankes. | 1. Electoral Consolidation Act, No. 46 of 1946. | George vs. Chief Electoral Officer, 1953(4) S.A.L.R. (E.D.L.) 47. | Kleurlingbloed by die Oumagrootjie maak iemand nie Kleurling wanneer hy as blanke aanvaar word nie. |
| | 2. Prohibition of Mixed Marriages Act, No. 55 of 1949. | (a) Pedro vs. Tansley 1951 (4) S.A.L.R. (C.P.D.) 182. | 'n Skynbare blanke vrou wat met Kleurlinge saamlewe word toegelaat om met 'n Kleurling te trou. |
| | | (b) Gill vs. Rex 1950 (4) S.A.L.R. (C.P.D.) 199. | Voorkoms van 'n blanke en assosiasie met blankes gee die deurslag. |
| | | (c) Menigo vs. Regina 1952 A.D. | In weerwil van die aanwesigheid van Kleurlingbloed en gedeeltelike assosiasies met Kleurlinge gee omgang met blankes die deurslag. |
| | 3. Immorality Amendment Act No. 21 of 1950. | (a) Regina vs. K. and B. 1955(3) S.A.L.R. (T.P.D.) 193. | Die beskuldigde word ontslaan omdat sy nie klaarblyklik blank is nie. |
| | | (b) Regina vs. B. and H. 1953 (2) S.A.L.R. (C.P.D.) 344. | Waar die voorkoms en ander faktore bewys dat iemand nie-blank is, help 'n andersduidende geboortesertifikaat niks. |
| | | (c) Regina vs. Ormonde and Another 1952 (1) S.A.L.R. (A.D.) 272. | Al lyk iemand na 'n Kleurling en dit kan nie bewys word dat so 'n persoon Kleurling is nie, is die beskuldigde vry. |

Vervolg op bladsy 28.

TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP. | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Blankes en Nie-Blankes. | 4. Population Registration Act No. 30 of 1950. | (a) Lambert vs. Director of Census and Another, 1956(3) S.A.L.R.(T.P.D.) 452. | Waar twyfel oor afkoms bestaan word faktore soos leefwyse in aanmerking geneem vir die bepaling van die ras. |
| | | (b) Makue vs. Director of Census and Another, 1956 T.P.D. | Waar ouers se ras driekwart Kleurling en een-kwart Naturel is, is kind Kleurling. |
| | | (c) Maple vs. Director of Census and Another, 1956 T.P.D. | Waar twyfel oor die ras bestaan, moet die Staat bewys dat die persoon Naturel is en nie Kleurling nie, anders is hy Kleurling. |
| | | (d) Goliath vs. Director of Census and Another, 1956(3) S.A.L.R. T.P.D. 95. | Die assosiasie met Kleurlinge versterk die moontlikheid van Kleurlingafkoms. |
| | 5. Group Areas Act, No. 41 of 1950 and No. 77 of 1957. | (a) Regina vs. L'Etang and Another 1954(4) S.A.L.R. (N.P.D.) 430. | Iemand wat op groot skaal as blanke deurgaan, moet as blanke gereken word. |
| | | (b) Regina vs. George, 1954 (2) S.A.L.R. (N.P.D.)243 | -do- |
| | | (c) Minister of Interior vs. Machadodorp Investments and A.M. Chothia, 1957 (2) S.A.L.R.(A.D.) 395. | Die feit dat daar Maleierbloed in die are is, gee 'n persoon die reg om sy grond te besit. |
| | | (d) Regina vs. Vilbro and Another, 1957 (A.D.) | Bepaling van ras. |
| | | (e) Karsten vs. Electoral Officer and Another 1955(4) S.A.L.R. (C.P.D.) 291. | Dit is nie nodig dat die persoon volbloed blank hoef te wees nie; dit is genoeg as hy algemeen as blanke aanvaar word |

Vervolg op bladsy 29.

# TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Blankes en Nie-blankes. | 6. Sugar Act, No. 28 of 1936. | Dunn vs. Natal Estates 1940 N.P.D. 206. | Die kind van 'n blanke vader en 'n Naturelle-moeder is 'n nie-blanke. |
| | 7. Women's Enfranchisement Act No. 18 of 1930. | Ex parte Larsen 1938 N.P.D. 383. | Al is sy ouma aan moederskant Kleurling, het 'n persoon reg om op blanke kieserslys te wees. |
| | 8. Act No. 35 of 1905 (Cape). | Moller vs. Keimoes School Committee 1911 A.D. 635. | Toelating van 'n kind van blanke vader en Kleurling-moeder tot 'n skool vir blankes is nie wettig nie. |
| | 9. Ord. 38 of 1903 (Tvl.) | W.P. Swarts and Others vs. Pretoria Town Council 1905 T.S. 621. | Waar die voorkoms van die persoon nie klaarblyklik blank is nie, dui dit aan dat hy 'n nie-blanke is, tensy anders bewys kan word. |
| Kleurling (Gekleurde persoon). | 10. Liquor Act No. 30 of 1928. | (a) Rex vs. Souris, 1930 T.P.D. 21. | Waar daar nie bewys kan word dat die persoon blank is nie, word hy as 'n Kleurling beskou op grond van sy voorkoms. |
| | | (b) Rex vs. Marillier 1952 (3) S.A.L.R. (T.P.D.) 723. | 'n Blanke weduwee wat met 'n Kleurling getroud was, kan nie as Kleurling opgevat word nie. |
| | 11. Group Areas Act No. 41 of 1950 and No. 70 of 1957. | (a) tot (e) onder 5. | |
| | 12. Vagrant Law 1869 (Natal) (Law 15 of 1869. | (a) Gowense vs. Rex, PH(9) H119, 1927 N.P.D. | 'n Zulu is 'n nie-blanke. |

Vervolg op bladsy 30.

TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Kleurling (Gekleurde persoon). | 12. Vagrant Law 1869 (Natal) (Law 15 of 1869). | (b) Vinden vs. The Ladysmith Local Board 1896, 17 N.L.R. 78. | 'n Indiër wat na Natal op eie koste gekom en daar getroud is, kan nie as 'n Koelie beskou word nie. |
| | | (c) Rex vs. Williams P.H. (35) H31 1940 N.P.D. | Kaapse Kleurling word nie deur die definisie onder „Gekleurde persoon" ingesluit nie. |
| | | (d) Sooker vs. Chief Constable, Newcastle 1914 N.P.D. 24. | Indiër nie van die Koelie-klas nie, val nie binne die wet nie. |
| | | (e) Police Superintendent, Pietermaritzburg vs. Pillay 1905, 26 N.L.R. 334. | 'n Indiër wat op sy eie koste na Natal gekom het, is nie „Gekleurde persoon" nie. |
| | | (f) Biscombe vs. Rex 1910, 31 N.L.R. 28. | Kind van iemand wat as Koelie ingekom het, is nie Koelie nie. |
| | 13. The Municipal Corporations Ordinance No. 60 of 1904 (O.F.S.) Sec. 105. | Rex vs. Sellong 1914 A.D. 192. | „Gekleurde persone" sluit Naturelle in. |
| | 14. Act 48 of 1899 (Cape), and Act 12 of 1918. | (a) Kinnear vs. Civil Commissioner, Beaufort West (1909) 26 S.C.510. | Iemand met een grootouer Kleurling word as Kleurling beskou. |
| | | (b) Ex Parte Kinnear 1921 C.P.D. 737. | Voorkoms minder belangrik. Afkoms gee deurslag. |
| | 15. Town Regulations of 1899 (Transvaal) Article 36. | Salugee vs. Rex, 1903 T.S. 13. | Asiate val onder term „Gekleurde persoon". |

Vervolg op bladsy 31.

TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Kleurling (Gekleurde persoon). | 16. Municipal Regulation of the O.F.S. | Swartz vs. The State 1897 4 O.R. 181. | 'n Donker kleur alleen bewys nie dat 'n persoon gekleurd is nie. |
| | 17. Ordinance No. 32 of 1902 (Transvaal). | (a) Drury vs. Rex 1906 T.S. 640. | 'n Sjinees word as 'n „Gekleurde persoon" opgevat. |
| | | (b) Rex vs. Swartz 1924 T.P.D. 421. | Donker kleur alleen is nie voldoende om te bewys dat persoon gekleurd is en dus nie drank mag besit nie. |
| | 18. Transkeian Proclamation 104 of 1903, Section 33. | Rex vs. van Niekerk and Others, 1912, C.P.D. 480. | Grikwas met blanke bloed word as gekleurd beskou. |
| | 19. O.F.S. Law Book, Chapter 34. | Ex Parte X 1940 O.P.D. 156. | Kinders met een grootouer Naturel kan as blanke aanvaar word, mits hulle kleur en assosiasies reg is. |
| | 20. Volksraad Besluit 104 of 25/9/1871 and Law 3 of 1885. | Rex vs. McCulloch 1930 T.P.D. 350. | Asiate word as „Kleurlingen" beskou en mag nie op erwe vir blankes woon nie. |
| | 21. Meaning of "Coloured Person" in a contract. | Dutch Reformed Church, De Aar vs. Joubert and Another 1921 C.P.D. 9. | 'n Indiër word as 'n „Gekleurde persoon" beskou. |
| Asiaat, Indiër, Koelie, ens. | 22. Indian Immigration Law 25 of 1891 (Natal) Section 118. | Ex Parte Barbean and Others, 1937 N.P.D. 156. | Kinders van 'n Mauritiër by 'n Indiese vrou is nie Indiërs nie. |
| | 23. Law No. 3 of 1885 (Transvaal) Section 1. | (a) Ex Parte Patel, 1944 W.L.D. 47. | Halwe Asiaat kan nie as Asiaat beskou word nie. |

Vervolg op bladsy 32.

## TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Asiaat, Indiër, Koelie, ens. | 23. Law No. 3 of 1885 (Transvaal) Section 1. | (b) Rand Townships Registrar vs. Mandi 1945 T.P.D. 149. | Kind van halwe Asiaat wat getroud is met 'n Asiaat, is Asiaat. |
| | | (c) Transvaal Arcade Ltd. vs. Rand Townships Registrar, 1923 A.D. 442. | Die wet wat Asiate verbied om grond te besit in Transvaal is van toepassing op die Kaapse Maleier. |
| | 24. Asiatic (Cape Malay) Amendment Act No. 12 of 1924, Section 1. | Patel vs. Minister of Interior and Another, 1955 (2) S.A.L.R.(A.D.) 485. | Buite-egtelike kind van Indiër by 'n Maleier-vrou is nie Indiër nie. |
| | 25. Act No. 37 of 1919 Section 11 as Inserted by Act No. 35 of 1932 Section 7. | Mall vs. Registrar of Companies 1946 A.D. 727. | Faktore van gewoontes en sosiale omgewing moet by bepaling of 'n persoon 'n Asiaat of Maleier is, in aanmerking geneem word. |
| | 26. East London Municipality Amendment Act No. 11 of 1895 (Cape) Section 25. | King vs. Doltram and Another 19 E.D.L. 70. | Hoë geboorte en opvoeding gee iemand van Asiatiese herkoms geen reg om nie as Asiaat geklassifiseer te word nie. |
| | 27. Indian Relief Act No. 22 of 1914. | Daya vs. Gardee and Gardee 1934 W.L.D. 31. | Alle inboorlinge van State in Indië onder Britse beheer is Indiërs. |
| | 28. Transvaal Ordinance No. 17 of 1905. | Dollie and Another vs. Pretoria Municipality 1911 T.P.D. 62. | Kaapse Maleiers word nie ingesluit by die benaming Asiaat nie. |

Vervolg op bladsy 33.

TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP. | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Naturel. | 29. Natives Land Act, No. 27 of 1913. | Anderson vs. Green 1932 N.P.D. 241. | Iemand wat soos 'n Naturel leef is 'n Naturel de facto al is hy ook van gemengde afkoms. |
| | 30. Native Taxation and Development Act No. 41 of 1925. | (a) Rex vs. Mohamed 1930 T.P.D. 726. | Iemand wat na bewering „van Madagaskar gekom het" moes tog die opgaaf betaal. |
| | | (b) Rex vs. Tshwete 1931 E.D.L. 62. | Kind van blanke vader by 'n Naturelle-vrou en wat leef as 'n Naturel moet die opgaaf betaal. |
| | | (c) Rex vs. Fakiri 1938 A.D. 237. | Kind van ouers wie se ouers uit Zanzibar kom, moes opgaaf betaal. |
| | | (d) Rex vs. Horn 1942 C.P.D. 370. | Kind van 'n baster en Masbieker -- kom uit Carnarvon -- trou 'n Naturel, leef soos 'n Naturel -- hoef nie belasting te betaal nie. |
| | | (e) Rex vs. Nkana and Nkana 1946 C.P.D. 360. | Iemand van gemengde afkoms wat leef soos 'n Naturel, hoef nie opgaaf te betaal nie. |
| | | (f) Rex vs. Makwena, 1932 E.D.L. 178. | Iemand wat van Hottentot oorsprong is en Afrikaans praat, hoef nie te betaal nie. |
| | | (g) Rex vs. Vlotman 1935 E.D.L. 26. | Kleurling wat onder toestande van 'n Naturel lewe, hoef nie te betaal nie. |
| | 31. Native Administration Act, No. 38 of 1927. | (a) Nkabinde vs. Nkabinde and Nkabinde 1944 W.L.D. 112. | Kind van blanke vader en Naturelle-moeder is nie 'n Naturel nie -- tenspyte van voorkoms en leefwyse. |

Vervolg op bladsy 34.

TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP. | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| | 31. Native Administration Act, No. 38 of 1927. | (b) Fortuin vs. Fortuin PH(15) R 66. | Grikwas is nie Naturelle nie. |
| | | (c) Masholo vs. Masholo PH(43) R 33. | 'n Kleurlingvrou wat as Naturel geleef het, is nie Naturel nie. |
| | | (d) Randall vs. Randall 1942 N.A.C. (C. & O.) 63. | 'n Kleurling wat as Naturel lewe is geen Naturel nie, en kan nie voor 'n Naturelle-hof skei nie. |
| | | (e) Tarr vs. Estate Tarr 1940 (N.A.C.) (T.& N.) 75. | Leefwyse moet bepaal of iemand Naturel is, tesame met afkoms en voorkoms. |
| | | (f) Ngqoyi vs. Da Conciecao 1946 (N.A.C.) (T.& N.) 49. | As 'n Naturel se voorkoms verraai dat hy nie van suiwer Naturel afkomstig is nie, en sy leefwyse nie dié van 'n Naturel is nie, is hy dit nie. |
| | | (g) Vilikase vs. Mosheshe 1947 N.A.C. (T.& N.) 24. | Afkoms bepaal die ras. |
| | 32. Liquor Act No. 30 of 1928, Section 175. | (a) Rex vs. Timal 1930 A.D. 303. | Beskuldigde het erken dat hy 'n Naturel is, word aanvaar as Naturel. |
| | | (b) Rex vs. Lanitshy and Another 1938 C.P.D.120. | Kind van 'n Naturel en Hottentotmoeder is nie Naturel nie. |
| | | (c) Rex vs. Dakota 1938 E.D.L. 351. | Iemand wat nie volkoms na 'n Naturel lyk nie, nie-Bantoebloed in sy are het en met Kleurlinge omgaan, is nie Naturel nie. |

Vervolg op bladsy 35.

TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Naturel | 32. Liquor Act No. 30 of 1928, Section 175. | (d) Rex vs. Dorfman 1939 C.P.D. 257. | Al lyk iemand na 'n Naturel maar sy afkoms en leefwyse bewys dit nie, is hy geen Naturel nie. |
| | | (e) Rex vs. Augus 1950(2) S.A.L.R. (G.W.L.D.)427. | Iemand van gemengde afkoms is geen Naturel nie. |
| | | (f) Rex vs. Erasmus 1931 O.P.D. | Getuienis dat 'n persoon 'n Naturel is, maak hom Naturel tensy anders bewys kan word. |
| | | (g) Rex vs. Abel 1948(1) S.A.L.R. (A.D.) 654. | Iemand met nie-Bantoebloed in sy are is geen Naturel nie. |
| | 33. Natives (Urban Areas) Consolidation Act No. 25 of 1945, Section 1. | (a) Rex vs. Vinger P.H. (57) K.5. | 'n Grikwa is nie 'n Naturel nie. |
| | | (b) Rex vs. Ford P.H. (47) K.60. | Respondent is geen Naturel nie want „the sole test is descent, other elements such as appearance and habits being only probative of descent." |
| | | (c) Rex vs. Hudson and Another, P.H. (47) K.64. | Kleurlinge kan nie as Naturelle beskou word nie. „The sole test is that of descent, etc." |
| | 34. Group Areas Act No. 41 of 1950 Section 2; No. 77 of 1957 Section 10. | Vid. par. 5. | Vid. par. 5. |
| | 35. Liquor Law Amendment Act No. 28 of 1898 (Cape) Section 5. | (a) Rex vs. Kuhne 1913 E.D.L. 485. | Vader 'n Hottentot, moeder 'n baster: Kind mag nie drank besit nie. |
| | | (b) Rex vs. Smuts 1912 C.P.D. 538. | 'n Masbieker is nie 'n Naturel nie. |

Vervolg op bladsy 36.

TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP. | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Naturel. | 35. Liquor Law Amendment Act No. 28 of 1898 (Cape) Section 5. | (c) Rex vs. Burt 1913 C.P.D. 75. | Twyfel oor die beweerde Grikwa- en Koranna-herkoms laat voorkoms en aansien (appearance and reputation) die deurslag gee. |
| | | (d) Nelson vs. Rex 1911 E.D.L. 34. | Iemand met die voorkoms en leefwyse van 'n Hottentot word as Naturel beskou. |
| | | (e) Queen vs. Parrott (1899) 16 S.C. 452. | Bymengsel van Hottentot- en Boesman-bloed, maak geen verskil aan die feit dat 'n persoon Naturel is nie. |
| | 36. Government Notice No. 241 of 1901 framed under Section 15 of the Public Health Amendment Act, 1897 (Cape) Section 1. | Rex vs. Willet (1902) 19 S.C. 168. | Beweerde maar onbewese bymengsel van blanke- en Madagaskarbloed maak geen verskil as die voorkoms Naturel is nie. |
| | 37. Law 14 of 1888 (Natal). | Downes vs. the Clerk of Peace, Alfred County, 1892 13 N.L.R. 21. | Waar blanke bloed by grootouers bygemeng word, is die persoon nie 'n inboorling nie. |
| | 38. The Liquor Act No. 38 of 1896 (Natal). | Dunn vs. Rex (1907) 28 N.L.R. 56. | Waar 'n persoon van gemengde afkoms soos Naturel lewe, is hy Naturel. |
| | 39. The Courts Act No. 49 of 1896 (Natal). | (a) Rex vs. Radebe and Others 1945 A.D. 590. | Buite-egtelike kind van 'n Indiër-vader en Naturelle-moeder is nie Naturel. |
| | | (b) Govu vs. Stuart (1903) 24 N.L.R. 440. | Die kind van 'n blanke vader by 'n Naturelle-moeder is 'n Naturel. |

Vervolg op bladsy 37.

TABEL 2 (VERVOLG).

| RASGROEP. | WET. | HOFSAAK. | AARD VAN BEVINDING. |
|---|---|---|---|
| Naturel. | 40. The Natives' Night Passes Ordinance No. 43 of 1902 (Transvaal) Section 2. | Rex vs. Defody 1926 A.D. 198. | Vroue val nie onder die paswet nie. |
| | 41. Proclamation No. 11 of 1922 (S.W.A.) | Rex vs. Louw 1936 S.W.A. 59. | Rehoboth basters word nie as Naturelle beskou nie. |
| | 42. South West Africa Constitution Act No. 42 of 1925, Section 26. | Rex vs. Neumann 1953 (3) S.A.L.R. (S.W.A.) 65. | Kind van 'n blanke vader en Herero moeder is nie 'n Naturel nie. |
| | 43. Proclamation No. 154 of 1885. | Queen vs. Ellis 7 S.C. 68. | 'n Grikwa is 'n Naturel ten spyte van die feit dat hulle oorspronklik wit bloed in hul are het. |
| | 44. Government Notice 890 of 2.5.1947 Rule 10(1) of Chapter I framed under War Measure No. 31 of 1944, Regulation 3(i) and (j). | Tsatsinyane vs. Cadle N.O. and Another 1951 (1) S.A.L.R. (T.P.D.) 425. | Iemand met ander bloed as dié van Naturel word as gevolg van sy leefwyse as Naturel geklassifiseer. |
| | 45. Meaning of "Aboriginal Native" in a Deed of Grant. | Mhlongo vs. MacDonald 1940 A.D. 299. | 'n Dogter van John Dunn wat met 'n Kleurling getroud is, word as Naturel beskou. |

Uit/.....

Uit hierdie tabel blyk dat op grond van 43 wette, ordonnansies, proklamasies en regulasies daar sedert die begin van hierdie eeu nie minder nie as 89 hofsake tot by die Hooggeregshof deurgedring het. By die nalees van hierdie hofsake blyk dit enersyds feitlik sonder uitsondering dat vermeende Naturelle en Asiate daarop aanspraak maak dat hulle van gemengde afkoms en dus eintlik Kleurling is, terwyl andersyds vermeende Kleurlinge daarop aanspraak maak dat hulle as blankes deurgaan. Dit is verder merkwaardig hoe simpatiek die regterlike interpretasie van die wette in die jongste tyd was en die respondente het feitlik voor die voet hul aansoeke gewen.

Vir die kritiese leser is dit dadelik opvallend dat die gebrek aan afdoende omskrywings komplikasies veroorsaak en tot resultate lei wat die konsekwente denker verwar. So lui dit in een geval,

> „appearance, preponderance of blood and habits of life are the principal tests", 1)

en op 'n ander

> „the sole test is descent, other elements such as appearance and habits being only probative of descent", 2)

terwyl op 'n derde plek die beskouïng gehuldig word dat 'n suiwerbloed blanke 'n Naturel kan wees deur „ex-patriation and naturalisation."[3] Die tergende warboel van argumente en begrippe aksentueer juis hierom die noodsaaklike vereiste van 'n behoorlike omskrywing sowel as die onteenseglike vaslegging en gradering van kriteria en maatstawwe wat vir die klassifikasieproses aangewend behoort te word.

3. Verskillende Denkrigtings.

Ondersoek na die pogings wat aangewend is om 'n omskrywing te vind, bring aan die lig dat daar drie verskillende gedagtestromings te ontwaar is wat gerieflikheidshalwe die agnostiese, negatiewe en positiewe denkrigtings genoem kan word.

(a) Die Agnostiese Benadering.

Die grondliggende gedagte by die agnostiese benadering is dít: „Ons weet nie en kan ook nie met sekerheid weet wie almal Kleurlinge is, en wie nie; en omdat ons nie weet nie, kan ons nie omskrywe nie." 4)

In/......

---

1) Anderson vs. Green 1932 N.P.D. 241.
2) Rex vs. Radebe and Others 1945 A.D. 603.
3) Dunn vs. Rex 28 N.L.R. 56.
4) Vgl. Genl. J.C. Smuts: Debatte van die Volksraad, Deel 68, 19. 5.49, kol. 6312.

In die regspleging vind ons spore van hierdie benadering so vroeg as 1899 toe regter De Villiers kla oor die moeilikheid om vas te stel in watter rassegroep nie-blankes geklassifiseer moet word:

> „I fear the time will come when it will be almost impossible to decide whether particular persons are natives in terms of the Act in question and a great many other Acts on the Statute Book. Natives to whom the definition applies are continually marrying or cohabiting with other natives and even with Europeans and in many cases it is difficult to decide whether the progeny falls under the one class or the other... ." 1)

Hierdie tyd het blykbaar vir regter Fagan gekom toe hy in 1950 'n duidelike agnostiese geluid laat hoor in dié woorde,

> „The legislature has wisely refrained from defining the words 'European' and 'Non-European' in this Act, no doubt recognising that any attempt to draw a definite dividing line when the Creator Himself has blurred it, will not merely be unreal but will also... result in such tragedies as no civilised community would care to contemplate". 2)

Hy volg dit in 1952 op met 'n soortgelyke uitlating,

> „... there is a doubtful class with one foot on each side of the colour line in respect of whom a rigid classification or a compulsory choice would be artificial and unreal, and therefore likely to cause grave injustice. Indeed cases are quite conceivable in which a person may according to the one branch of the definition (that of obvious appearance) fall in the one group and according to the other branch (that of general acceptance and repute) in the other...". 3)

Die bedenkinge binne die regspleging word blykbaar verder verskerp deur dié vir die leek teenstrydige uitsprake en klaarblyklike kleitrappery met argumente en teenargumente.[4]

Die agnostiese standpunt word klaarblyklik gehuldig deur mense wat nie gretig is om 'n radikale kleurskeiding te erken of te handhaaf nie en dit ressorteer binne die denkkring van die integrasionistiese gesindte. Om dié rede tel dié rigting onder sy aanhangers byna sonder uitsondering die denkende Kleurlinge self. Dit is opmerklik dat in die Wilcocks-Kommissie wat belas was met die ondersoek na die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, dit benewens mnre. Fowler en Buchanan, veral dr.Abdurahman

was/.....

---

1) Queen vs. Parrot, 1899, 16 S.C. 452 p. 455.
2) Rex vs. Gill 1950, (4) S.A.L.R. (C.P.D.) 199.
3) Regina vs. Ormonde and Another 1952(1) S.A.L.R. (A.D.) 272.
4) Vid. Tabel 2, p. 27.

was wat hom teen die formulering van 'n omskrywing versit het, en dié minderheidsgevolgtrekking maak:

> „Die feit ten aansien van die verskillende herkoms van die Kleurlinge ... maak dit bowendien moeilik, indien nie haas onmoontlik nie, om 'n bevredigende ‚tipe-omskrywing' te aanvaar." 1)

En dit is ook 'n Kleurling, E.L. Maurice, wat in 'n verhandeling oor die Kleurlingopvoeding sê,

> „No good purpose would be served by attempting to define the Cape Coloured People ... for the multi-racial Cape Colony had become so involved in its colour complexity that no legal definition could be applied to either coloured or white with impunity." 2)

Kritiese betragting van hierdie opvatting bring dadelik aan die lig dat hierdie rigting enersyds aan 'n gebrek aan wil en vasberadenheid om 'n omskrywing te vind, mank gaan en dat daar om humanistiese redes eintlik 'n onderliggende begeerte is dat so 'n omskrywing nie geformuleer moet word nie. Dit alleen maak so 'n benadering onwetenskaplik; maar daar is andersyds ook dié verdere onwetenskaplikheid aan verbonde dat dit wat moeilik is, as onmoontlik voorgehou word. Sodanige intellektuele defaitisme het geen bestaansreg nie.

(b) <u>Die Negatiewe Benadering.</u>

Hierdie denkrigting maak gebruik van die eliminasiemetode. Daar word gesê wie <u>nie</u> Kleurlinge is nie. Dié bevolkingsdeel wat ná so 'n negatiewe enumerasie oorbly, sou dan die Kleurlinge wees. In sy vereenvoudigde vorm spreek hierdie beskouing duidelik uit die woorde van regter Kuper,

> „... there are three different groups to be classified. Membership of the white and of the native group can be fairly easily ascertained, and membership of the coloured group follows from a finding that the particular person is neither white nor black." 3)

In terme van hierdie denkrigting is daar met die loop van tyd verskillende negatiewe omskrywings geformuleer wat in die graad van volledigheid (van die enumerasie) wissel na gelang van omstandighede. Heel eenvoudig, maar juis daarom baie onvolledig, is die omskrywing van die Kaapse Onderwysordonnansie:

„'Coloured'/......

---

1) U.G. No. 54, 1937: Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kleurlingbevolking van die Unie, par. 15, p.10.
2) E.L. Maurice: The History and Administration of the Education of the Coloured Peoples of the Cape 1652-1910, Vol. I, p. ii.
3) Makue vs. Director of Census, 1956(3) S.A.L.R. (T.P.D.) 452.

> „'Coloured' means a person who is neither a European nor a Native." 1)

Ietwat meer sorgsaam is die sinsnede uit die Drankwet van 1928:

> „'Coloured person' means any person who is neither a European, nor an Asiatic nor a native..." 2)

Hierop is die Pensioenwysigingswet van 1944 a verdere verbetering:

> „'Coloured person' means any person other than a white person, a native, a Turk or a member of a race or tribe whose national or ethnical home is Asia, and includes a member of the race or class commonly called Cape Malays or of the race or class commonly called Griquas."

Nog steeds bly die Ouderdomspensioenwet van 1928 die mees klassieke voorbeeld van die eliminasie-metode:

> „'Coloured person' means any person who is neither white, nor -
>
> (a) a Turk or a member of a race or tribe whose national or ethnical home is Asia; nor
>
> (b) a member of an aboriginal race or tribe of Africa; nor
>
> (c) a Hottentot, Bushman or Koranna; nor
>
> (d) a person who is residing in a native location as defined in section nineteen of the Natives Taxation and Development Act, 1925 3) under the same conditions as a native; nor
>
> (e) an American negro;
>
> and includes a member of the race or class commonly called Griquas". 4)

Die eliminasie-metode van die negatiewe denkrigting is 'n verbetering op die agnostiese benadering insover dit nie 'n intellektuele hensoppergees adem nie. Daar word minstens 'n poging aangewend om die soort mens wat as Kleurling bekend staan, te isoleer. Teoreties behoort die metode wat hy aanwend, moontlik te wees, maar in die praktyk leer die ondervinding dat dit net nie werk nie: Dit is eenvoudig nie prakties doenlik om 'n volledige negatiewe lys saam te stel en só die Kleurling uit te lig nie.

Maar afgesien van sy praktiese toepasbaarheid moet wetenskaplike beginselbesware teen hierdie metode geopper word.

Wesentlik/......

---

1) Education Ordinance, 20 of 1956, Section 2.
2) Liquor Act, 30 of 1928, Section 175.
3) Act No. 41 of 1925.
4) Old Age Pensions Act, 22 of 1928, Section 20.

Wesentlik het ons hier nie te doen met die oplossing van 'n probleem nie, maar wel met die ontvlugting daarvan. Prinsipieel is dit 'n negasie van die bestaan van die Kleurling as 'n besondere entiteit in die rassesamestelling van die land en as sodanig het dit juis die materiaal verskaf vir die agnostiese beskouing van dr. Abdurahman en andere:

> „Die feit ... dat die Wetgewing ... hulle haas sonder uitsondering omskrywe het volgens die metode van uitsluiting uit of insluiting in rasse of stamme, maak dit bowendien moeilik, indien nie haas onmoontlik nie om 'n bevredigende ‚tipeomskrywing' te aanvaar." 1)

Dit is, kortom, onwetenskaplik om te probeer sê wat iets is, deur te sê wat dit nie is nie; want as alles wat dit nie is nie, volledig opgenoem is, bly die vraag nog steeds, „Wat is dit dan?"

(c) Positiewe Benadering.

(i) Moeilikheid van 'n Woordomskrywing.

Die agnostiese en negatiewe rigtings aksentueer die waarheid dat daar in die soektog na 'n behoorlike omskrywing van die Kleurling ernstig bemoeilikende faktore in die weg staan. Die probleem is geleë in die bestaan van 'n legio grensgevalle wat aan die Kleurlinge as groep 'n sterk inslag van heterogeniteit verleen. Inderwaarheid is die Kleurlinge 'n bevolkingsgroep wat steeds in die maalstroom van 'n onafgebroke wordingsproses verkeer as gevolg van die voortdurende bymenging van blanke-, Bantoe- en Indiërbloed.[2)] Weliswaar bestaan daar reeds 'n karakteristieke en redelik gevestigde kern, soos dr. I.D. du Plessis dit toegee:[3)]

> „The great majority of the Coloured people forms a fairly homogeneous and readily distinguishable racial group";

maar aan die grense van die Kleurlingmassa is 'n gistingsproses aan die gang waarvan die einde voorasnog nie te voorsien is nie. Dit spreek vanself dat dit geen gemaklike taak is om 'n entiteit te omskrywe wat nog nie tot die gewenste stabiliteit geraak het nie, en wat tewens deur 'n volgehoue wordingsgebeure op die grense benewel word.

(ii) Moontlikheid van 'n Woordomskrywing.

Maar wat moeilik is, is nie noodwendig onmoontlik nie. Die feit bly staan dat die Kleurling in Suid-

Afrika/......

---

1) U.G. No. 54, 1937: Op. cit. par. 15, p.10.
2) Vgl. Hff. III en IV, pp. 53 en 147.
3) The Coloured People of South Africa ..., p. 4.

Afrika 'n maatskaplike werklikheid is wat hom net nie laat misken nie. Met die volkstelling van 1960 was daar reeds 1,488,638 van hulle,[1] en met uitsondering van grensgevalle weet die gemiddelde Suid-Afrikaanse waarnemer wie hulle is op grond van kenmerkende fisiese trekke soos kleur van die huid, aard van die hare, gelaatsvorm en liggaamsbou.[2] Dit is 'n bevolkingsgroep wat hom as 'n positiewe entiteit op maatskaplike, opvoedkundige, politieke, ekonomiese, kulturele en kerklike terrein dermate laat geld het, dat 'n eie, afsonderlike staatsdepartement om sy belange te behartig, tot stand moes kom.[3]

Die moeilikheid om te omskrywe is origens nie van toepassing op die Kleurling alleen nie.[4] As dit moeilik is om die Kleurling te isoleer op daardie grensgebiede waar hy met die blankes, Bantoe of Indiërs in- en deureenvloei, spreek dit vanself dat dit op presies dieselfde plekke ewe moeilik is om die respektiewe blankes, Bantoe of Indiërs uit te lig. As die grens tussen Kleurling en die ander ras ten opsigte van die Kleurling vertroebel is, is dit eweseer ten opsigte van daardie ander ras vertroebel. En ten spyte hiervan sou niemand wil beweer dat dit daarom onmoontlik is om te sê wie blank, Bantoe of Indiër is nie. Die hele argument berus dus op 'n drogrede en die meeste wat gesê kan word is dat die blankes, Bantoe en Indiërs vir omskrywingsdoeleindes elk één grens minder het omdat hulle met die rug leun teen die agtergrond van hul stamlande, die onderskeie bakermatte van hul rasseherkoms.

(iii) <u>Positiewe Beskrywings tot dusver:</u>

aa) <u>Statutêre Woordomskrywings.</u>

Dit is interessant om op te merk dat, alhoewel die meeste wette wat die term „gekleurde persoon" definieer, dit op 'n negatiewe wyse doen,[5] daar tog 'n wet is wat reeds uit 1911 dateer en wat hom aan 'n positiewe beskrywing waag en waarin na hulle verwys word as

> „persons born in the Union and ordinarily resident in the Province of the Cape of Good Hope who are

members/.....

---

1) Die Burger, 19.12.60, p. 5, kol. 1.
2) U.G. No. 54, 1937, op. cit. par. 14.
3) Cape Times, 29. 9.49, p. 2, kol. 2;
Du Plessis, dr. I.D.: op. cit., p. 20.
4) Bevolkingsregistrasiewet, No. 30 van 1950, Art. 5(2).
5) Old Age Pensions Act, No. 22 of 1928;
Liquor Act, No. 30 of 1928;
Pension Laws Amendment Act, No. 48 of 1944;
Group Areas Act, No. 77 of 1957;
Vid. par. 3(b), p. 40.

> members of either of the classes or races known as 'Cape Coloured' or 'Cape Malays'". 1)

Nog 'n gedeeltelik positiewe klank kom uit die Transvaalse wetgewing, waar dit lui,

> „'Coloured person' shall mean any person who is manifestly a coloured person not being a native or Asiatic." 2)

Met die koms van die Bevolkingsregistrasiewet het nóg die negatiewe, nóg die enkele positiewe definisies bevredig. Daar moes 'n nuwe woordomskrywing gevind word en besef is dat so 'n woordomskrywing gewysig behoort te kan word as omstandighede dit vereis. En daarom lui die wetgewing só:

> „Die Goewerneur-generaal kan by proklamasie in die Staatskoerant die etniese of ander groepe waarin gekleurdes en naturelle ... geklassifiseer moet word, voorskryf en omskryf, en kan so 'n proklamasie op soortgelyke wyse wysig of intrek." 3)

Nadat die nodige masjinerie van staatsweë in werking gestel is[4], is 'n proklamasie op 6 Maart 1959 uitgevaardig waarin die Kleurlinge in drie komponente ontleed en afsonderlik omskrywe word:

> „In the Cape Coloured Group shall be included any person who in fact is, or is generally accepted as a member of the race or class known as the Cape Coloureds ... In the Malay Group shall be included any person who in fact is, or is generally accepted as a member of the race or class known as the Cape Malays ... in the Griqua Group shall be included any person who in fact is or is generally accepted as a member of the race or class known as the Griquas." 5)

Hierdie statutêre woordomskrywings kan geen wetenskaplike denke bevredig nie. Tot hul basiese betekenis gereduseer, lui hulle só, „'n Kleurling is iemand wat 'n Kleurling is." Soiets is wel waar, maar as definisie heeltemal absurd omdat dit niksseggend is. As 'n woordomskrywing is dit nie die papier werd waarop dit geskrywe staan nie; want dit omskrywe nie die woord nie.

bb) Antropologiese Omskrywing.

Die enigste bestaande omskrywing wat 'n positiewe bydrae lewer tot die ontrafeling van hierdie vraagstuk is dié wat deur drr. R.W. Wilcocks, W. de V. Malan en J.P. de Villiers in 1937 geformuleer is. Hulle beskouing is dat so 'n definisie slegs 'n tipe-omskrywing kan wees wat bedoel is om die

meerderheid/......

---

1) Mines and Works Act, No. 12 of 1911, Section 4.
2) Local Government Ordinance, No. 17 of 1939.
3) Bevolkingsregistrasiewet, No. 30 van 1950, Art. 5(2).
4) Vid. par. 2(e) p. 26.
5) GGovt. Gazette No. 6191 dd. 6.3.59, Proclamation No.46.1959.

meerderheid van gevalle te dek en dat daar in die toepassing daarvan met grensgevalle noodwendig moeilikhede ondervind sal word. Met hierdie voorbehoud sê hulle,[1]

> „kan die tipiese Kaapse Kleurling omskryf word as -- 'n persoon woonagtig in die Unie van Suid-Afrika wat nie tot een van sy inboorlingrasse behoort nie, maar by wie die aanwesigheid van gekleurde bloed (hoofsaaklik te wyte aan afstamming van nie-blankes wat in die 17de en 18de eeu na die Kaap gebring is of van inheemse Hottentotherkoms, en met of sonder 'n bymengsel van blanke of Bantoe-bloed) minstens met redelike sekerheid vasgestel kan word op grond van (a) kennis van die stamboom van die persoon gedurende die vorige drie of vier geslagte; of/en (b) deur gewone direkte herkenning van kenmerkende fisiese trekke (soos kleur van die huid, aard van hare en gelaatsvorm of liggaamsbou) deur 'n waarnemer wat met hierdie kenmerke bekend is."

Hierdie omskrywing beantwoord nie ten volle aan die eise wat vandag vir die definisie van 'n Kleurling gestel word nie, omdat dit maatskaplike en kulturele faktore buite rekening laat; maar dit het desnieteenstaande beslis wetenskaplike waarde deurdat dit die voorwerp enigermate analiseer en dan tipeer om dit sodoende van ander voorwerpe onderskeibaar te maak.

4. 'n Voorgestelde Woordomskrywing.

(a) Terminologiese Onderskeidinge.

Om tot 'n formule te geraak, moet die verwarring van die terminologie beëindig word. Tipies van hierdie verwarring is die onoordeelkundige gebruik van die Engelse benaming „Coloured" wat in die een verband „Kleurling" en in die ander verband „gekleurde" moet beteken. Nou lees dit só, „'Coloured person' shall mean any African or Asiatic, Native or any other person who is manifestly a coloured person",[2] en dan weer só, „'Coloured person' shall mean any person who is manifestly a coloured person not being a Native or Asiatic...".[3] Ten einde 'n heldere benadering moontlik te maak, moet die konnotasie van sekere terme in gebruik vasgelê en afgebaken word:

(i) Naturel en Bantoe.

Die benaming „Naturel" (native) is 'n wyer term wat alle inboorlinge, d.w.s. alle inheemse rasse, omvat. Saam met die eintlike Bantoe groepeer daaronder ook die Hottentotte en Boesmans insoverre hulle nog as rasegte groepe bestaan.

„Bantoe"/.....

---

1) U.G. No. 54, 1937, par. 14, p. 10.
2) Gold Law, Act 35 of 1908, Section 2.
3) Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, Section 2.

„Bantoe" is 'n veel meer gespesifiseerde term wat dié rassegroep aandui, wat ook as „kaffers" bekend staan, met hul eie karakteristieke voorkoms, taal en kultuur.

(ii) Blank en Nie-blank.

Daar moet ook duidelik onderskei word tussen „blank" (European, white) en „nie-blank" (non-European, non-white). In vergelyking met die bekende begrip „blanke" sluit die benaming „nie-blanke" in presies dit wat gesê word, naamlik alle rasse in Suid-Afrika wat nie blankes is nie en van wie die Bantoe, Indiërs en Kleurlinge die bekendstes is.

(iii) Gekleurde en Kleurling.

Met die oog op 'n woordomskrywing is die belangrikste onderskeiding dié tussen „gekleurde" en „Kleurling". Verwarring tussen hierdie terme vertroebel die denke meer as enigiets anders. In die Bevolkingsregistrasiewet, No. 30 van 1950, word gekleurdes beskou as verskillende groepe nie-blankes by wie die Bantoe nie inbegrepe is nie.[1] Hierdie willekeurige hantering van die term is erg te betreur omdat dit 'n onnodige en onnatuurlike plurifikasie van begrippe is wat slegs verdere verwarring in die volksmond en -denke kan veroorsaak. Dit is immers 'n elementêre aanskouïngsfeit dat die naturel ook 'n „gekleurde" mens is en daarom een van die baie soorte „gekleurdes" in hierdie land. Die begrip „gekleurde" is dus letterlik sinoniem met die begrip „nie-blanke" (non-European, non-white) en moet aldus behou word. Ook „gekleurde" is derhalwe die wyer, omvattende term wat in sy betekenis alle nie-blankes (Bantoe, Indiërs, Kleurlinge en andere) insluit, terwyl „Kleurling" staan vir die engere gespesifiseerde groep waaroor hierdie ondersoek gaan.

(iv) Kaapse Kleurling en Kaapse Maleier.

Die benaming „Kaapse Kleurling" (Cape Coloured) het alleen nog historiese betekenis en moet dan beduie dat die Kaap (eintlik die Westelike Provinsie en in besonder die Skiereiland) die ware heimat van die Kleurling is. In die praktyk is dit sinoniem met Kleurling en dit word treffend bewys deur die name wat aan Kleurlingwoonbuurte in ander provinsies gegee

word/......

---

1) Wet No. 30 van 1950, Art 1(i), (iv) en (vii); Government Gazette No. 6191 dated 6.3.59, Proclamation No. 46, 1959.

word. In Bloemfontein heet dit „Cape Stands" en in Pretoria „Kaap Lokasie".[1]

Die Kaapse Maleier verskil etnies weinig van die Kaapse Kleurling en word deurgaans as 'n inherente deel van die Kleurlingbevolking opgevat. Die verskille wat bestaan, is hoofsaaklik religieuse verskille as gevolg van die feit dat die Maleiers Mohamedane is.[2] Rondom die religieuse praktyke het sekere kenmerkende kulturele aktiwiteite tradisioneel geword, maar in die alledaagse omgang is die Kleurling en Maleier se leefwyse só in- en deureengevleg dat onderskeiding 'n onbegonne saak is.

(b) Die Kleurling: 'n Omskrywing.

Uit die voorafgaande blyk dat 'n enkelvoudige omskrywing van die begrip „Kleurling" nie moontlik is nie, en kenmerkende kwalifikasies moet noodwendig in die formule inbegryp word:

Die Kleurling is een van die gekleurde bevolkingsdele in Suid-Afrika,

(i) wat van 'n gemengdbloedige oorsprong is, met slawe (van Oos-Indiese en negroïede herkoms), Suid-Afrikaanse inboorlinge (Hottentotte, Boesmans en Bantoe) en blankes as die vernaamste bestanddele;[3]

(ii) wat kenmerkende fisiese eienskappe ten opsigte van huidkleur, haar- en gelaatsvorm asook liggaamsbou vertoon;[4]

(iii) wat die westerse leefwyse van die Suid-Afrikaanse blanke toegedaan is[5] met een van die twee amptelike landstale as sy huistaal;[6] en

(iv) wat in die alledaagse omgang 'n eie maatskaplike groep vorm waardeur hy hom van die ander bestaande rassegroepe onderskei.[7]

5. Identifikasie-rigsnoer.

Die betekenis van die voorafgaande omskrywing is dat daarin 'n positiewe identifikasie-rigsnoer beliggaam is.

Alhoewel/.....

---

1) Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, pp.11 en 17.
2) Cruse, H.P.: op. cit., p. 24.
3) J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1937, pp.1-31.
4) U.G. No. 54, 1937, op. cit. par. 14, p.10.
5) P.W. Botha: Die Burger, 24.2.59, p. 9, kol. 1.
6) Rex vs. Makwena, 1932 E.D.L. 178;
Du Plessis, dr. I.D.: Die Kleurling in die Raamwerk van ons Rasseverhoudinge, in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, April 1957, p. 95.
7) Dr. E. Dönges: Die Burger 27.9.49, p. 2, kol. 5.

Alhoewel dit 'n gedugte taak is, is daar nie onoorkomelike probleme in verband met die klassifikasie van die Suid-Afrikaanse rassegroepe nie. In verband met die bevolkingsregistrasie is dit uit die aard van die saak die Kleurlinge wat die meeste probleme oplewer, en moes rade aangestel word wat as appélliggame kan dien. By hierdie rade kan persone beswaar aanteken indien hulle met die beslissing van die bevolkingsregistrateur ontevrede is.[1] Vir verdere appél by die hooggeregshof word ook voorsiening gemaak.[2] Uit Tabel 2 [3] blyk ook dat daar van tyd tot tyd hofsake voorkom waar beskuldigdes veroordeling probeer ontwyk deur hul klassifikasie in een of ander groep te bestry. Byna sonder uitsondering is dit aan die een kant Bantoe of Indiërs wat aanvoer dat hulle Kleurlinge is, en aan die ander kant Kleurlinge wat aanvoer dat hulle blankes is. Omdat die Kleurlinge hier elke keer die groep ter sake is, is dit noodsaaklik om so 'n identifikasie-rigsnoer juis vir Kleurlinge te hê.

Op grond van die bostaande omskrywing doen vier afsonderlike leidrade hulle voor, tw. die genealogiese, empiriese, kulturele en maatskaplike kriteria.

(a) <u>Die Genealogiese Kriterium.</u>

Hierdie maatstaf het met die afkoms, die stamboom, te doen en dit lewer 'n baie sterk saak op in gevalle waar die ras van 'n persoon betwyfel word. Gewoonlik beteken dit in die regspraktyk dat bymengsel van vreemde bloed by die Bantoe en Indiërs meebring dat hulle van die beperkings van daardie rasse onthef word.[4] Die indruk word beslis geskep dat aan hierdie kriterium oormatige gewig toegeken word selfs tot algehele miskenning van die ander maatstawwe [5] en daarteen behoort naarstiglik gewaak te word, soos dr. I.D. du Plessis dit tewens ook doen:[6]

> „In any attempt at classification, there should be no question of including elements with whom the Coloured population has no common ethnic, cultural and historical antecedents."

In die geval van verdagte Kleurlinge wat daarop aanspraak maak dat hulle blankes is, word die teenoorgestelde in die

praktyk/.....

---

1) Vgl. Die Burger, 29.6.60, p. 7, kol. 2.
2) Die Burger, 19.9.59, p. 9, kol. 2
3) P.27.
4) Vid. Rex vs. Abel 1948(1) S.A.L.R. (A.D.) 654; Patel vs. Minister of Interior and Another, 1955(2) S.A.L.R. (A.D.) 485.
5) Rex vs. Radebe and Others, 1945 A.D. 590.
6) The Coloured People of South Africa..., p. 47.

praktyk ondervind. Dáár is weer bewys gelewer dat die genealogiese kriterium in die lig van die ander maatstawwe so goed as negeer word.[1] En oor die algemeen ontstaan die indruk dat die wet in dié verband versigtig toegepas word om — en tereg ook — lyding en ontwrigting sover as moontlik uit te skakel.

Spesiale melding moet gemaak word van die plek wat die geboortesertifikaat in hierdie verband inneem. Dit kan nie beter gestel word as wat dit in regter Fagan se eie woorde geskrywe staan nie:

> „Entries made in the Births' Register are statutorily admissible as prima facie evidence of the particulars set forth there-in. They serve a useful purpose when their data are not challenged. But the moment they are challenged their probative value becomes so little as to make them almost worthless." 2)

Vir die bewys dat iemand 'n Kleurling is, is die genealogiese kriterium beslis baie sterk wanneer dit deur die ander maatstawwe, soos voorkoms en maatskaplike verkeer, ondersteun word; maar wanneer dit alleen staan, het dit verder terug as die eie ouers, weinig waarde.

(b) <u>Die Empiriese Kriterium.</u>

Hierdie kriterium het te doen met die voorkoms van die persoon, hoe hy deur die waarneming ervaar word. Dit is hierdie waarnemingservaring wat gewoonlik die bal aan die rol sit. Slegs dan wanneer iemand na 'n Kleurling lyk, word verdere vrae gevra en ander bewyse gesoek. As sodanig is die empiriese kriterium baie belangrik en is dit juis hierdie maatstaf wat dit vir die betrokke persoon baie lastig kan maak; want sodra daar bedenkinge oor sy voorkoms ontstaan, word die bewyslas op hom geplaas om te bewys dat sodanige bedenkinge verkeerd is.[3] Op 19 Mei 1949 stel dr. Dönges dit in die Volksraad so:

> „... Wat ek wil beklemtoon ..., is dat die vasstelling of 'n persoon ... blank of nie-blank is, in die eerste plaas berus op sy voorkoms. Die onus is op die persoon om te bewys dat hy nie is wat hy voorkom om te wees nie." 4)

Die empiriese kriterium dra dus ernstige gewig. Dit is 'n gedugte faktor wat in die alledaagse omgang tussen mense meesal die/.....

---

1) Regina vs. Ormonde and Another, 1952 (1) S.A.L.R. (A.D.)272.
2) Rex vs. Gill, 1950 (4) S.A.L.R. (C.P.D.) 199.
3) Dr. Dönges: Die Burger 27.9.59, p. 2, kol. 5;
W.P. Swarts and Others vs. Pretoria Town Council, 1905 T.S. 621.
4) Debatte van die Volksraad, Deel 68, 19. 5.49, kol. 6309.

die deurslag gee, want dit het met die sigbare kleurfaktor te doen waaromheen die hele samestelling van die Suid-Afrikaanse rassevooroordeel opgebou is;[1] maar selfs hierdie kragtige maatstaf khou op sigself alleen geen onverbiddelike of onbetwisbare finaliteit in nie. Waar ander maatstawwe die teendeel bewys, word die bedenkings wat hierdeur verwek word, dikwels ter syde gestel.

(c) Die Kulturele Kriterium.

Waar die waarnemingservaring gewoonlik die grens tussen Kleurling en blank beskerm, is dit die kulturele kriterium wat wagstaan of behoort te staan by die grens tussen die Kleurling en die Bantoe of Indiër. Hier kom nie alleen die godsdienstige kultus ter sprake nie, maar ook leefwyse en maatskaplike gebruike soos inisiasie, lobola, en dies meer. Veral die omgangstaal gee hier belangrike deurslag. Iemand wat soos 'n Bantoe lewe, Bantoe-gebruike in stand hou en die taal van die Bantoe as sy moedertaal het, behoort as 'n Bantoe geklassifiseer te word in weerwil van sy afkoms, sy voorkoms en selfs die hofuitspraak.[2] Dieselfde geld vir Indiërs.[3] Dr. I.D. du Plessis laat geen twyfel hieroor nie:[4]

> „Die Kleurling se agtergrond is Westers. Sy taal, sy godsdiens, sy kulturele ontwikkeling is die van die Weste."

Vir die onderskeiding tussen blank en Kleurling aan die ander kant het die kulturele kriterium dus geen waarde nie, want beide is die Wes-Europese leefwyse toegedaan.

(d) Die Maatskaplike Kriterium.

Hierdie maatstaf handel oor die kring waarin die betrokke persoon leef en beweeg. Dit het te doen met die mense met wie hy gewoonlik omgang hou en by wie hy sy sosiale tuiste vind. Daar moet ook die bewys bestaan dat die mense tussen wie hy beweeg, hom as een van hulle aanvaar. Dit is denkbaar dat 'n blanke (soos in die geval van 'n sendeling in sy gemeente) hoofsaaklik met Kleurlinge omgaan, maar tog nie as een van hulle aanvaar word nie. Ewe denkbaar is dit dat 'n Kleurling (soos in die geval van die inwonende huisbediende) hoofsaaklik met blankes omgaan, maar ook nie as een van hulle aanvaar word nie.

Die/.....

---

1) Vgl. Hf. IV, par. 1(e), p.157.
2) Rex vs. Abel, op. cit.
3) Patel vs. Minister of Interior, op. cit.
4) Die Kleurling in die Raamwerk van ons Rasseverhoudinge; in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, April 1957, p. 95.

Die maatskaplike kriterium is gewoonlik die bewys dat iemand die toetse van die ander kriteria bevredigend deurstaan het, en/of in alle geval daarin geslaag het om die emosionele weerstandsdrumpel in die maatskappy suksesvol te oorskry. Daarom word die maatskaplike kriterium die hoogste en finale maatstaf wat die plek van elke persoon in die samegestelde rassekonstellasie van die Suid-Afrikaanse maatskappy bepaal; en daarom is daar van staatsweë besluit dat waar daar oor 'n persoon bedenkinge ontstaan, hy die bedenkinge kan betwis deur bevredigende „bewys te lewer dat hy 'n blanke is deurdat hy uit gewoonte in die maatskaplike kring van blankes omgaan".[1]

So belangrik is hierdie kriterium dat dit in die verlede selfs 'n ekspatriasie op rassegebied moontlik kon maak, soos geskied het in die geval van die Dunns in Natal en die Buyse in Transvaal,[2] en soos blyk uit die sensuur wat vir die wetgewing ondubbelsinnig vasgelê is: Gekleurd is,

> „Any woman to whichever race, tribe or class she may belong, between whom and a person who ... is a member of the coloured group, there exists a marriage or who cohabits with such a person and any white man between whom and a woman who ... is a member of the coloured group there exists a marriage, or who cohabits with such a woman." 3)

Die toepassing van hierdie maatstawwe sal nie beteken dat alle probleme soos onder 'n towerstaf verdwyn nie. Besef moet word dat moeilike grensgevalle nog steeds sal voorkom; maar dit kan tog in die vooruitsig gestel word dat met die invoer en vervolmaking van die bevolkingsregistrasie-stelsel, klassifikasie progressief makliker behoort te word. Die aantal grensgevalle tussen blankes en Kleurlinge veral, behoort binne 'n geslag of twee onbeduidend te word.

By die toepassing van die rigsnoer moet enersyds in ag geneem word die landswye begeerte van die Afrikaanse blanke om sodanig onderskei te word. In dié vèrband rus daar 'n groot verantwoordelikheid op die betrokke staatsowerhede om toe te sien dat dié bloedsuiwerheid wat deur die volk gewil, en met nasionale sentiment waardeer word, sover as moontlik gehandhaaf bly.

Andersyds mag daar nooit uit die oog verloor word dat 'n roekelose, onvoorwaardelike onverbiddelikheid hier net nie sal deug nie. Daar is soveel menslike lyding op die spel dat elke geval volgens eie meriete deurtastend en met diepe menslikheid ondersoek/.....

1) Dr. Dönges: Die Burger, 27.9.49, p. 2, kol. 5.
2) U.G. No. 54, 1937 op cit., par. 11, p. 9.
3) Group Areas Act, No. 77 of 1957, Section 10.

ondersoek behoort te word. Waar die finale bevinding 'n ope vraag sou bly, moet die beslissing in die guns van die betrokke persoon geskied. Die gees van Augustinus se woord moet die deurslag gee:

„In necessitas unitas;
„In dubiis libertas;
„In omnibus caritas."

Dit is dan ook geen wonder dat die aansoeke van al 22 Kleurlinge wat tot en met 29 Junie 1960 voor die Kaaplandse Rasseklassifikasieraad gedien het, toegestaan, en die applikante tot blankes verklaar is nie.[1]

6. Uitwerking.

Wanneer die omskrywing egter sy werk gedoen, en die klassifikasie as Kleurling voldonge feit geword het, het daar in die lewe van die kind 'n gebeurtenis plaasgevind wat verreikende gevolge het, want daardeur word hy erfgenaam en deelgenoot van 'n besondere lewenspatroon wat die stryd om volgens die maatstawwe van blankes mooi te lewe, 'n swaar stryd maak. Sy omgewing word vir hom daardeur bepaal; en dit is 'n harde omgewing wat in baie opsigte meer as net ongunstig is: Dit is te dikwels positief gevaarlik, gedragskadelik en sedebederwend.

Maar dit sou verkeerd wees om die omskrywing en sy werking bloot tot die omgewing te beperk. Hierdie omskrywing bevestig merendeels slegs die feit van die hereditêre, geestelike erfgoedere. En ook daarin is determinante faktore wat nog minder ontwyk kan word as dié van die omgewing.

Langs die weg van sy rasgebondenheid ontvang die Kleurlingkind, omdat hy Kleurling is, die erflike potensiaal van die Kleurling, maar ook die maatskaplike milieu van die Kleurling. Hierdie twee kragte in sy lewe verantwoord sy uiteindelike aanpassing aan die lewe self: sy gedrag, hetsy goed, hetsy kwaad — en vir onderhawige doeleindes, kwaad.

Om dié rede dan, volg hierop 'n intensiewe analise van die Kleurling na sy herkoms en sy lewenspatroon.

1) Die Burger, 29.6.60, p. 7, kol. 2.

# HOOFSTUK III.

## DIE HERKOMS VAN DIE KLEURLING: DIE MENGELBESTANDDELE.

Om die Kleurlingkind se gedragspatrone reg te verstaan, is dit nodig om kennis te neem van die feit dat hy Kleurling is. Hierdie feit is só belangrik dat dit nooit uit die oog verloor mag word nie, en daarom is moeite gedoen om 'n toereikende omskrywing te formuleer waarvolgens klassifikasie kan geskied.

### 1. Rassesamestelling van Kinderwet-ouers.

As deel van die etiologiese agtergrondstudie is daar vervolgens ingegaan op die rassesamestelling van die ouers van 500 Kinderwet-leerlinge aan die Nywerheidskool, Ottery. Die resultaat is vervat in Tabel 3, en daaruit blyk dat 441 of 88·2% van die Kinderwetgevalle gebore is uit ouers wat albei Kleurling was, terwyl slegs in twee gevalle of ·4% van die totaal, die kombinasie blank en Bantoe was. Hierteenoor kom die kombinasies Kleurling-blank, Kleurling-Bantoe en Kleurling-Indiër in 20, 20 en 17, of 4%, 4% en 3·4% van die gevalle respektiewelik voor.

TABEL 3: RASSESAMESTELLING VAN KINDERWET-OUERS.

| Ras van Ouers. | Aantal | % |
|---|---|---|
| Kleurling en Kleurling | 441 | 88·2 |
| Kleurling en blank | 20 | 4 |
| Kleurling en Bantoe | 20 | 4 |
| Kleurling en Indiër | 17 | 3·4 |
| Blank en Bantoe | 2 | ·4 |
| Totaal | 500 | 100 |

Dit beteken dat verreweg die grootste gedeelte van die kinders uit huise kom waar die ouers „suiwer" Kleurling is, dit wil sê uitsluitlik sekondêre vermenging; maar dit beteken ook dat daar in byna 12% van die gevalle nog steeds 'n gestadige toevloed van die oorspronklike stambloed plaasvind, dit wil sê primêr-sekondêre vermenging; terwyl ·4% van die leerlinge die produk is van uitsluitlik primêre verbastering.

In die lig van hierdie syfers is dit nodig om in te gaan op die herkoms van daardie 88·2% van die ouers wat as Kleurlinge bekend staan. Sodoende word vasgestel watter etniese boustowwe daar in hul wordingsproses opgegaan het om die resultaat, „Kleurling", op te lewer. Dit moet geskied want die probleem van die

kind/.....

kind wortel gewoonlik in die probleme van die ouer: Om die kind te verstaan, moet by die ouer begin word. Dit is vir almal waar. Dit is ook vir die Kleurling waar; en om tot 'n juiste begrip van die Kleurling as mens en sy aanpassingsprobleme in die Suid-Afrikaanse maatskappy te geraak, is dit nodig om sy herkoms te ontleed. Dit is opmerklik dat hierdie waarheid by alle studies van belang a priori aanvaar word.[1] Sodanige genetiese analise werp 'n verklarende lig enersyds op wie en wat die Kleurling as individu is ten opsigte van sy fisiese en psigiese erfgoed; en andersyds op die wyse waarop hy hierdie erflike potensiaal gebruik en ontwikkel in sy aanpassingsproses by die komplekse maatskaplike struktuur waarin hy hom bevind. Waar die ondersoek gaan oor die verskynsel en behandeling van gedragsafwyking en misdaad onder Kleurlingjeugdiges, is dit nie los te maak van 'n deurtastende ontrafeling van die Kleurling se wordingsgeskiedenis nie.

2. Tyd van Ontstaan.

Word daar oor die oorsprong van die Kleurling besin, kom die soeker onwillekeurig voor hierdie historiese feite te staan:[2] Drie eeue gelede toe Van Riebeeck in 1652 aan die Kaap aan wal gestap het,[3] was hier geen Kleurlinge nie. Verskillende volkere (Boesmans, Hottentotte, slawe van negroïde en Oosterse herkoms, blankes, en later Bantoe en Indiërs) uit drie verskillende wêrelddele (Afrika, Asië en Europa) ontmoet mekaar op die suiderbodem van Afrika. Drie eeue later het die beeld ingrypend verander: Die Bantoe, Indiërs en blankes is nog daar. Eersgenoemde twee het hul oorspronklike identiteit min of meer behou, maar laasgenoemde het in 'n nuwe Afrikanervolk opgegaan. Hierteenoor het die slawe verdwyn, en ook die Boesmans en Hottentotte het feitlik reeds uitgesterwe. Vir die belangstellende leser lê daar 'n diepe weemoed verskuil in die onverbiddelike opmars van die tyd as hy die profetiese woord van die kenner beluister:

„Like/.....

---

1) Cf. Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurling-bevolking.
Marais, J.S.: The Cape Coloured People.
MacCrone, I.D.: Race Attitudes in South Africa.
du Plessis, I.D.: The Coloured People of South Africa: Some Aspects of their present Position.
U.G. 54/1937: Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Kaapse Kleurling-bevolking van die Unie.
U.G. 41-'26: Report of the Rehoboth Commission.

2) Eerw. J.A.J. Steenkamp in Die Koningsbode, Desember 1958, p. 18.

3) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 48.

„Like the Bushmen, the Hottentots must be regarded as a disappearing people..." 1)

Maar in hulle plek het 'n ander bevolkingsgroep wat op 6 September 1960 feitlik reeds anderhalf miljoen lede tel,[2] tot stand gekom. Hoeseer hierdie bevolkingsgroep 'n gemeenskaplike godsdiens, taal en kultuur met die blankes deel, lê hy nietemin 'n eie karakteristieke aard en besondere identiteit aan die dag.[3]

Die eerste belangrike vraag waarop 'n antwoord gesoek moet word, is dié wat te doen het met die tyd van ontstaan. Niemand sal ontken dat daar vandag in Suid-Afrika so 'n besondere bevolkingsgroep bestaan nie; maar die vraag is, van wanneer af hierdie bevolkingsgroep in sy huidige gedaante bestaan.[4]

Onmiddellik moet gewag gemaak word van die feit dat die wordingsgebeure feitlik gelyktydig met die landing van die blankes 'n aanvang gemaak het[5] en dat dit tans na meer as driehonderd jaar nog steeds aan die gang is.[6] Dit is een onafgebroke genetiese proses wat plaasvind deurdat bloedvermenging enersyds tussen die verskillende primêre bestanddele bestendig voortduur; maar andersyds ook omdat onderlinge inteelt by die Kleurlinge self besig is om die nog bestaande streeks- en groepsverskille progressief uit te wis, soos deur Tabel 3 afdoende bewys word. Voorasnog word allerweë erken „dat daar groot verskil is tussen Kleurling en Kleurling",[7] 'n erkenning wat as bewys dien dat die wordingsgebeure nog geen finaliteit bereik het nie.

Die verbasteringsproses het vinnig verloop. Tydens die eerste 50 jaar na die volksplanting het daar benewens die toenmalige primêre tipes, tewete Boesmans, Hottentotte, slawe en blankes,[8] reeds 'n halfbloedbevolking sy verskyning gemaak. Teen 1750 was 'n bonte mengelmoes van Hollandssprekende nieblankes in die Kaapse samelewing 'n voldonge feit. Hierdie mengelmoes toon in sy etniese samestelling sterk geografiese aksentverskille: Rondom die Kaap was dit hoofsaaklik slawe en blankslaaf-halfbloediges; verder na die binneland word die aantal slawe al minder, maar die aantal ontstamde Hottentotte, asook Hottentot-blank- en Hottentot-slaaf-halfbloediges al meer.

Daar/.....

---

1) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of South Africa, p. 50.
2) Die Burger, 19.12.60, p. 5, kol. 1.
3) Eerw. J.A.J. Steenkamp: op. cit., p. 18.
4) Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p.13.
5) Daghregister gehouden by den Oppercoopman, Jan Anthonisz van Riebeeck, Deel II (1656-1658), p. 40.
6) Die Burger, 27.1.60, p. 7, kol. 7.
7) Cruse, H.P.: op. cit., p. 11.
U.G. No. 54/1937, parr. 52-54.
8) Vid. parr. 4-7, pp. 59-124.
9) Barrow, John: An Account of Travels into the Interior of Southern Africa, Vol. I, p. 163.

Daar was wel faktore wat saambindend gewerk het, soos die gemeenskaplike taal en gemeenskaplike verbintenis met die blankes op ekonomiese, religieuse en kulturele terreine; maar die drastiese verskil tussen slaaf en vryman het die onderlinge sosiale solidariteit tussen die nie-blankes voorasnog sodanig verdun dat daar op hierdie stadium nog nie van die Kleurlinge as 'n afsonderlike groep gepraat kon word nie.[1]

Na nog 'n honderd jaar het die Kaapse Kleurling in sy huidige gedaante besliste verskyning gemaak:

> "... In the mid-nineteenth century there were few of the original strain of Hottentots left in the Colony. The emancipation of the slaves and the establishment of legal equality, tended to merge any separate groups, whether of Hottentots or of 'other free persons of colour', into a composite mass — almost all of them equally resourceless and landless — and later history was left to deal with 'the Coloured People'".[2]

Huwelike tussen vrygestelde slawe, ontstamde Hottentotte en halfbloed-mense[3] bring soveel maatskaplike samehorigheid mee, dat hierdie nuwe groep 'n eie identiteit ontwikkel, en teen 1850 het die Kaapkolonie naas sy blanke bevolking 'n Kleurlingbevolking gehad wat die blankes in getalle ver oortref het en aansienlik meer as 60,000 moes gewees het.[4]

Dit spreek vanself dat die etniese mengelverhoudings geografies nog steeds sterk aksentverskille openbaar het. Hierdie verskille sou na 'n verdere honderd jaar in 1950 nog steeds duidelik waarneembaar vertoon en dit mag nog eeue duur voordat die gelykmakingsproses voltooi sal wees. Dit neem egter die feit nie weg dat die Kleurlinge tans bo alle twyfel 'n besondere bestanddeel in die rassesamestelling van die Republiek van Suid-Afrika is nie, 'n komponent wat ongeveer een-en-'n-half miljoen siele tel,[5] vir wie 'n spesiale staatsdepartement in die lewe geroep is en wat na verhouding in sy getalsterkte steeds besig is om op die blankes veld te wen.[6]

3. Etniese Boustowwe/..

---

1) Cruse, H.P.: op. cit., p. 16.
2) Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 265-266.
3) Barrow, John: An Account of Travels into the Interior of Southern Africa, Vol. I, p. 148.
4) Macmillan, W.M.: op. cit., p. 141.
5) Prof. J.L.Sadie in Die Burger, Uniefees-bylae 5.3.60, p. 9, kol. 1.
6) Dr. J.L. Sadie: The Political Arithmetic of the S.A. Population, in Tydskrif vir Passe-aangeleenthede, Julie 1950, pp. 3-5.

3. Etniese Boustowwe.

Dit is algemene kennis dat die Kleurlinge 'n mengelgroep is; maar dit is nie vir almal altyd ewe duidelik hoe wyd uiteenlopend van aard die etniese boustowwe is wat in die mengelproses opgegaan het nie. Ondersoek bring aan die lig dat die voorsate van die Kleurling hul tuistes gevind het in nie minder nie as drie verskillende vastelande, elk met sy eie aanhangsel van eiland-konstellasies. Nie alleen openbaar hierdie drie vasteland-konstellasies se bevolkings die mees radikale verskille ten opsigte van fisiese en geesteseienskappe nie,[1] maar elkeen van hierdie groepe openbaar op sy beurt weer 'n wye verskeidenheid van ras- en volkstipes wat onderling ook skerp verskil, en wat tot mindere of meerdere mate in die rassesamestelling van die Kleurlingbevolking verteenwoordig is. So bont is die mengelmoes van konstituerende elemente dat dr. Vedder dit nodig vind om van die „mongrel races" te praat,[2] terwyl dr. I.D. du Plessis die bevinding van 'n Nederlandse deskundige in die erflikheids- en afstammingsleer verhaal,

> „A visit to some coloured schools showed the presence of a bewildering mixture in which besides white, Indian, Malay and Hottentot blood, Bantu blood had a part"![3]

Voordat die primêre tipes wat tot die ontstaan van die Kleurling bygedra het, nader ondersoek word, is dit nodig om duidelikheidshalwe die basiese bloedsoorte te klassifiseer. 'n Stelsel moet ontwerp word waardeur die gaos van die „bewildering mixture" tot orde herlei, en die afsonderlike bydraes binne 'n raamwerk gerangskik kan word.

Vir dié doel kan met vrymoedigheid aanvaar word dat die primêre tipes hoofsaaklik mense van Khoisan, Negroïede, Asiatiese en Kaukasiese oorsprong was.

(a) Die Khoisan bydrae kom van die Hottentotte en die Boesmans. Die terminologie is ontleen aan I.S. Schapera wat die samestelling maak uit Khoi-khoin (Hottentotte) en San, of Sonqua, (Boesmans)[4] en wat in sy standaardwerk afdoende bewys dat/.....

---

1) Die Banier, Februarie 1960, p. 4, kol. 4.
2) Sekretaris van Suid-Wes-Afrika: The Native Tribes of South West Africa (Dr. H. Vedder: The Nama), p. 114.
3) Die Huisgenoot, 5.4.35: Maleise Samelewing aan die Kaap, p. 75.
4) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of South Africa. Bushmen and Hottentots.

dat hierdie twee rasse besonders na verwant is.

(b) Die negroïede bydrae het te doen met die aandeel van die Negeragtige rasse, en dit kom enersyds van die slawebevolking wat oor wye gebiede in Afrika (Goudkus, Angola en Mosambiek) maar ook in Madagaskar gewerf is,[1] en van Prize Negroes.[2] Andersyds kom dit veral in die jongste tyd op groot skaal van die Suid-Afrikaanse en aangrensende Bantoe.[3]

(c) Die Asiatiese bydrae kom op sy beurt ook enersyds regstreeks van die slawebevolking en wel van diegene wat uit Oos-Indië (Indiese Argipel, Voor-Indië Ceylon en die Philippyne) hierheen gebring is;[4] maar ook van Oosterse misdadigers en politieke gevangenes wat na die Kaap verban is.[5] Andersyds kom in die jongste tyd 'n regstreekse Asiatiese kontribusie van die Suid-Afrikaanse Indiërbevolking.

Melding moet egter ook gemaak word van 'n onregstreekse bydrae wat gemaak is deur middel van die Madagaskare by wie daar 'n infiltrasie van Indonesiese bloed was en wat 'n Indonesiese dialek praat.[6]

(d) Die Kaukasiërs het hulle bydrae gelewer deur middel van die blanke koloniste aan die Kaap en die verbyvarende soldate en matrose. Alhoewel dit onmoontlik is om vas te stel watter aandeel die verskillende blanke denominasies in die gebeure gehad het, en alhoewel dit waarskynlik is dat bydraes uit nagenoeg alle Europese lande gelewer is, kan met veiligheid aangeneem word dat verreweg die grootste deel van die blanke bloed gekom het uit die westelike gebiede van die Europese vasteland.[7] Vandag word, benewens die aandeel van verbyvarende matrose, nog steeds 'n aansienlike bydrae deur die Suid-Afrikaanse blankes self gelewer.

Die huidige bydrae van Bantoe, Indiërs en blankes geskied deur geslagsomgang tussen Kleurlinge (veral vroue) enersyds, en hierdie rasse (veral mans) andersyds.[8]

(d)/.....

---

1) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 1;
U.G. No. 54: Die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, par. 2, p. 7.
2) Imperial Blue Books: Affairs of the Cape 1816-1826, p. 13.
3) du Plessis, I.D.: Die Kleurling in die Raamwerk van ons Rasseverhoudings: Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, April 1957, p. 95.
4) Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p.266.
5) du Plessis, I.D.: Die Maleise Samelewing aan die Kaap. Die Huisgenoot, 5.4.35, p. 15.
6) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 1.
7) Colenbrander, H.T.: De Afkomst der Boeren, p. 71.
8) Vgl. Tabel 3,p.53.

4. Die Boesmans.

(a) Voorgeskiedenis.

Daar bestaan geen geskrewe bronne vir die voorgeskiedenis van óf die Boesmans óf enige ander primitiewe ras van Afrika nie. Soos Vedder dit stel, beskyn die lig van die geskiedenis die Suid-Afrikaanse inboorling nog nouliks 300 jaar:

> „Jenseits dieser Grenze herrscht völliges Dunkel .... Diese Völkerschaften leben nur der Gegenwart. Was gestern war, interessiert sie nicht mehr, denn dieser Teil des Lebens ist ja unwiederbringlich tot, und was morgen sein wird, macht ihnen keine Sorgen, denn es ist ja noch nicht zum Heute geworden. Diese Völker haben keine Geschichte, keine alte Überlieferung."

Die geskiedvorser is derhalwe op 'n argeologiese rekonstruksie van die verlede aangewys.

Die Boesmans toon ooreenkoms met uitgestorwe Europese rasse wat in die paleolitiese tydperk daar gelewe het.[2] Argeoloë volg 'n spoor van rotstekeninge en -graveerwerk uit die Dordogne, oor die Pyreneë en Gibraltar en dwarsoor Afrika tot aan sy suidelike eindpunt:

> „That the movement was towards the South is shown by the fact that the drawings become increasingly younger as we proceed in that direction." [3]

Daar word deur alle kenners aanvaar dat die Boesmans die oudste bekende inwoners van die Afrikaanse sub-kontinent was.[4]

> „On the whole therefore the evidence seems to indicate that at a very early time the Bushmen occupied the hunting grounds of tropical East Africa, perhaps even to the confines of Abyssinia. That they are no longer to be found in this region may be ascribed to its extensive invasion by later Hamitic and Negro peoples. Harried by the encroachment of these more powerful races, the Bushmen, where they were not exterminated or absorbed, must gradually have passed Southwards,

keeping/.....

---

1) Vedder, H.: Zur Vorgeschichte der Eingeboren ... von S.W.A. Joernaal van die S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, 1925-26, p. 5.
2) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 12;
Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p.26 et seq.
3) Fourie, L.: The Bushmen of S.W.A.
Secretary for S.W.A.: The Native Tribes of South West Africa, p. 81.
4) Fourie, L.: op. cit., p. 81.
Vedder, H.: op. cit., p. 8.
Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 26.

> keeping along the more open grasslands of the Eastern mountainous zone, where they could still preserve their hunting mode of life, until when the written history of South Africa commences, they were roaming all over the territory South of the Zambesi River .... It is certain judging by what is known of the history of the later invading peoples, that the Bushmen came into the country well over a thousand years ago, but at present no more definite or even approximate date can be assigned to their immigration." 1)

(b) Latere Lotgevalle: Uitroeiïngsoorloë.

Die Boesmans het die Hottentot, Bantoe en blanke as indringer op sy jagvelde, watergate en veldkos beskou en volgens sy aard 'n kryg tot die dood toe aangeknoop.[2] Omdat die Boesman die indringers deur middel van veediefstal geweldige skade berokken het, nooit tot enige terme in die stryd gekom het nie, en vanweë sy uiterste primitiviteit wat blykbaar selfs groot kenners soos Theal laat twyfel het of hul heeltemal as mense beskou behoort te word,[3] het die stryd sonder uitsondering die vorm van uitroeiïngsoorloë aangeneem. Hulle het met die uiterste beslistheid teruggeveg en nooit daaraan gedink om oor te gee nie;

> „but like the lions and leopards whose habits they knew so well, when brought to bay, they did all the harm they could to their opponents, and died breathing defiance." 4)

Hieroor lewer Thunberg op sy reis in 1774 die volgende getuienis:

> „A Boshiesman who is mortally wounded by a ball, is never found either crying or lamenting in any shape whatever." 5)

Alhoewel beide Hottentotte en Bantoe van die Boesman as 'n gevaarlike dier wat uitgeroei behoort te word, gepraat het, was die stryd nog nie oor toe die blanke teen 1652 op die toneel verskyn nie. Weliswaar was hulle toe reeds uit die kusstreke verdrywe, maar die grootste gedeelte van die binneland, van die Limpopo af suidwaarts, is destyds nog uitsluitlik deur Boesmans bewoon/.....

---

1) Schapera, I.S.: op. cit., p. 29.
2) Vedder, H.: Zur Vorgeschichte der Eingeborenen, op. cit. p. 14 et seq.
   Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 26.
3) Theal, G.M.: Chronicles of Cape Commanders, p. 262.
   : Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 76 and 77.
4) Theal, G.M.: op. cit., p. 48.
5) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, Deel II, p. 175.

bewoon.[1]

Met die trek van die blankes „overbergh" aan die begin van die 18de eeu op hulle soektog na weiveld en steeds meer weiveld, het die finale doodsklok vir die Boesman begin lui.

> „... If the little hunters were shot down in their tens and twenties during the first half of the eighteenth century, during the next fifty years they perished in their hundreds. That was the period of maximum extermination and it effectually broke the back of Bushmen resistance." [2]

Dit was in hierdie stryd dat die eintlike stelsel van burgerkommandos ontwikkel het en in die eerste helfte van die 19de eeu was die Boesmangevaar verby.[3]

Vandag word Boesmans slegs nog in Suidwes-Afrika en in die Kalahari in Bechuanaland aangetref. Daar is nog drie groepe wat elk 'n taal van sy eie praat, tewete die /Nu-//ein (of /Nu-san) in die Suide, NGami in die middel en die Kau-Kau in die Noorde. Die Hei-//om in die omgewing van die Etosha-pan is 'n Boesman-Hottentot-mengsel wat 'n Nama-dialek praat.[4]

Hierdie Boesmans vertoon verskillende grade van verbastering, en na gelang van die gebied wat hulle bewoon, vertoon hulle tekens van die bymengsel van óf Bantoe-, óf Hottentotbloed. Die suidelike (/Nu-//ein) Boesmans beliggaam tans die suiwerste raskenmerke.[5]

(c) Toepaslike Etnografiese Besonderhede.

Die eerste kontak wat blankes met die Boesmans gemaak het, was waarskynlik dié van Jan Wintervogel toe hy op sy reis na die binneland ongeveer 50 myl van die Kaap,

> „aldaar gevonden hadde seecker natie van seer cleijne stature, ende arm van leven, heel wilt, sonder eenige huijsjes, vee, ofte ijts ter werelt, gecleet wesende met vellekens als dese Hottentoos, ende mede bijna soo spreeckende." [6]

(i) Fisiese Eienskappe.

Die mees opvallende fisiese kenmerk van die Boesman/.....

---

1) Theal, G.M.: op. cit., p. 48.
2) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 15.
3) ibid., p. 16 et seq.
4) L. Fourie: The Bushmen of South West Africa, op. cit., p.82.
5) L. Fourie: ibid., p. 84.
6) Godée-Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd, Deel I, p. 14;
   Daghregister gehouden by den Oppercoopman, Jan Anthonisz van Riebeeck, 3.4.1655, Deel I, p. 300.

Boesman was sy „cleijne stature". Origens het sy gerimpelde vel, steatopigie en mooi gevormde klein hande en voete indruk gemaak. Die Boesman se oë is slegs skrefies, die neus is plat en die wangbene staan uit.

> „Unwillkürlich fühlte ich mich beim Anblick dieser platten Gesichter dazu veranlaszt, ihnen ein Lineal auf die Jochbeine zu legen in der Überzeugung es werde den Nasenrücken nicht berühren ... Auffallend ist das oft schnauzenvormige Vorspringen des Mundes."[1]

Die kleur van die vel is geelbruin en die peperkorrelhare is skaars en kol-kol oor die kop versprei. „Selbst Achsel und Schamhar fehlt ... fast ganz."[2]

(ii) Lewenswyse.

Die nomadiese lewenswyse van die Boesman is een lang stryd om kos, gekenmerk deur die uiterste primitiviteit. Hy lewe van veldkos en die jag, tree in familie- en jagbendes op en ken geen ander sosiale struktuur of gesag nie. Daar kan selfs nie eens van 'n stam in die eintlike sin van die woord gepraat word nie:

> „The tribe is fundamentally a linquistic group. It has no social solidarity, and is of very little, if any, importance in regulating social life. There appears to be no tribal organisation among the Bushmen, nothing in the nature of a central authority whose decisions are binding on all the members of the tribe, nor is collective action ever taken in the interests of the tribe as a whole. The tribe in fact is merely a loose aggregate of independent hunting bands which have a common language and a name."

(iii) Geesteseienskappe.

Van nog groter belang vir 'n studie oor die gedragsafwykende Kleurlingkind is die geestelike hoedanighede van hierdie primitiewe mense wat een van die primêre boustowwe van die Kleurlingbevolking uitmaak. Die kennis wat die blanke van die Boesman gehad het, was altyd maar uiters gering as gevolg van die feit dat hy steeds gepoog het om kontak met die blankes te vermy en hom nooit tot 'n beskaafde of selfs gevestigde lewe laat tem het nie; maar veral ook omdat sy taal wat merendeels bestaan uit klikklanke (ses verskillende tipes) en diep gutturale geluide, nooit volkome bemeester kon word nie, totdat prof. dr. O.R.A. Köhler dit teen die helfte van die twintigste eeu eers na/......

---

1) Passarge, S.: Die Buschmänner der Kalahari, p. 14.
2) Passarge, S.: op. cit., p. 13.
3) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of South Africa, p. 76.

na bewering reggekry het.[1]

In weerwil van die apologetiese rasionalisasie van die negrofilis [2] is daar nog geen afdoende bewys gelewer dat die intellektuele en ander geestelike potensiaal van die Boesman hom in staat stel om die westerse beskawing te assimileer nie. Of Theal reg is as hy sê dat die verstandsouderdom van die Boesman gelyk staan aan dié van 'n kind tussen 6 en 7 jaar,[3] weet ons nie. Of hy reg is as hy sê, „It can now be asserted in positive language that the Bushmen were incapable of adopting the European civilisation," [4] weet ons ook nie; maar wat ons wel weet, is dat hy 'n historiese feit konstateer as hy sê, „To this day there has not been a single instance of a Bushman of pure blood having permanently adopted the habits of a white man." [5]

Geestelike eienskappe wat vermelding verdien, is die Boesman se absolute onvoorspelbaarheid, sy absolute gebrek aan vermoë om verder as sy onmiddellike behoeftes vooruit te dink en te beplan, en sy onkeerbare nomadiese wanderlust. As hy oor hierdie eienskappe praat, klink daar 'n patetiese weemoed in die stem van die kenner op,

> „Der Buschmann ist das unglückselige Kind des Augenblicks ... Nichts ist wechselnder, unzuverlässiger, unberechenbarer als der Charakter des Buschmannes. Er vereinigt in sich die denkbar gröszten Gegensätze, Tugenden und Laster. Je nach Stimmung und Umgebung ist er der tapferste Held und der kläglichste Feigling, der fleiszigste Arbeiter und trägste Taugenichts, das harmloseste, anschmiegendste, fröhlichste Kind und der grausamste, raffinierteste, gewissenloseste Schurke in einer Person. Heute wirft er sich furchtlos dem reiszenden Tier entgegen um sein Kind zu retten, morgen tötet er es eigenhändig im Anfall von Laune; heute schützt er treu bis in den Tod, Eigentum und Familie seines Herrn um sie vielleicht morgen schon kaltblutig zu ermorden. Hunger und Durst erträgt er wie k in anderer aber niemand übertrifft ihn auch an Gier im Schlingen und Fressen ungeheurer Quantitäten.
>
> „Nur in einem Punkt bleibt er sich treu, in seiner unbändigen Freiheitsliebe in seinem Hasz gegen allen Zwang. Zwar nimmt er keineswegs selten Dienste an z.B. als Hirt, als Knecht auf den Farmen, allein bald überwaltigt ihn die Sehnsucht nach der Freiheit des Lebens in der Steppe, und eines schönen Tages ist er verschwunden.
>
> "Welche Ironie des Schicksals! Gerade dieser eine einzige stabile Zug in seinem Charakter begründet seine

Unfähigkeit/.....

---

1) Die Burger, 21.11.59, p. 11, kol. 3.
2) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 14 et seq.
3) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 11.
4) Theal, G.M.: op. cit., p. 76.
5) Theal, G.M.: op. cit., p. 77.

> Unfähigkeit die Kultur anzunehmen, begründet damit den Untergang seiner Rasse. Das unglückselige Kind des Augenblicks scheitert an der starren Unbeugsamkeit seines Charakters in dem einen Punkt: Freiheitsliebe." [1]

(d) Bydrae tot die Ontstaan van die Kleurling.

Vanweë sy aard, lewenswyse, diewery en die gevolglike uitroeiïngsoorloë was daar min direkte kontak tussen blanke en Boesman. Selfs tussen die Boesman en die ander Suid-Afrikaanse inboorlinge was die aard van die aanraking nie daarop bereken om vermenging te bevorder nie:

> „Die geskiedenis van die Boesmans is inderdaad 'n lydingsgeskiedenis. Wat die saak nog erger maak, is dat hulle vyandige gesindheid teenoor ander rasse hulle self en hulle vyande baie laat ly het. Hulle het alle ander rasse in Suid-Afrika teen hulle in die harnas geja, sodat hulle eventueel g'n vriende gehad het nie, slegs vyande. Deur blankes en nieblankes is hulle mettertyd beskou as woestaards, ja, as roofdiere, wat 'n persoon moes uitroei om sy eie lewe te red."

Die ondersoeker loop dus aktueel gevaar om die bydrae van die Boesman tot die ontstaan van die Kleurlingbevolking te onderskat en J.S. Marais vind dit nodig om 'n versigtige waarskuwing in hierdie rigting te laat hoor,

> „Their contribution, though a minor one, is more important than is generally realised." [3]

Wat op grond van die beskikbare bronne wel met sekerheid gesê kan word, is dat die Boesmans weinig, indien enige, direkte bydrae gelewer het. Maar aan die anderkant kan met eweveel sekerheid gesê word dat die Boesman via die Hottentot 'n baie besliste bydrae gelewer het wat waarskynlik groter is as wat op die oog af blyk. Hierdie indirekte bydrae het langs die volgende weë geskied:

(i) Afstamming.

Dit word allerweë aanvaar dat die Hottentot 'n produk van verbastering tussen die Boesman en 'n Hamitiese ras is/......

---

1) Passarge, S.: Die Buschmänner der Kalahari, pp.2 en 3.
2) Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p.180.
3) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 13.

is.[1] Word nou die merkwaardige ooreenkoms tussen Hottentot en Boesman ten opsigte van liggaamsbou, taal, kultuur en godsdiens[2] in aanmerking geneem, ly dit geen twyfel wie die grootste bydrae tot die wording van die Hottentot gelewer het nie.

(ii) Direkte Verbastering.

Ten spyte van die bittere vyandskap tussen die Boesmans en Hottentotte, het gevalle tog voorgekom waar selfs nuwe stamme ontstaan het as gevolg van direkte verbastering tussen hierdie twee rasse. As voorbeelde hiervan dien onder andere die Obiqua[3] wat saam met die ander Kaapse Hottentotstamme verdwyn het deur in die Kleurlinge op te gaan, en die Hei-//om wat tans nog in die omgewing van die Etosha-panne aangetref word en bemoedigende tekens van aanpassing aan die westerse beskawing toon.[4]

(iii) Inboorling-uitroeiïngsoorloë.

Die oorlogspraktyk het by die Hottentotte onderling uitgeloop op die uitwissing van die mans, maar vroue en kinders is nie doodgemaak nie.[5] Hierdie beleid het die Hottentotte in hul stryd teen die Boesmans ook toegepas en die Boesmanvroue en -kinders is as oorlogsbuit weggevoer, waarna die vroue die bywywe van die Hottentotmans geword, en bloedvermenging op dié wyse geleidelik plaasgevind het. Hierdie bymenging het langs die hele trekpad suidwaarts plaasgevind met 'n duidelik sigbare uitwerking op die voorkoms van die suidelike Hottentotstamme wat soms moeilik van die Boesmans onderskei kon word, en teenoor wie die noordelike Naman as reuse afgesteek het.[6]

> „There never was any intercourse between Bushman males and Bantu or Hottentot females, as these would have looked with horror upon such a degradation." [7]

(iv) Blanke Uitroeiïngsoorloë.

Die blankes het die stryd teen die Boesmans in medewerking met die Hottentotte voortgesit, en dieselfde patroon gevolg: Alhoewel baie vroue en kinders by die verrassingsaanvalle ook omgekom het,[8] is hulle nie doelbewus doodgemaak nie.

Hulle/......

---

1) Vid. par. 5(b), p. 69.
2) Schapera, I.D.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 41.
   Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p.36.
3) Cruse, H.P.: op. cit., pp. 66 en 198.
4) Fourie, L.: The Bushmen of S.W.A.
   Secretary for S.W.A.: The Native Tribes of S.W.A., p. 82.
5) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of South Africa, p.352.
6) U.G. 41-'26: Report of the Rehoboth Commission, par.34,p.8.
   Vgl. par. 5(b)(ii), p. 71.
7) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 48.
8) Passarge, S.: Die Buschmänner der Kalahari, p. 105.

Hulle is as krygsgevangenes teruggebring, onder die burgers verdeel en in diens geplaas waar hulle „zeekere billyken tyd van jaaren na mate van der gevangene ouderdom" moes bly.[1] Die kinders is op die plase grootgemaak en moes in ruil daarvoor waarskynlik tot hul een-en-twintigste jaar vir die boer werk.[2] Volwassenes is gewoonlik vir 'n periode van sewe jaar ingeboek.[3] Gedurende die laaste helfte van die 18de eeu alleen is baie honderde, miskien selfs meer as duisend Boesmans, langs dié weg op plase in diens geneem.

Die koloniste het geen onderskeid tussen die Hottentot- of Boesman-diensbode gemaak nie en die twee groepe het binne die eerste geslag volkome vermeng. Soos Cruse dit stel,

> „... die gevangenes wat onder die burgers uitgedeel is, is opgeneem onder die nie-blankes wat reeds op die plase werksaam was. Hottentotte, slawe en Boesmans het saam moes werk en een geword. Hulle saam is die voorouers van die Kaapse Kleurling, al moet dadelik erken word dat Boesmanbymenging baie geringer was as dié van die ander twee groepe. Dis immers nie waarskynlik dat baie Boesmangevangenes weer hulle wilde lewe sou gaan voortsit het nadat hulle in vryheid gestel is nie. Die kinders onder die gevangenes was meesal wese, en die vroue weduwees, en die families waaraan hulle behoort het, was vernietig, met die gevolg dat hulle nie sou geweet het waarheen om te gaan selfs indien hulle wou ontvlug, of indien hulle wou wegtrek na hulle inboektyd om was."[4]

(v) <u>Geestesaffiniteit.</u>

Op dié wyse het Boesmanbloed via die Hottentotte as Khoisanbloed ons Kleurlingbevolking binnegedring, en waar die Khoisantrekke op die fisiese terrein nie te misken is nie (vgl. huidkleur, haarvorm, gelaatstrekke en liggaamsbou), is daar ook geesteseienskappe wat treffende ooreenkoms vertoon. Teenoor die gebrek aan stamverband, -gesag, en -eenheid by die Boesman wat nooit daarin kon slaag om tot enige kollektiewe aksie ten bate van die groep as geheel te kom nie, maar as lokale bendes voortbestaan het, vind 'n mens die opvallende afwesigheid van leierskap onder die Kleurlinge wat 'n ewe skouspelagtige demonstrasie lewer van onvermoë om tot gesamentlike optrede

geaktiveer/.....

---

1) Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p.193.
2) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, Deel II, p. 159.
3) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 19.
4) Cruse, H.P.: op. cit., p. 197.
Sien ook Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 129.

geaktiveer te word.[1] Teenoor die moment-gebondenheid van die Boesman wat „nie sorg vir die dag van môre nie" is daar by baie Kleurlinge 'n ewe treffende gebrek aan beplanning en voorsiening vir die toekoms. Die vraag kan wel gestel word of hierdie en ander ooreenkomste blote toeval is.

5. Die Hottentotte.

Anders as in die geval van die Boesman, het die Hottentot 'n direkte bydrae tot die ontstaan van die Kleurling gelewer, en hierdie bydrae is só groot dat dit met besondere sorgsaamheid ondersoek moet word.

(a) Benaming.

Die Hottentot noem homself 'n Khoi-Khoib en sy ras die Khoi-Khoin. Aanvanklik is gereken dat dit „mens van die mense" sou beteken,[2] mense par excellence, en bereken is om sy meerderwaardigheid teenoor die Boesman uit te druk. Dr. Vedder[3] verwerp hierdie verklaring en skrywe die dwaling toe aan gebrekkige kennis van die Hottentot-taal:

> „Um in Hottentottischen die Echtheit einer Sache darzutun, verdoppelt man das Hauptwort. Gôas ist ein Messer. Gôas-gôas aber ist ein echtes Messer, nicht ein Steinmesser. Khoi-Khoib ist ein echter Hottentott ohne fremde Blutbeimischung. Dies allein soll mit dem Ausdruck besagt werden. Fragt man also einen Hottentotten: Welchem Volkstum gehörst du an? Bist du ein Kaffer, ein Bastard, oder was? So und nur dann allein gibt er die Antwort: Tita ge Khoi-Khoita = ich bin ein rassenreiner Mann".

Khoi-Khoin beteken dus mense van suiwer bloed, rasegte mense.[4]

Die benaming „Hottentot" lewer interessante leesstof op. Die oorsprong daarvan is onbekend behalwe datdit omstreeks die middel van die 17de eeu nog voor die aankoms van Van Riebeeck deur die Hollanders aan die inboorlinge gegee is, soos blyk uit die feit dat die woord „Ottentoo" voorkom in 'n brief van ene Jan van Teylingen wat op 25 Februarie 1652 in Tafelbaai geskrywe is.[5] Verskeie beskouings oor die moontlike herkoms van die

woord/......

---

1) Vgl. Hf. IX, par. 2, p. 593 et seqq.
2) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 90.
3) Zur Vorgeschichte der Eingeborenen Völkerschaften von S.W.A., Joernaal van die S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, Band I, 1925-26, p. 39.
4) Schulze, Leonard: Aus Namaland und Kalahari, p. 322.
5) Godee-Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandsche Tijd, I, p. 4.

woord word gehuldig. Prof. J. du Plessis wat hom besonder in die saak geinteresseer het, kom tot die gevolgtrekking ,

> „that the name Hottentot was not a term imposed upon the Cape Natives, but a term derived from them; and that the word had some connection with their ceremonial dances... ." [1]

By nadere ondersoek blyk dan ook dat daar in die bestaande beskouings twee rigtings onderskei kan word:

(i) <u>Voorstanders van Uitwendige Toedigting.</u>

Die naam sou volgens hierdie denkrigting van buite af opgelê wees en die mees verskillende teorieë word daarop nagehou: Die oudste is dié van dr. O. Dapper [2] wat die naam toeskryf aan 'n verwording van die sewentiende eeuse Nederduitse „hortentot". Volgens hom het die eienaardige Hottentot-taal vir die Hollanders „op het klokken van kalkoense hanen gelijkt" met die gevolg dat hulle die inboorlinge

> „ten opmerke van deze belemmering en ongehoorde hakkeling van tale den naam van Hottentots gegeven hebben, gelijk dat woord in dien zin gemeenlijk schimpsgewijze tegen iemant die in het uiten zijner woorden hakkelt en stamelt, hier te lande gebruikt wort." [3]

Die klikgeluide sou dus by die vroegste waarnemers hierdie assosiasie opgewek het. Maar dr. H. Vedder [4] wat baie moeite gedoen het om betroubare informasie te verkry, verwerp hierdie sienswyse en herlei die woord tot Nederlandse woordwortels wat „hot" en „haar" beteken en wat dan sou sinspeel op die nomadiese leefwyse van die Hottentotte wat nou hier, en dan daar, was.

(ii) <u>Voorstanders van Inwendige Herleiding.</u>

Ook hierdie mense kom tot die grootste verskeidenheid van gevolgtrekkings, maar almal stem in dié opsig ooreen dat hulle die naam toeskryf aan gebrekkige klanknabootsing van geluide wat hulle by die Hottentotte se maanligdanse gehoor het. Die reisiger Mercklin sê dat die inboorlinge die woord „Hottentot" tydens hulle danse aanhoudend herhaal het.[5] Schapera sluit hom by so 'n sienswyse aan en knoop die klanknabootsing vas aan 'n woord soos houtitou (vergelyk Hottentoo)

wat/.....

---

1) du Plessis, J.: Origin and Meaning of the name "Hottentot". S.A. Journal of Science, XIV (1917) p. 192.
2) Kaffrarie of Lant der Kaffers, anders Hottentots genaemt, V.R.V. 14, p. 1 et seq.
3) Godee-Molsbergen, E.C.: ibid.
4) Zur Vorgeschichte, op. cit. p. 39.
5) Vedder, H.: op. cit., p. 38.

wat in baie van hulle dansliedjies sou voorgekom het.[1] Prof. du Plessis herlei die naam tot heitsi-eibib of hette-hee, een van die vergoddelikte hoofmanne wat baie keer gesterwe en weer opgestaan het.[2]

'n Studie van hierdie benaming bring die volgende feite aan die lig: Die Nederlanders het die Hottentotte hoor sing en nie verstaan wat hulle sê nie. Sekere geluide wat soos „Hottentot" geklink het, is voortdurend herhaal. Dr. Vedder wat 'n deskundige op gebied van die Nama en sy taal is, sê dat hulle by die dansliedjies nie die woord „Hottentot", of iets anders wat daarna klink, sê nie, maar slegs sing „ho-ho-ho" wat 'n ekwivalent is van die bekende la-la-la.

Daar kan dus sonder om veel kwaad te doen, 'n verdere teorie opgebou word, wat afsien van alle vorige spitsvondighede en slegs beweer dat die Hollanders die inboorlinge „ho-ho-ho" hoor sing het. Hulle het nie geweet wat dit beteken nie en was ook nie in staat om tussen die veelheid van geluide uit die Hottentotmond behoorlik te onderskei nie. Die „ho-ho-ho" het in frekwensie oorweeg, gevolglik in die geheue bly steek, en met die natuurlik wisselende klemtoon hó-hŏ-hōō geword. Hierdie geluide word deur die vroeë Hollanders oorgeneem as benaming vir diegene by wie hulle dit so herhaaldelik hoor, en dit ondergaan in die Hollandermond 'n natuurlike evolusie soos deur die sekwensie van spelvariante geboekstaaf word: Óttĕntōō, Hóttĕntōō, Hottentot (Hodmodod).

(b) Voorgeskiedenis.

(i) Ontstaan.

Daar word algemeen aanvaar dat die Hottentotte hul ontstaan gevind het iewers langs die Rooi See in die omgewing van die huidige Somaliland.[3] Die Hottentotte self gee hiervan weinig aanduiding want,

> „Die Hottentotten selbst interessieren sich wenig für ihre Geschichte."

Hulle/.....

1) Schapera, I.S.: Introduction, op. cit. p. iv.
2) du Plessis, J.: Origin and Meaning of the Name Hottentot, op. cit., p. 193.
3) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 84.
Kreft, H.H.G.: The Diary of Hendrik Witbooi: Joernaal van die S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, Band II (1926-27) p. 49.
Vedder, H.: Zur Vorgeschichte, op. cit. p. 45 et seq;
Schapera, I.S.: The Khoisan People of S.A., p. 42 et seq.

Hulle vertel graag stories en legendes,[1]

„Aber es ist darin kaum etwas enthalten was dem Geschichtsforscher Aufschlusz geben könnte über alte Wanderungen und Ereignisse."

Op grond van verskeie argumente word afgelei dat hulle ontstaan het uit 'n vroeë kruising tussen Hamitiese mans en Boesmanvroue:

Dat daar 'n baie sterk Boesman-bymengsel moes gewees het, is duidelik uit die sterk fisiese, kulturele, godsdienstige en linguïstiese ooreenkomste wat Schapera[2] laat sê:

„... the common elements indicated, are on the whole significant enough to warrant the conclusion that the Hottentots are basically of the same racial stock as the Bushmen ... The Hottentots in other words appear to have originally been a Bushman people."

Die verskille wat bestaan, word in weerwil van ander opvattinge, meesal toegeskrywe aan die invloed van Hamitiese bymenging.[3] Gronde hiervoor word gevind in die ontdekking van H. Vedder [4] wat sintaktiese en woordooreenkomste met die Semitieshamitiese taalgroep vasgestel het, en wat die gevolgtrekking maak,

„Sie gehören zu den hämitischen Völkerschaften Nord-Afrikas." [5]

Die taalargument word gerugsteun deur vroeëre argeologiese, etnologiese en ander omstandigheidsgetuienis wat deur H.H.G. Kreft [6] verhaal word met dié woorde,

„The earlier evidence in support of locating the original home of the Hottentots in the north-eastern part of Africa is still as strong as ever: 1. The incidents of the famous Egyptian expedition to Punt depicted on the walls of the temple at Dar-el-Bahuri, reveal that the inhabitants of Punt had the physical characteristics of the Hottentots. 2. The fat-tailed sheep which the Hottentots were found to be in possession of when first encountered by the Europeans, could have been obtained by them only via the north-east of Africa. 3. Specimens of the peculiarly drilled stones which are so well-known in South Africa, have also been found in the north-east of Africa."

Die/......

---

1) Vedder, H.: op. cit., p. 37.
2) Op. cit., p. 42.
3) Vgl. The Cape Argus, 24.8.61, p. 6, kol. 4.
4) Zur Vorgeschichte, op. cit., p. 45 et seq.
5) Vedder, H.: op. cit., p. 47.
6) Op. cit., p. 49.

Die plek wat die vrou in die Hottentot-samelewing inneem, en wat so duidelik weerspieël word in die dagboek van Hendrik Witbooi, het Theal [1] beweeg om te glo dat die Hottentotte die nakomelinge moet wees van gedroste soldate wat hulle in die omgewing van die Rooi See vestig en hulle met die vroue van die inboorlinge vermeng.

> „Women are held in such reverence amongst the Hottentots, and they have such firmly established rights in the Hottentot home, that at some time or other of their existence there must have been a considerable preponderance of males over females in the race, which is the only condition amongst primitive people likely to result in the extending of rights and privileges to the weaker sex." [2]

(ii) <u>Migrasie.</u>

Oor die volksverhuisings van die inboorlingrasse in Suid-Afrika het G.W. Stow in sy „Native Races of South Africa" 'n spesiale studie gemaak en hy word grootliks gelyk gegee deur diegene wat na hom gekom het, soos G.M. Theal, H. Vedder, I.S. Schapera en H.H.G. Kreft.[3] Die outoriteite is dit nagenoeg eens oor die migrasie-roete wat die Hottentotte waarskynlik in hul swerftogte gevolg het. Uit Somaliland moes hulle in voorhistoriese tye vermoedelik onder druk van sterker rasse suidweswaarts beweeg het tot in die gebied van die groot mere, Victoria, Tanganyika en Nyassa, waar hulle met hul kuddes rondswerwe. Hiervandaan moes hulle verder onder druk van waarskynlik Bantoestamme [4] weswaarts beweeg het,

> „with their faces always towards the setting sun, until they came upon the 'great waters' (i.e. the Atlantic) when they turned south, crossing the Kunene and moved slowly onwards down the west coast of the continent." [5]

Voortgedrywe deur die behoefte aan meer en meer weiveld vir hul vee, steek hulle ook die Oranjerivier oor en bereik die uiterste suidpunt wat vandag Kaap die Goeie Hoop is, maar wat hulle //Hui- ≠Keib (plek van die slange) genoem het.[6] Hiervandaan volg hulle die kusgebied ooswaarts en dring deur tot aan die Umtamvuna, die suidelike grens van die huidige Natal waar hulle teen/.....

---

1) Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 84, et seq.
2) Kreft, H.H.G.: The Diary of Hendrik Witbooi, op. cit., p.50.
3) Op. cit.
4) Vedder, H.: The Nama;
   Secretary for S.W.A.: The Native Tribes of S.W.A., p. 112.
5) Schapera, I.S.: op. cit., p. 43.
6) Vedder, H.: The Nama, op. cit., p. 112.

teen die Bantoe stuit. [1]

Aanraking met die Bantoe moes ook geruime tyd intiem voortgeduur het soos blyk uit die oorname van sekere klikklanke en woordwortels in Zulu en Xosa. [2] Op sy ontdekkingsreis in 1752 het Vaandrig Beutler byvoorbeeld met die Bantoe in die huidige Oostelike Provinsie kennis gemaak en by die Gamtoos 'n Hottentotstam, die Gonaquas, aangetref wat met die kaffers saamgewoon het en deur hulle as knegte gebruik is. Hulle dien ook in die oorlogstyd as soldate vir hul Bantoehere, het dieselfde kleredrag en lewenswyse aangeneem, en deur ondertrouery het 'n gemengde groep van omtrent 12,000 ontstaan. [3]

Toe die blanke op die Kaapse toneel verskyn, het hy die Hottentotte dun versprei al langs die kusgebiede aangetref van Walvisbaai in die noorde tot by die Umtamvuna in die ooste.[4] Die koms van die blanke het 'n ingrypende en verwoestende invloed uitgeoefen op die ganse bestaan van die Hottentot as afsonderlike ras. Die noodlottige gevolge van hierdie aanraking is deur sommige Hottentotte besef met die gevolg dat die natuurlike suidwaartse migrasie in die trurat oorgegaan het.[5] Diegene wat as Hottentotte 'n afsonderlike selfstandige bestaan wou voer, [6] het teruggetrek na die noorde en die noordweste. [7] Vanuit 'n rasse-oogpunt gesien, was hierdie oorblyfsels deur verbastering en ontstamming tragies vermink.

(iii) <u>Stamverdeling.</u>

Navorsing het aan die lig gebring dat die Suid-Afrikaanse Hottentotte eintlik in vier groepe ingedeel kan word, tw. die Kaapse Hottentotte, die Oostelike Hottentotte, die Koranna en die Nama. Namate hierdie groepe verder suid- en ooswaarts gewoon het, het fisiese verskille (veral ten opsigte van liggaamsgrootte) as gevolg van Boesmaninteelt voorgekom; en daar was ook sover vandag vasgestel kan word, sekere linguïstiese verskille. Hierdie taalverskille kan vandag nie meer nagespoor

word/.....

---

1) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 89.
2) Schapera, I.S.: op. cit., p.44.
3) Theal, G.M.: Belangrijke Historiese Dokumenten: Reis van den Vaandrig Beutler, p. 53.
4) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 89.
5) Vedder, H.: The Nama, op. cit., p. 114.
6) Kreft, H.H.G.: The Diary of Hendrik Witbooi. S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, II, 1926/27, p. 51.
7) U.G. 41/26: Report of the Rehoboth Commission, par. 34-36.

word nie, aangesien meeste van die stamme uitgesterf het sonder dat hul taal ooit geboekstaaf is. Berlynse sendelinge het egter betreklik onlangs daarin geslaag om die Nama-taal te bemeester, [1] en dr. Vedder het veel moeite gedoen om die werk van dr. C.F. Wuras wat die Koranna-taal op skrif gestel het, op te spoor.[2] Uit vergelykings hiervan ook met onvolledige woordelyste soos dié van Kolbe,[3] kom hy tot die gevolgtrekking dat die oënskynlike verskille

> „nur durch unzulängliche Ortographie voortgetäuscht werden ... Wir können also konstatieren dasz das Volk der Hottentotten ... eine einheitliche Sprache sprach und spricht, in der nur dialektische Verschiedenheiten geringfügiger Art auftreten, die aber ein gegenseitiges Verstehen keineswegs behindern." [4]

Elkeen van die hoofgroepe het bestaan uit talryke stamme. Sodanige stamverdeling is nie net meegebring deur die nomadiese herderslewe nie, maar is daardeur genoodsaak.[5] Die mense moes versprei om genoegsame weiveld vir hulle vee te hê en tog moes die krale ook kompak en sterk genoeg wees om teen vyandelike aanslae staande te bly. Soos Kreft dit stel,

> „They settled in tribes large enough to oppose their enemies successfully and yet small enough to have in the natural vegetation surrounding their settlements sufficient grazing for their flocks. This question of adequate pasture prevented the Hottentots from forming one united nation and in consequence of it, wherever we meet them, we find them split up into numerous tribes ruled by petty chiefs." [6]

'n Verdere rede vir die stamverdeling vind Schapera [7] in die sosiale organisasie van die Hottentotte in grootfamilies of „clans" wat na bewering van 'n gemeenskaplike voorvader, wie se naam hulle gedra het, afkomstig was. Die stamvorming word treffend beskrywe in die vertaling van O.F. Mentzel [8] wat tussen 1734 en 1741 aan die Kaap was:

> „Various families have united under the leadership of a single captain or chief and formed separate villages or kraals in distinct localities ... As soon as

their/.....

---

1) Vedder, H.: The Nama, op cit., p.140.
2) Vedder, H.: Zur Vorgeschichte, op. cit., p. 42.
3) Naaukeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, I, p. 438 et seq.
4) Op. cit., p. 41 en 43.
5) Schapera, I.S.: Introduction, Early Cape Hottentots, V.R.V. 14, p. vii.
6) Kreft, H.H.G.: The Diary of Hendrik Witbooi, op. cit., p.50.
7) Op. cit., p. vii.
8) Description of the Cape of Good Hope, I, V.R.V. 4, p. 37.

> their cattle multiply to such an extent that the available pasture ground is no longer sufficient for all the inhabitants of the village, a division becomes inevitable, and a section migrates to virgin fields and more fruitful soil. If the new settlement is some distance from the old, they select a new chief from among them ..."

Tydens die agtiende eeu het die nuwe kaptein wat so geword het, erkenning van die Kaapse owerheid gekry deurdat hy 'n Spaanse staf met 'n groot brons knop waarop die wapen van die Kompanjie gegraveer was, van die Goewerneur ontvang. [1]

Die Kaapse Hottentotte het uit 'n menigte stamme bestaan waarvan die spelwyse om ortografiese redes so verwar word dat daar nie met sekerheid gesê kan word hoeveel daar was nie. Die bekendes was van wes na oos: [2] Die klein Namaqua aan die suiderkant van die Oranjerivier; die groot en klein Chariguriqua of volgens Vedder [3] eintlik ≠ Karihuriqua, dit wil sê die klein (≠ Kari) stam wat by die see (-hurib) woon, wat eers in die omgewing van St. Helena-baai, maar later in die huidige Piketberg, Clanwilliam en noord van die Olifantsrivier vertoef en uiteindelik die bekende Griekwas geword het; die Kochoquas (of Saldanhas) in die omgewing van Saldanhabaai en Riebeeck-Kasteel onder hul twee kapteins, Oedasoa en Gonnema; en die Kochoqua-verwante, Goringhaikona (of Watermans) onder Harry (Autschumao), die Goringhaiqua (of Kaapmans) onder die Vetkaptein, Gogosoa en die Gorachouqua (of Goraqua, Gorona, Kora en later Koranna van !Khoran, grypendes) bekend as die Tabakdiewe in die omgewing van die Skiereiland; en noordwaarts die Hancumqua in die omgewing van Worcester. Aan die oostekant van die Skiereiland het die Chainouqua gewoon in die omgewing van Botrivier onder hul sterk hoofman, Sousoa, van wie die Hollanders in 1672 Hottentots-Holland gekoop het; die Hessequas aan die Breërivier in die huidige Swellendam; die Gouriqua aan die Gouritzrivier in die omgewing van Mosselbaai; die Attaqua noord van hulle tot naby George; en die Houteniqua in die omgewing van George tot by die Krommerivier.

In/.....

---

1) Ibid.
2) Schapera, I.S.: Introduction, Early Cape Hottentots, V.R.V. 14, p. vii.
Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 46 et seq.
Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p.47 et seq.
Dapper, O.: Kaffrarie, V.R.V. 14, p. 8 et seq.
Kolbe, P.: Naaukeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, I, p. 467 et seq.
Vedder, H.: The Nama, p. 113, et seq.
3) Ibid.

In die loop van die 18de eeu het hierdie Kaapse Hottentotte, behalwe in twee gevalle, hul identiteit geheel en al verloor en van die toneel verdwyn. Die faktore wat tot hul ondergang meegewerk het was die onderlinge oorloë; ruilhandel met die blankes waardeur hulle hul vee en selfstandigheid verloor, in diens van die blankes tree en kultureel disintegreer; die vernietigende uitwerking van die witman se alkohol (arak en brandewyn) op die inboorlinglewe; die drie pokke-epidemies in 1713, 1755 en 1767; maar veral bloedvermenging met blankes en slawe. [1]

Die Oostelike Hottentotte het bestaan uit die Inqua in die huidige Aberdeen, die Damaqua tussen die Gamtoos- en die Swartkopsriviere, en die Gonaquas tussen die Sondags- en Groot Visriviere. [2] Hierdie Hottentotte het net soos hul rasgenote in die res van die Kaapprovinsie heeltemal van die toneel verdwyn, maar hierdie keer was dit die Bantoe, en nie die blanke nie, aan wie hulle deur middel van uitroeiïng en absorbering ten prooi geval het.

Die Koranna of !Kora is die nageslag van die Gorachouqua wat in Van Riebeeck se tyd in die omgewing van die Kaap gewoon het. Op hemelvaartsdag 6 Mei 1660, was die hoofman en 'n aantal volgelinge by die fort en is met

> „coper, cralen, tabacq ende pijpen begiftícht ... ende na de predicatie oock getracteert wordende met eeten ende drincken, mitsgaders de baly, met aracq ende brandewyn ondereen gemenght, midden in 't pleyn van 't fort opengestelt sijnde, met een locjen (bakkie) daerin, soopen dit volck soo droncken ende vol datter de selsaempste cuyren (fratse) van de werelt aengesien wierden, soo met singen, dansen, springen ende meer andre vreemde continantien (gebare), vallende nu den eenen, dan den anderen van dronckenschap onder de voet, welcke dan van die nogh wat schappelijk waren, opgenomen, buyten 't fort gedragen ende aldaar in 't gras te slapen geleyt wierden, behalven den voorss. oversten, die hem redelijck schappelijck hieldt ende sigh niet boven halff-vol en dronck, neffens drie à 4 van sijn outsten, dogh eenige van die schenen haer echter niet te cunnen onthouden mede te danssen, ende de wijven songen ende clapten soo hard in die handen dat men 't wel 150 roeden buyten 't fort hooren conde, sulcx dat sij schenen op haer maniere een heele vredenstriumph ende vreugde te houden." [3]

Net soos met die ander Kaapse stamme sou 'n mens in hierdie woeste dronkmansfees die doodsklok ook van die Gorachouquas gehoor het, as dit nie was dat die stam nog voor die einde van die sewentiende/......

---

1) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 50.
2) Schapera, I.S.: Op. cit., p. 47.
3) Daghregister, op. cit. Deel III, p. 218.

sewentiende eeu die Kaap vir goed verlaat en die binneland ingetrek het nie. Gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu is hulle in die omgewing van die midde-Oranje, en teen die einde van die eeu is hulle oor die Oranjerivier gedwing om toevlug te soek in die omgewing van die aansluiting tussen die Vaal- en Hartsriviere.[1] Campbell vind hulle in 1813 in die omgewing van Kuruman en in Oktober 1834 stig die Berlynse Sending die stasie Bethanië in die suidelike Oranje-Vrystaat waar die Duitse sendelinge, veral Wuras, daarin geslaag het om hulle vir 'n tydlank daar te vestig.[2] Teen die helfte van die negentiende eeu was die Koranna 'n talryke nasie wat meer as 20,000 siele getel het. Hulle was in ongeveer sewentien groepe verdeel van wie Wikar [3] op sy reis in 1779 reeds die Kouringais of Hoogstaanders (van ./Urie, hoogmoedig) en die Housingais, of Spinnekopdraadkraal, langs die Oranjerivier ontmoet het. As gevolg van onderlinge twiste tussen die Koranna op Bethanië het disintegrasie van die stasie begin en is dit mettertyd vir die Bechuana omgebou.

Wat in Van Riebeeck se tyd vir die Gorachouqua vermy is deur die trek na die binneland het in die jare 1850 tot 1870, dit wil sê 200 jaar later, vir hul nageslag werklikheid geword: Binne daardie noodlottige 20 jaar is die stamlewe totaal verbrokkel as gevolg van 'n verlore stryd teen die Basuto en sedertdien het hulle geheel en al van die toneel verdwyn deur inteelt enersyds by die Bantoe en andersyds by die Kleurling.

Die Naman is die laaste groep van die Khoi-Khoin en is ook die besbekende deel. Jan van Riebeeck het vir die eerste keer van hulle verneem deur Eva en Herrie op 31 Oktober 1657 en toe weer deur Sousoa, die Chainounqua-kaptein, op 16 Desember 1660,[5] maar hulle is eers op 19 Februarie 1661 deur die Hollanders ontmoet tydens die ekspedisie van Cruythoff. Hierdie ontmoeting vind wes van die Olifantsrivier plaas terwyl hulle op die oorlogspad teen Oedasoa was.[6]

Hulle word dikwels die Namaqua genoem en die eertydse Hollanders het onderskei tussen die Klein Namaqua, suid van die Oranjerivier, en die Groot Namaqua aan die noordekant. In die

laaste/.....

---

1) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 47.
2) Bester, F.A.: 'n Kritis-historiese Studie oor die Naturelle- en Kleurlingonderwys in die O.V.S., p. 24 et seq.
3) Mossop: Wikar se Joernaal, V.R.V., XV.
4) Schapera, I.S.: op. cit., p. 47.
5) Daghregister, op.cit., II, p. 185-189, en III, p. 309-311.
6) Daghregister, op.cit., III, p. 485-488.

laaste helfte van die vorige eeu het die Groot Namaqua bestaan uit 8 oorspronklike stamme, tewete die Gaminus of Bonderswarts (2,000), die Habobes of Velskoendraers (1,800), die Kharo-oas, of Tseib se stam (300), die Karagei-Khois of Fransmanstam (800), die Geikous of Rooi Nasie (2,500), die Khau-goas, of Swartboois (1,000), die Aunin-Gomen, of Topnaars (750); en die Khogein of Groot Dooies (800) met 'n beraamde totaal van sowat 10,000 siele. Hierby het gekom die Orlams-stamme (vergelyk oorlams) wat meesal Klein Namaqua was en 'n aansienlike hoeveelheid blanke bloed in hul are gehad het, maar wat onder druk van die blanke uitbreiding na die noorde, na die Oranjerivier teruggeval, en dit oorgesteek het om tussen die Groot Namaqua te gaan woon. Van hierdie Orlams-mense was die Afrikaner- of Eicha-ais-Hottentotte (800) en die Witboois- of Kowesis-Hottentotte (2,500) die bekendste; maar daar was verder ook die Boois- of Amas-mense (2,500) die Berseba- of Geikhauas-mense (700), en die Amraal- of Khauasmense (600) wat 'n verdere 7,000 by die totaal gevoeg het.[1)]

(c) Toepaslike Etnografiese Besonderhede.

Die kenner van die hedendaagse Kleurling en die gedragseienaardighede wat hulle onder die mense en hul afwykende jeugdiges voordoen, vind sekere toepaslike etnografiese besonderhede buitengewoon insiggewend. Gedagtig aan die feit dat die Hottentotte in toto in die Kleurlingbevolking opgegaan het, werp 'n studie van hierdie etnografiese eienskappe 'n sterk verklarende lig op 'n veelheid van gedragsverskynsels wat andersins raaiselagtig en onverklaarbaar sou gewees het. Terwyl hierdie eienaardighede verhaal word, sal die een wat die Kleurling ken, nie kan help om die treffende ooreenkoms in menige opsig raak te sien nie. Inderwaarheid kan veel daarvan selfs ongekwalifiseerd nog steeds van die Kleurling self gesê word; en veel daarvan bied teen die agtergrond van die moderne maatskappy, vrugbare teelaarde vir verwaarlosing, veragtering en uiteindelik gedragsafwyking:

(i) Somatiese Eienaardighede.

Die voorkoms van die Hottentotte toon sterk ooreenkoms met dié van die Boesmans. Die huidkleur is 'n ligte geelbruin, ligter as dié van die Boesman, en inderwaarheid so lig dat 'n bevooroordeelde reisiger die volgende kwytraak:

> „In whiteness of soul they are superior to many of our countrymen, and in whiteness of body they are equal/.....

---

1) U.G. 41-'26: Report of the Rehoboth Commission, p. 11.

> equal to some, and, in my judgment, would perhaps be so to all, if they cared for cleanliness." 1)

Die liggaamslengte varieer tussen 1·50 en 1·65 meter en is dus langer as dié van die Boesman, maar korter as die gemiddelde Wes-Europese blanke. 2)

Die mees opvallende eienskappe van die gesig is die hoë wangbene en die skerp ken wat aan die gesig sy kenmerkende driehoeksvorm verleen, die smal voorkop en plat neus met wye vleuels, die skrefie-oë met sterk ontwikkelde bo-lede, uitstaande kakebene (prognathisme),

> „daerby meest alle de lippen dik, inzonderheit de bovenste die op en uitstekend staat." 3)

Die hare is swart, wollerig en kroes soos peperkorrels. Die oë is altyd swart-bruin en die wit van die oë vuil-geel. Die res van die liggaam is skraal bedeel met hare. Hierteenoor is die hande en voete besonder mooi gevorm en is inderdaad

> „of exceeding daintiness, and this daintiness is surpassed only by the Bushmen. Europeans certainly do not rival them." 4)

Steatopigie by die vroue is 'n opvallende verskynsel wat die verbasing van menige Europese waarnemer uitgelok het:

> „The projection of the posterior part of the body, in one subject, measured five inches and a half from a line touching the spine. This protuberance consisted of fat, and, when the woman walked, had the most ridiculous appearance imaginable, every step being accompanied with a quivering and tremulous motion as if two masses of jelly were attached behind." 5)

> „Byna hen allen is de buik dun en rang, met uitstekende billen, ter oorzake het lichaem, van gewaet ontbloot of in 't los gewaet gekleet, niet in evenwicht op pranginge gehouden word." 6)

Dit vermeerder met die loop van die jare:

> „She appears bent in the spine from the immense rotundity of a certain quarter, which after childbearing becomes stupendous." 7)

Vir/.....

---

1) Grevenbroek, J.G.: An elegant and accurate Account of the ... Hottentots, V.R.V. 14, p. 175.
2) Vedder, H.: The Nama. Native Tribes of S.W.A., p. 109.
3) Dapper, O.: Kaffrarie, ens. V.R.V. 14, p. 42.
4) Vedder, H.: op. cit., p. 110.
5) Barrow, J.: Travels in South Africa, Vol. I, p. 281.
6) Dapper, O.: op. cit., p. 44.
7) Wilson, R.: Description of the Cape Colony, V.C. 58, p.26.

Vir die Hottentot self is steatopogie 'n aanbeveling vir vroulike skoonheid,

> „Not all women have this accretion of fat which to the Nama is the ideal of beauty; but it is estimated that about 10 per cent of the Nama women attain to this ideal." [1]

Alhoewel die jong Hottentot 'n redelik gladde vel het, ontwikkel hy baie vroeg in die lewe diep plooie en rimpels sodat dit lyk asof die vel loshang. [2] Die Hottentot-voorskoot by vroue is 'n natuurlike fisiologiese eienskap waarop Dapper [3] sinspeel as hy sê,

> „Het schijnt als of haer de voeringe los is, alzoo haer op zommige plaetsen wat uithangt",

en wat Schapera dan in sy voetnota verder verduidelik:

> „This very discreetly worded sentence refers to the well-established fact that among Hottentot-women the labia minora are sometimes considerably elongated, and may project as much as 60 m.m. beyond the rima pudendi." [4]

Die borste van die getroude vrou hang ongelooflik laag en wel tot so 'n mate dat sy die kind wat sy abba, oor die skouer kan soog.[5]

(ii) Regeringstelsel.

Die Hottentotte was 'n nomadiese herdersvolk wat van veldkos, die jag en die opbrengs van hul kuddes, veral dikmelk, gelewe het. Hul vee het hulle alleen by wyse van hoë uitsondering en dan met feesgeleenthede, soos by 'n huwelik, geslag. As gevolg van die nomadiese leefwyse was die stamorganisasie baie los en is nuwe stamme voortdurend gevorm,[6] wat eintlik meer grootfamilies (clans) as stamme was. Alhoewel die sentrale of moederstam 'n oorerflike hoofman gehad het, het hy oor min gesag buite sy onmiddellike gemeenskap beskik. Die clan was die sterkste eenheid in die sosiale organisasie. [7] Die begrip van 'n algemeen-bindende regeringstelsel of sentrale leierskap was vir die Hottentot, net soos vir die Boesman,

totaal/.....

---

1) Vedder, H.: ibid.
2) Schapera, I.S.: op. cit., p. 60.
3) Op. cit., p. 44.
4) Ibid.
5) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, I, p. 309.
   Dapper, O.: op. cit., p. 44.
6) Vid. par. (b) (iii), p. 72.
7) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 223 et seq.

totaal onbekend. Die uitstaande kenmerk van sy regering- en regstelsel was dat dit min of meer in die hande van die oueêr manne gesetel het met min besondere seggenskap vir die hoofman. Sonder oorleg met die massa op 'n massavergadering en sonder die besluit van die raadgewers, is die instruksies van die hoofman sonder veel krag. Binne hierdie demokratiese raamwerk regeer die hoofman soos 'n patriarg. Gedurende 'n oorlog verander die omstandighede radikaal en word die hoofman 'n diktator. Die raadgewers word op 'n algemene vergadering verkies en hulle ageer ook as regters. Met die koms van die blanke het die Hottentot sy vertoue in die regverdigheid van sy eie regters verloor, en sy hele stelsel het gedisintegreer.[1]

Die verskillende stamme was dikwels in hewige onderlinge stryd met mekaar gewikkel. Die vendetta-stelsel was in swang en die stryd het gewoonlik gegaan oor diefstal, oortreding op weivelde en ontvoerde vroue.[2]

Anders as die Boesmans, het Hottentotte in vervoerbare hutte gewoon wat bestaan het uit pale wat 'n sirkel- en koepelvormige raamwerk gevorm het en met biesiematte bedek was. Die meublement was kleipotte, gebreide velle, volstruiseierdoppe en houtmelkkanne. Die wapens was die assegaai, pyl en boog en kierie.

(iii) Godsdiens.

Net soos alle primitiewe volkere was die Hottentotte baie bygelowig, maar eintlike godsdienstige begrippe was baie swak ontwikkel. Die Hottentot se begrip van bonatuurlike wesens was vasgeknoop aan opperhoofde wat eens op 'n tyd geleef het en te sterwe kom, maar weer opstaan. Daar was Tsui-//Goab (van tsui, seer en //Goab, knie) 'n groot en magtige opperhoof uit wie die Khoi-Khoin hul oorsprong het. Hy het 'n kwaadaardige hoofman, //Gaunab, verslaan nadat dié sy knie beseer het. //Gaunab het weer opgestaan en is die bron van alle kwaad en veroorsaak die dood. Sommige sendelinge vertaal God met Tsui-//Goab en die duiwel met //Gaunab. Verder glo die Hottentot in Heitsi-Eibib (van heisi, vertel, sê of boodskap gee en eibe, vooraf dit wil sê waarsêer) wat herhaaldelik gesterwe en weer opgestaan het en wie se grafte oral langs die paaie is. Daarop gooi elkeen wat verbygaan, 'n klip, 'n takkie of sebramis as eerbewys. In die Kaapprovinsie en Suidwes-Afrika is talle sulke klipstapels waaruit wavragte klippe weggery kan word.

Waar/.....

---

1) Vedder, H.: op. cit., p. 142.
2) Schapera, I.S.: op. cit., p. 345.

Waar daar verhewendheid gekoppel word aan die figuur van Tsui-//Goab, is dit nie so met Heitsi-Eibib nie. Hy is wesentlik 'n karnallie, 'n vabond wat baie streke het en selfs bloedskande met sy moeder gepleeg het.[1] Hy kon in verskillende gedaantes verander en selfs deur berge vlug as hy agtervolg word.[2]

In die Hottentot-mitologie speel die maan 'n groot rol, en hulle verwag dieselfde dinge van die maan as dié waarvoor hulle Tsui-//Goab bid. Met vol- en nuwe maan word nagte deur gedans en stuur hulle gebede op na die maan. Dr. Vedder [3] wys daarop dat die gebede verdwyn, maar die danse gebly het.

> „The majority of the Nama have become Christians, taking pride in being called Christians, more or less. Heathenism has been cast into oblivion to such an extent that the investigator can hardly expect any results from his researches even among the old heathens still left in out of the way places." [4]

Oor die lewe na die dood het die Hottentot geen vaste opvattings nie.

> „It seems safe to say in the light of available information that the Hottentots have no definite conception of an after-world or special land of the dead, nor is there any established theory of re-incarnation ... They believe that the soul of a dead person goes with him into the grave from which it has the faculty of emerging at will as a ghost in either luminous or terrifying form." [5]

As die Hottentotte by die graf van 'n ontslapene verbygaan, gooi hulle 'n klip of takkie daarop.

> „This is a sign of honour to the deceased and is strictly observed where there are graves of the ancestors of the Hottentots."

(iv) <u>Die Plek van die Vrou.</u>

Die vrou neem 'n waardige plek in die huishouding in en alhoewel veelwywery nie verbode was nie, het 'n man selde meer as twee vroue gehad. Hy behandel sy vrou met agting:

> „Die Frau gilt in allen häuslichen Angelegenheiten als die Herrin der Hütte; sie hat dementsprechend

das/.....

---

1) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 376 et seq.
2) Vedder, H.: The Nama, op. cit., p. 130 et seq.
3) Op. cit., p. 133.
4) Vedder, H.: ibid.
5) Schapera, I.S.: op. cit., p. 366.
6) Schapera, I.S.: op. cit., p. 373.

> „das Recht dem Mann unter Umständen den Eintritt zu verwehren. Sie hat die Verwaltung der Vorräte unter sich, der Mann bittet um Milch und sie gibt ihm",

maar natuurlik,

> „Die geachtete Stellung des Weibes in der Ehe schlieszt gelegentliche Zwistigkeiten, in den der Mann von seiner physichen Überlegenheit ausgiebig Gebrauch macht, nicht aus."

Die agting wat die Hottentot vir die vrou koester, is 'n saak van piëteit wat met 'n swaar emosie belaai is. Dit blyk duidelik uit die wilde woede wat gewek word as 'n vloekwoord die moeder of suster raak:

> „Am schwersten sind die Flüche die auszer dem Schamgefühl auch die Pietät verletzten, indem sie mit dem Beschimften selbst gleichzeitig dessen Mutter oder dessen Schwester treffen: ⁄ hai ≠nūi-sōats (Du Sohn der Scham ekelhaft wie die Milch-Kalabas-Schmutzkruste). Der Fluch Sa ⁄ gasa xaë(Treib Schande mit Deiner Schwester) kan selbst den stumpfsten Hottentotten zur Wut stacheln." 2)

(v) <u>Seksuele Lewe en Soregus.</u>

Kenners beweer dat die Hottentotte in hul oorspronklike stamverband seksuele oortredings in 'n baie ernstige lig beskou, en liggaamstraf daarvoor toegepas het; maar later het seksuele verhoudings uiters los geword. Voorhuwelikse geslagsverkeer is algemeen en begin reeds in die vroeë kinderjare:

> „Bei der sinnlichen Frühreife des Volkes ist es nicht zu verwunderen dasz Knaben oft schon Geschlechtsverkehr haben, ehe sie den Kinderspielen entwachsen sind,"

en hierdie geslagverkeer geskied dikwels ten aanskoue van die ouers wat dit oogluikend laat verbygaan. Ewe-eens is homoseksualiteit volgens sommige kenners 'n algemene verskynsel net soos masturbasie:

> „Solitary masturbation (gui-guisen, to make oneself stiff) is also found; and ... it is so frequent among girls as almost to deserve the name of a national custom. No special secret is made of it ... and the people even speak of it in tales and legends as if it were quite an ordinary occurrence," 4)

en/.....

---

1) Schultze, Leonard: Aus Namaland und Kalahari, p. 299.
2) Schultze, Leonard: op. cit., p. 320.
3) Schultze, Leonard: op. cit., p. 309.
4) Schapera, I.S.: op. cit., p. 243.

en alhoewel sommige die bestaan van die Hottentot-voorskoot hieraan wil toeskrywe, is daar geen bewys voor nie.

Só los het die seksuele lewe geword dat Schultze [1] moes sê,

> „Heute stöszt man sich ... selbst an den freiesten Geschlechtsverkehr nich mehr ... Die Moral unter Verheirateten ist nich besser."

Seksuele wanpraktyke hang nou saam met 'n gebruik onder die Hottentotte wat soregus of ook gamus genoem is en wat Schapera [2] doeltreffend beskrywe as 'n praktyk

> „whereby two individuals either of the same or of opposite sex, will enter into a specially intimate bond of association ... with each other. This is initiated by one of the parties drinking from a bowl of water (or now-adays often coffee), and then handing the rest of the liquid to the other to drink with the words: sore-//gamsa ure, take the sore-water, or sore-//gamsa are, drink the sore-water. As a rule the relationship thus entered upon primarily implies deep friendship and mutual assistance, especially in economic matters. But ... it is also used as a means of establishing a homosexual relationship, especially by boys, who jealously watch over each other."

Maar dit gaan verder.

> „Das ... Soreverhältnis bedeutet ... eine verschwiegene Übereinkunft zu intimen Verkehr auszerhalb der Ehe."

Dit leen homself tot 'n uitruilstelsel van vroue, en aan die hand van Wikar se ondervindinge verloop dit so:

> „A married man will come at night into the hut of another, and lie down next to the latter's wife; whereupon the husband gets up to make room for him, and goes to sleep in another part of the hut. The following night the process is reversed";

„maar", voeg Wikar dan ondeund daarby,

> „is de vrouw van diegeene die't spel eerste begonnen heeft leelijk, dan wil't tog niet braaf lukken met deeze handel." 4)

(vi) Opmerksaamheid en Satire/.....

---

1) Op. cit., p. 319.
2) Op. cit., p. 243.
3) Schultze, Leonard: ibid.
4) Schapera, I.S.: op. cit., p. 253.

(vi) Opmerksaamheid en Satire.

Die Hottentot het homself onderskei deur opmerksaamheid:

„He knows how to use his senses and he is able to translate for his use with great rapidity of thought, whatever his eye, ear and sense of smell have communicated to him." 1)

„In all things that the eye can see and the hand can handle, they are quick and retentive; having once seen an ox, a goat or a horse, they will pick it out of a thousand ..." 2)

Hierdie opmerksaamheid paar die Hottentot aan 'n besondere sin vir satire wat in die gee van byname aan meerderes en gelykes treffende uiting vind. 'n Growwe, maar sprekende voorbeeld verhaal Schultze as hy sê,

„*//kxa-nsab hiesz ein Junge mit vorgestrecktem Bauch (von *//kxan, sich den Stuhlgang verkneifen)"!

(vii) Gasvryheid en Vrygewigheid.

Suinigheid en inhaligheid is ondeugde wat by die vroeë Hottentotte totaal onbekend was.[4] Alle bronne getuig eenparig oor die spontane gasvryheid en vrygewigheid van hierdie mense. Dit is ten opsigte van hierdie karaktereienskap dat die Khoi-Khoin die individualistiese westerling ver oortref het. Dit het Europese waarnemers telkens diep geroer en getuienisse soos dié kom herhaaldelik voor:

„A Hottentot would share his last morsel with his companions." 5)

„In milt en trouheit tegen hun naesten, schijnen zy de Neërlanders te beschaemen, en ten aenziene als d' een wat heeft, dat den ander gewillighlijk zal mede delen: ja, al waert noch zoo klein, zoo trachten zy altyts met elkandre broederlijk te parten en te delen..." 6)

„All the food obtained is generally shared in common. If game is brought home, the whole camp gathers about the hut of the possessor till all the meat is consumed, and so too, with everything else. Even today, in South-West Africa, if a Nama has anything to eat, e.g. a piece of meat or bread, he is bound by old custom to share it with anyone coming up to him. Failure to do so, would expose him to the greatest

contempt/.....

---

1) Vedder, H.: The Nama, op. cit., p. 253.
2) Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 274.
3) Aus Namaland und Kalahari, p. 307.
4) Schapera, I.S.: op. cit., p. 320.
5) Barrow, John: Travels in South Africa, I, p. 151.
6) Dapper, O.: Kaffrarie, op. cit., p. 46.

„contempt. The communal meal ... is one of the outstanding features in the ceremonial life of the people; while in ordinary life their hospitality is so generous and far-reaching that their economic system has in consequence been termed by several writers as a sort of communism." 1)

„Bei aller Strenge in der Wahrung seines Eigentumsrechts, liegt dem Hottentotten doch Geiz fern. Er teilt nicht nur mit seinesgleichen sein Letztes, er ist auch (und war es vor allem, wie alle älteren Berichte bezeugen) vor hervorragender Gastlichkeit dem durchreisenden Fremden gegenüber. Es wäre überflüssig hier noch einmal zu beweisen, dasz diese Gastlichkeit nicht lediglich in kluger Berechnung auf einen Vorteil gewährt wurde, sondern einen tief eingewurzelten Zug von Brüderlichkeit entspricht." 2)

Daar kan dus met redelike veiligheid aangeneem word dat hierdie eienskap nie alleen deur die leefwyse, sedes en gewoontes van die Hottentotte meegebring is nie, maar dat dit 'n uitvloeisel van sy temperament was wat ook in ander karaktereienskappe tot openbaring kom.

(viii) Gemoedelikheid en Oppervlakkigheid.

'n Besondere kenmerk van die Hottentot se geestesamestelling was sy gemoedelikheid. Hy handel volgens die diktaat van sy stemminge:

„The Nama is above all an emotional being. It is not difficult to rouse him to transports of joy and he who is able to rouse his joyous instincts has won his heart. In this state the Nama is willing, kind and hospitable; he will share his last crumb with his visitor and reveals that he is indeed capable of noble sentiments ... On the other hand when under the influence of disagreeable passions, the Nama presents an altogether different and almost unrecognisable aspect. He is then sulky, unapproachable, impudent, faithless, unmerciful and cruel." 3)

Die gevolg van sy gemoedsdiktatuur is dat die Hottentot uiters oppervlakkig van aard is en hierdie oppervlakkigheid dek die hele linie van sy geesteslewe, van sy godsdiens tot sy nasionalisme. Op godsdienstige gebied het 'n ou Berlynse sendeling hulle vergelyk met die vlakgrond in die saaier-gelykenis:

„Das Ackerfeld der Korannaherzen war in der Tat steiniges Land, hier und da etwas Erde über die Steinen die das Korn bald in grünen Halmen aufgehen liesz, aber nur dazu, dasz es bald verdorre, weil es nicht in der

Tiefe/.....

---

1) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 239.
2) Schultze, Leonard: Aus Namaland und Kalahari, p. 318.
3) Vedder, H.: The Nama, op. cit., p. 111.

Tiefe Wurzel fassen konnte." [1]

Hierdie oppervlakkigheid bring gebrek aan wilskrag en prinsipiële denke en optrede met gevolglike gebrek aan betroubaarheid mee:

> „Will power, which gives character its type and reliability is but slightly developed in any of them. Principles count for little and a Nama will never fall back on a principle to explain his actions. It may be taken as an axiom that when the Nama acts under the influence of his agreeable instincts, the good qualities of his nature become evident in a surprisingly beautiful manner; but when he acts on his disagreeable impulses he can no longer be trusted and is capable of quite unsuspectedly evil actions." [2]

Hierby sluit die Morawiese sendingsuperintendent, eerw. H.P. Hallbeck aan as hy die belangrikste swakheid van die Hottentotkarakter omskrywe as

> „want of energy of mind by which every good impression, every laudable resolution, is but too soon effaced and forgotten, and he is rendered unable to go through undertakings which require steadiness, perseverance and independence of character." [3]

(ix) Gebrek aan Nasionale Trots.

Die beginsellose impulsiwiteit van die Hottentot het ook meegewerk om sy ondergang as volk en ras te bewerkstellig. Daar was by hom geen rassetrots of nasionale simbole nie. Hy gee baie gou voorkeur aan die vreemde taal van die blanke bo sy eie. Rassesuiwerheid tel hoegenaamd nie en hy verbaster na alle kante toe met Boesman, blank en Bantoe. Omdat daar geen diepgesetelde beginsels is nie, is daar ook geen leiers nodig om hulle te vertolk nie en het hy gevolglik geen leiers op nasionale grondslag nie, en daarom ook eintlik gesproke, geen volk nie. Dit wat spesifiek syne was, het hy nie met beginsels en wilskrag beskerm nie, maar goedskiks prysgegee vir die lensiesop van sy gemoedsdiktatuur:

> „He is a great teller of tales and listens to tales with great attention, but for the past history of his people he has little interest, preferring a foreign language to his mother tongue." [4]

(x) Verdowingsmiddels,/.....

---

1) Wangeman, Dr.: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft in Süd-Afrika, II, p. 21.
2) Vedder, H.: op. cit., p. 112.
3) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 9.
4) Vedder, H.: ibid.

(x) Verdowingsmiddels, Luiheid en Gebrek aan Spaarsin.

Maar ook in sy alledaagse lewe word hy die slagoffer van die moment. Die Hottentot, net soos die Boesman, was die mens van die oomblik.

> „They are awake to a present interest ... but are deficient in forethought, seldom requiring to be preached to from the text, 'take no thought for the morrow' ... What might serve for to-morrow's food, is eaten up to-day, and if a stranger comes to partake of the family meal, he not improbably gets for his share the greatest part of to-day's and to-morrow's food also." [1]

Die luste van die oomblik het die deurslag gegee. Schulze praat van die Hottentot as iemand

> „der nur Eintags-Freuden und -Sorgen kennt, der Fürsorge weder für die Kinder nach seinem Tode noch für die eigene Zeit des Alters oder Not bedenkt." [2]

Daarom word hy die prooi van verdowingsmiddels, eers dagga en heuningbier, [3] maar later ook tabak en veral die alkoholiese drank van die witman; daarom het hy nooit geleer om te spaar nie; en daarom ook het luiheid een van sy mees opvallende eienskappe geword [4] waarvan Beutler moes sê dat dit „sodanig is dat se liever van honger willen vergaan als te werken." [5]

(xi) Aanpasbaarheid en Geluk.

Maar omdat hy die gemoedsmens van die oomblik is vir wie die dag van môre nie skeel nie, is die Hottentot 'n gelukkige mens. Hy hou daarvan om so min as moontlik te doen, en soveel as moontlik daarvoor te kry. Hy pronk graag met swierige klere en slaag daar uitstekend in om hom by veranderde omstandighede aan te pas.[6] Hy verknies hom oor geen ideale en koester geen ambisies wat verder strek as die huidige oomblik nie. Hulle is lighartige mense en blymoedig, „ein hübsches Völkchen/......

---

1) Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 274.
2) Aus Namaland und Kalahari, p. 548.
3) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 98.
4) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 8.; Barrow, J.: op. cit., I, 100-102.
5) Theal, G.M.: Belangrijke Historiese Dokumenten, I, p. 35.
6) Vedder, H.: op. cit., p. 125.

Völkchen," [1] en „probably ... among the happiest people in existence." [2]

(d) Bydrae tot die Ontstaan van die Kleurling.

Dit is voorasnog onmoontlik om 'n juiste metriese analise the maak van die bydrae wat elk van die primêre bestanddele tot die ontstaan van die Kleurling gelewer het, en dit is twyfelagtig of so 'n analise ooit gemaak sal kan word as gevolg van gebrek aan gegewens. Wanneer Cruse praat oor die vraagstuk van die relatiewe bydraes van die verskillende komponente, stel hy wel 'n ander moontlikheid:

> „Dis egter moontlik dat fisioloë met behulp van bloedtoetse lig sal kan werp op die wyse waarop die Kleurlingbevolking saamgestel is; of beter gesê, op die omvang van die bloedsbymenging afkomstig uit die verskillende groepe soos Hottentotte, Boesmans, slawe en Europeane." [3]

Hy kwalifiseer dit self deur onmiddellik te laat volg, „'n Reuse taak sal dit stellig wees." [4] Bygevoeg mag word dat dit stellig ook 'n onpraktiese onderneming sal wees vanweë die aksentverskille in die legio verbasteringsnuanses van Kleurling tot Kleurling.

Op meer algemene gronde is dit nietemin duidelik dat die grootste enkele etniese bydrae gekom het van die kant van die Hottentotte, kwantitatief, sowel as kwalitatief.

(i) Numeriese Bydrae.

Meegaande Tabel 4 toon die styging van die bevolkingsyfer vir die verskillende rasse aan die Kaap in die tydperk 1806 tot 1827. Hierdie statistieke is saamgestel uit dokumente wat deur Theal gepubliseer is in sy „Records of the Cape Colony", en is duidelik baie onbetroubaar. Die eerste wetenskaplike sensusopname het eers in 1865 plaasgevind en die syfers van die tabel kan dus slegs by benadering geld. Daaruit blyk dat in 1824 die slawe (31,744) vrye swartes (2,892) en prize negroes (1,446) gesamentlik 'n totaal van 36,082 uitmaak, terwyl die Hottentotte as 31,149 aangegee word. Daar kan met 'n redelike mate van veiligheid aangeneem word dat die getal van die Hottentotte erg onderskat is. Hulle was moeilik om te tel omdat aansienlike getalle óf nie permanent by die blankes gewoon het

nie/......

---

1) Wangemann, Dr.: ibid.
2) Theal, G.M.: op. cit., p. 123.
3) Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p. 12.
4) Ibid.

## TABEL 4: DIE KAAPSE BEVOLKING IN DIE JARE 1806-1827.

| JAAR | BLANKES (CHRISTENE) | | | | | | SLAWE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | Seuns | Vroue | Dogters | Knegte | Totaal | Mans | Seuns | Vroue | Dogters | Totaal |
| 1806 | 7,026 | 6,639 | 5,126 | 7,568 | 209 | 26,568 | 15,513 | 3,833 | 7,118 | 3,397 | 29,861 |
| 1807 | 6,929 | 6,569 | 4,764 | 7,226 | 126 | 25,614 | 15,194 | 3,796 | 7,047 | 3,266 | 29,303 |
| 1808 | 9,472 | 5,292 | 7,239 | 5,574 | 7 | 27,584 | 17,186 | 2,039 | 8,516 | 1,828 | 29,569 |
| 1809 | 9,371 | 6,044 | 7,009 | 6,348 | 8 | 28,780 | 16,718 | 1,960 | 8,565 | 1,773 | 29,016 |
| 1810 | 10,207 | 6,330 | 7,980 | 6,668 | 9 | 31,194 | 16,746 | 2,127 | 8,615 | 1,906 | 29,394 |
| 1811 | 10,888 | 7,218 | 8,582 | 7,552 | 43 | 34,283 | 16,992 | 2,626 | 9,021 | 2,293 | 30,932 |
| 1812 | 10,334 | 6,648 | 8,440 | 7,177 | 108 | 32,707 | 16,051 | 2,753 | 8,552 | 2,551 | 29,907 |
| 1813 | 10,608 | 6,995 | 8,682 | 7,472 | 111 | 33,868 | 16,152 | 3,086 | 8,279 | 2,802 | 30,319 |
| 1814 | 10,867 | 7,061 | 9,029 | 7,785 | 91 | 34,833 | 16,553 | 3,177 | 8,042 | 3,302 | 31,074 |
| 1815 | 11,369 | 7,642 | 9,686 | 8,497 | 70 | 37,264 | 15,101 | 3,186 | 8,162 | 3,158 | 29,607 |
| 1816 | 10,164 | 9,319 | 9,943 | 8,473 | 95 | 37,994 | 15,107 | 3,507 | 8,212 | 3,369 | 30,195 |
| 1817 | 10,619 | 9,958 | 8,064 | 10,820 | 173 | 39,634 | 14,470 | 5,011 | 7,711 | 4,854 | 32,046 |
| 1818 | 11,302 | 10,265 | 8,532 | 11,088 | 214 | 41,392 | 14,344 | 5,184 | 7,607 | 4,899 | 32,034 |
| 1819 | 11,431 | 10,481 | 8,674 | 11,497 | 134 | 42,217 | 13,925 | 5,263 | 7,628 | 4,880 | 31,696 |
| 1820 | 11,797 | 10,673 | 8,635 | 11,870 | 142 | 43,117 | 13,767 | 5,314 | 7,633 | 5,065 | 31,779 |
| 1821 | 12,734 | 11,888 | 9,658 | 12,874 | 126 | 47,280 | 13,723 | 5,604 | 7,849 | 5,226 | 32,402 |
| 1822 | 12,514 | 11,796 | 9,573 | 12,653 | 125 | 46,661 | 13,505 | 5,717 | 7,887 | 5,423 | 32,532 |
| 1823 | 13,088 | 12,218 | 10,078 | 13,134 | 181 | 48,699 | 13,964 | 5,821 | 7,994 | 5,418 | 33,197 |
| 1824 | 12,748 | 12,696 | 9,883 | 13,549 | 164 | 49,040 | 12,669 | 5,749 | 7,901 | 5,425 | 31,744 |
| 1825<br>1826 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| | Mans | | Vroue | | | Totaal | Mans | | Vroue | | Totaal |
| 1827 | 28,961 | | 26,714 | | | 55,675 | 18,498 | | 13,774 | | 32,272 |



Vervolg op bladsy 90.

TABEL 4 (VERVOLG).

| JAAR | HOTTENTOTTE | | | | | VRYE SWARTES | | | | | PRIZE NEGROES | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | Seuns | Vroue | Dogters | Totaal | Mans | Seuns | Vroue | Dogters | Totaal | Mans | Seuns | Vroue | Dogters | Totaal |
| 1806 | 5,690 | 4,094 | 6,429 | 4,213 | 20,426 | | | | | | | | | | |
| 1807 | 4,827 | 3,669 | 5,422 | 3,513 | 17,431 | 303 | 226 | 343 | 262 | 1,134 | | | | | |
| 1808 | 4,896 | 3,255 | 5,303 | 3,266 | 16,720 | | | | | | | | | | |
| 1809 | 5,096 | 3,280 | 5,798 | 3,568 | 17,742 | | | | | | | | | | |
| 1810 | 5,899 | 3,654 | 6,471 | 3,831 | 20,125 | | | | | | | | | | |
| 1811 | 6,407 | 4,104 | 6,814 | 4,478 | 21,803 | | | | | | | | | | |
| 1812 | 5,374 | 3,981 | 5,997 | 3,998 | 19,350 | | | | | | | | | | |
| 1813 | 5,536 | 4,400 | 6,013 | 4,237 | 20,186 | | | | | | | | | | |
| 1814 | 5,154 | 4,048 | 5,201 | 4,164 | 18,567 | | | | | | 147 | 7 | 25 | 4 | 183 |
| 1815 | 5,195 | 3,965 | 5,495 | 3,892 | 18,547 | | | | | | 238 | 29 | 42 | 12 | 321 |
| 1816 | 5,493 | 4,203 | 5,770 | 4,016 | 19,482 | | | | | | 531 | 42 | 230 | 12 | 815 |
| 1817 | 6,520 | 5,120 | 6,741 | 5,055 | 23,436 | 556 | 362 | 595 | 363 | 1,876 | 344 | 67 | 82 | 50 | 543 |
| 1818 | 6,310 | 4,752 | 6,308 | 4,708 | 22,078 | 606 | 387 | 635 | 402 | 2,030 | 794 | 169 | 281 | 121 | 1,365 |
| 1819 | 6,537 | 5,624 | 6,791 | 5,481 | 24,433 | 513 | 583 | 362 | 425 | 1,883 | 808 | 179 | 309 | 132 | 1,428 |
| 1820 | 7,046 | 6,399 | 7,494 | 6,036 | 26,975 | 501 | 404 | 571 | 456 | 1,932 | 873 | 188 | 322 | 170 | 1,553 |
| 1821 | 7,599 | 6,796 | 8,103 | 6,525 | 29,023 | 507 | 392 | 577 | 395 | 1,871 | 835 | 210 | 332 | 194 | 1,571 |
| 1822 | 7,750 | 6,737 | 7,853 | 6,461 | 28,801 | 512 | 401 | 560 | 423 | 1,896 | 794 | 235 | 318 | 214 | 1,561 |
| 1823 | 8,112 | 7,224 | 8,408 | 6,805 | 30,549 | 462 | 429 | 634 | 464 | 1,989 | 810 | 308 | 340 | 312 | 1,770 |
| 1824 | 8,135 | 7,352 | 8,602 | 7,060 | 31,149 | 848 | 563 | 830 | 651 | 2,892 | 734 | 178 | 321 | 213 | 1,446 |
| 1825 1826 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| | | | | | | Mans | | Vroue | | Totaal | | | | | |
| 1827 | - | - | - | - | - | 19,403 | | 18,449 | | 37,852 | - | - | - | - | - |

nie, óf in die Noord-Weste en langs die Oranjerivier 'n selfstandige swerwersbestaan gevind het soos die Korannas wat in 1850 nog 20,000 sterk was. Die moontlikheid is dus baie sterk dat die Hottentotte die slawe, vrye swartes en prize negroes gesamentlik oortref het.[1)]

Word hierby in rekening gebring dat die slawe nie 'n homogene groep was nie, maar deels Negroïed en deels Asiaties, bewys hierdie tabel bo alle twyfel dat die Hottentotte verreweg die grootste enkele bydrae tot die samestelling van die Kleurlinge gelewer het; want net soos die slawe het die Hottentotte heeltemal in die Kleurlingbevolking opgegaan. As rasegte groep het hulle byna geheel en al verdwyn, en Macmillan stel dit dan heel aandoenlik so:

> „...The Hottentots are very much with us yet, being by far the most distinct element in the great mixed mass, descended from the Hottentots, slaves and Europeans, but forming now one distinct class, whom we describe as Cape Coloureds." [2)]

En oor die geringe getal opregte Nama wat nog in Suidwes-Afrika oorbly, kom ewe aandoenlik die profetiese woord:

> „Hottentots of pure blood are now in a marked minority, and there is no reason to doubt that they too will ultimately become absorbed into the 'coloured' population of South Africa." [3)]

En niemand wat die spoor van die Hottentot gevolg het in die bewoë maar onverbiddelike gang van sy geskiedenis, sal dit waag om hierdie tragiese voorspelling te weerspreek nie.

Die statistiese gegewens wat beskikbaar is, hoe benaderd ook al, wys in die rigting van 'n Hottentot-oorwig en Macmillan voer aan dat dit in die praktyk deur die volksmond gestaaf word:

> „That the largest single strain in the 'Coloured People' was probably Hottentot, is indicated by the colloquial Afrikaans which still applies the abbreviated word 'Hot'nots'." [4)]

(ii) <u>Somatiese Ooreenkomste.</u>

Ten opsigte van somatiese eienskappe laat die Hottentot-bydrae hom terdeë geld in die fisiek. Elkeen wat met/.....

---

1) Vgl. Macmillan, W.M.: The Cape Coloured Question, p. 140, en 141.
2) Op. cit., p. 29.
3) Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of South Africa, p. 50.
4) The Cape Colour Question, p. 268.

met die feite vertroud is, herken geredelik die onderskeidende kenmerke van die huidkleur, oogkleur, haar- en gesigsvorm by baie Kleurlinge. Daar is ook minder opmerklike verskynsels soos liggaamsbou, -grootte en gesondheidstoestand. Oor die algemeen is die Kleurling se bene dunner, is hy liggaamlik kleiner as die blanke en die Bantoe,[1)] en is hy ook nie so fiks nie, wat strook met die feit dat die Hottentot se gesondheid oor die algemeen swak was en hulle selde ouer as 50 jaar geword het.[2)]

(iii) Temperamentele Eienskappe.

Ten opsigte van psigiese en geestelike eienskappe is baie geleerdes huiwerig om sondermeer die bestaan van rasseverskille te aanvaar. Daar is diegene wat dit wel beweer [3)] en daar is diegene wat dit negeer. [4)] Tussen hierdie uiterste pole is daar verskillende grade van tussenstandpunte van diegene wat dit voorasnog 'n ope kwessie laat en diegene wat die bestaan van psigiese verskille vermoed.[5)]

Die karaktereienskappe van die Hottentotte [6)] lewer dan vir die kenner van die Kleurling besondere interessante leesstof op en met die oog op die deurslaggewende invloed daarvan op die lewenshouding en lewenswyse van die Kleurling, moet die ooreenkomste meer pertinent gestel word:

Die vroeë Hottentotte het geen leier onder hulleself gehad of erken nie. Kollektiewe aksie is nooit beoefen nie. Die Kleurlinge van vandag aanvaar ook geen mede-Kleurling as leier nie en word ook nie tot gesamentlike optrede geaktiveer nie. [7)]

Die vroeë Hottentotte het geen nasionale trots geken nie en hul moedertaal verruil vir dié van die Hollander. Die Kleurlinge vandag demonstreer 'n kennelike gebrek aan nasionalisme,[8)]

en/.....

---

1) Die Burger, 10. 3.60, p. 13, kol. 8.
2) Vedder, H.: The Nama, op. cit., p. 139.
3) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505; Eloff, G.: Rasse en Rassevermenging.
4) Scholtz, G.D.: Het die Afrikaanse volk 'n Toekoms?; The Cape Argus, 18. 3.60, p. 13, kol. 3. Die Burger, 16.3.60, p. 11, kol. 1.
5) Rapport van die Vierde Gereformeerde Ekumeniese Sinode van Potchefstroom. Die Banier, Februarie 1960, p. 4, kol. 4.
6) Par. 5(c)(ii)-(xi) 79-87.
7) Botha, D.P.: Leierskap onder die Kleurlingbevolking. Die Banier, Desember 1959, p. 1. kol. 2.
8) Fortein, C.I.R.: We want a Coloured Nationalism. Die Banier, Desember 1959, p. 5, kol. 1.

en selfs Booker Lakey waag dit om te sê,

> „It is certainly not the will of God that there should be a central Coloured Nation"! [1]

Tans is hulle besig om hul huidige moedertaal te verruil vir dié van die Engelsman.[2]

Die seksuele lewe van die Hottentotte was los; maar dit kon nouliks erger wees as by die Kleurlinge: In 1937 was uit 37,081 geboortes nie minder nie as 13,453 of meer as 36%, buite-egtelik.[3]

Die opmerksaamheid en satire van die Kleurling staan by die gee van byname vir dié van die Hottentotte geen tree agteruit nie: 'n Onderwyser wat 'n kenbaard dra, word „Oom Dolf" genoem, 'n leerling met 'n groot plat kop is „Tafelberg", en 'n ander wat komieklik regop stap sonder om sy arms te swaai, het gou-gou „pikkewyn" geword. 'n Ander met toelatingsnommer 666 heet „Antichris" en 1652 is „Van Riebeeck"!

Aan gasvryheid en vrygewigheid kan selfs die Afrikaners nie vir die Kleurling van vandag kers vashou nie. Dit val elke ondersoeker onmiddellik op, en by die deugdelikheid daarvan kan dit soms nogal vraagstukke skep. Dr. E.R. Dyason [4] wys op die verskynsel en die nadelige uitwerking wat dit op die hedendaagse huishouding het:

> „'n Besonder opvallende verskynsel ... is die neiging om alleenlopende persone wat familiebetrekkinge of vreemdelinge is, te laat inwoon. Hierdie persone is wel nie lede van die betrokke huisgesinne in die enger sin nie, maar hulle maak nogtans deel uit van die huishouding."

Omdat hierdie mense meesal niks bydra tot die huishoudelike inkomste nie, die opvoeding van die kinders bemoeilik en die reeds beknopte behuisingstoestande vererger, is dit „inderdaad 'n maatskaplike probleem wat in alle erns ondersoek moet word." [5]

Die prinsipaal van 'n korrektiewe inrigting vind dieselfde verskynsel in ander, maar ewe lastige verband:

> „Kleurlinge ontvang ons weglopérseuns geredelik by hulle aan huis, voorsien hulle van klere, gee vir hulle kos en laat hulle toe om te bly solank as hulle wil.

Seuns/.....

---

1) Die Banier, Februarie 1960, p. 2, kol. 4.
2) Vgl. Hf. IX, p. 587 et seqq.
3) U.G. 30 van 1939: Mixed Marriages in S.A., p. 24; Vgl. Hf. VII, par. 1, p. 375
4) 'n Sosiologiese Ondersoek van die Kleurlingbevolking binne die Munisipale Gebied van Kimberley, p. 407.
5) Ibid., p. 408.

„Seuns onder mekaar deel hul laaste sigaret en die daggapil word van een na die ander aangestuur. As een tandepasta of koek oor die pos of van besoekers kry, eet sy maats almal saam. Selfs die wynvlieë langs die kroeg stuur die bottel om van mond tot mond."[1]

Hierdie wyse waarop die Kleurlinge se deure vir vreemdes en herbergloses oopstaan, waarop hulle voedsel, klere, tabak, wyn en wat ook al onder mekaar deel, laat onwillekeurig terugdink aan soregus.

Elkeen wat sielkundige werk onder Kleurlinge doen, weet hoe goedgeaard en gemoedelik hulle is, hoe maklik trane vloei. Maar hy weet ook hoe gou die trane opdroog. Dit is dikwels by die Kleurling vandag „Hosanna!" en môre, „Kruis Hom!"

Net soos die Hottentot van ouds hou die Kleurling 'n hoë agting vir die vrou, veral die moeder en suster, daarop na. En net soos by die Hottentot, is daar geen groter vloek as dié wat sy moeder krenk nie. Elkeen wat die Kleurling ken, weet tot watter rasende woede hy ontvlam as iemand vir hom sou sê, „Jou moer!" Sonder uitsondering gaan hy tot onbeteuelde toorn oor en voer altyd as verskoning aan, „Hy het my ma gevloek!"

Groot getalle Kleurlinge vandag is drank- en daggaverslaafdes.[2] Baie in die Kaapse Skiereiland en elders is werkloos omdat hulle te lui is om te werk en daar is min van hulle wat weet om te spaar en 'n appeltjie vir die dors te bewaar.

Ten spyte van alle armoede en onreg, gewaan of tereg, bly die Kleurling nog steeds 'n gelukkige mens, lighartig, vriendelik en aangenaam, lief vir kleure en vertoon. Dit is nie nodig om na die klopse of die Golden City Dixies te gaan om dit te sien nie. Dit blyk in byna elke groep en oral op die strate waar een of meer met 'n swaaiende ritme van die lyf so wiegende trap-trap-trap van pure lewensvreugde. Dit herinner onwillekeurig aan die maanligdanse van vroeër wat dwarsdeur die nag in blye jolyt voortgerol het.

As dit waar is dat die Kleurling nie lank en blywend deur dik en dun kan liefhê nie, dan is dit ook ewe waar dat hy nie bestendig en volhardend deur dik en dun kan haat nie. Lighartige gemoedsmens/.....

---

1) Bester, F.A.: Die Khoisan Bydrae tot die Geestesvorming van die Suid-Afrikaanse Kleurling, p. 8.
2) Vgl. U.G. 33/45: Report of the Cape Coloured Liquor Commission of Enquiry, par. 14, p. 3.
U.G. No. 31/1952: Misbruik van Dagga.
Hf. VII, parr 2 en 3, pp. 390 en 428.

gemoedsmens soos hy is, reageer hy positief op daardie prikkels wat op hom inwerk, is hy die mens van die oomblik, joviaal, gelukkig, aanpasbaar bowe mate, en nog steeds „probably ... among the happiest people in existence"!

Vir die noulettende waarnemer is dit 'n uitgemaakte saak dat hierdie ooreenkomste geen blote toeval kan wees nie. Dit gaan hier om 'n temperament wat van ver af kom langs die pad van die vaders.

6. Die Slawe.

Naas die Hottentotte het die slawe die belangrikste bydrae tot die ontstaan van die Kleurlinge gelewer.

(a) Redes vir Invoer.

Die invoer van slawe is deur arbeidstekort noodsaaklik gemaak.[1] Die koste verbonde aan blanke arbeiders was baie hoog,

> „niet alleen omdat se ‚gagiewinners' zijn, maar ook omdat het veel meer te staan komt hen voeding, kleding en logies te verstrekken." 2)

Bowedien was hulle van 'n uiters swak gehalte [3] en

> „dikwels worden zij totaal ongeschikt bevondern voor't werk dat hen wordt opgedragen." 4)

Die ander moontlike uitweg sou wees om van Hottentot-arbeid gebruik te maak; en die Raad van Indië het die hoop uitgespreek dat die inboorlinge van die land

> „haer diensbaer genoch zullen aanstellen om in plaets van die lijffeigenen alderhande werck te doen." 5)

Maar hiervoor was die Hottentotte nie te vinde nie[6] en na een jaar van intieme aanraking met hulle noem Van Riebeeck hulle 'n

> „botte, plompe, ende luye, stinckende natie." 7)

Vanweë hulle luiheid en diewery het daar spoedig by die Hollanders 'n wraakgesindheid ontstaan en as Van Riebeeck sy sin kon kry, sou hy hulle met geweld tot slawerny gedwing het,[8]

„nemende/.....

---

1) Blommaert, W.: Het Invoeren van de Slaverny aan die Kaap, 2.
2) Ibid., p. 12.
3) Vid. par. 7, p.116.
4) Blommaert, W.: ibid.
5) Leibbrandt: Letters Received, 24.12.1652, I, p. 85.
6) de Kock, Victor: Those in Bondage, p. 13.
7) Leibbrandt: Letters Dispatched, 14.4.1653, I, p. 123.
8) Daghregister, Jan A. van Riebeeck, I, p. 99, 103 en 194.

„nemende tot ons de beesten tot ververssinge ende spijsinge als vooren, ende hare persoonen omme als slaven in de kettingh te gebruycken tot brandthouthaelen ende anderen noodigen arbeyt, tot ontlastinge van ons Nederlanders, die doorgaens te onverdragelijck veel overlast van dese schelmen lijden moeten, waertoe wij oock dagelijcx van ons volcq aengemaent ende versocht worden." 1)

Maar hiervoor was die bewindhebbers nie te vinde nie. Kragtens Hollandse wetgewing kon die inboorlinge van sy koloniale gebiede nie tot slawe gemaak word nie, [2] en nooit op enige stadium is die Suid-Afrikaanse inboorlinge óf deur die Kompanjie óf deur die koloniste verslaaf nie.[3]

Maar slawe moes hy hê, want Van Riebeeck was die mening toegedaan dat hy nie in staat sou wees om sonder slawe 'n doeltreffende landbounedersetting aan die Kaap te stig nie.[4] Hy dink in terme van die sewentiende eeuse denkpatroon en teen die agtergrond van wat hy in die Ooste geleer het waarvolgens slawe-arbeid die oplossing van arbeidsvraagstukke was. Reeds op 25 Mei 1652 versoek hy dus die Raad van Indië om slawe beskikbaar te maak „tot het vuylste ende swaerste werck in plaetse van de Nederlanders."[5] Twee jaar later word die versoek herhaal en die suggestie gemaak dat slawe sowel as rys by Madagaskar deur middel van direkte handel verkry kan word.[6] In die loop van 1655 stem eers die Raad van Batavië [7] en later na veel oortuigingswerk, die Here XVII toe en word twee jagte, die Maria en Hasselt na die Kaap gestuur met die doel om slawe aan die kus van Angola en Guineë in te ruil of, beter nog, van Portugese skepe te buit.[8]

Tot hiertoe was die besit van slawe aan die Kaap nie verbode nie en daar was enkeles in diens van partikuliere persone. Teen 1657 was daar 8 vroulike en 4 manlike slawe as private eiendom van bevoorregte Kompanjiesdienaars.[9] In Februarie 1657 vra die voornemende vryburgers om van slawe voorsien te word,[10] en daarna het die arbeidskwessie eers akuut geword:

„Het zijn de behoeften van de Kaapse boeren die de eerste aanvoer van slaven op groote schaal en die gedurige aanvulling van hun aantal van buiten door middel van de slavenhandel/.....

---

1) Ibid., 28. 1.54.
2) de Kock, Victor: op. cit., p. 14.
3) Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p.75.
4) Geyser, O.: Die ou Hooggeregshofgebou, p. 1.
5) Leibbrandt: Letters Despatched, I, p. 45.
6) Daghregister, Jan A. van Riebeeck, I, p. 212.
7) Leibbrandt: Letters Received, I, 10.2.1655, p, 191.
8) Blommaert, W.: op. cit., p. 24.
9) Ibid., p. 7.
10) Stockenström, E.: Vrystelling van die Slawe, p. 17; Daghregister, Jan A. van Riebeeck, II, p. 100.

„slavenhandel hebben noodzakelijk gemaakt, en aldus naast de vrije blanken en inboorlingen, een talrijke serviele bevolking in het leven hebben geroepen." 1)

(b) Invoer en Herkoms.

(i) Die Begin: Die Maria en die Hasselt.

Die eerste groot onderneming ten opsigte van slawerny het van stapel geloop toe die Maria en die Hasselt op 10 September 1657 Tafelbaai verlaat om slawe langs die kus van Angola en Guineë te haal.[2] Omdat hulle geen Portugese skip op die lyf geloop het om buit te maak nie, het die Maria omgedraai, en was op 22 Januarie 1658 weer in Tafelbaai „fraey ter rheede".[3] Die Hasselt vaar alleen voort na Popo aan aan die Guineese kus waar hy 271 slawe aankoop, van wie 43 langs die pad omkom, en die orige 228 op 6 Mei 1658 in die wind en reën Tafelbaai binnevaar om die volgende dag aan wal gebring te word, „wesende bysonder fray, cloeck ende lustich volcq."[4] Kort vantevore, op 28 Maart 1658, het die Oos-Indië-vaarder, die Amersfoort, reeds met 'n lading van 174 slawe, die oorlewendes van 'n buit van 250 wat langs die kus van Brasilië van 'n Portugese skip geneem is, aan wal gekom.[5] Hier was nou voorlopig meer as genoeg slawe om in die behoeftes van die vryburgers, amptenare en die Kompanjie te voorsien. Daar word dus 230 aan die Kaap agtergehou, en die res na Batavië oorgeplaas. En so het dit gekom dat die Kaap begin het om sy ekonomie op die voordelige slawe-arbeid te bou: Aan die einde van 1658 het Van Riebeeck sy oogmerk bereik deur 'n batige saldo vir die Kompanjie aan te teken! 6)

(ii) Slawehandel met Madagaskar.

Van nou af het slawe die Kaap by die honderde binnegestroom en skaars 55 jaar later met die eerste pokke-epidemie in 1713 het hul getalle dié van die blankes verby gesteek, soos duidelik blyk uit Tabel 5 wat die groei van die blanke- en slawebevolking in die agtiende eeu aandui. Hierdie tabel is saamgestel uit gegewens verstrek deur dr. C. Beyers 7) en Victor de Kock.[8] Dit is opmerklik dat in 1713 die getal blankes daal, terwyl dié van die slawe styg ten spyte van die feit dat die pokke-epidemie ongekende verwoesting juis onder hulle gesaai het.[9]

Die/......

1) Blommaert, W.: op. cit., p. 8.
2) Daghregister, Jan A. van Riebeeck, II, p. 167.
3) Ibid., p. 234.
4) Daghregister, Jan A. van Riebeeck, II, p. 285 en 286.
5) Ibid., p. 268.
6) Blommaert, W.: op. cit., p. 28.
7) Die Kaapse Patriotte, p. 240.
8) Those in Bondage, p. 237.
9) Cruse, H.P.: op. cit., p. 62-63.

## TABEL 5: BLANKES EN SLAWE IN DIE AGTIENDE EEU.

| JAAR | BLANKES | | | | | | SLAWE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | Seuns | Vroue | Dogters | Knegte | Totaal | Mans | Seuns | Vroue | Dogters | Totaal |
| 1701 | 418 | 295 | 242 | 310 | 69 | 1,334 | 702 | 40 | 109 | 40 | 891 |
| 1706 | 513 | 426 | 290 | 412 | 128 | 1,769 | 841 | 55 | 149 | 62 | 1,107 |
| 1711 | 545 | 462 | 337 | 412 | 114 | 1,870 | 1,232 | 113 | 290 | 136 | 1,771 |
| 1713 | 517 | 397 | 286 | 385 | 114 | 1,699 | 1,386 | 96 | 231 | 81 | 1,794 |
| 1718 | 691 | 490 | 390 | 482 | 92 | 2,145 | 1,885 | 124 | 321 | 106 | 2,436 |
| 1723 | 679 | 544 | 433 | 589 | 119 | 2,364 | 2,224 | 139 | 408 | 151 | 2,922 |
| 1728 | 737 | 706 | 483 | 777 | 122 | 2,825 | 2,867 | 234 | 560 | 212 | 3,873 |
| 1733 | 793 | 839 | 547 | 895 | 117 | 3,191 | 3,384 | 314 | 711 | 300 | 4,709 |
| 1738 | 901 | 993 | 641 | 1,077 | 136 | 3,748 | 4,199 | 403 | 810 | 345 | 5,757 |
| 1743 | 1,075 | 1,025 | 700 | 1,172 | 124 | 4,096 | 3,804 | 377 | 815 | 365 | 5,361 |
| 1748 | 1,294 | 1,086 | 830 | 1,298 | 81 | 4,589 | 3,322 | 419 | 821 | 360 | 4,922 |
| 1753 | 1,478 | 1,396 | 1,026 | 1,519 | 114 | 5,533 | 4,137 | 491 | 1,031 | 386 | 6,045 |
| 1758 | 1,563 | 1,481 | 1,064 | 1,467 | 101 | 5,676 | 4,105 | 460 | 1,021 | 346 | 5,932 |
| 1763 | 1,862 | 1,831 | 1,278 | 1,779 | 127 | 6,877 | 5,072 | 508 | 1,214 | 421 | 7,215 |
| 1768 | 2,114 | 2,084 | 1,454 | 2,066 | 100 | 7,818 | 5,681 | 562 | 1,471 | 493 | 8,207 |
| 1773 | 2,300 | 2,318 | 1,578 | 2,269 | 89 | 8,554 | 7,102 | 564 | 1,707 | 529 | 9,902 |
| 1778 | 2,789 | 2,667 | 1,587 | 2,678 | 81 | 9,802 | 7,380 | 795 | 2,171 | 761 | 11,107 |
| 1783 | 3,158 | 2,821 | 2,042 | 3,019 | 24 | 11,064 | 7,808 | 804 | 2,533 | 805 | 11,950 |
| 1788 | 3,481 | 3,389 | 2,440 | 3,351 | 43 | 12,704 | 9,931 | 951 | 3,075 | 853 | 14,810 |
| 1793 | 4,032 | 3,466 | 2,730 | 3,602 | 12 | 13,842 | 9,046 | 1,132 | 3,590 | 979 | 14,747 |
| 1795 | | | | | | 14,927 | | | | | 16,839 |
| 1797 | | | | | | 21,746 | | | | | 25,754 |

Die verskynsel kan alleen verklaar word deur die bestendige toevoer van nuwelinge. Die vermindering in 1758 moet toegeskrywe word aan die tweede epidemie van 1755 toe die Kompanjie tussen Mei en Oktober 239 en die burgers 870 slawe aan die pokke verloor het,[1] terwyl dié van die derde epidemie in 1767 nie in die beskikbare syfers opvallend vertoon nie.

Alhoewel die V.O.C. geen slawehandel gedrywe het nie, is daar in die loop van die agtiende eeu 'n gereelde skeepvaart tussen die Kaap en Madagaskar aan die gang gehou met die oog op die verkryging van genoegsame slawe vir die nedersetting.[2] Uit die beskikbare briewe en instruksies blyk dat daar, soos te begrype is, veral aangedring word op jong, sterk en gesonde manspersone. So vra W.A. van der Stel die koning van Madagaskar, Andian Defandan, op 15 Junie 1705 om die koopman met raad en bystand te ondersteun ten opsigte van die aankoop van slawe,

> „en dat nauwe agtingh genomen werde dat derselver geslagt en ouderdom behoorlijk werde aangegeven opdat men niet, gelijk in diergelijken zaaken wel pleeg te geschieden, vrouwluiden in plaatse van mannen komt in te schrijven." [3]

Sewentig jaar later is die behoefte nog steeds dieselfde en kry Cornelis Andriesz, die bevelhebber van de Zon, noukeurige opdrag oor die gedragslyne wat hy moet volg in verband met die aankoop en vervoer van die slawe vanaf Madagaskar na die Kaap. Hulle moes wees,

> „des mogelijk alle van sterke leeden en robuste lighaemen die tot het verrigten van 's Comp's werken alhier beqaamst zijn, zijnde jonge fluxe mannen tuschen de 16de en 24ste jaaren ... en vrouwluyden zoo veel moogelijk zij, werden g'excuseerd omdat deselve voor d' Compie. ter deeser plaatse van wijnig nut kunnen weesen ...",

maar om die handel te bespoedig, word toegegee dat dit gerade mag wees om „soo nu en dan wel een slegt stukjen vleesch laat doorschieten."! [4]

(iii) <u>Slawe uit die Ooste.</u>

Behalwe negroïede slawe uit Angola, Guineë, Madagaskar en Mosambiek, is die Kaap voorsien van Oosterse slawe uit/.....

---

1) Boeseke, A.J.: Die Nederlandse Kommissarisse ..., Argief Jaarboek 1944, p. 67.
2) Boeseke, A.J.: op. cit., p. 68.
3) C 508, Uitgaande Brieven, 15 Junij 1705, p. 771.
4) C 704, Instructien, 1775-1782, 29. 4.1775, p. 56.

uit Voor- en Agter-Indië, Ceylon en die Philippyne. Die slawe uit Voor-Indië het veral van Bengale, die Malabar- en Koromandelkuste gekom, terwyl dié uit Agter-Indië of die Indiese Argipel meesal uit Macassar, Batavia, Boegis, Bali en Timor afkomstig was.[1] Dit is dus 'n uiters heterogene kombinasie wat uit soveel taalgebiede afkomstig was dat hulle mekaar nooit sou kon verstaan tensy hulle Maleis-Portugees magtig was, of Hollands aan die Kaap aangeleer het nie. Die slawebevolking was inderdaad so bont dat selfs Kolbe nie kans gesien het om hul gebruike, sedes en gewoontes wat net so verskillend as hulle herkoms was, te beskrywe nie, en hy volstaan met een enkele sin:

> „Wat hunne aard aangaat, het verskil is hier in zeer groot; zynde eenigen stout en vermetel, als de voorgemelde Javaners en Macassaren; anderen veraderlijk en schelmagtig, als de Baljers en Amboinesers, en anderen wederom vrekachtig en onkuisch als de Madagascars en alle anderen Afrikanen." [2]

Die Oosterse slawe is na die Kaap gebring deur skeepsoffisiere wat hulle hier tot eie voordeel aan die Kaapse burgers kom verkoop het. Thunberg werp interessante lig op die verkryging van slawe as hy in die sewentiger jare bevind,

> „The Company brings the greatest part of its slaves from Madagascar, whereas private persons buy theirs off the officers belonging to the ships, as well Dutch as French, that are on their return home from the East Indies..." [3]

Hulle voorkoms was soortgelyk aan die Oos-Asiatiese bevolkings, dit wil sê klein van persoon, net oor 5 voet,met 'n olyfkleurige huid wat soms geelagtig, ligbruin of kaneelkleurig is. Hy het 'n platterige gesig, hoë wangbene, swart en effe skewe oë, 'n klein neus wat nie plat is nie, maar met wye neusgate, groot mond, klein en goedgevormde hande en voete, dun bene, growwe, swart reguit hare en yl baard.[4]

Temperamenteel is hulle introspektief, goedgemanierd, vriendelik teenoor vrouens, kinders en diere, geneë om stadig te praat, passief en lui te wees. Oosterse teruggetrokkenheid en fatalisme was/.....

---

1) Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p. 267 - 270.
2) Kolbe, Peter: ... Beschrijving van die Kaap de Goede Hoop, II, p. 150.
3) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, I, p. 113.
4) du Plessis, I.D.: The Cape Malays, p. 3.

was deel van hul geesteskonstruksie en as hulle kwaad word, het hulle „mata gelap" (letterlik, donker oog) geword, in 'n toestand van onbeheersde opwinding verkeer, [1] en lewensgevaarlik opgetree.

Die Oosterse slawe was baie handig en beslis meer talentvol as die ander[2] sodat van hulle aan die Kaap in 'n soort van slawe-aristokrasie ontwikkel het.[3]

> „In the town there are some household slaves of a far superior type. They are well-behaved, diligent and devoted to their masters, who return this fidelity with kind treatment and frequent presents." 4)

Maar ten spyte hiervan was die Oosterling nie baie welkom aan die Kaap nie, veral vanweë

> „their terrifying habit of running amok: without any apparent cause, on these occasions, they would rush into the streets armed with short-handled krisses or knives crying out 'Amok, amok!' and slashing, hacking, cutting at every person they met until they themselves were overpowered or killed. When this dreadful cry went echoing through Cape Town, women fainted and men took to their heels as fast as they could. And no wonder! To these Malays, amok-running was the national and honourable way of committing suicide; the recognised avenue of escape from difficulties; the heroic method of revenging themselves upon mankind." 5)

Dit is dan ook geen wonder dat as gevolg van hierdie gruweldade die invoer van Oosterse slawe op versoek van Ryk Tulbagh op 28 September 1767 belet is nie.[6] Na hulle is verwys as „dier gevaarlyke creaturen", en die verbod is in 1788 en 1792 met sterk en besliste taal herhaal. Sodanige slawe wat wederregtelik ingebring is, moes gekonfiskeer, en die verantwoordelike persone swaar gestraf word. Dit is aan die fiskaal opgedra „daaraan met alle rigeur de hand te houden zonder om met welke oorzake ook met ymand wie hy zy, eenige consideratie ofte oogluikinge te gebruiken." 7)

(iv) Slawehandel/......

---

1) du Plessis, I.D.: ibid.
2) Barrow, John: Travels, etc, I, p. 46.
3) Cape Monthly Magazine, December 1861, p. 354.
4) Mentzel, O.F.: Description of the Cape, II, V.R.V. 6, p. 130.
5) de Kock, Victor: Those in Bondage, p. 195.
6) Stockenström, E.: Die Vrystelling van die Slawe, p. 22.
7) C.96: Resolutien, 1792, p. 335;
C.472: Inkomende Brieven, 1788-1789,pp. 252-253.
C.552: Uitgaande Brieven 1767, p. 461.

(iv) Slawehandel onder die Britse Bewind.

Na die oorname van die Kaap, eers in 1795 en toe weer in 1806, het die slawehandel oorgegaan in die hande van private persone onder wie manne soos mnre. Hogan, Tennant en kapt. Smart berugtheid verwerf het. Teen hierdie tyd was die openbare mening in Engeland reeds sterk teen slawerny gekant, en toe hierdie manne geen wettige permitte kon kry nie, het hulle nie geaarsel om onder valse voorwendsels slawe in te smokkel nie. Die korrupte sir George Younge het hierin blykbaar nie 'n onbesproke rol gespeel nie.[1] Hierdie slawe het in hul duisende van die Afrikaanse ooskus, veral Mosambiek, gekom. Met die eerste Britse besetting in 1795 was daar slegs 16,839 slawe, en binne die eerste twee jaar het die getal die hoogte ingeskiet en op 25,754 te staan gekom,[2] en toe die Engelse die Kaap in 1803 verlaat, was hulle aantal 30,129, 'n vermeerdering van 78%.[3]

Uit hierdie gegewens moet afgelei word dat alhoewel 'n aansienlike deel van die slawe uit die Ooste gekom het, die meerderheid van hulle blykbaar van Afrika en Madagaskar afkomstig was.

(c) Huisvesting en Behandeling.

(i) Die Slawelosie.

Vanweë die feit dat hulle uit die staanspoor geneig was om weg te loop, het die huisvesting van die slawe een van die moeilikste probleme geword om op te los.[4] Aanvanklik is die slawe in losies naby die fort, en selfs ook binne die fort, onderdak gebring. Om nader by hul werk te wees, is daar 'n slawehuis aan die onderent van die tuin opgerig, maar dié het gou ondoeltreffend geword en op 23 Desember 1669 word gelees van „'t slavenhuys, dat al vry kleen en insgelycx vergaan is."[5] Nadat dit verskeie kere opgeknap is, is dit op Saterdag 19 Augustus 1679 deur brand verwoes.[6] Hierdie gebeurtenis het met groot lewensgevaar vir die slawe en slavinne gepaard gegaan en hulle kon nouliks die blote liggaam red. Een wat baie nuttig was omdat hy kon lees en skryf, het die lewe ingeskiet.[7]

Teen hierdie tyd was daar egter reeds ver gevorder met die bou van 'n nuwe losie langs die oue en dié sou vir die volgende

131 jaar/......

---

1) Cory, G.E.: op. cit., p. 6.
   Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, IV, p. 256.
2) Vid. Tabel 5, p. 98.
3) Stockenström, E.: op. cit., p. 26.
4) Geyser, O.: Die Ou Hooggeregshofgebou, p. 2.
5) V.C. 5: Daghregister, 23 Desember 1669, p. 768.
6) V.C. 2: Daghregister, 19 Augustus 1679, p. 955.
7) C. 589: Daghverhaal, 19 Augustus 1679, p. 134.

131 jaar tot 1810, toe dit deur die Engelse in staatskantore omskep is, die slawehuis van die Kaapse bewindhebbers wees. Aanvanklik was dit van buite beskou, 'n baie doeltreffende gebou en kommissaris Van Rheede was met sy besoek aan die Kaap in 1685 baie in sy skik daarmee. Dit was soos Geyser Hulshof verhaal, 'n „... swaer en hegt gebouw, seer bequaam tot woningh en bewaringh der slaven ..."; [1] maar van tyd tot tyd het dit in ernstige verval geraak en is dit tot mindere of meerdere mate herstel.

Meesal was dit egter van binne in so 'n toestand dat die slawe se gesondheid daardeur ernstig geskaad is.[2] Só haglik inderdaad was die toestand aan die binnekant dat dit, gemeet aan moderne standaarde, die maghebbers aan die Kaap tot ontsettende skande strek. Die akkommodasie self was ongelooflik ontoereikend: Die gebou het gelek, en die skamele vodde wat as beddegoed moes dien, was deurentyd nat. Daar was geen genoegsame lig of lug nie. Hierdie toestande het 'n ontsettende stank veroorsaak wat verder versleg is deur die gebruik van die slawe om 'n groot menigte varke in die binneplaas aan te hou.[3] Mentzel se ervaring verbaas dus nie:

> „I have been inside this building once only to deliver a wagon of salt to the slaves, but I can give no description of the quarters inside, for the stench made me beat a speedy retreat." 4)

Met die lewenstoestande van die slawe aan die binnekant was dit gevolglik ewe treurig gesteld. Kommissaris Van Rheede besoek die losie op 9 Julie 1685 en

> „vondt aldaer veel klijne kinderen zoo wit als swart, sprekende de Nederduydse tale sonder eenigh onderscheijt, als in het wilde loopen."

Die vloer en slaapplekke was vuil en die dak stukkend

> „alwaer den regen doorsloegh; de sieken met geen meerder gemack lagen als beesten; klijne witte kinderen te groot om van die moeders gedragen te worden ... saten hier en daer op die beddingen als hoenders in een kot, de getrouwde, de ongetrouwde, so klijne als aankomende meijskens en houwbare, gelijck oock de jongens, jongelingen en ongetrouwde mannen lagen op de beddingen sonder eenigh verschil onder malkanderen, en leefden by gevolgh als de beesten in't hondert." 5)

Dit/.....

1) Geyser, O.: op. cit., p. 9.
2) Geyser, O.: op. cit., pp. 10-15.
3) Kolbe, Peter: op. cit., I, p. 397.
4) Mentzel, O.F.: Description of the Cape, I, V.R.V. 4, p. 116.
5) V.C. 38: Journaal van H.A. van Rheede, p. 318.

Dit is geen wonder dat 'n verligte humanistiese edelman soos Van Rheede hom die toestand diep ter harte geneem en Simon van der Stel daaroor verwyt het nie:

> „Men sal deese arme menschen met andere oogen moet aensien, want het is 's Comp's eijgen volk, geen huurlingen, die den dienst van haeren Heere niet en konnen verlaten als sy die moede zijn, maer verbonden niet alleen voor al haar leven, maer ook voor die van haere kinderen ..." 1)

Daar is

> „vervolgens geresolveert die presente getroude van d' ongetroude te separeeren ... verdelende oock d' ongetroude mannen van de vrouwen." 2)

Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n skool en beter klerasie vir die slavinne.

In weerwil hiervan het die toestand in die slawelosie nie verbeter nie. Die plaaslike outoriteite het nie die instruksies van die kommissarisse op die lang duur ten uitvoer gebring nie, en baie gou het sake weer tot 'n toestand van volslae promiskuïteit teruggeval. [3] Daarvan getuig Kolbe in 1719 [4] as hy sê,

> „Ofschoon nu man en vrouw onder hen is, en de kinderen ook by hen moeten wonen, zoo is echter verder geen onderscheid, dan dien zy zelven maken, hebbende alleenlyk een stuk katoen of eenige andere linnen lap om hare planken hangen, om te schynen alleen te leggen en van niemand gezien te werden."

Meer as 60 jaar later is die toestand wesentlik nog onveranderd:

> „The male and female slaves were supposed to occupy different compartments, but generally they live promiscuously as man and wife." 5)

Toestande in die slawelosie het verder versleg deurdat bandiete, bannelinge en kranksinniges ook daar onderdak gebring is, en op een geleentheid selfs 'n aantal Hottentottinne wat aan veneriese siekte gely het. [6]

Kolbe was van mening dat die toestand in die losie aan die slawe self te wyte was, „wylen zy self niet beter leven willen", en/.....

---

1) C.708: Instructien voor Com. S. van der Stel door Van Rheede, 1685, p. 53.
2) C.591: Daghregister, 9. 7.1685, p. 120.
3) Geyser, O.: op. cit., p. 31.
4) Op. cit., I, p. 395.
5) Mentzel, O.F.: Description of the Cape, I, V.R.V. 4.
6) Geyser, O.: op. cit.,pp.17 en 18.

en nie omdat die Kompanjie dit nie anders wou hê nie. Hulle klere was „alderhande oude lappen en vodden" in weerwil van die feit dat die Kompanjie tweemaal per jaar nuwe klere uitgereik het, „welke zy echter ten eersten verquanselen en liever verzuipen, dan dat zy ordentlyk zouden gekleed gaan." [1]

Alhoewel Kolbe blykbaar nie rekening hou met die skadelike uitwerking van slawerny op die mens se gees nie, [2] 'n saak wat in hierdie geval beslis as versagtende omstandighede moet dien, was dit tog waar dat die moraal van die slawe uiters laag was, dat onsedelikheid hoogty gevier het, [3] en dat veral drank 'n besondere swakheid was. Hulle het brandewyn bo wyn verkies, al hulle klere daarvoor verruil,

> „en wanneer zy al wyn hebben, drinken zy denzelven niet matig, maar gieten hem zoo menigvuldig in den maag, dat zy door dronkenskap niet weten, wie of waar zy zyn. Komen zy te bed of onder wege te vallen, blyven zy onbeweeglyk leggen, als een stuk hout, en zoude men wel een menuet op haar konnen danzen, eer zy ontwaekten, of't gewaar wierden." [4]

So erg het drankmisbruik onder die slawe geword, dat die Politieke Raad genoodsaak was om in te gryp. Alle verskaffing van drank aan slawe is verbied, selfs die sopie wat hul vroeër gekry het om as aansporing tot beter werkverrigting te dien.[5] Die handelaar wat sterk drank aan slawe sou verkoop, moes met 150 riksdaalders beboet word en sy dranklisensie is permanent verbeur.[6]

(ii) Slawe van Private Eienaars.

Met die slawe wat aan private persone behoort het, was dit heelwat anders gesteld:

> „All the male and female slaves at the Cape fall clearly into two classes: public slaves who belong to the Company and are employed on public works, and private slaves who belong to individual officials, to burghers and to farmers." [7]

So groot was die verskil dat die private eienaars hul slawe verbied het om met dié van die Kompanjie omgang te hou.

Meegaande/.....

1) Kolbe, Peter: op. cit., I, pp. 395-396.
2) Op. cit., p. 19 - Geyser, O.
3) Ibid., p. 20.
4) Kolbe, Peter: op. cit., I, p. 396.
5) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 3.
Geyser, O.: op. cit., p. 23.
6) C.592: Daghregister, Januarie 1685, p. 23.
7) Mentzel, O.F.: op.cit., II, p. 124.

TABEL 6: VERSPREIDING VAN SLAWE OP 3 OKTOBER 1829.

| Distrik | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|
| Kaap | 6,921 | 5,008 | 11,929 |
| Clanwilliam | 425 | 366 | 791 |
| Simonstad | 137 | 60 | 197 |
| Stellenbosch | 5,629 | 2,990 | 8,619 |
| Swellendam | 1,594 | 1,330 | 2,924 |
| Worcester | 2,188 | 1,749 | 3,937 |
| Albanië | 62 | 54 | 116 |
| Somerset | 797 | 708 | 1,505 |
| Uitenhage | 633 | 548 | 1,181 |
| Graaff-Reinet | 1,172 | 943 | 2,115 |
| Beaufort | 276 | 239 | 515 |
| George | 1,083 | 1,022 | 2,105 |
| Totaal | 20,917 | 15,017 | 35,934 |

Meegaande Tabel 6, waarvan die gegewens van Cory [1] verkry is, toon die aantal slawe soos hulle op 3 Oktober 1829 oor die Kaap Kolonie versprei was.

As daar in aanmerking geneem word dat die eertydse losiebevolking altyd tussen 500 en 600 gevarieer het, spreek uit hierdie syfers duidelik dat verreweg die grootste gedeelte van die slawe aan die Kaap die eiendom van private persone was. Verder bewys die tabel eweseer dat verreweg die grootste hoeveelheid slawe te vinde was in die Kaap en die landboudistrikte soos Stellenbosch en Worcester.

Waar daar nou oorvloedige getuienis bestaan dat die slawe aan die Kaap, op enkele uitsonderinge na, baie goed behandel is, strek dit veral die Kaapse burgerbevolking tot eer. Stockenström [2] bewys op grond van oorweldigende dokumentêre getuienis dat slawe hier beter behandel is as op enige ander plek in die wêreld. Die verklaring moet daarin gesoek word dat die slaaf mettertyd deel van die huishouding uitgemaak het en by die patriargale verband van die Boerefamilie geïnkorporeer is.[3] Dit word in 1806 so treffend deur Wilson beskrywe, dat sy kommentaar volledig moet volg:

"The/.....

1) The Rise of S.A., III, p. 13.
2) Die Vrystelling van die Slawe, pp. 61-66.
3) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 162.

> „The number of slaves in the service of each family is a cause of some surprise, and particularly as there are so many women and children. This is indeed a burthen imposed by an honourable aversion to sell those who have been born under their roof. The history of slavery is in general a mournful recital of oppression and sufferance; but detestable as is the usage, still the condition of the slave is not at the Capetown a subject of reproach to the master. Here, and here alone perhaps in the world, are the slaves treated with a mildness that would merit the admiration of a Howard. No rigorous toil excites the compassion or indignation, no melancholy plaints pierce the heart of the passenger. The little children are even caressed by their proprietors with as much kindness as if they were the offspring of relations, and if they were not born in freedom, they are for years unconscious of their shackles. They are associated in every amusement, they share every act of tenderness with the white children, and although the European mother prefers her own race, she would think herself unworthy to be a parent if she could neglect an infant or not treat it with kindness because it was the offspring of a slave." 1)

Cory het so onder die indruk van die behandeling van die Kaapse slawe gekom dat hy dit so stel:[2]

> „It might be said, in fact, that the most fortunate fate which could overtake the unhappy negroes who were so ruthlessly forced from their own country, was to be landed and settled in this one."

En sir John Cradock sit 'n amptelike stempel op hierdie beskouings met sy opmerking aan graaf Bathurst in 1814,

> „I have great pleasure in submitting to your Lordship my strong opinion, that, notwithstanding some painful instances I might adduce, and which would, as far as they go, militate against such a judgment, the state of slavery in this settlement is of a mild nature, and this unhappy class of people are better treated than in any other part of the world where I have been." 3)

Die goeie behandeling van die slawe word verder bewys deur die spoed waarmee hulle natuurlik voortgeplant het. Dit was weliswaar stadiger as die blanke vroue van daardie tyd, maar dit was tog vinnig genoeg om die slawebevolking in 'n tydbestek van 20 jaar van 17,431 in 1807, toe die slawehandel stopgesit is, te vermeerder tot 32,272 in 1827 en nagenoeg 40,000 in 1834 toe hulle vrygestel is.[4]

Die/.....

---

1) V.C. 58: Lieut.-Col. Robert Wilson: Description of the Cape Colony, p. 20.
2) The Rise of S.A., III, p. 14.
3) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, IX, p. 451.
4) Vid. Tabel 4, pp. 89-90.

Die goeie behandeling van slawe aan die Kaap het nie weggeneem dat hulle in geval van misdaad uiters swaar gestraf is nie. Hierdie strawwe was in ooreenstemming met die gees van die sewentiende en agtiende eeue, is gelykmatig aan blanke en slawe-oortreders toegedien „in accordance with contemporary usage not only at the Cape but also in most other parts of the world." [1]

(iii) Slawewette.

Die lewe van die Kaapse slawe is gereguleer volgens 'n wye verskeidenheid van wette wat hier in swang was en waaraan die Romeins-Hollandse reg die deurslag gegee het.[2] Op versoek van goewerneur Cradock lê die fiskaal D. Denyssen op 16 Maart 1813 'n opsomming van hierdie wette voor waarin hy sê,

> „Slavery has this consequence that slaves have not any of those rights and privileges which distinguish the state of the free in civil society; they cannot marry, they do not possess the right of disposing of their children, even if they be minors ...; but they (the Roman laws) admitted as a principle that although slaves did not participate in the Civil Law, still, however, they had a share in the laws of nature. One of the consequences of this principle is that although slaves cannot marry, still, however, they can cohabit together as man and wife, which is approved of by law ... The breaking of the faith of such cohabitation among slaves is not punished as adultery, because no marriage can subsist among them.
>
> „The children of a female slave born previous to the time prescribed for emancipation, or pending the fulfilment of the condition, are slaves." [3]

Hierdie wette het meegebring dat daar in die slaaf se lewe eintlik geen huisgesin bestaan het nie. Dit het die grondslag van sy sosiale bestaan so diep aangetas dat alle moraal noodwendig ondermyn moes word, sy bindkrag moes verloor, en self ophou om te bestaan. Hierin moet die grondoorsaak vir die ellendige en sedelose lewe van veral die Kompanjie-slaaf gesoek word. W.A. van der Stel was blykbaar letterlik en figuurlik reg toe hy hulle beskrywe het as 'n „ganschen hoop vuijle en stinckende menschen", [4] maar dit het blykbaar nie tot die sewentiende en agtiende eeuse mense deurgedring op wie almal se hoofde die skande daarvan neergekom het nie.

(d)/......

---

1) de Kock, Victor: Those in Bondage, p. 177.
2) Cruse, H.P.: op. cit., pp. 229-244.
3) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, IX, pp. 151 en 160.
4) Geyser, O.: op. cit., p. 1[illegible]

(d) Vrye Swartes en Kaapse Maleiers.

(i) Vrye Swartes.

Met die loop van tyd is aan aansienlike aantalle slawe hulle vryheid gegee. Dit het op verskillende maniere plaasgevind en wel deur middel van summiere vrystelling deur die eienaar self, deur middel van testamentêre beskikkings, deur middel van 'n vrykooptransaksie wat kon geskied deur die slaaf self of deur iemand anders soos 'n vader, moeder of kind, of deur middel van die verskaffing van 'n plaasvervangende slaaf.[1] In die loop van die agtiende eeu alleen is 893 slawe langs dié weë vrygestel.[2] Verreweg die grootste gedeelte van hulle het behoort aan die sogenaamde Oosterse slawe-aristokrasie. Hulle het nie alleen beter diens aan hul eienaars gelewer nie, maar ook meer ondernemingsgees aan die dag gelê. Van die 290 ingevoerde slawe wat in die agtiende eeu vrygestel is, was 275 uit die Ooste afkomstig.[3]

Hierdie vrygeworde slawe het aan die Kaap bly woon, 'n klas op hulle eie gevorm, en is „vrye swartes" genoem. Diegene van hulle wat kon, het op hulle beurt weer slawe aangeskaf. Hulle getalle is aangevul deur bandiete wat hul strafperiodes uitgedien het, maar ook deur politieke bannelinge wat uit die Ooste na die Kaap gestuur is en wat soms, soos in die geval van Sheik Josef, tot die Oosterse adel behoort het. Later is hul getalle ook aangevul deur die sogenaamde „Prize Negroes" nadat die tydperk van hul leerjongeskap verstryk het.[4]

Insoverre die vrye swartes 'n eerlike bestaan gemaak het, het hulle dit as ambagslui gedoen. In sy rapport aan lord Bathurst in 1826 sê Bigge,

> „They ... constitute a large portion of the lower class of Tradesmen, Fishermen and Mechanics." 5)

Maar hul bedrywighede het ook 'n ander kant gehad, en Mentzel sê,

> „They earn their living in various ways, but chiefly by cheating the too credulous slaves of such earnings as they obtain over and above the payments due to their masters ...; female slaves pay with their bodies." 6)

Hierdie/.....

---

1) Cruse, H.P.: op. cit., p. 253.
2) Ibid., p. 252.
3) Ibid., p. 267.
4) Vid. par. 6(e)(iii), p. 113.
5) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXVIII, p. 36.

Hierdie vrye swartes het hulself aan die Kaap baie onpopulêr gemaak en 'n gevoel van verharding teenoor hulle veroorsaak:

> „A great number of the emancipated slaves failed to earn an honest living; they were indolent, and showed little enthusiasm to make good use of their freedom." 1)

Dit blyk dat hulle verder aanstoot gegee het deur hul morsigheid en

> „Most of the filth lying in the streets and between the houses was thrown there by free blacks ... who were too lazy to carry it away to the appointed places." 2)

Die vryheid van hierdie vryes is op verskillende maniere beperk, onder andere veral deur die feit dat hulle vir die brandweer verantwoordelik gehou is. Hierdie diens het onder die burgersenaat geressorteer. Die brandweermasjiene is getrek deur die vrye swartes en hulle is gereeld vir oefeninge uitgeroep. In 1828 was daar ses sulke masjiene. Vir versuim om op te daag, is tronk- en liggaamstraf toegedien. Die hele praktyk het by hulle 'n diepe weersin opgewek soos uit hierdie relaas blyk,

> „... the burgher senate still continues to exercise a very vexatious control (under the pretext of securing their services in case of fire) over the free blacks, who are required to take out a pass from the director of the fire engines to enable them to proceed to a short distance in the country, even for a few hours, and without which they are liable to be apprehended and lodged in gaol." 3)

Ordonnansie Nr. 50 het in 1828 'n einde aan die aanstootlike brandweerregulasies en pasbeperkinge gemaak.[4]

(ii) <u>Kaapse Maleiers.</u>

Die vrye swartes wat hoofsaaklik in Kaapstad gewoon het, was die Mohammedaanse godsdiens toegedaan en het later in die Kaapse Maleiergemeenskap opgegaan. Hulle onderskeidende godsdiens het 'n sterk samehorigheidsgevoel in die lewe geroep, en 'n gemeenskapsolidariteit teweeggebring wat hulle 'n besondere maatskaplike posisie besorg het. Hiertoe het ook hul meerderwaardige handvaardigheid, intelligensie en ontwikkelingsvermoë wat hulle van die res van die nie-blankes onderskei het,

bygedra/.....

---

1) de Kock, Victor: op. cit., p. 219.
2) Ibid.
3) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXVIII; p. 36. Vgl. ook XXXV, p. 146.
4) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 162.

bygedra.[1]

Omdat hulle 'n soort aristokrasie onder die nie-blankes geword het, het baie van die vrygestelde negerslawe en basters na 1834 by hulle aangesluit sodat die Kaapse Maleier min aanspraak op bloedsuiwerheid het. En tog is daar sekere kenmerkende fisiese eienskappe wat nog duidelik vertoon. Dr. I.D. du Plessis maak gewag van 'n ondersoek deur die Fakulteit Anthropologie van die Universiteit Kaapstad wat aan die lig gebring het dat 20% uit 'n groep van 200 leerlinge nog betreklike suiwer Maleise eienskappe registreer.[2]

Sommige kenners beskou die Maleier se wetsgehoorsaamheid as indrukwekkend:

> „For a Malay to be brought to court, is a disgrace to the family; and such an occurrence is comparatively rare, although on the up-grade as a result of slum conditions." 3)

Daar is egter waarnemers wat anders getuig. Behalwe Mentzel se getuienis oor hul skelmagtigheid in 1783,[4] lui dit in 1860 nog steeds as volg:

> „In truth their moral character does not stand high. The slave-owners thought well of them because they did not drink — at least not wine or spirits; and for all other matters they let them take their own way. Their intelligence, combined with a peculiar crafty and subtle disposition, eminently qualifies them for rogues, and they do not often allow their gifts to lie unused. It may be safely said that the Malays are the moving power, if not the actual instruments, of most of the wickedness of the Coloured population." 5)

(e) <u>Prize Negroes en Vrystelling van die Slawe.</u>

(i) <u>Exeter Hall.</u>

Die naturalisme van Jean Jacques Rousseau het met die wisseling van die agtiende en negentiende eeue in Engeland meer as humanisme of selfs filantropisme ten gevolge gehad. Dit het in Exeter Hall onder leiding van T. Fowler Buxton in negrofilisme uitgekristalliseer. Hierdie filosofie is in Suid-Afrika verteenwoordig deur sendelinge van die Londense Sendinggenootskap met Philip, Read en Van der Kemp as die bekendste

dissipels/.....

---

1) Cape Monthly Magazine 1861, p. 354.
2) The Cape Malays, p. 1.
3) du Plessis, I.D.: The Cape Malays, p. 30.
4) Vid. par. 6(d)(i), p. 109.
5) Cape Monthly Magazine, December 1861, p. 355.

dissipels. Dié manne het hier die draers geword van 'n eienaardige mengsel van Christendom enersyds, en mens- eintlik inboorlingaanbidding andersyds; van lofwaardige christelike liefde, geduld en verdraagsaamheid teenoor die swartman, enersyds; maar diaboliese haat, onverdraagsaamheid en laster teenoor die witman andersyds.

Terwyl hierdie mense hulle werk in Suid-Afrika gedoen het in medewerking met geesverwante soos Pringle, Fairbairn en Stockenström, het Exeter Hall sy werk in Engeland gedoen; en onder dié leiding is 'n geestelike teëvoeter vir die gees van kolonialisme geskep wat hom al hoe meer op die afskaffing van slawerny toegespits het.[1)]

(ii) Afskaffing van Slawehandel.

Stadig maar seker het die gees van Exeter Hall op die Britse openbare mening deurgewerk en is die Britse regering onder hierdie druk gedwing om na die boodskappe van mense soos Wilberforce en Granville Sharp te luister. Alhoewel die Napoleontiese oorloë die aandag van die staatsmanne in beslag geneem, en die spoed van resultate vertraag het,[2)] het die eerste oorwinning in 1807 gekom toe die Britse Parlement wetgewing aangeneem het om slawehandel in sy koloniale gebiede af te skaf. Dit het beteken dat slawehandelaars nie meer toegelaat sou word om slawe in Britse gebiede aan wal te bring en te verkoop nie.[3)]

Nadat slawehandel deur Engeland in die ban gedoen is, het die vraag ontstaan wat die Kaapse goewerneurs te doen staan in verband met slaweskepe van ander moondhede wat daar aandoen om verversings te bekom. As hulle hierdie skepe van proviand sou voorsien, sou dit beteken dat, alhoewel die Britte self geen slawehandel beoefen nie, hulle tog ander lande help om dit te doen. Die toestande op die Portugese skepe was egter uitermate haglik:

> „It was not unusual for the slaves to be huddled — it might be said packed — together in the spaces below the deck not sufficiently high to admit of sitting upright, and, perfectly naked, to be chained or shackled together in threes or fives. The food was the scantiest and the worst possible consisting probably of bad yams and drinking water only sufficient to make their thirst worse; and the supply of fresh air was as limited as the food and drink. No wonder that disease soon broke out among them, and that about a third and sometimes a half, of the number originally embarked/.....

---

1) Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 6.
2) Stockenström, E.: op. cit., p. 35.
3) Imperial Blue Books: Affairs of the Cape 1816-1826, p. 5.

> „embarked, died before the end of the voyage. The only hope and ambition those poor creatures seem to have had, was that of an opportunity to jump overboard. It is, therefore, not surprising that the Governors of the Cape found it almost impossible to refuse assistance to slaves calling at Table Bay, though it was clear that by doing so, facilities to the odious traffic were thus offered." 1)

(iii) Prize Negroes.

Alhoewel die wet van 1807 slawehandel met Britse kolonies verbied het, het dit geen voorsiening gemaak vir slawe wat van vyandelike skepe buitgemaak is nie, en ook nie vir slawe op vreemde skepe wat in Britse hawens sou strand of verlaat word nie. Hierdie vraag het baie gou van aktuele belang geword en op 16 Maart 1808 is 'n Bevel-in-Rade uitgevaardig om te bepaal dat sodanige negers aan die Kroon verbeur word.

Dit het ook ewe gou geblyk dat dit onmoontlik sou wees om hierdie mense volkome vryheid te gee, en by die Kaap of enige ander plek sonder kwade gevolge aan wal te bring. Lord Charles Somerset sê van hulle,

> „Mozambique Negroes brought hither from a savage state, do not readily and generally acquire those habits of civilisation which would be necessary to persons having the sole guidance of their own conduct, so that it cannot be doubted that if such persons were not placed with humane and proper employers, they would fall into habits of idleness and vice which must end in what we have most to guard against ... vagabondizing and marooning." 2)

Hulle moes naamlik eers geleer word om te werk en hulle by die maatskappy aan te pas, sodat hulle selfversorgend kon wees. Die Bevel-in-Rade het dus bepaal dat sodanige negers in-die-leer geplaas moes word by 'n goedgekeurde persoon of liggaam vir 'n tydperk wat 14 jaar nie sou te bowe gaan nie. Die gedagte was dat die neger in hierdie tydsbestek daarin sou slaag om ambags- of ander vaardigheid te verwerf waarmee hy na die verstryking van sy leerjongeskap in staat sou wees om 'n bestaan te maak. As die betrokke heer te sterwe sou kom, die neger nie langer wou hê nie, of hom mishandel, kon hy vir die res van sy leerjongeskap na 'n ander heer oorgeplaas word, met dien verstande dat sy totale periode van diensbaarheid 14 jaar nie sou oorskry nie.[3]

Tussen 1808 en 1816 is ongeveer 2,000 Prize Negroes aan die Kaap/......

---

1) Cory, G.E.: The Rise of South Africa, III, p. 10.
2) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI, p. 342.
3) Imperial Blue Books: op. cit., p. 13.

Kaap aan wal gebring en met tussenposes het dit voortgeduur tot die veertiger jare van die negentiende eeu.

(iv) Vrystelling van die Slawe.

Tydens die eerste Britse bewind was die openbare mening in Engeland reeds baie sterk teen slawerny gekant en kon invoerpermitte slegs met groot moeite verkry word, maar dit het nie verhoed dat die aantal slawe teen 'n asembenemende tempo aangewas het nie.[1] In skrille kontras hiermee het die beleid van die Bataafse Republiek gestaan. In sy driejarige regime van 1803 tot 1806 is slawehandel aan die Kaap nie alleen verbied nie, maar dit is ernstig oorweeg om slawerny algeheel af te skaf. Toe die Hollandse koloniale sekretaris, D'Orzy in 1806 in Tafelbaai aankom en deur die Engelse gevange geneem word omdat dit reeds na die tweede besetting was, was daar tussen sy dokumente 'n opdrag dat alle kinders wat voortaan uit slawe-ouers gebore sou word, met geboorte vry verklaar sou word. Indien aan hierdie opdrag uitvoering gegee was, sou slawerny aan die Kaap op 'n onopsigtelike wyse ten einde geloop het sonder die verliese, lyding en kwaadbloed wat die latere drastiese optrede van die Engelse bewind veroorsaak het.[2]

Die Engelse het egter 'n ander weg gevolg en die Kaap oor dieselfde kam geskeer as sy ander slawehoudende kolonies, en na die beëindiging van die Napoleontiese oorloë in 1815 is die saak met hernude krag aangepak en die een beperkende regulasie na die ander is uitgevaardig.[3] Dit het nie met die oog op die Kaapse toestande geskied nie, was in baie opsigte onnodig en onprakties en het ernstige ontevredenheid van die koloniste ten gevolge gehad.[4] Uiteindelik het sir Thomas Fowell Buxton daarin geslaag om op 30 Augustus 1833 wetgewing in die Britse Parlement aangeneem te kry wat slawerny in die Britse ryk afskaf. Hierdie wetgewing het op 1 Desember 1834 op Suid-Afrika van toepassing geword,[5] en op daardie datum is die byna 40,000 slawe aan die Kaap vrygestel.

(f) Bydrae tot die Kleurlinge.

(i) Numeries.

Naas die Hottentotte het die slawe duidelik die grootste bydrae tot die ontstaan van die Kleurlinge gelewer. Bo en behalwe die vrye swartes en die Prize Negroes wat eintlik ook/......

---

1) Vid. par. 6(b)(iv), p. 102.
2) Cory, G.E.: op. cit., p. 7.
3) Stockenström, E.: op. cit., pp. 35-59.
4) Ibid., p. 51.
5) Ibid., p. 59.

ook maar tot die slawestand teruggereken kan word, was daar met hul vrystelling op 1 Desember 1834 nie minder nie as 39,021 slawe, oues van dae en kinders ingereken.[1]

(ii) Fisiese Voorkoms.

Daar word soms gepraat van „Kaapse Kleurlinge", met dié betekenis aan die term verbonde as sou die Kaapse Kleurling onderskeibaar wees van ander Kleurlinge.[2] Daar word dan gedink aan gladder en styler hare teenoor die gebruiklike peperkorrels; 'n meer sjokolade-bruin teenoor die geelbruin van die platteland; die regop neus met fyner gelaatstrekke teenoor die plat neus, die hoë wangbene en growwer besnedenheid van die Hottentotinslag; en die algehele afwesigheid van steatopigie teenoor die sporadiese voorkoms daarvan elders. Die bestaan van hierdie vermeende of werklike verskille word verder onderstreep deur die resultaat van 'n bogenoemde ondersoek wat aan die lig gebring het dat in 'n aansienlike aantal leerlinge nog kenmerkende Maleise fisiese eienskappe onderskei kon word.[3] Insoverre hierdie verskille bestaan, moet hulle duidelik aan die invloed van die slawe toegeskrywe word.

(iii) Die Maleier en Islam.

Die mees onbetwisbare nalatenskap van die slawe as 'n filiaal van die Kaapse Kleurlingbevolking is die Maleier en sy godsdiens, Islam. Hierdie bevolkingsdeel is weliswaar etnies geheel en al deureengestrengel met die res van die Kleurlinge, maar op godsdienstige gebied is daar 'n diepgaande verskil — so diep as wat die kloof is tussen Christus en Mohammed. Die Maleier lê meer as die ander Kleurlinge 'n samehorigheidsgevoel aan die dag en dit moet enkel aan die saambindende en tegelyk onderskeidende krag van hul godsdiens toegeskrywe word.

Hierdie groep brei ook numeries veel vinniger uit as die res van die Kleurlinge, en het van 34,078 in 1936 tot 62,807 in 1951 toegeneem. Die toename moet toegeskrywe word aan natuurlike aanwas, maar ook aan die aktiwiteit van Islam ten opsigte van die sending. In hierdie opsig dreig die slawe-erfenis om die Kaapse Kleurling te ontkersten en te verheidens.

(iv) Emosionele Opwenbaarheid en Misdaad.

Dr. I.D. du Plessis skrywe,[4]

„Ook/......

---

1) Stockenström, E.: op. cit., p. 67.
2) U.G. No. 54/1937, par. 16, p. 10.
3) Vid. par. 6(d)(ii), p. 110.
4) Maleise Samelewing aan die Kaap: Die Huisgenoot, 5.4.35, p.15.

> „Ook aan die Kaap het die rasegte Maleier daarin geslaag om ten spyte van rassevermenging sekere trekke te bewaar: Op die skoolbanke word die donkerbruin van die Javaanse tipe en van die Amboinese nog gesien; en enigeen wat 'n Chalifah bygewoon het, sal in die ekstase wat verwek word, verwantskap met die mense wat in die Ooste mata gelap (letterlik donker oog; in 'n toestand van raserny) word, sien."

Voeg 'n mens hierby die kris, die dolk of die mes van die amokmaker, en jy vergelyk dit met die ontembare woede-opwellings by menige Kaapse Kleurling en sy byna raseie geneigdheid om dit aan messtekery te paar, is dit meer as waarskynlik dat daar erflike verband moet wees.

(v) Seksuele Losheid.

Die uiterste seksuele losheid was een van die kenmerkende eienskappe van die Kaapse slawe en wat ook al die oorsaak daarvoor mag gewees het, is dit 'n indrukwekkende verskynsel dat buite-egtelike geboortes en seksuele ongebondenheid byna sinoniem met 'n groot gedeelte van die Kleurlingbevolking geword het.

(vi) Handvaardigheid.

Anders as die Hottentot wat weinig aanleg vir handewerk getoon het, het veral die Oosterse slaaf 'n voortreflike handvaardigheid aan die dag gelê wat die vermoede wek dat dit in die Kleurlinge van ons tyd teruggevind word waar hulle besig is om meer en meer 'n deurslaggewende rol te speel in baie ambagte van die nywerheidslewe.

Langs hierdie weë het die slaweherkoms van die Kleurling meegewerk om gesindhede, lewensgewoontes, verwaarlosingstoestande, onverantwoordelikheid, dronkenskap, sedelike ontaarding en onverskilligheid teenoor die eie familie tradisioneel te maak. Dit is nie nodig om te betoog dat hierdie slawementaliteit van maatskaplike en sedelike onverantwoordelikheid nadelige erfgoedere uitmaak en toestande skep wat noodsaaklikerwyse gedragsafwyking onder jeugdiges in die hand moet werk nie. Dit spreek vanself.

7. Die Blanke.

Die konstituerende elemente wat tot dusver behandel is, het reeds geheel en al in die Kleurlinge opgegaan, soos die slawe; of is besig om geheel en al in die Kleurlinge op te gaan, soos die Hottentotte; of is besig om geheel en al te verdwyn, soos die Boesmans. Die res van die konstituerende dele kom in dié opsig ooreen dat, terwyl hulle bygedra het tot die samestelling van die Kleurlinge en nog steeds bydra, hulle ook as afsonderlike rasse apart bly voortbestaan.

Net soos die Hottentotte en slawe van ouds, sluit die Kleurling vandag nog nie sy geledere vir die verdere bymenging van hierdie, daardie of ander bloedsoorte nie, en daar is ope flanke na alle kante toe vir vrye geslagsverkeer.[1] Hierdie toedrag van sake bring mee dat daar ten opsigte van die Kleurling en sy genetiese samestelling 'n vloeibare toestand bly voortbestaan: Alhoewel hy vandag reeds as 'n eie tipe met 'n min of meer besondere identiteit daar is, hang dit grootliks van die loop van die geskiedenis en omstandighede af wat hy môre sal wees. Die gebrek aan nasionale trots en seksuele inhibisies verleen aan die Kleurling 'n inslag van vloeibaarheid, onvoltooidheid en onvoorspelbaarheid, en maak hom die onsekere slagoffer van die winde van verandering.

In die wordingsproses van die Kleurling het die blanke 'n groot rol gespeel. Sonder sy bydrae is die Kleurling in sy huidige gedaante ondenkbaar.

(a) <u>Herkoms.</u>

Daar moet 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen tweërlei soorte van blanke wat met die genese van die Kleurling te doen het: Die eerste is verbyvarende blanke matrose en soldate en die tweede is die blanke inwoner van die land.

(i) <u>Verbyvarendes.</u>

Vanweë sy strategiese geografiese ligging is dit vanselfsprekend dat skepe van alle seevarende volke wat om Afrika seil, by die Suid-Afrikaanse hawestede aandoen. Die bemanning en ander opvarendes van hierdie skepe het waarskynlik 'n nie onaansienlike rol gespeel by die prokreasie van die Kleurling nie.

Alhoewel dit reeds geruime tyd nie meer die geval is nie, was daar in die dae van die Kompanjie 'n besliste poging om die Kaap te reserveer vir die aandoen van skepe uit bevriende Wes- en Noord-Europese lande. Op sy reis om die wêreld in Oktober 1772 berig Cook,

> „Almost every inferior officer of the Dutch Company's government, the members of the Council excepted, let their supernumerary apartments to the officers and passengers in the various English, French, Danish and Swedish ships which annually put in here, either on their voyage from or back to Europe." 2)

Maar met sy tweede landing in April 1775 tref hy ook Spanjaarde

in/......

1) Vgl. Tabel 3, p. 53.
2) Cook, James: A Voyage round the World, I, p. 58.

in Tafelbaai aan en raak hy die volgende insiggewende sinsnede kwyt,

> „The Dutch formerly did not suffer the Spaniards to land at the Cape of Good Hope, and discouraged them as much as lay in their power, from touching here..." 1)

Maar dit beteken natuurlik nie dat daar onder opvarendes van die Wes- en Noord-Europese skepe nie ook mense van ander gebiede aanwesig was nie, want met die wisseling van die sewentiende en agtiende eeue lees ons by Valentyn

> „...dat men hier allerley Natien, en dus Nederlanders, Engelschen, Franschen, Hoogduitzers van allerley gewesten, Savoyaards, Italianen, Hungaaren, ... vint," 2)

en dr. I.D. du Plessis stel dit in sy oorsig so:

> „There existed, therefore, in these early days at the Cape, a conglomeration of races of widely different origin, customs, creeds and languages ..." 3)

Daar is oorvloedige dokumentêre getuienis wat bewys dat hierdie blankes 'n lewendige geslagsverkeer met die nie-blanke vroue aan die Kaap daarop nagehou het.[4]

(ii) Inwoners.

Net soos in die geval van die verbygaande skepe, het mense in die jonger verlede uit alle oorde van Europa hulle in Suid-Afrika gevestig. Sedert die Britse okkupasie het die verskeidenheid teen so 'n tempo steeds bonter geword dat 'n behoorlike analise eintlik 'n onbegonne taak sal wees.

Dr. H.T. Colenbrander het dit egter sy saak gemaak om die komposisie van die Boerevolk soos dit was met die tweede Britse besetting, na te gaan. Vir dié doel het hy 'n diepgaande statistiese analise gemaak van gegewens versamel deur C.C. de Villiers in sy „Geslachtregister der Oude Kaapsche Familien" en deur G.M. Theal. Hy kom tot die gevolgtrekking,

> „Dat na den tweeden overgang der Kaapkolonie aan Engeland, in 1806, toen dus de bevolking ophield uit Nederland of door bemiddeling van Nederland te worden gevoed, de afkomst der kolonisten voor ruim 50 p Ct. Nederlandsch/.....

---

1) Cook, James: A Voyage round the World, II, p. 555.
2) Valentyn, Francois: Beschrijving van oud en nieuw Oos-Indien, p. 38.
3) du Plessis, I.D.: The Coloured People of South Africa: Some Aspects of their Present Position, p. 2.
4) Vid. Hoofstuk IV, par. 5, p. 147.

„Nederlandsch was, voor 27 p Ct. Duitsch, voor meer dan 17 p Ct. Fransch en voor ongeveer 5½ p Ct. van andere nationaliteiten." 1)

(b) Werwing vir die V.O.C.

Die Here XVII het reeds in Oktober 1655 besluit om blankes op kleinhoewes in die omgewing van die fort te plaas, maar dit was nie voor Februarie 1657 vir Van Riebeeck moontlik om hierdie opdrag uit te voer nie.[2] Gedurende die eerste jaar is 52 vrybriewe uitgereik terwyl vir ses jaar daarna gemiddeld 32 amptenare per jaar vrygestel is.[3]

Hierdie mense het uit die onderste lae van die Kompanjie se diens gekom en dit is van belang om te weet hoe hulle destyds gewerf is. Dit het geskied deur die sogenaamde „zielverkoopers," skurke, wie se bedrywighede deur Thunberg volledig beskrywe word:

„... These kidnappers, the most detestable members of society, frequently effect the ruin of unwary strangers, by decoying them into their houses, and then selling them to be transported to the East Indies ... These man-stealers are citizens who under the denomination of victuallers, have the privilege to board and lodge strangers for money ... They not only keep servants to pick up strangers in the streets, but also bribe the carriers (kruijers) who carry the baggage of travellers from the ships to the inns, to bring strangers to lodge with them; who as soon as they arrive, are generally shut up in a room ... where they are kept upon scanty and wretched food, entered as soldiers on the Company's books, and at length when the ships are ready to sail, carried on board. The ... dealer, on the other hand, receives two months of their pay, and what is called a bill of transport for 100, 150 or 200 gildens ... Yet all do not fall into their hands in this unfortunate manner, but many having no other means of subsistence, go of their own accord to one of these traders in human flesh, who provides them with board and lodging on credit, and for his own security shuts them up, till they can be sent on board." 4)

Ook Cook in sy rondreis om die wêreld verwys na hierdie stelsel van mensediefstal en sê verder,

„Nothing is more common in this and other Dutch Colonies, than to meet with soldiers in the company's service who, upon enquiry, acknowledge they have been kidnapped in Holland." 5)

Nadat/.....

---

1) Colenbrander, H.T.: Die Afkomst der Boeren, p. 48.
2) Lintvelt, H.G.J.: Die Vryburgers was die Eerste Suid-Afrikaners: Die Huisgenoot, 7. 3.52, p. 53, kol. 1.
3) Ibid., kol. 2.
4) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, I, pp. 73-75.
5) Cook, James: A Voyage round the World, I, p. 62.

Nadat die Kompanjie eers eenmaal op hierdie wyse tewerkgegaan het, was dit onmoontlik om weer daarvan af te sien:

> „This system once commenced could not be changed. To keep in subjection a number of men ... rendered desperate by the circumstances in which they were placed, a discipline so severe was necessary and was carried out with such determination, that no good seaman or soldier would enter the service. Cause and effect were thus continually reacting on each other. It is not surprising that men, to free themselves from such a life, should be found willing to accept grants of land in South Africa on the terms prescribed by Commissioner van Goens, and it is still less surprising that in general they made very unruly and improvident citizens." 1)

(c) <u>Gehalte van Werknemers.</u>

Om mee te begin, spreek dit vanself dat die mense wat hierdie sielverkopers ten prooi geval het, meesal nie uit die boonste rakke van die Europese maatskappy gekom het nie. Theal beskrywe dit so: „In this manner was gathered together a motley crew of spendthrifts, vagabonds and simpletons, the very refuse of Europe," 2) en waar hulle uit beter kringe afkomstig was, was daar gewoonlik 'n ernstige skroef los en was hulle „by their crimes or their misfortunes, ... reduced to the general level of their associates." 3) Dit is egter ook van die grootste belang om te weet dat, van die oomblik af dat hulle die kwartiere van hierdie handelaars binnegegaan het, en veral later ook op die skepe, hulle in die allerslegste geselskap was onder omstandighede wat enkel daartoe kon meewerk om van die mens 'n desperate, roekelose skurk te maak. Diefstal, drank, geweld, siekte, dood en doodslag was aan die orde van elke dag.4) Die Kompanjie het nie omgegee nie. Aan boord het hulle by die hope gesterwe:

> „A fact no less deplorable than certain, is that the small expense and facility with which the Zielverkopers actually carry on their infamous trade of supplying the India Company with recruits, makes them less attentive to the preservation of health among these poor people." 5)

Uit hierdie mense is die eerste vryburgers van Suid-Afrika getrek, en Theal het seker reg om te sê hulle soort was,

„neither/.....

---

1) Theal, G.M.: Compendium of South African History, p. 75.
2) Theal, G.M.: ibid.
3) Ibid.
4) Thunberg, C.P.: op. cit., pp. 76 en 77.
5) Cook, James: ibid.

„neither then nor at any subsequent period that of which a prosperous and independent community is formed",[1] want een na die ander het die vroeë Kommandeurs aan die Kaap die swak gehalte van hierdie mense betreur. Wagenaar wat Van Riebeeck in 1662 opvolg, noem hulle „ongeschaeffde gasten" en kon hom gladnie vereenselwig met „al 't geen dus langh van deselve geschreven, getuijght en gehoopt is, vermits nu dagelijcx het tegendeel bevint" want,

> „'t grootste gedeelte derselven syn versopene, luye lompe vlegels, die vermits geen behoorlijck acht op haer geleende knechts als op haer ackerwerk en beesten slaen, haer daardoor selver onder de voet houden en qualijck uit haer schulden cunnen comen." 2)

Vier jaar later toe Wagenaar hulle veel beter ken, en hulle in verskillende groepe kategoriseer, was sy oordeel nog steeds dieselfde: Daar was die vier of vyf „seer goede, arbeijtsame neerstighe lieden en goede besorgers van haere huijsgesinnen", maar daar was onder die res „veel luije onnutte menschen, en noch veel meer vagabonden off overgegevene schandelijcke dronckaerts" wat 'n „onbesuijst woest leven" lei, mense wat „nergens om schijnen te geven", hulle graan op die lande laat staan, hulle gereedskap, beeste en skape „verspeelt off versopen gehad hebben ... mitsgaders veelderleij bedroch en dieverije die onder dat volck ommegaan, comen ons schier dagelijcx meer dan te veel clachten voor." [3]

In 1668 skrywe Van Qualberg dat indien „in Nederlant de boeren sodanig dronken als hier, daer bleef noch koe, ploeg, of egge by 't lant". [4] In dieselfde jaar lê Borghorst, die opvolger van Van Qualberg, die boere ten laste, „hoe se hun meer met tappen en ander vuijl gewin als met den lantbouw sochten te bemoeijen." [5] Dit is geen wonder dat hy in 1670 die aantal kroeë, „al tot 18 à20 aangewassen", verminder tot 7 nie,

> „want jder — na die tap en uijtsuijperije (als een luije hanteringe wesende) soo danich geïnclineert dat nergens anders na omsien en de lantbouwers beweeght, den bouw verlatende; hun tot genoemde neeringe alsmede aan't fort, met 'er woone te transporteeren." 6)

Dit/.....

---

1) Theal, G.M.: op. cit., p. 75.
2) V.C. 36: Rapporte van Kommissarisse, 1657-1764, p. 167; Franken, J.L.M.: Die 'taal van die Slawekinders ... in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Sept. 1927, p. 30.
3) Memorien en Rapporten 1657-1685, pp. 166-179.
4) Uitgaande brieven, 20 Januarie 1668.
5) V.C. 36: Rapporte van Kommissarisse, 1657-1764, p. 204; Franken, J.L.M.: op. cit., p. 32
6) V.C. 36: Rapporte van Kommissarisse: ibid.; Franken, J.L.M.: ibid.

Dit is verder ook geen wonder dat mense wat hulle so met drank te buite gaan, geen goeie koloniste sou uitmaak nie, en Isbrand Goske herinner kommandeur Pieter Hackius daaraan dat 'n mens

> „oock considereren zall dat hier so weijnig persoonen onder de vrylieden te vinden zijn (de goede niet te nae gesproken) daer men sigh eenigsints op zoude mogen verlaten", 1)

en in die opdrag van Nicolaas Verburgh vir Bax van Herentals in 1676 lees dit so:

> „Het is van outs hier ter plaatse al een gebreck geweest dat de meeste vrylieden seer, en meer tot de tapneringe als wat anders te doen inclineeren." 2)

Van Rheede het die naamrolle van die vryburgers nagegaan, en

> „bevond dat het meeste getal van deselve uit vreemdelingen of te persoonen geen onderdanen zynde van die generaliteijt, dat mede onder deselve burgers verscheyde van quaet leven gedebaucheert en van andere religie zijnde, nogh stigtingh noch voldoeningh geven aan het oogmerck van een goede Colonie." 3)

Van hierdie „vreemdelinge" was 'n groot gedeelte Duitsers [4] oor wie Theal hom as volg uitlaat,

> „Among the Germans were beyond doubt many men of unblemished character, but in general they belonged to the roving class and did not marry and settle down, until the highest vigour of life was gone." 5)

(d) <u>Bydrae tot die Kleurlinge.</u>

Dit is hierdie soort blanke wat tot die ontstaan van die Kleurling bygedra het, en dit is belangrik dat dit nie net verbyvarende soldate en matrose was wat 'n aandeel gehad het nie, maar dat die vaste inwoners van die nedersetting aan die „Zuijder uijtstekenste hooft van Africa" 'n aktiewe rol hierby gespeel het. Soos Franken dit stel,

> „Dis moeilik om aan te neem dat vryliede van hierdie kaliber, grotendeels ook analfabete en eks-soldate en -matrose sonder uitsondering in die tydperk by onstentenis/.....

---

1) V.C. 36: Rapporte van Kommissarisse: ibid.; Franken, J.L.M.: ibid.
2) C.700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p. 280.
3) V.C. 36: Rapporte van Kommissarisse, 1657-1764.
4) Colenbrander, H.T.: De Afkomst der Boeren, p. 72.
5) Theal, G.M.: The History of South Africa before 1795, p. 353.

„onstentenis van blanke vrouens en wettige geslagsverkeer minder aan die verleiding sou blootgestaan het om hul af te gee met slavinne, as die soldate en matrose self." 1)

Vreemde soldate en matrose het ongetwyfeld van die vroegste tye af tot nou toe 'n lewendige geslagsverkeer met nie-blankes veral in die kusstede aan die gang gehou; maar daar is oorweldigende getuienis dat 'n ewe belangrike bydrae net so konstant van toe af tot nou toe deur die vaste ingesetenes van die land volgehou is.

Hierdie bydrae is statisties nie te bepaal nie. Daar is wel 'n aantal huwelike voltrek, maar verreweg die grootste gedeelte van die vermenging het buite-egtelik plaasgevind. Alhoewel die gebeure vir statistiese berekening onvatbaar is, en alhoewel sommige deskundiges daarop wys dat die blanke bloed geen sine qua non vir die samestelling van die Kleurling is nie, is dit tog sonneklaar dat die Kleurling van Suid-Afrika sonder die bydrae van die blanke nagenoeg ondenkbaar is.

(i) Fisiese Eienskappe.

Die invloed van die blanke ten opsigte van die fisiese voorkoms van die meeste Kleurlinge is onmiskenbaar. Dit kom tot uiting veral in die huidkleur wat in sommige gevalle nouliks van dié van die blanke onderskeibaar is, maar ook in die liggaamsbou, en in die gesigs- en haarvorm waar die blanke invloed dikwels duidelik waarneembaar is.

(ii) Godsdiens en Kultuur.

As die Maleiers buite rekening gelaat word, word die Kleurlinge as die mees gekerstende mense in Suid-Afrika beskou. Hulle het dus die godsdiens van die blanke in sy geheel aanvaar. Maar hulle het ook die westerse leefwyse hul eie gemaak. Enkeles soos S.V. Petersen en P.J. Philander het bewys gelewer dat hulle in staat is om selfs 'n konstruktiewe bydrae tot die letterkunde te lewer, [2] terwyl die Eoan Groep getoon het dat daar Kleurlinge is wat in staat is om op die hoogste kulturele vlakke mee te lewe en mee te ding. Die beskawingsprestasies van hierdie en baie ander Kleurlinge het reeds sodanige afmetings aangeneem dat 'n algehele reorientasie teenoor die

Kleurling/......

1) Franken, J.L.M.: op. cit., p. 33.
2) Die Burger, 31. 3.60, p. 9, kol. 5.
The Cape Argus, 4. 4.60, p. 6, kol. 5.

bepleit word. [1]

Dit is duidelik dat die blanke aan die Kleurling nie alleen 'n fisiologiese nie, maar veral 'n godsdienstige en kulturele bydrae gelewer het, wat hierdie twee groepe in Suid-Afrika onlosmaaklik aan mekaar verbind: Daar bestaan selfs 'n wederkerige verband en dié word uiters sterk gestel in die woorde van dr. Franken as hy die ontstaan van Afrikaans self koppel aan die wording van die Kleurling:

> „Tussen die Europeër en die slaaf het die fisieke, die Baster, en die ruimer geestelike kontak ..., 'n nuwe Nederduits, 'n ‚gebroken spraek', geskep..." 2)

(iii) Ongunstige Invloede.

As daar gedink word aan die gehalte blanke wat tot die ontstaan van die Kleurlinge bygedra het, en nog steeds bydra, en dit word saamgesien met verskeie karakteristieke swakhede van die Kleurling, ontstaan onmiddellik die gedagte aan 'n waarskynlike oorsaaklike verband. Die Kleurlinge word onbetroubaar genoem en dit is een van die belangrikste klagtes van die vroeë Kommandeurs oor die toenmalige blankes aan die Kaap.[3] Baie Kleurlinge is drankverslaafdes en juis dit was een van die vernaamste swakhede van hul vroeëre blanke stamvaders.[4] Die Kleurlinge is bekend vir hul verregaande seksuele losheid en as daar in aanmerking geneem word hoe die eerste blankes hulle met die slavinne misgaan het, en baie blankes vandag nog hul vleeslike wellustes aan die oorkant van die kleurskeidslyn ontlaai, kan daar min twyfel bestaan oor die feit dat ook uit daardie oord ongunstige erfgoedere ontvang is.

8. Die Bantoe.

Die Suid-Afrikaanse Bantoe het, wat die oorspronklike wordingsproses van die Kleurling aangaan, weinig of geen bydrae gelewer nie, want toe hulle sedert die tweede helfte van die vorige eeu in die huishouding van die blanke ekonomie begin opgeneem word, was die bestaan van die Kleurlinge reeds 'n voldonge feit.[5] Die Bantoe het eers in betreklik resente tyd op die toneel verskyn om 'n direkte bydrae van aansienlike omvang te lewer. Hierdie bydrae kan sekondêr genoem word insoverre dit nie soseer tot die eintlike ontstaan van die Kleurling aanleiding

gegee/......

1) Theron, E.: SABRA-tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Julie 1950, p. 22 et seq.
2) Franken, J.L.M.: op. cit., p. 38.
3) Vid. par. 7(c), pp. 120-122.
4) Ibid.
5) Vid. par. 2, pp. 54-56

gegee het nie, as wat dit 'n verdere infusie van 'n besondere bloedsoort in die reeds bestaande Kleurlinggroep beteken. Die bydrae van die Bantoe dra gewigtige betekenis omdat dit as versterking kom van die negroïede bloed wat reeds, via die slawe van die Wes- en Oos-Afrikaanse kuste en van Madagaskar, in die Kleurlingkomposisie opgeneem is.

(a) Herkoms en Etnografiese Besonderhede.

(i) Herkoms en Verspreiding.

Volgens Theal [1] is die Bantoe afkomstig van 'n groep mense wat nie te lank gelede nie Afrika uit 'n noordoostelike rigting binnegetrek, en hier met die bestaande bevolkings vermeng het deur die mans dood te maak en die vroue te inkorporeer. Later het die groep in stamme opgebreek wat elk sy eie rigting gaan terwyl die een met Indiër-, en die ander met neger- en 'n derde met Boesmanvroue vermeng. Hierdie stamme vergroot, veg onder mekaar en baan hulle weë suidwaarts; en dit was toe hierdie hordes die gebied van die groot mere bereik het, dat die Hottentotte wat daar woonagtig was, in 'n suidwestelike rigting gevlug het. [2]

Mettertyd het die Bantoe die Zambezi oorgesteek en suidelike Afrika binnegetrek, waar daar vandag duisende aparte stamme aangetref word met honderde aparte tale en dialekte, [3] maar wat tog op grond van taal, kultuur, lewenswyse en gewoontes in drie groot groepe verdeel kan word, tewete die Nguni- (Swazi, Zulu, Xosa, Pondo, Thembu, en andere), die Sotho- (Basuto, Barolong, Batlapin en andere) en die Venda-groepe. Die Nguni-groep woon hoofsaaklik langs die ooskus af en die ander in die binneland van Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Basutoland en Bechuanaland.

(ii) Fisiese Eienskappe.

Alhoewel die verskillende Bantoestamme aansienlike ooreenkomste vertoon, bestaan daar nietemin ook belangrike verskille. Theal [4] skrywe hierdie verskille toe aan hulle afstamming van vroue wat so ver van mekaar af staan as die Hamiet van die neger of die Boesman. Die gevolg is dat sommige van hulle 'n Boesmanvoorkoms openbaar, terwyl andere gelaatstrekke vertoon wat op dié van die blanke gelyk. Eweso wissel die

huidkleur/...

---

1) Ethnography and Condition of South Africa before 1505, p. 144 et seq.
2) Vid. par. 5(b)(ii), p. 71 et seqq.
3) Schoeman, P.J.: Die Bewoners van Suid Afrika: Kinderensiklopedie I, p. 224, kol. 1.
4) Op.cit., p. 207.

huidkleur van die Bantoe van 'n ligbruin tot 'n diep swart. Die Bantoe langs die kus het 'n sterk, groot postuur met 'n trotse houding, terwyl dié in die binneland kleiner en swakker gebou is. Die hoof is bedek met digte, swart peperkorrels en daar is dikwels 'n baard. Die neus is meesal plat en die lippe dik; maar dit kan ook respektiewelik prominent en dun wees.

(iii) Godsdiens.

Die Bantoe se godsdiens vorm die sleutel tot sy kultuur, sy gedagtewêreld en lewensbeskouing. Dit loop in drie bane uiteen, tewete sy godsgeloof, sy geloof in die geeste van die voorvaders en sy geloof in die toorkuns.

Die Bantoe glo in die bestaan van 'n Opperwese en die verskillende stamme het verskillende name om Hom aan te dui. Vir die Zulu is hy umDali of ook unKulunkulu en vir die Mosuto is hy Molimo. Maar hierdie Wese wat weliswaar Skepper is, het Hom ná die skepping teruggetrek. Hy is te groot en te hoog verhewe om hom direk met die mens te bemoei. Hy word genader deur die geeste van die voorvaders. In tye van droogte en beproewing word die geeste van die voorvaders aangeroep wat dan die boodskappe moet aangee boontoe al langs die leer van die stamboom op totdat dit by die Skepper uitkom. Dit is dus eintlik verkeerd om die voorvaderaanbidding te sien as 'n doel op homself. In werklikheid is die voorvaders slegs 'n middel tot 'n doel en is hulle in 'n sekere mate vir die Bantoe wat Christus vir die Christene is, naamlik die middelaar tussen God en mens, die Een wat pleit en genade vra by God, die Skepper. Die Bantoe lewe in voortdurende vrees vir die toorn van die voorvaderlike geeste en daar moet gereeld offers gebring word om hierdie toorn te besweer.[1)]

In sekere sin staan die toorgeloof van die Bantoe los van sy Godsgeloof en voorvadergeloof. Die toorgeloof gaan uit van die standpunt dat daar in konkrete dinge krag of energie skuil wat die mens kan benut om tot voordeel of skade van andere te gebruik, en alle Bantoe het 'n dodelike vrees vir toordery.[2)]

(iv) Ekonomiese en Sosiale Organisasie.

Die Bantoe het sy bestaan gevind deur die beoefening van die jag, die veeteelt en die landbou en in sy stamverband beoefen hy 'n eiesoortige sosialisme waarvolgens die grond nie deur die enkeling nie, maar wel deur die stam as sodanig besit word. Een familie word nie toegelaat om hom ten koste van die ander/......

---

1) Schoeman, P.J.: op. cit., pp. 226-229.
2) Schoeman, P.J.: op. cit., pp. 229 en 230.

ander te verryk nie, met die gevolg dat besittings eweredig tussen die families verdeel is en elke familie 'n bestaan kan maak.[1]

Die familie en nie die enkeling nie, is die grondslag waarop die maatskaplike lewe ingerig word. Die Bantoe beoefen veelwywery en huwelike word volgens die lobolastelsel voltrek. Die kinders word deur middel van nabootsing en oorlewering opgelei in die gebruike en tradisies van die stam. Voordat hulle as grootmense beskou word, moet hulle die inisiasie- of stamskole deurloop.[2]

(v) Die Regering- en Regstelsel.

Die Bantoe het 'n sorgvuldige regering- en regstelsel opgebou wat ten nouste saamhang met sy sosiale organisasie: 'n Aantal families saam vorm die grootfamilie of „clan", en 'n aantal „clans" saam vorm die stam. Aan die hoof van die stam is die koning wat tegelyk staatkundige en priesterlike hoof is. As sodanig is hy ook die hoofregter. In hul onderskeie gebiede vorm die hoofmanne van die grootfamilies wyksrade en die belangrikste hoofman is die hoof van die wyksraad. Sake wat nie belangrik genoeg is om na die koning deurgestuur te word nie, word hier afgehandel.[3]

(vi) Geaardheid en Sedelike Peil van die Bantoe.

Die Bantoe is oorlogsugtig van aard en die strydlustigste stamme is dié van die Nguni-groep wat langs die ooskus van Natal en die Oostelike Provinsie aangetref word.[4] In sy opvoedingstelsel is die vorming van die jongman as soldaat 'n primêre oogmerk: „Die Kaffertjies ... moes leer jag en oorlog maak. In hul lewe was die drie mylpale die volgende: soldaat, man en vader."[5]

Soms het die Bantoe hulle as vreedsaam en goedgeaard voorgedoen, maar hulle was ook die voorwerpe van groot uitbarstinge van geweldige opgewondenheid wanneer barbaarse gevoelens vry spel gehad het,[6] 'n eienskap wat reeds deur Vaandrig Beutler waargeneem is toe hy die volgende kommentaar lewer:

> „Ten laatsten is deese natie in het algemeen van een seer bygeloovigen dog te gelyk onverdragelyken quaadaardigen en leugenagtigen inborst..." [7]

Hierdie/.....

---

1) Schoeman, P.J.: op. cit., pp. 230 en 231.
2) Ibid.
3) Schoeman, P.J.: op. cit., p. 234.
4) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 192.
5) Schoeman, P.J.: op. cit., p. 233, kol. 2.
6) Theal, G.M.: op. cit., p. 210.
7) Theal, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten, p. 53.

Hierdie karaktertrekke kom onder die skerp lig van die geskiedenis as daar gedink word aan historiese gebeurtenisse soos dié van Hloma Amabutho en Bloukransrivier [1] en die moderne insidente van New Brighton en Cato Manor.

Alhoewel die Bantoe huweliksontrou met wraak straf, het reeds Van Plettenberg op sy reis in die sewentigerjare van die agtiende eeu bevind dat kuisheid nie veel in ag geneem word nie.[2] Die stamskole speel 'n verderflike rol in die sedelike lewe van veral die meisies, en Theal wat 'n spesiale studie van naturelle in die Oostelike Provinsie gemaak het, berig daaroor met afgrysing:

> „All that the most depraved imagination could devise to rouse the lowest passions of the young females was practised. A description is impossible." [3]

Die Bantoe is volslae veediewe. Volgens hulle opvatting is diefstal van 'n ander grootfamilie nie soseer 'n misdaad as 'n burgerlike oortreding nie, en geen skande is daaraan verbonde nie. As diefstal egter teen 'n man bewys kan word, is hy geforseer om milde vergoeding te doen. Iemand wat op die daad van diefstal betrap word, kan deur die eienaar onmiddellik en straffeloos doodgemaak word.[4]

'n Irriterende gewoonte van die Bantoe is om volhardend te bedel:

> „From the chief down to his poorest subject, the cry was nothing but give, give. Every artifice was employed to get from him (die vreemde besoeker) whatever they saw, and among some of the most degraded of the communities, he might consider himself fortunate if really violent means were not used to effect this purpose." 5)

By hierdie „onbeschaamde beedelagtige aard" kom die „leugenagtige inborst" volgens Vaandrig Beutler,[6] en daaroor sê Theal,[7]

> „Truth is not a virtue of barbarian life. In general if a man could extricate himself from a difficulty,
> escape/......

---

1) Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p. 299.
2) Theal, G.M.: op. cit., p. 24.
3) Theal, G.M.: Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 254.
4) Ibid., p. 291.
5) Theal, G.M.: op. cit., p. 292.
6) Theal, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten, p. 53.
7) Ethnography and Condition of S.A. before 1505, p. 292

> „escape punishment or gain any other advantage by telling a falsehood, and did not do so, he was regarded as a fool."

(b) Intog in Wes-Kaapland.

Die noordelike en Natalse Bantoe was van vroeg af in aanraking met die Kleurling deurdat Kleurlinge tussen die Bantoe ingesypel het soos byvoorbeeld in Batho by Bloemfontein, Lady Selborne in Pretoria, en Sophiatown en Vrededorp aan die Rand, en daar kan sterk infiltrasie van Bantoebloed aanvaar word. Maar in Wes-Kaapland is die prosedure omgekeer deurdat die Bantoe hier die intrekkers is wat die natuurlike heimat van die Kleurlinge binnedring.[1)]

Ondersoek bring aan die lig dat iets meer as 'n eeu gelede die Kaapse Skiereiland vir die eerste keer met Bantoe-arbeiders kennis gemaak het. Dit was in 1858 net na die nasionale selfmoord van die Xosa wat hul diere en oeste vernietig het ter voorbereiding van 12 Februarie 1857, die dag toe die witman in die see gewaai sou word.[2)] Sedertdien het die getalle geleidelik gegroei en voor die einde van die vorige eeu in 1891 was in Kaapstad reeds 544 Xosas en 69 Fingos.[3)]

En tog is prof. N.J.J. Olivier reg as hy sê,

> „die instroming en vestiging van Naturelle in hierdie deel van ons land is 'n betreklik onlangse verskynsel: nie so lank terug nie was 'n Naturel in ons bolandse dorpe 'n rariteit", 4)

want dit is eers in die laaste paar dekades dat hierdie verwikkelinge sodanige afmetings aangeneem het dat dit die aandag verg van die breë publiek sowel as die staat.[5)]

Die meegaande tabel, Tabel 7, toon die aanwas van die aantal Bantoe in Wes-Kaapland. Dit is deels oorgeneem van prof. Olivier [6)] en deels saamgestel uit die volkstelling van 8 Mei 1951. [7)] Die syfers toon die volgende sake van belang:

(i) Die instroming van die Bantoe in Wes-Kaapland in die afgelope 30 jaar oortref die gemiddelde instroming in die stedelike gebiede van die res van die Republiek twee- tot

driemaal/.....

---

1) Eiselen, W.W.M.: Die Kleurling en die Naturel, p. 1.
2) Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, II, pp. 394 en 395.
3) The Cape Argus, 31. 3.60, p. 17, kol. 1.
4) Olivier, N.J.J.: Die Naturel in Wes-Kaapland: Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Januarie 1953, p. 3.
5) Eiselen, W.W.M.: ibid.
6) Op. cit., p. 4.
7) U.G. 42/1955.

TABEL 7: TOENAME VAN DIE BANTOE IN WES-KAAPLAND.

| MAGISTRAATS-DISTRIK. | 1921 | | | 1936 | | | 1946 | | | 1951 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | T | M | V | T | M | V | T | M | V | T |
| Bellville | 462 | 143 | 605 | 1,061 | 251 | 1,312 | 4,919 | 1,382 | 6,301 | 7,399 | 3,070 | 10,469 |
| Caledon | 206 | 62 | 268 | 486 | 191 | 677 | 2,352 | 401 | 2,753 | 2,646 | 582 | 3,228 |
| Kaap | 6,145 | 1,540 | 7,685 | 4,929 | 1,715 | 6,644 | 9,016 | 4,332 | 13,348 | 11,947 | 6,286 | 18,233 |
| Ceres | 117 | 61 | 178 | 123 | 66 | 189 | 419 | 171 | 590 | 819 | 406 | 1,225 |
| Hopefield | 172 | 18 | 190 | 300 | 28 | 328 | 794 | 29 | 823 | 1,828 | 122 | 1,950 |
| Malmesbury | 268 | 60 | 328 | 222 | 53 | 275 | 871 | 141 | 1,102 | 1,269 | 279 | 1,548 |
| Paarl | 442 | 140 | 582 | 895 | 475 | 1,370 | 4,071 | 1,311 | 5,382 | 4,256 | 1,904 | 6,160 |
| Piketberg | 89 | 18 | 107 | 727 | 22 | 749 | 984 | 30 | 1,014 | 1,541 | 45 | 1,586 |
| Robertson | 83 | 22 | 105 | 418 | 108 | 526 | 1,024 | 529 | 1,553 | 938 | 282 | 1,220 |
| Simonstad | 671 | 170 | 841 | 610 | 246 | 856 | 2,110 | 744 | 2,854 | 2,155 | 1,047 | 3,202 |
| Somerset-Wes | 1,912 | 109 | 2,021 | 1,575 | 199 | 1,774 | 3,136 | 388 | 3,524 | 4,066 | 632 | 4,698 |
| Stellenbosch | 446 | 145 | 591 | 915 | 461 | 1,376 | 3,244 | 785 | 4,029 | 5,086 | 1,049 | 6,135 |
| Tulbagh | 250 | 73 | 323 | 277 | 82 | 359 | 634 | 138 | 772 | 921 | 254 | 1,175 |
| Wellington | 165 | 45 | 210 | 202 | 77 | 279 | 760 | 264 | 1,024 | 1,084 | 301 | 1,385 |
| Worcester | 977 | 300 | 1,277 | 909 | 393 | 1,302 | 3,667 | 1,471 | 5,138 | 4,775 | 2,529 | 7,304 |
| Wynberg | 1,266 | 271 | 1,537 | 5,163 | 2,510 | 7,673 | 14,677 | 5,796 | 20,473 | 19,255 | 9,115 | 28,370 |
| TOTAAL | 13,671 | 3,177 | 16,848 | 18,812 | 6,877 | 25,689 | 52,678 | 17,912 | 70,680 | 69,985 | 27,903 | 97,888 |

driemaal.

(ii) Altesame is daar ongeveer drie manlike Bantoes vir elke vroulike Bantoe, terwyl die verhouding in sekere plattelandse distrikte soos Hopefield en Piketberg die is van ongeveer 15 tot 1. Die grootste hoeveelheid Bantoes is dus vooras-nog trekarbeiders. As hierby in ag geneem word dat daar onder die stedelike Kleurlinge nog steeds die verskynsel is dat die vroulike persone die manlikes in getalsterkte oortref, en dat daar onder Kleurling sowel as Bantoe 'n onrusbarende gebrek aan seksuele inhibisie bestaan, vereis dit geen verbeeldingskrag om 'n denkbeeld van die natuurlike gevolge hiervan te vorm nie.

Beide prof. Olivier [1] en dr. Eiselen [2] vind die rede vir hierdie toestroming in faktore soos die snelle nywerheidsontwikkeling van die Wes-Kaaplandse stedelike gebiede met hul hoër loonpeile, gebrek aan beplanning en toereikende toestromingsbeheer aan die kant van die owerheid en die aantreklikheid van die Wes-Kaaplandse lewe, ondermeer vanweë die aanwesigheid van die Kleurlingbevolking wat in die praktyk beteken die maklike bekombaarheid van vroue (deur middel van prostitusie of andersins) en drank (deur middel van smokkelary).

(c) <u>Bydrae tot die Kleurlinge.</u>

(i) <u>Versterking van die Negroïede Inslag.</u>

Van groot betekenis is dat die Bantoebydrae eintlik 'n sekondêre versterking is van die primêre negroïede element wat via die Afrikaanse en Madagaskarse slawe in die Kleurlingbevolking opgeneem is. Die Afrikaanse element uit Mosambiek is veral na die Britse oorname aansienlik versterk, en dit was juis hierdie element wat ongunstige kommentaar uitgelok het:

> "... one type of slave is regarded as inferior and has to be kept apart. These have been brought from the land of Terleton, situated on the Rio de la Goa. They are a foul, evil-smelling race, with villainous slits in their faces which have been cut into all sorts of patterns. Their quarters are in the basement of the lodge, apart from the other slaves. To them are allotted the dirtiest and most unpleasant tasks." [3]

Hierdie mense was van moorddadige en wrede geaardheid sodat die

Hollandse/......

---

1) Op. cit., p. 7.
2) Op. cit., p. 2.
3) Mentzel, O.F.: Description of the Cape, II, V.R.V. 6, p. 125.

Hollandse bewind aan die Kaap vroeg die slawetoevoer uit hierdie oord stopgesit het.[1]

(ii) <u>Onbeperkte Potensiaal.</u>

Hoeseer die vermenging tussen Bantoe en Kleurling reeds sedert die vroeë vyftigerjare sodanige afmetings aangeneem het dat dit by ingeligte en verantwoordelike instansies ernstige kommer wek,[2] is die belangrikste bydrae van die Bantoe tot die geledere van die Kleurlinge egter voorasnog nie soseer die aktualiteit nie, as die onbeperkte potensiaal daarvan weens die geweldige getalsoorwig van die Bantoebevolking. Prof. Olivier [3] wys tereg daarop dat die aanwesigheid van die Bantoe in die tuisgebied van die Kleurling 'n nuwe bastergeslag skep waarvan die resultate eers oor 'n geslag of twee hulself sal laat geld. Dit is te voorsien dat die infiltrasie van Bantoebloed nie alleen die fisiese voorkoms van die Kleurling op die lang duur sal beïnvloed nie, maar die Kleurlinge loop werklik gevaar dat as gevolg daarvan ook hul geaardheid en karakter aan ingrypende transformasie blootgestel word. Veral word gevrees dat hierdeur die reeds bedenklike sedelike peil nog verder ten gronde gerig mag word. [4] Dieselfde sombere moontlikhede word bewoord deur dr. I.D. du Plessis [5] as hy sê,

> „Vanaf 1936 het die Naturellebevolking in Wes-Kaapland met ongeveer 300% vermeerder, waardeur ekonomiese en maatskaplike probleme geskep is. Met die skepping van 'n nuwe gemengde geslag kry ons 'n verlaging van die sedelike peil en 'n ernstige bedreiging vir die Kleurlingbevolking se groepsidentiteit."

Stel 'n mens verder die Kleurling se goedige, vriendelike, welwillende geaardheid teenoor die oorlogsugtigheid, strydlustigheid en „onverdragelyken quaadaardigen ... inborst" [6] van die Bantoe, is 'n kataklismiese karaktertransformasie nie uitgesluit nie. Dit kan op die lang duur vir die Kleurling en sy verhouding tot die blanke noodlottige gevolge hê.

9. Die Indiër/.......

---

1) Mentzel, O.F.: Life at the Cape, ..., V.R.V. 2, p. 59.
2) du Toit, A.S.: Kontak en Assosiasie van Kleurling met Bantoe in die Kaapse Skiereiland, p. 3.
3) Op. cit., p. 8.
4) Olivier, N.J.J.: op. cit., p. 10.
5) Die Kleurling in die Raamwerk van ons Rasseverhoudings: Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, April 1957.
6) Theal, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten, p. 53.

## 9. Die Indiër.

Die Indiërs het Suid-Afrika hoofsaaklik via Natal binnegedring en daar was dit uitsluitlik kapitalistiese belange wat die deurslag gegee het.[1]

### (a) Redes vir Invoer.

Die beleid van Shepstone het in Natal 'n aantal Bantoereserwes in die lewe geroep. Vir arbeidsdoeleindes moes Bantoes in hierdie reserwes gewerf word, en dié probleem het akuut geword toe die suikerplanters vasgestel het dat die Natalse grond en klimaat vir die verbouïng van suikerriet gunstig was. Hulle het met hongerige oë na Mauritius gekyk waar hierdie boerdery vanweë doeltreffende arbeid floreer het [2] want,

> „the Zulus of Natal, accustomed to a leisurely pastoral life, proved a poor recruiting field for labour on the sugar cane fields." 3)

Selfs waar daar geslaag is om hulle in diens te neem, was hulle arbeid onbetroubaar:

> „They had little use for money, and saw no reason why they should work steadily at uncongenial tasks ... any rumour of interesting doings at home, such as a wedding or tribal festival, might stampede them to leave the planter without labour just when his crop was ripe." 4)

Die arbeidsvraagstuk is druk bespreek van die oomblik af toe Natal in 1846 in Britse hande oorgegaan het, en daar is baie planne beraam wat bespiegel het oor bandiete, vrygestelde negerslawe uit Amerika en arm Britse seuns, tot Chinese en Indiërs.[5] Met sy besoek aan Natal in November 1855 is sir George Grey gevra om hom hierdie vraagstuk ter harte te neem. Hy was bekend met omstandighede op Mauritius en raai die Natallers aan om liewer Indiërs as Chinese in te voer.[6] Goedkeuring word van Engeland aangevra maar aanvanklik geweier. Natal word egter ondertussen 'n kroonkolonie, kry 'n wetgewende vergadering en na veel onderhandeling met Indië oor die voorwaardes, word wetgewing in 1859 deurgeloods waarvolgens Indiërs as kontrakarbeiders na Natal sou gaan.

(b) Voorwaardes/.......

---

1) Cronje, G.: Afrika sonder die Asiaat, p. 9.
2) Palmer, Mabel: Natal's Indian Problem, p. 4;
   S.A. Institute of Race Relations: The Early History of Indians in Natal, p. 6.
3) State Information Office: The Indian in S.A., p. 9.
4) Palmer, Mabel: op. cit., p. 4.
5) S.A. Institute of Race Relations: op. cit., pp. 4-6.
6) Ibid.

(b) Voorwaardes, Toestroming en Antipatie.

(i) Voorwaardes.

Benewens voeding, huisvesting en mediese behandeling, moes aan die kontrak-Indiërs 'n maandelikse loon van tien sjielings betaal word. Daarvan sê Pirow,

> „Dit was die goedkoopste ‚vrye' arbeid in die wêreld. Alleen slawe-arbeid sou minder gekos het, en dan ook net as die eienaar die slawe verniet sou kry." 1)

Die inboekperiode was eers drie jaar, maar is baie gou tot vyf jaar verleng. Na verstryking daarvan het die Indiër één van drie keuses gehad: Hy kon óf kosteloos terugkeer na Indië, óf vir 'n tweede periode ingeboek word, óf onafhanklik gaan woon op 'n stukkie kroongrond ter waarde van sy retoer-passaatgeld.[2] Aanvanklik het diegene wat vry geword het, stemreg gekry op gelyke voet met die blankes, maar namate ontevredenheid opgelaai het, is voorregte verminder met die gevolg dat die algemene stemreg deur middel van wetgewing in 1895 en 1896, en munisipale stemreg in 1924 hulle ontneem is. Die invoervoorwaardes is ook strenger gemaak en allerlei beperkings is opgelê. [3]

In weerwil van allerlei restriksies het die meerderheid verkies om in Suid-Afrika te bly. Selfs nadat hulle ingevolge die Malan-ooreenkoms in die twintiger jare van hierdie eeu feitlik betaal is om die land te verlaat, het verreweg die grootste gros nog besluit om nie na hul vaderland terug te keer nie. Die belangrikste redes hiervoor was die afwesigheid van 'n kastestelsel in Suid-Afrika en die gunstige handels- en ander vooruitsigte wat die nuwe mooi land vir hulle gebied het.[4]

'n Belangrike wysiging van voorwaardes vir die invoer van die Indiërs is aangebring toe in 1860 bepaal is dat eers 35% en later 50% van die immigrante vroue moet wees.[5] Hierdie voorwaardes laat met die eerste oogopslag blyk dat hulle eintlik 'n kolonisasieskema vir Indiërs op Suid-Afrikaanse bodem in die lewe geroep het, want soos die een vry word, moes 'n ander ingevoer word om in sy plek in die suikerplantasie te werk.

„It/......

---

1) Pirow, O.: Die Witman se Weg na Selfbehoud, p. 33.
2) Calpin, G.H.: Indians in S.A., p. 6.
3) Cronje, G.: op. cit., p. 9;
State Information Office: op. cit., p. 11.
4) Ibid.
5) S.A. Institute of Race Relations: op. cit., p. 13.

> „It is difficult to conceive of any more certain way of establishing an Indian community in Natal, for the conditions made it inevitable that successive inflows of labourers should fill the gaps as the indentured labourers became free." 1)

(ii) Toestroming.

Die eerste skeepsvrag Indiërs het van Madras gekom en het in 1860 in Durban aan wal gestap. Van hulle was 12½% Mohammedane, 5% Christene en die res Hindoes. Hulle was meesal uit die laer kaste. Hierdie skeepsvrag is gou opgevolg deur 'n tweede uit Calcutta, en dit is opmerklik dat 5½% van hulle Brahmane was, dit wil sê uit die hoogste kaste van die Hindoes, en 5% uit die tweede hoogste kaste, die Rajputs; maar die grootste meerderheid was weereens uit die allerlaagste klas, die „onaanraakbares" of „koelies".[2]

Tussen 1860 en 1866 toe die immigrasie tydelik tot stilstand gekom het vanweë 'n depressie in Engeland aan die een kant en moeilikheid met Indië oor die toelatingsvoorwaardes aan die ander kant,[3] het nagenoeg 5,000 Indiërs Natal binnegekom. Toe die immigrasie in 1874 hervat is, het dit teen versnelde tempo voortgegaan, en dit het voortgeduur tot 1911 toe die invoer van Indiërkontrakarbeiders gestaak is.[4]

Die meegaande tabel, Tabel 8, toon aan hoe die Indiërpopulasie in Natal gegroei het. Die gegewens is verkry uit die volkstelling van 8 Mei 1951,[5] en G.H. Calpin,[6] en voorlopige uitslae van die 1960-volkstelling.[7] Dit dui aan dat in die 40 jaar sedert 1911 toe die invoer van kontrakarbeiders gestaak is, die Indiërbevolking van Natal byna verdriedubbel het. Dit kon alleen geskied enersyds deur middel van 'n geweldige hoë geboortesyfer wat meebring dat 47% van die Indiërs onder 15 jaar is teenoor 26% van die blankes [8] en waaroor Calpin opmerk,

> „The fertility of Indians is a root cause of permanent disquiet among Europeans, with its portent for the future darkening every discussion. At present the Indian birthrate is almost twice that of the Europeans." 9)

Andersyds/.....

1) Calpin, G.H.: op. cit., p. 8.
2) S.A. Institute of Race Relations: op. cit., p. 13; State Information Office: op. cit., p. 11.
3) S.A. Institute of Race Relations: op. cit., p. 15.
4) State Information Office: op. cit., p. 11.
5) U.G. 42/1955, p. 2.
6) Op. cit., p. 44.
7) Die Burger, 19.12.60, p. 5, kol. 1.
8) State Information Office: op. cit., p. 23.

## TABEL 8: ASIATIESE BEVOLKINGSAANWAS IN DIE REPUBLIEK.

| JAAR | KAAP | | | NATAL | | | TRANSVAAL | | | O.V.S. | | | TOTAAL | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | T | M | V | T | M | V | T | M | V | T | M | V | T |
| 1876 | | | | | | 6,879 | | | | | | | | | |
| 1884 | | | | | | 27,206 | | | | | | | | | |
| 1891 | 1,305 | 395 | 1,700 | 25,686 | 15,456 | 41,142 | | | | | | | | | |
| 1904 | 9,307 | 885 | 10,192 | 63,497 | 37,421 | 100,915 | 9,598 | 1,350 | 10,984 | 197 | 56 | 253 | 82,599 | 39,712 | 122,311 |
| 1911 | 6,523 | 1,041 | 7,564 | 80,476 | 52,943 | 133,419 | 8,986 | 2,018 | 11,004 | 87 | 20 | 107 | 96,072 | 56,022 | 152,094 |
| 1921 | 5,547 | 1,841 | 7,388 | 80,285 | 61,315 | 141,600 | 10,259 | 4,244 | 14,503 | 70 | 33 | 103 | 96,161 | 67,433 | 163,594 |
| 1936 | 6,677 | 3,831 | 10,508 | 97,073 | 86,588 | 183,661 | 15,379 | 10,114 | 25,493 | 22 | 7 | 29 | 119,151 | 100,540 | 219,691 |
| 1946 | 8,557 | 6,617 | 15,174 | 119,748 | 112,533 | 232,317 | 20,729 | 17,029 | 37,758 | 6 | 5 | 11 | 149,076 | 136,184 | 285,260 |
| 1951 | 10,119 | 7,699 | 17,818 | 153,297 | 146,194 | 299,491 | 26,171 | 23,171 | 49,342 | 8 | 5 | 13 | 189,595 | 177,069 | 366,664 |
| 1961 | | | 20,243 | | | 394,237 | | | 62,918 | | | 16 | | | 477,414 |

Andersyds moet hierdie ongewone groei toegeskrywe word aan onwettige immigrasie van familiebetrekkinge en vriende van Indiërs ter plaatse.

(iii) Groeiende Antipatie.

Die Indiërimmigrasie was so goed as van die begin af onpopulêr. Beswaar is gemaak nie teen die werker nie, maar teen die vry Indiër wat ná die verstryking van sy kontrakperiode feitlik as setlaar aangebly het. In hierdie verband was daar eintlik 'n dualisme in die Suid-Afrikaanse houding teenoor die Indiër: Terwyl die nywerheid hom wou invoer terwille van die suikerindustrie, wou die handelslui hom uitdrywe terwille van 'n ongelyke en uiters nadelige konkurrensie.[1] Baie van die Indiërs het naamlik na voltooiïng van hulle kontrakte florerende sake aan die gang gesit as kleinboere, ambagslui en fabrieksbase:

> „Some of the smallholdings provided the nucleus of large sugar estates to-day in the ownership of the descendants of the indentured coolie", 2)

en selfs die Staatsinligtingsdiens moes rapporteer:

> „The Indians thrived in Natal. Their industry and low standards of living enabled them to prosper in nearly every occupation in which they engaged. In the coastal belt of Natal they established themselves in agricultural pursuits in competition with their former employers. Working small plots of land, they cultivated vegetables, tobacco, maize (corn) and fruit, and in Durban and Pietermaritzburg, the two principal cities of Natal, they became almost the sole suppliers of vegetables to the local markets." 3)

Die ekonomiese kompetisie van die Indiër het hom nie alleen op handelsgebied openbaar nie, maar het veral tot irriterende komplikasies gelei deur die sogenaamde Indiërpenetrasie. Die Indiër het naamlik 'n onversadigbare grondhonger:

> „Indians have an almost religious belief in the desirability of land ownership ... The poorest Indian coming of countless generations of landless serfs, will go to extreme lengths to acquire and retain a piece of land paying far in excess of anything a European in similar circumstances will offer. He will put a millstone of debt round his neck, economise on food for his family, and deny himself the necessaries/.....

---

1) Wetherell, Violet: The Indian Question in S.A., pp. 1-24; Calpin, G.H.: op. cit., p. 11.
2) Calpin, G.H.: op. cit., p. 8.
3) State Information Office: op. cit., p. 10.

„necessaries of life in exchange for the independence of being his own landlord. The affluent Indian on the other hand, goes as many steps farther as his means allow." 1)

Op dié wyse het die vermoënde Indiërs hulle die misnoeë van die blankes op die hals gehaal deur eksklusiewe blanke gebiede binne te dring. In die veertiger jare het hierdie infiltrasie 'n koorsagtige verset uitgelok wat tot die drie agtereenvolgende Broome-kommissies in 1940, 1942 en 1944 aanleiding gegee het.[2)]

„The idea that idle Indian capital was one of the causes of penetration was later blown sky high by the Durban City Council, which produced interesting information from the Deeds Office in 1944 which showed that far from Indian capital finding an outlet in these purchases, the majority of the properties were heavily mortgaged, the necessary funds being supplied, not by Indians, but by loans made by European building societies in the Transvaal." 3)

Die Indiër is onpopulêr omdat hy 'n aartswetsverbreker is. Dit het hy oor en oor bewys deur die wyse waarop hy daarin geslaag het om die land onwettig binne te kom en op onwettige wyse grondeienaar te word.[4)] Hy doen dit op so 'n onderduimse wyse dat 'n kenner moes sê, „Die Indiër het ons daarop gewys dat ons hom deur normale wetgewing nie kan bind nie." [5)] Dit was juis hierdie herhaaldelik diskriminerende wetgewing wat die Indiër van sy kant verbitter het.

Die Indiër is onbemind omdat hy in Suid-Afrika so onbekend, so vreemdsoortig gebly het:

„The Indian has always been a separate element in South African life ... The Indian has remained apart, racially, linquistically, religiously. He kept his blood pure ... about 80 per cent of South African Indians are Hindus, and the rest Mohammedans. Very few are Christians. His ancient beliefs are a wide gulf between the Indian and the European." 6)

Hierdie vreemdheid beteken dat die Indiër eintlik Oosterling gebly het, 'n projeksie van Indië op Suid-Afrikaanse bodem. Dit is bewys deur die aktiwiteite van Ghandi, deur die beroep wat Suid-Afrikaanse Indiërs nog steeds op Indië doen in hul stryd teen die blanke, en deur die feit dat Indië die stryd opneem en

tot/.....

---

1) Calpin, G.H.: op. cit., p. 105.
2) Wetherell, Violet: op. cit., p. 33.
3) Wetherell, Violet: op. cit., p. 38.
4) Cronje, G.: op. cit., pp. 49-57.
5) Deacon, N.J.: Die Finale Stryd. Die Indiër moet Uit, p. 17.
6) Wetherell, Violet: op. cit., p. 24.

tot in die V.V.O. voer. Die moontlikheid van oorlog is reeds genoem. Die sombere implikasie hiervan is dat die Indiërs hier te lande die grens tussen die Republiek en Indië na Suid-Afrika gebring het. [1]

Die werking van hierdie faktore het 'n antipatie ten gevolge gehad wat in openlike vyandskap ontwikkel het.

> „Historical circumstances have produced an intensity of race prejudice ... which renders almost any attempt at a reasonable adjustment of Indian grievances impossible of success." 2)

(c) Indiërs in ander Provinsies.

Uit Natal het die Indiërvraagstuk die ander provinsies bedreig. Defensiewe wetgewende maatreëls is elke keer getref met mindere of meerdere mate van sukses.

(i) Oranje-Vrystaat.

In die Oranje-Vrystaat is doeltreffende wetgewing in 1890 in werking gestel waardeur Indiërs verbied is om sonder verlof van die staatspresident vir langer as 48 uur binne die grense te bly en waardeur dit ook onmoontlik gemaak is vir 'n Indiër om 'n handelsaak op Vrystaatse bodem te open. Hierdie wetgewing is deurgeloods voordat Engeland hom met die binnelandse aangeleenthede van daardie republiek bemoei het. [3] Dat die wetgewing suksesvol was, word bewys deur Tabel 8 [4] waaruit blyk dat die aantal Indiërs van 253 in 1904 tot 13 in 1951 afgeneem het.

(ii) Kaapland.

In Kaapland was daar in 1875 skynbaar nog nie so-iets soos 'n Asiatiese vraagstuk nie, maar daar word tog reeds melding gemaak van 'n onnoemenswaardige aantal vreemdelinge (vermoedelik Indiërs) onder die Kleurlinge. In die 1891-eleksie word hulle vir die eerste keer by name genoem en soos Tabel 8 [5] aandui, was die getal in 60 jaar aan van 1,700 in 1891 tot 17,818 in 1951. Die vraagstuk het hier nie dieselfde omvang aangeneem as elders nie, waarskynlik as gevolg van kompetisie van die kant van die Kleurlinge enersyds, en doeltreffende beheermaatreëls soos die Immigrasiewette van 1902 en 1906 wat daarop bereken was om die instroming van Indiërs te beheer. [6]

(iii) Transvaal/........

---

1) Vgl. Scholtz, G.D.: Die Gevaar uit die Ooste, p. 197 et seq.
2) Palmer, Mabel: Natal's Indian Problem, p. 2.
3) Cronje, G.: op. cit., p. 26.
4) P.136.
5) Ibid.
6) Cronje, G.: op. cit., p. 30.

(iii) Transvaal.

In Transvaal was die beeld egter anders en in dié provinsie is 'n verbete stryd gestry. Wetgewing is bemoeilik deur bepalings van die Londense Konvensie van 1884 waardeur Engeland druk op die Transvaalse immigrasiebeleid kon uitoefen deurdat toegang en sekere ander regte in die provinsie nie aan Britse onderdane geweier kon word nie. Wet nr. 3 van 1885 moes dus sorgvuldig opgestel word om te voldoen aan die eise wat Engeland stel. Indiërs kon dus nie verbied word om Transvaal binne te kom nie, maar burgerreg is hulle ontsê en hulle kon net in sekere strate, wyke en lokasies woon en eiendom bekom. Net voor en tydens die Tweede Vryheidsoorlog het Indiërs op groot skaal vrywillig die Republiek verlaat, maar slegs om daarna op nog groter skaal met behulp van bedrog en grootskaalse vervalsing van permitte terug te keer. Van 10,984 in 1904 het hulle gestyg tot 49,342 in 1951. [1]

(d) Toepaslike Etnografiese Besonderhede.

(i) Fisiese Eienskappe.

Anders as in die geval van die Suid-Afrikaanse inboorlinge het die Indiër 'n fynbesnede gesig met 'n smal, regop neus en dun lippe. Daar is geen steatopigie nie. Die huidkleur wissel van sjokolade-bruin tot pikswart. Die hare is grof maar styl en ook pikswart, net soos die oë. Volgens Wes-Europese standaarde het die Indiër 'n aristokratiese voorkoms wat in gehalte dikwels die westerling onmiskenbaar oortref. Die Indiërs is meesal mooi mense.

(ii) Godsdiens en Kultuur.

Die Indiërs het aan die godsdiens van hul tuisland getrou gebly. Hulle het nie gekersten nie en onder hulle is die verhouding van Hindoes tot Mohammedane ongeveer 4 tot 1. Dit is opmerklik dat die Hindoes hulle meer tot die hande-arbeid soos werk op die plantasies, ambagte en ander handvaardigheidsberoepe aangetrokke voel, terwyl die Mohammedane hulle hoofsaaklik op die handel toelê. [2] Hierdie Mohammedaanse element is kwantitatief sowel as kwalitatief gesterk deur die sogenaamde „passasier-Indiërs", dit wil sê diegene wat die land op eie stoom binnegekom het onder voorwendsel dat hulle handelsdienste aan die kontrakarbeiders moes lewer. [3]

Anders/.....

1) Vid. Tabel 8, p. 136.
2) Die Burger, 13. 4.60, p. 2, kol. 1.
3) Palmer, Mabel: op. cit., p. 8.

Anders as in die geval van die Suid-Afrikaanse inboorlinge, het die Indiërs 'n indrukwekkende beskawingsagtergrond gehad. „India had a great civilization, magnificent works of art, a lofty literature and profound systems of philosophy." [1] Hierdie beskawing het inderdaad 10 eeue v.C. reeds hoë hoogtes bereik, dit wil sê baie eeue lank voordat die westerling op die gebied van die beskawing begin presteer het. [2] Hierdie beskawing het die intrekkende Indiër in Suid-Afrika gerugsteun en hy het hom na verloop van 100 jaar nog nie daarvan losgemaak nie.

(iii) Mistisisme.

Hierdie eeue-oue beskawing het nie alleen in die geaardheid van die Oosterling sy oorsprong gevind nie, maar op sy beurt ook weer die Oosterse geaardheid beïnvloed en aan die Oosterling 'n blywende, karakteristieke geestesbeslag gegee. Die grondtoon van hierdie beskawing was dat die lewe op aarde nie hoog aangeslaan moes word nie. Dit openbaar 'n neiging tot lewensnegasie waardeur die Indiër hom soveel as moontlik aan die

> „beslommernisse van die lewe probeer onttrek om oor die ewige dinge te kan peins ... Hoe meer hy daarin slaag om as't ware dood vir sy aardse omgewing te word, hoe nader die Indiër hom aan die werklike lewe gevoel het ... ‚Wanneer al die begeertes wat in die hart leef, verdwyn, dan word die mens onsterflik' ... Nêrens elders in die wêreld het die mistisisme so 'n houvas op soveel miljoene mense en so 'n groot invloed selfs op die politieke en ekonomiese verhoudinge uitgeoefen as in Indië nie." 3)

Dit is hierdie beskawing alleen wat die optrede van iemand soos Ghandi kan verklaar:

> „In sy volledige weerloosheid het die Indiër dan sy grootste krag gevind. Dit was 'n strydmiddel wat die westerling, die man van geweld, dan self kragteloos en weerloos gemaak het." 4)

(iv) Arbeidsaamheid en Vooruitstrewendheid.

Sy neiging tot wêreldontvlugting het die Indiër egter nie lui gemaak nie. Inteendeel. Die Indiër openbaar 'n vlyt, arbeidsaamheid, vooruitstrewendheid en deursettingsvermoë wat geheel en al vreemd is aan sy Afrikaanse kleurgenoot, en kleur is tewens die enigste opsig waarin hulle enigsins met

mekaar/.....

---

1) Palmer, Mabel: op.cit., p. 11
2) Scholtz, G.D.: Die Gevaar uit die Ooste, p. 13.
3) Scholtz, G.D.: op. cit., p. 16.
4) Ibid.

mekaar ooreenkoms vertoon. Al was die liggaamsgesteldheid van die Indiër

> „miserable in the extreme, they nevertheless carried with them a centuries-old tradition and an inherent tenacity of which their physique ... gave no promise." 1)

Hierdie knaende taaiheid stel selfs die Wes-Europeër in die skaduwee:

> „While the European is asleep or taking recreation or enjoying public holidays ... the Indian trader is at his place of business, industriously and patiently shaping his affairs, scheming and planning his betterment. He sees himself not merely as the father of a family, but as the founder and head of succeeding generations bearing his name in honour and wealth." 2)

(v) Sakesin en Twyfelagtige Wetsgehoorsaamheid.

Die Indiërs in Suid-Afrika openbaar besondere aanleg vir die sakelewe en aarsel nie om wette op 'n sluwe wyse te verbreek, te verontagsaam, te ontduik of verby te steek as dit in die kraam van hul sake- en ander belange pas nie. 3)

(e) Bydrae tot die Kleurling.

(i) Sydelingse Bymenging.

Net soos die blankes en Bantoe lewer die Indiërs 'n sydelingse bydrae tot die Kleurlinge in diè sin dat hulle nie as groep geheel en al in die Kleurlinge opgaan nie. Die Indiër het naamlik Indiër gebly. 4) Kulturele, linguïstiese en religieuse faktore het meegewerk om 'n apartheidstoestand te skep. Daar is besliste bewys dat die Indiërs op die gewone Kleurling neersien en met veragting na hulle as „Boesmans" verwys, 5) terwyl die blankes op hulle beurt 'n verbete rasseveldtog van stapel gestuur het om bloedvermenging met Indiërs teë te gaan. 6) In weerwil hiervan vind bloedvermenging tog plaas met blank sowel as Kleurling en dit het geskied deur middel van huwelik, maar ook deur middel van ontug.

(ii) Versterking van die Oosterse Element.

Net soos die Bantoe die negroïede slawe-

element/.....

---

1) Calpin, G.H.: op. cit., p. 6.
2) Ibid., p. 105.
3) Vid. par. 9(b)(iii), p.137.
4) Wetherell, Violet: ibid.
5) N.O.-rekords: L.108/12/1260 en 1726.
6) Deacon, N.J.: Die Finale Stryd: Die Indiër moet uit; Vgl. H.J.B.: Die Indiërvraagstuk in Suid-Afrika.

element in ons Kleurlinge kom versterk het, versterk die Indiër die Oosterse slawe-inslag [1] en soos dit reeds lank gelede ingesien is, dien dit tot 'n kwalitatiewe verbetering op die Khoisan komponent: Reeds in 1848 het 'n anonieme, maar oplettende sendeling opgemerk,

> „I have not seen a pure Hottentot since I have been in the Colony; some are scarcely distinguisable from white men, others by connection with slaves ... have darkened their skins, but I cannot say deteriorated their character, as almost any remove from the pure Hottentot must be an improvement." 2)

Die versterking van die Oosterse element sal dus nie alleen die gelaatstrekke meer in die rigting van die Ariese neig, [3] en fyner besnedenheid in die hand werk nie, maar sal aan die een kant ook die geaardheid beïnvloed deur groter vlyt, ambisie en aanskerping van die handelsin, soos die Kleurlingventers in Kaapstad en hul Indiër-parallel in Natal afdoende bewys.

Daar is aan die ander kant egter ook aanduidings dat die Oosterse, introverte, mistiese fatalisme hom in die Kleurling op 'n besondere wyse met die eiesoortige, ekstroverte Khoisan lighartigheid vermeng, om tot 'n nonchalante ek-gee-nie-om-nie-lewenshouding aanleiding te gee. Dit kom nie alleen tot openbaring in sy onverskillige kleredrag waarmee die Kaapse skollie sy maatskappyveragting demonstreer nie, maar ook in die roekeloosheid waarmee hy wette verbreek en sy persoon aan gevaar blootstel. By die behandeling van die Kleurlingjeugmisdadiger stuit die opvoeder dikwels teen die gesindheid van ek-is-maar-een-dood-skuldig. Een wat nie kon swem nie en deur sy maats gewaarsku is voordat hy in die dam spring, het daarmee afgemaak deur te sê, „Dis eenmaal se versuip!" En dit was so. [4]

Die ervaring leer ook dat die Indiër-element by die Kleurlingwetsoortreder 'n veel skerper geslepenheid veroorsaak. Daar kom 'n fyner berekendheid op die spel wat dikwels oor 'n lang termyn strek, waarin pretensie en kansafwagting geduldig beoefen word. Om dié rede is die algemene ervaring dat die Indiër-element in die verbeteringskool besef dat hy in 'n hoek gedryf is, hom berustend daarby neerlê, skynbaar positief reageer, growwe oortredings vermy en oënskynlik rehabiliteer. In baie gevalle is dit 'n voorbedagte proses van sluwe oëverblindery en die ontgogeling/.....

---

1) Patterson, Sheila: Colour and Culture in South Africa, p. 21.
2) Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 273.
3) Scholtz, G.D.: op. cit., p. 13.
4) N.O.-rekords: L.108/18/1435.

ontgogeling kom met ontslag, wanneer die betrokke persone byna sonder uitsondering weer tot ernstige misdaad verval. [1]

(iii) Godsdienstige Invloed.

Ongeveer een kwart van die Indiërs in Suid-Afrika is Mohammedane by wie die Kaapse Maleiers religieuse aansluiting vind, [2] en die toename van Mohammedanisme onder die Kleurlinge kan nie van hulle invloed losgemaak word nie. Die Indiërs lewer 'n positiewe bydrae om die Kleurlinge te ontkersten en tewens te verheidens waardeur hul westerse leefwyse en kultuur aan ernstige ondergrawing blootgestel word.

10. Gevolgtrekking.

Die voorafgaande analise van die mengelbestanddele wat in die Kleurlingbevolking opgegaan het, verklaar op hierdie stadium op eie krag alleen — en dit is nie die enigste krag aan die werk nie, want dit hang saam met baie ander kenmerkende faktore wat in die volgende bladsye ontleed word — reeds twee belangrike sake. Eerstens werp dit lig op die kategoriese aandrang van die kant van die Suid-Afrikaanse blanke dat daar 'n behoorlike skeidslyn moet wees tussen blank en Kleurling, 'n toereikende omskrywing dus.[3] Tweedens werp dit lig op die bewering wat vooraf herhaaldelik gemaak is ten effekte dat om Kleurling te wees in Suid-Afrika die allergrootste betekenis dra as determinante faktor in die latere lewensloop;[4] want al is dit nie die enigste krag aan die werk om die lewenswel of -wee van die Kleurling te bepaal nie, het alle ander werkende kragte direk of indirek daarmee te doen; en in die meeste gevalle lewer dit die fundamentele ondergrond vir daardie ander misstande waardeur die gedragsaanpassing van die kind bedreig word.

Samevattend moet dan die volgende gevolgtrekkings hier geformuleer word:

(a) Rangorde van Bydraes.

Die belangrikste primêre bydraes tot die ontstaan van die Kleurling is gelewer deur die Boesmans, Hottentotte, slawe, Wes-Europese blankes, Bantoe en Indiërs. Daar is nog verskeie ander kleiner groepe wat ook in die Kleurlinge opgeneem is soos Chinese en bastergroepe uit St. Helena, Mauritius en elders,[5] maar/.....

---

1) Carstens, J.C.: Persoonlike Onderhoud, 16 Mei 1960.
2) Wetherell, Violet: op. cit., p. 24.
3) Vgl. Hf. II, par. 2(a)-(c), pp. 21-22.
4) Hf. II, parr. 1 en 6, pp. 19 en 52.
5) du Plessis, I.D.: The Coloured People of South Africa, p. 3; U.G. 54/1937, par. 10, p. 9.

maar hulle getalle is relatief so gering dat dit nie 'n afsonderlike analise regverdig nie. Alhoewel dit onmoontlik is om met juistheid te bepaal in watter rangorde van belangrikheid die relatiewe bydraes gerangskik moet word, kan met 'n sterk mate van sekerheid gestel word dat tot dusver die Hottentotte, slawe en blankes in hierdie volgorde eerste staan. Sonder enige een van hierdie drie sou die huidige gedaante van die Kleurling ondenkbaar wees. Van die res word die infiltrasie van Bantoebloed steeds sterker en die potensiaal daarvan is vir toekomstige gebeurlikhede onbeperk.

(b) Gehalte van Boustowwe.

Daar bestaan min twyfel dat, in die lig van huidige kulturele maatstawwe, die Kleurling sy ontstaan gevind het in uiters nederige boustowwe. Die materiaal waaruit hy opgebou is, is kennelik nie van hoë gehalte nie. Aan die een kant vir sover dit die Boesmans, Hottentotte en Bantoe aangaan, was dit primitiewe mense op die allerlaagste beskawingsvlakke wat in volslae barbarisme gelewe het, gedeeltelik nog lewe, en nog geensins bewys gelewer het dat hulle in staat is om tot die westerse beskawing 'n konstruktiewe bydrae te lewer nie. Aan die ander kant vir sover dit die blankes en Indiërs aangaan, is dit bekend dat die grootste toevloed gekom het uit die allerlaagste klasse wat Europa en Oos-Indië kon oplewer.

(c) Bron van die Kwaad.

Die Kleurlinge het aan hul stamrasse hul somatiese eienaardighede soos huidkleur, gesigs- en haarvorm ontleen. Dit is ondenkbaar dat hulle nie ook uit daardie oorde sekere intellektuele en temperamentele erfgoed sou ontvang nie, en dan is die moontlikheid volgens G. Eloff [1] en Eugene Fischer [2] nie uitgesluit dat die vermenging van hierdie wyduiteenlopende rastipes 'n adverse uitwerking op die resultaat kon hê nie. Hierby het ook prof. H.J.J.M. van der Merwe hom aangesluit [3] en weinig twyfel gelaat oor sy oortuiging dat hierdie soort kruising ernstige nadele inhou. Die buitengewoon hoë frekwensie van jeug- en ander misdaad onder die Kleurlinge moet om dié rede met 'n besondere begrip en simpatie benader word. As hierdie sake in die regte perspektief gesien word, ontstaan daar nie langer dié vraag nie, „Hoe is dit dat daar so baie gedragsafwykende Kleurlinge is?" In die plek daarvan kom vanself die ander

vraag/.....

---

1) Rasse en Rassevermenging.
2) Die Rehobother Bastards und das Bastardierungsproblem beim Menschen.
3) Gebeure in Afrika, Radio Suid-Afrika, 14.6.81, 6.40 nm.

vraag, „Hoe is dit dat daar so baie Kleurlinge is wat nie gedragsafwykend is nie?"

(d) Vermoë tot Prestasie.

Uit die voorafgaande kan nie sondermeer afgelei word dat die Kleurling nie oor die potensiaal om ooit te presteer, beskik nie. Daar moet onthou word dat tot so laat as die middeleeue die nie-blanke Mohammedane inderdaad rede gehad het om op die blanke westerling neer te sien, en G.D. Scholtz [1] haal die Arabier Said van Toledo aan wat ná sy aanraking met die blankes geskrywe het, „Dit ontbreek hulle bo alles aan skerpheid van gees en indringing van intellek, en dwaasheid heers onder hulle."

Daar het reeds duisende Kleurlinge onweerlegbare bewys gelewer dat hulle volgens westerse maatstawwe 'n algemeen-beskaafde lewe kan lei. Enkeles het ewe onweerlegbare bewys gelewer dat hulle in staat is om bokant die gemiddelde te presteer en selfs positiewe bydraes tot die beskawing te lewer op gebied van die digkuns, ballet, opera, sport en dies meer.

Daar moet egter op hierdie stadium ook vermeld word dat nog baie meer duisende van hulle voorasnog geen tekens toon dat hulle in staat is om suksesvol bokant die determinante kragte van hul geestelike en sosiale erfgoedere uit te styg, en suksesvol met die blanke of selfs Indiër te vergelyk nie.[2]

(e) Kulturele Aanhanklikheid.

Al is die Kleurling biologies slegs gedeeltelik die kind van die westerling, is hy op kulturele gebied geheel en al kind van die Afrikaanse blanke, en daarom ook die verantwoordelikheid van die Afrikaner. 'n Kerkvader wys daarop dat in die afgelope drie eeue twee volkere in Suid-Afrika ondergegaan het, die Boesmans en Hottentotte, maar dat twee in hulle plek gebore is, die Afrikaner en die Kleurling,

> „elkeen met sy eie herkoms en aard en identiteit, maar met 'n gemeenskaplike taal en godsdiens en bodem. Van hierdie twee moet ons eerstens onthou dat hulle naby mekaar staan; dat daar bande is wat hulle aan mekaar bind. Wat ons opvatting oor die herkoms van die Kleurlinge ook al is, een ding dien onthou te word, nl.: dat hulle ,ons Kleurlinge' is." 3).

'n Studie van hul herkoms leer dat die heropvoedingswerk aan hul moeilike kinders om dié rede nodig is, en derhalwe in dié gees gedoen moet word.

---

1) Die Gevaar uit die Ooste, p. 36.
2) Vgl. Hf. VIII, par. 4, p. 545.
3) Steenkamp, Eerw. J.A.J.: Die Koningsbode, Desember 1958, p. 19.

# HOOFSTUK IV.

## DIE HERKOMS VAN DIE KLEURLING: DIE MENGELPROSES.

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die hoedanighede van die Kleurling as mens tot 'n aansienlike mate bepaal word deur die mengelbestanddele wat in sy genese opgegaan het; hierdeur kry dan ook die lewens- en gedragspatrone van die Kleurlingjeugdiges kenmerkende beslag. En dié is van sodanige aard dat normale aanpassing volgens blanke standaarde dikwels daardeur erg bemoeilik word.

Maar net so belangrik as die mengelkomponente is ook die mengelgebeure, die genetiese proses self. Dit is nodig om te onthou dat hierdie mengelgebeure op sigself 'n aansienlike mate van seleksie impliseer want 'n komponent sal nie meng as dit nie van 'n besondere aard is wat hom tot vermenging leen nie. Slegs sekere uitsonderlike elemente was daartoe bereid. In dié sin het die mengelproses self sy komponente geselekteer, sodat daar tussen die mengelbestanddele en die mengelproses 'n belangrike wederkerigheid bestaan wat na beide kante toe beslissend werk.

Dit is van die uiterste belang om te onthou dat biologiese vermenging by die mens altyd langs een of meer van drie verskillende bane moet verloop, tewete gemengde huwelike, kohabitasie (dit wil sê min of meer permanente buite-egtelike verbintenisse) of toevallige gemeenskap. En 'n belangrike vraag is watter menslike materiaal onder die besondere Suid-Afrikaanse omstandighede bereid sou wees om op hierdie mengelbane mee te doen.

'n Ontrafeling van die mengelproses bring feite aan die lig wat belangrike betekenis moet dra vir die vorming van die Kleurling as mens, veral as sedelike en maatskaplike wese. Daardeur sou tradisies geskep, dink- en doengewoontes vasgelê, en norme opgebou word wat noodsaaklikerwyse vir die karaktervorming van die Kleurling, en daarom vir die gedragspatrone van sy jeugdiges, van die grootste belang sou wees.

### 1. Faktore wat Kruising teëgewerk het.

By die analise van die verbasteringsproses wat as resultaat die Kleurling opgelewer het, staan die ondersoeker aan die begin oënskynlik voor die vraag, „Hoe het dit gekom dat verbastering tussen die primêre groepe op so 'n groot skaal plaasgevind het?" Maar soos die faktore wat op die spel staan, in rekening gebring word, verander die vraag baie gou in 'n ander vraag, naamlik, „Hoe het dit gekom dat algehele verbastering nie plaasgevind het nie?" Veral gedurende die laaste helfte van die agtiende/......

agtiende eeu toe die trek na die binneland op groot skaal plaasgevind het, is verval tot barbarisme en algemene verbastering met die inboorlinge as 'n aktuele gevaar gevrees en waarskuwende geluide het van heinde en ver opgegaan, en

> „dit is inderdaad 'n wonder dat 'n pioniersbevolking wat in twee eeue in die primitiefste omstandighede gelewe het, wat haas geen kontak met die beskaafde wêreld gehad het nie, en gedurig deur barbare omring was, nie in barbarisme verval het en met die inboorlinge vermeng het nie." 1)

Daardie faktore wat 'n volslae vermenging teëgewerk het, moet eerste ondersoek word, want daardeur word verdere lig gewerp op die gehalte van die elemente wat hul weg oopgesien het om hierdie kontra-faktore te verontagsaam.

(a) Wetgewing.

(i) Teen Ontug.

'n Belangrike teëvoeter vir vermenging was wetgewing, en dié het veral gegaan teen ontug en gemengde huwelike:

Baie vroeg reeds is wetgewing teen ontug aan die Kaap ingedien. Nadat die Politieke Raad hom op 30 November 1678 van 'n skokkende toedrag van sake vergewis het, kom die plakkaat:

> „Soo is't dat wy, daar tegen willende voorsien en met vigeur extirpeeren en uijtroeijen dit ingecroopen en schandelijck mesues, goet gevonden hebben wel scherpelijck t'interdiceeren en te verbieden aan een ijgelijck soo Compagnies dienaren, als andere Inhabitanten deser plaatse ... geen concubinen off bijsitten, van wat affcomste, off natie het sijn, voortaen, 't sij in 't secreet te houden, en daar mede haar te vermengen, veel min daar mede in publijck te converseeren, conventiculen, en by een comsten te houwen, nogh te festoyeeren, en te debaucheeren, onder wat schijn off dexel het oock soude mogen wesen, op peene dat de contraventeurs van dese onse ordonnantie, sonder conniventie en aansien van persoonen ... sullen werden gemulcteert en ook wel swaerder na exigentie van saaken criminelijck gepunieert en gestraft." 2)

Die dagregister stel dit bo alle twyfel dat dit hier gaan oor „ongeoorloofde conversatien en debauches met heijdense vrouwen"[3] wat in die praktyk neergekom het op die nie-blanke slavinne en

Hottentottinne/.....

---

1) Van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842), p. 245.
2) Jeffreys, M.K.: Kaapse Plakkaatboek, Deel I, 1652-1707, p.152.
3) V.C. 8: Dagh Register, 1677-1679, p. 745.

Hottentottinne.

Hierdie wetgewing het blykbaar min uitwerking op die gedrag van die blankes sowel as die nie-blankes gehad en is pas drie jaar later op 27 November 1681 byna woordeliks herhaal.[1] Dit was weer sonder gevolg, want met sy besoek in 1685 tref kommissaris Van Rheede die toestand nog onveranderd aan. Hy druk sy misnoeë teenoor Simon van der Stel op ondubbelsinnige wyse uit en beveel dat die vrye ingesetenes by wyse van plakkaat verbied word om met die slavinne van die Kompanjie gemeenskap te hê. [2]

Teen die middel van die agtiende eeu het die geblyk dat Hottentottinne, baster-Hottentottinne en slavinne op groot skaal met prostitusie 'n lewensbestaan gemaak het. Baie kroeë of taphuise en skaggerye soos hulle genoem was, het openlik bordele as 'n ondervertakking van hul bedryf in stand gehou en in 1755 is streng wetgewing hierteen ingevoer. [3]

Geleidelik egter het die openbare mening meer en meer druk uitgeoefen wat ook in die latere wetgewing van die land vasgelê is. In Kaapland is kragtens Artikel 34 van Wet nr. 36 van 1902 bepaal dat dit vir 'n blanke vrou onwettig sou wees om terwille van wins met 'n inboorling gemeenskap te hê. In die Vrystaat onder kroonkolonie-bestuur het Artikel 14 van Ordonnansie 11 van 1903 dieselfde bepaling bevat, terwyl in Transvaal Ordonnansie 46 van 1903 soortgelyke voorsiening gemaak het met weglating van die omskrywing oor winsbejag. [4] In Natal was geslagsverkeer van blanke vroue met Hottentotte, Indiërs, Boesmans of Bantoes kragtens Artikel 16 van Wet nr. 31 van 1903 sondermeer verbode.

Dit is opmerklik dat hierdie vroeë wetgewing die blanke vrou swaar penaliseer, terwyl die man skotvry gaan. Baie gou het dit 'n berugte feit geword dat verskeie blanke mans buite-egtelik met Bantoevroue saamlewe, dat sommige selfs meer as een vrou aanhou, en dat hulle op dié wyse besig was om 'n talryke basterbevolking in aansyn te roep. [5] Hierdie anomalie moes herstel word en Wet nr. 5 van 1927 word sonder veel bespreking deur Tielman Roos deurgeloods. Hierdeur is ook blanke mans wat buite-egtelik met Bantoevroue gemeenskap het, strafbaar gemaak. [6]

Baie gou is besef dat hierdie verbod ook op ander

nie-blankes/.......

---

1) C. 5: Resolutien, p. 67.
2) C.708: Instructien, p. 58.
3) Vid. p. 193;
   Resolutien 1755, p. 423 et seq.
4) Hansard 70, kol. 2234.
5) U.G. 30/1939: Kommissie van Ondersoek na Gemengde Huwelike, p. 15.
6) Debatte van die Volksraad, Deel 6, kol. 1365.

nie-blankes van toepassing gemaak moet word en die Ontugwysigingswet, nr. 21 van 1950 het die woord „Naturel" vervang met die woord „nie-blanke",

> „om die swakkeres van die samelewing teen hulself te beskerm en ook die samelewing teen hulle te beskerm vir die gevaar van 'n baie groot basterbevolking wat nog kan ontstaan." 1)

In 1957 is hierdie wet saam met ander in Wet nr. 23 van 1957 gekonsolideer. Artikel 16 paragrawe (1) tot (3) verbied vleeslike gemeenskap tussen blankes en nie-blankes en maak die oortreders strafskuldig.

Hierdie wetgewing is in die jongste tyd kragdadig toegepas, maar dit is onmoontlik om te sê of dit buite-egtelike geslagsverkeer met nie-blankes aansienlik of selfs hoegenaamd verminder het, want daar is statistiese bewyse dat dit nog steeds op ontstellende skaal plaasvind. [2]

(ii) <u>Teen Gemengde Huwelike.</u>

Om rassevermenging te bestry, moet wetgewing teen ontug uit die aard van die saak aangevul word deur wetgewing teen gemengde huwelike. Toe baron Van Rheede in 1685 hom so hewig ontstel het oor die vermenging van die blankes met die slawe, [3] het hy die eerste wetgewing teen gemengde huwelike gelas deur 'n verbod te plaas op huwelike tussen blankes en volbloed slawe: „Het Trouwen van onse Nederlanders aen vrij gemaekte slavinnen moet verboden werden." [4] Huwelike tussen blankes en gedoopte halfbloed-slawe is nie deur sy verordening geraak nie. [5]

Alhoewel daar gaandeweg 'n groeiende afkeer van gemengde huwelike ontstaan, en die Nederduits-Gereformeerde Kerk reeds in 1817 'n amptelike verklaring daarteen uitgereik het, is geen wetgewing anders as dié van Van Rheede vir die volgende 264 jaar aangeneem nie. [6] Gemengde huwelike kon in al die provinsies voltrek word behalwe in Transvaal waar daar wel geen wetgewing daarteen bestaan het nie, maar waar daar ewe-eens geen wetlike masjinerie vir die voltrekking van sodanige huwelike bestaan het nie. [7]

Na/.....

---

1) Hansard 70, kol. 2236.
2) Die Burger, 27. 1.60, p. 7, kol. 7.
3) C.708: Instructien, p. 58 et seq.
4) Theal, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten, I, p. 41.
5) Hansard 68, kol. 6300.
6) Hansard 68, kol. 6301.
7) U.G. 30/1939, pp. 10-14.

Na die aanname van Wet nr. 5 van 1927 is die noodsaaklikheid van 'n verbod op gemengde huwelike onmiddellik besef. Tweemaal, tewete in 1936 en weer in 1937 het Volksraadslede wetsontwerpe sonder sukses daarteen ingedien. Na aanleiding hiervan is 'n kommissie van ondersoek oor dié aangeleentheid aangestel wat in 1939 verslag doen en oor die wet van 1927 opmerk:

> „The Act exhibits a curious contradiction; although directed against miscegenation, it points the way to the evasion of penalties by a resort to marriage, for miscegenation was not disapproved, if occurring in matrimony, but was severely reprobated if that ceremony was neglected. Only a partial effort was made to deal with the question. If miscegenation is regarded as a social evil which should be combated by legislation, the only logical method of dealing with it, is to prohibit both cohabitation and marriage between members of the races in question." 1)

Die tweede wêreldoorlog het tussenbei gekom en eers na die verandering van die regering in 1948 is die leemte aangevul deur die aanname van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, nr. 55 van 1949 wat die voltrekking van 'n huwelik tussen blank en nie-blank 'n oortreding maak. Weer kom dit van ministeriële kant,

> „dat die drang tot behoud van rassesuiwerheid ten spyt, ... daar onder ons volk swakker broers en swakker susters is en aan hulle moet 'n mate van hulp verleen word. Hulle moet beskerm word teen hul eie swakhede." 2)

Weereens is dit onmoontlik om vas te stel in hoeverre hierdie wetgewing daartoe bygedra het om bloedvermenging teë te gaan, indien dit hoegenaamd daartoe bygedra het. Maar wat wel met sekerheid gesê kan word, is dat dit 'n skuifmeul en verontskuldiging vir ontugtiges geword het. [3]

(b) <u>Etniese Verskille.</u>

(i) <u>Voorkoms.</u>

Die Suid-Afrikaanse inboorlinge, hetsy Khoisan of negroïed, en tot 'n mindere mate ook die Oos-Indiese slawe, het nie voldoen aan die westerse maatstawwe vir skoonheid nie. Die kroeshare, plat neus, skrefie-oë, dik lippe, prognathisme, steatopigie, laaghangende borste en Hottentotvoorskoot doen esteties nie mooi aan nie. Op die reisiger, C.P. Thunberg, [4] het/.....

---

1) U.G. 30/1939, p. 14.
2) Hansard 68, kol. 6303.
3) The Cape Argus, 1.4.60, p. 2, kol. 8.
4) Travels in Europe, Africa and Asia, II, p. 186.

het die voorkoms van die Hottentotvrou geen vleiende indruk gemaak nie:

> „The spine in particular is very much bent, so that I never saw anyone so hollow-backed as the Hottentots. I have seen some of them whose backs were bent in, and their buttocks projected to such a degree that two people might sit on them."

Victor de Kock haal 'n ander reisiger aan wat die Hottentotvroue lelik vind en die assosiasies verder formuleer as, „a tawny, swarthy sort of people ... certainly the next to beasts of any people on the face of the earth." 1) Waarskynlik het Wilson die een of ander korrektiewe maatreël bedink, toe hy sê, „To render the Hottentot woman less hideous is beyond the power of legislation, but a change of attire may render her less nauseating", maar sou dit moontlik wees?

> „Her features are all contrary to European ideas of beauty ... she appears bent in the spine from the immense rotundity of a certain quarter, which after childbearing becomes stupendous. Nature has indeed varied from the rule on the human species when moulding the Hottentot female ..." 2)

(ii) <u>Vuilheid.</u>

Aan sy onaantreklike voorkoms het die Hottentot ook die uiterste vuilheid en morsigheid gepaar:

> „They besmear their faces and bodies all over with suet or other oleaginous stuff, which together with exposing their bodies to a warm sun ... causes them to stink so that one may smell 'em at a considerable distance to the windward ..."

en verder dra hulle skaapvelkarosse, „off which I have seen 'em pick and eat the lice in the streets ..." 3) Reeds op sy eerste reis in 1772 het Thunberg bevind, „They ... seemed to place their whole delight in filth and stench" 4) en hierop brei hy later uit:

> „The Hottentots love filth in the highest degree; they besmear their bodies with fat and greasy substances over which they rub cow dung, fat and similar substances. By this means the pores are stopped up and the skin covered with a surface which defends them in summer against the scorching heat of the sun, and from the cold in winter." 5)

Dit/.....

---

1) De Kock, Victor: Those in Bondage, p. 115.
2) Wilson, R.: Description of the Cape Colony, V.C. 58, p. 30.
3) V.C. 58: Maxwell, J.: Letter to Revd. Dr. Harris, F.R.S., p.3.
4) Op. cit., I, p. 170.
5) Op. cit., II, p. 187.

Dit is dan ook geen wonder dat sy tydgenoot, Andrew Sparrman [1] met verbasing kennisneem van geslagsverkeer tussen blankes en Hottentottinne nie: In die omgewing van Outenikwa en Langkloof het hy naamlik afgekom op 'n blanke man wat met 'n Hottentotvrou saamlewe. Hy ontmoet ook die vrou met haar inboorlingkleredrag, -versiersels en vetgesmeerde toestand, maar „With all these perfections, however, she seemed to me to be rather a cure for love than an incentive to that passion." Dit is waarskynlik waar dat by die meeste blankes 'n soortgelyke reaksie opgewek is en Victor de Kock [2] vind daarin tereg, „one of the main reasons, probably, why intermarriage between European men and Hottentot women was rare".

(iii) Primitiwiteit en Agterlikheid.

Die lewenstandaard, sindelikheid en algemene beskawing van die blankes aan die Kaap in die vroegste tye en later veral ook in die binnelandse grensgebiede het, gemeet aan meer moderne maatstawwe, baie te wense oorgelaat, [3] maar die lewenswyse en -toestande van die slawe en inboorlingrasse het desnieteenstaande uiters ongunstig daarteen afgesteek:

> „The extreme indolence, 'the mother of want', and the filthy habits of the Hottentots, which were such an offence even in an age when the habits of personal cleanliness and hygiene among the Europeans themselves were not very highly developed, together with their 'beastly and brutal' nature as seen through European eyes, soon led to the growth of a reputation which became a byword in the civilised world for all that was degrading and disgusting in human nature." 4)

Selfs 'n bevooroordeelde negrofilis moes toegee, „The Hottentots were beyond doubt deplorably backward ... and ... ranked by South African tradition amongst the lowest of the low." [5]

Ook die toestand van die slawe was uitermate bedenklik. 'n Ooggetuie noem die meerderheid van hulle „depraved and besotted" wat selfs hul eie klere versmokkel, „and go about all the year round in the filthiest rags imaginable." [6] Maar ook hul gemoedere en lewensgesindheid is aangetas: „The condition of slavery has soured their tempers. Most slaves are a sulky, savage and disagreeable/.....

1) Voyage to the Cape of Good Hope, I, p. 303.
2) Op. cit., p. 115.
3) Vid. Hf.III, par. 7(c), p.120.
4) MacCrone, I.D.: Race Attitudes in S.A. ..., p. 48.
5) Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 28.
6) Mentzel, O.F.: Description of the Cape of Good Hope, II, V.R.V. 6, p. 124.

disagreeable crowd ..." [1] Die lewenswyse en toestande onder die Bantoe en selfs die Indiër-koelies was vir die blankes in die hoogste mate afstootlik.[2]

Beskawingsfaktore soos hierdie het baie gou 'n sterk invloed laat geld en „die blanke is dikwels met weersin oor die onbeskaafde of liederlike lewenswyse van die nie-blanke vervul." [3] Dit spreek vanself dat sodanige emosionele lading 'n remmende uitwerking op grootskaalse bloedvermenging sou uitoefen; en die werking daarvan is ten opsigte van die Hottentotte verder versterk deur etniese, linguïstiese en ander kultuurverskille wat selfs by 'n vroeë reisiger om die Kaap ten onregte die indruk laat posvat het dat die Hottentotte mensvreters kon wees:

> „Sy syn cleyn van persoon, leelyck van gesichte, haer haer opt hooft staedt oft affgeschroyt waer van de zonne ende sien daeruyt even gelyck een dieff, die door het langhe hanghen verdroocht es. — Belanghende haer spr eck is eeven gelyck ofte men een deel Calcoensche hanen hoorden raesen, eeven gelyck is oock haer spraecke daer van weynich anders kont hooren als clocken ende fluyten. Oock souden sy well, naer dat men conde merken yemant van ons luyden gegeten hebben, want sy weynich maekte om rouwe dermen te eeten, daer sy den dreck met eenen vingher maer een weynich uytgestreecken hadden, waerdoor wel stond te vermoeden dat het menscheneeters moesten weesen." 4)

(c) <u>Die Invloed van Sosiale Status.</u>

Die slawe en Hottentotte aan die Kaap, soos later ook die Bantoe (die geval van die Indiërs het ietwat anders verloop) was óf uit die staanspoor uit, óf baie gou ekonomies afhanklik van die blanke en daardeur is 'n skerp sosiale skeidslyn getrek. Die blanke was vry; die nie-blanke slaaf. Die blanke was baas; die nie-blanke kneg. Hierdeur is 'n heer-diensbode-teenstelling geskep wat heel gou op 'n diepgewortelde kompleks van superioriteit-inferioriteit-teenstelling uitgeloop het. Reeds teen die einde van die 18de eeu was hierdie opvatting duidelik sigbaar en het 'n reisiger oor die Kaapse burgers opgemerk,

> „Van de jeugd gewoon slaven te gebieden, gelooft hy sich boven alles verheven ... Dit hoog gevoelen van zich/.....

1) Ibid., p. 129.
2) Vid. Hf. III, parr. 8 en 9, pp. 124 en 133.
3) Scholtz, G.D.: Die Ontstaan en Wese van die S.A. Rassepatroon. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Julie 1958, p. 145.
4) Blommaert, W. en Gie, S.F.N.: Uit ou Reisbeskrywinge, pp. 79-80.

„zich zelven maakt dat zelfs een boer zynen staat met dien van niemand verwisselen zoude. Op den naam van Africaan is hy trotsch, Kaapsche Burger schijnt hem een grootsche titel",

en hierteenoor,

„Deze te verregaande trotscheid heeft de luiheid ten gevolge. Weinige blanken zullen een hand aan den landbouw slaan of den arm in het pakhuis gebruiken; 't is slavenwerk! waar zyn de slaven voor? is het andere woord." 1)

Hierdie klasse-superioriteit, of sosiale diskriminasie, was daarop bereken om bloedvermenging 'n eerlose vernedering, 'n skandvlek te maak. [2)]

(d) Die Invloed van die Godsdiens.

Die gereformeerde godsdienssin van die Kaapse ingesetene het uit die staanspoor 'n deurslaggewende rol gespeel en soos hy die grensgebiede binnedring, en van die res van die beskawing afgesny raak, het dit meer en meer as behoudende faktor in sy lewe vorm aangeneem.

„Of all the elements in his social heritage, there was none to which the European of the frontier clung with greater fervour or which he prized so highly as his religion. Although he might have lost touch with the main stream of contemporary European culture, the frontier farmer still retained the peculiar tradition of his seventeenth-century European background in its original form. It was that tradition that played a fundamental part in determining his race attitudes and in making him race conscious, for membership of his religious group was an exclusive privilege which distinguished and separated him by an immeasurable distance from those who did not share it with him." 3)

Daar bestaan oorvloedige dokumentêre getuienis oor die rol wat die godsdiens in die lewe van die grensboer gespeel het. In ongeëwenaarde toestande van gevaar, armoede en verwildering was dit dikwels sy enigste behoud. Dit is deur Joachim van Plettenberg op sy inspeksiereis na die oosgrens in 1778 ervaar,

„In dezen armoedigen toestand vond men evenwel dat de huysgezinnen voorzien waren van zoodanige boeken, als hun, by gebrek van gelegentheyd tot den openbaren godsdienst, verstrekten om dezelve in hunne huysgezinnen met elkanderen te kunnen oefenen: meestal waren zy zedig, redelijk wel onderleid en sterk verlangende

na/.....

1) de Jongh, Cornelius: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ..., I, Brief XVI, 20.12.1792.
2) MacCrone, I.D.: Race Attitudes in S.A. ..., p. 133.
3) MacCrone, I.D.: op. cit., p. 126.

„na eenen leraar, zo om't nut van den openbaaren godsdienst als om't gebruyk der H. Bondzegelen." 1)

Daar bestaan ook getuienis dat die godsdiens van owerheidsweë as 'n verbasteringwerende invloed gesien en ingespan is. Op sy reis na die binneland in 1743 het baron Van Imhoff 'n waarskuwende woord laat hoor, want hy het

„met leedwesen... ontwaart, hoe wijnig werk aldaar van den publicquen Godsdienst word gemaakt, en soo ook in welke groote sorgloosheijd en onweetenheijd een groote gedeelte der buijten luijden in dien opzigte leeven, sig aan den Godsdienst wijnig of niet bekennende, invoegende dat het aldaar eerder na eene versaameling van blinde heijdenen, als na eene Colonie van Europeërs en Christenen komt te gelijken." 2)

Toe aanraking met die Bantoe plaasvind en vermenging soos met die Hottentotte en slawe gevrees word, is na 'n sterk regering en die invloed van die godsdiens gegryp om die kwaad af te weer, want

„Ondertusschen niet kan werden ontkend seer noodsakelijk te sijn dat door gepaste middelen in tyds behoord te werden voorgekomen het geen ten dien opsigte door de continueele samen woning dier menschen sonde kunnen ontstaan: want gelijk door de gem. ontugt selve een verbastering geboren word ... zal alleen door een geregeld bestier en de indrukselen van den godsdienst eene afkeerigheid daarvan kunnen werden ingeboesemd en deze t'zamen moeten werken en de geschikste middelen zijn om de ontaarding dier ingeseetenen tot een woest volk voor te komen." 3)

Tydens die Bataafse bewind het genl. J.W. Janssens onvleiend van die Afrikaners gesê,

„zij roemen zigselven menschen en Christenen, de Kaffers en Hottentotten heijdenen en hierdoor gelooven zy zig alles geoorlooft"

en iemand

„die eenige lectuur vermeend te hebben, heeft de ontdekking gedaan dat de Hottentotten de afstammelingen van het vervloekte ras van Ham zijn en dus ter dienstbaarheid en mishandeling door den almagtigen God zijn gedoemd." 4)

Hoe bevooroordeeld en onjuis Janssens se siening ook was, was dit die godsdiens van die Afrikaner wat hom

„genoop/.....

---

1) Godee-Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika..., II, p. 75.
2) C.528: Uitgaande Brieven, p. 145.
3) C. 79: Resolutien, 1786, p. 560.
4) Theal, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten, III, p. 219.

„genoop het om sy eie posisie met dié van Israel te vergelyk wat goddelike opdrag ontvang het om hom nie met die heidene rondom te vermeng nie." 1)

Die geweldige remkrag wat hierdie religieuse sanksie ten opsigte van bloedvermenging uitgeoefen het, kan nouliks oorskat word. Dit het langs dié weg 'n afkeer van bloedvermenging opgewek wat setel in die allerheiligste oortuigings van die volksiel, wat van daar uit deel van sy lewensbeskouing geword het, en wat net so natuurlik, vanselfsprekend en onaantasbaar is as die natuurverskynsels self: Die land en die see, die dag en die nag, die somer en die winter, en ook die Christen en heiden, kan nie meng sonder om die orde van God te versteur nie!

(e) <u>Kleurvooroordeel.</u>

Kleurvooroordeel was geen primêre weermiddel teen bloedvermenging nie, en daar is oorvloedige getuienis dat dit aanvanklik nie aan die Kaap bestaan het nie.[2] Kleurvooroordeel het alleen 'n sekondêre ontstaan gehad as gevolg van 'n massale geestelike kondisioneringsproses deurdat daar by 'n hele reeks van wyduiteenlopende emosie-belaaide teenstellings steeds een konstante faktor was, naamlik kleurverskil:

„Because differences of skin-colour are so obvious, they can, more readily than any other physical difference become attached, by the process of 'conditioning', to the prevailing social attitudes of the group." 3)

So het etniese faktore 'n skerp emosie-belaaide aksent geplaas op die teenstelling „beskaafd-onbeskaafd", en alles wat daarmee in 'n bewoë geskiedenis saamhang; sosiale statusverskille aksentueer met ewe groot gevoelslading die teenstelling „vryman-slaaf", of „heer-diensbode"; en belangrikste van almal is die religieuse oortuiging wat kom en met 'n gewyde piëteitsgevoel die onoorbrugbaarheid van die teenstelling „Christen-heiden" verseël. Hier is elke keer 'n streep getrek en 'n kloof geskep wat so radikaal en gevoelswanger was, dat dit nie sonder verwekking van die uiterste weersin verontagsaam kon word nie. Elke keer, net soos Pavlov se klokkie, het daarmee saamgegaan die konstante faktor, die kleurverskil: Die teenstelling, „westerling-inboorling", „blank-nie-blank", „wit-swart". En

noodwendig/.....

---

1) Scholtz, G.D.: Ontstaan en Wese van die S.A. Rassepatroon, op. cit., p. 147.
2) Vid. par. 2(e), p. 169.
3) MacCrone, I.D.: op. cit., p. 131.

En noodwendig het die weersinreaksie hom gekoppel aan hierdie konstante faktor en is die radikale kloof geprojekteer op die teenstelling tussen wit en swart. Dit wat eers sekondêr was, het primêr geword en het só vasgegroei in die denkwyse van 'n hele volk dat verontagsaming daarvan landwye en bykans unanieme verontwaardiging verwek.

Die eerste tekens van hierdie rasse-vooroordeel ontwaar 'n mens by niemand anders nie as Van Riebeeck self, toe hy die Hottentotte met verontwaardiging 'n „botte, plompe, ende luije, stinckende natie" noem. [1] Maar desnieteenstaande was daar tog in die aanvangsjare van die nedersetting 'n vryer verhouding tussen blank en gekleurd, en is die onderskeid nog primêr gemaak tussen Christen en nie-Christen, tussen vryman en slaaf. [2]

Mettertyd egter word die diskriminasie geprojekteer op die ras self en in 1685 belet kommissaris Van Rheede huwelike met volbloed slawe ongeag of hulle gedoop is of nie. [3] Voorlopig sou diegene wat van gemengde bloed, maar vry is, nog aanneemlik wees, maar allengs brei diskriminasie ook in dié rigting uit en in sy stryd teen W.A. van der Stel aan die begin van die agtiende eeu verwys Adam Tas verkleinerend na dié se grootmoeder, Monica da Costa, as hy haar 'n „swartinne" noem.[4] In die sewentiger jare van dieselfde eeu het Sparrman [5] dit reeds in duidelike taal geformuleer,

> „It is true a great many of the whites have so much pride, as to hinder as far as lies in their power the blacks or their offspring from mixing with their blood."

Nog voor die einde van die agtiende eeu, in 1788, weier burgers van Stellenbosch om onder 'n korporaal te dien wat nie van suiwer blanke ouers afgestam het nie, „vermits denselven Swartachtig van Couleur, en van Heydenen afkomstig zou zyn," [6] en in 1791 word die oprigting van 'n vry korps bepleit vir „soodanige inwoonderen, hoewel in den egt gebooren, dog wiens vader of moeder in slaavernеy zyn geweest ... om dus van de burgery gesorteert te zijn." [7]

Vroeg/......

---

1) C.493: Uitgaande Brieven, 14. 4.1653;
Scholtz, G.D.: op. cit., p. 145.
MacCrone, I.D.: op. cit., p. 48.
2) Vgl. MacCrone, I.D.: op. cit., p. 73.
3) Vid. par. 1(a)(ii), p. 150.
4) MacCrone, I.D.: op. cit., p. 131.
5) A Voyage to the Cape, I, p. 285.
6) MacCrone, I.D.: op. cit., p. 133.
7) C.289: Requestin, 1791, p. 515.

Vroeg in die negentiende eeu was die kleurskeidslyn aan die Kaap reeds 'n voldonge feit en in 1806 merk 'n verbyganger op:

> „The Cape people indeed ... consider that nature has drawn a determined line between whites and blacks and intended in her partiality that the latter should always be dependants." 1)

Inderdaad het kleurvooroordeel teen daardie tyd reeds so diep ingesink dat toe sendelinge van die Londense Sendinggenootskap hulle met inboorlinge en basters verswaer, hul aansien by die koloniste onmiddellik verdwyn het.

> „They at once put themselves out of sympathy with, and in direct opposition to, the Dutch colonists, to whom such matrimonial alliances were to the last degree distasteful." 2)

Hieroor lewer een van die sendelinge, eerw. Campbell, in 1814 self getuienis waar hy sê,

> „The Bastard Hottentots are a kind of outcast from society, being neither Dutchmen nor Hottentots. Nothing disgraces a Boor more than to have illicit connection with a Hottentot; of course when he has such a connection, the spurious off-spring must be banished from his father's house ..." 3)

Hierdie kleurvooroordeel het met die loop van jare steeds sterker geword, selfs toe die primêre teenstellings, tewete dié van beskaafd-onbeskaafd, heer-diensbode en Christen-heiden óf deels, óf geheel en al verval het; en in 1939 rapporteer die Kommissie van Ondersoek na Gemengde Huwelike,

> „The most remarkable feature of the evidence, both oral and written, which we were able to collect, was the practically unanimous dislike for mixed marriages. The evidence referred to, convinced us that a very strong and effective public opinion already exists in South Africa — so strong that a very large portion of the white population not only deprecates, but condemns, mixed marriages and that, with many, the feeling has transcended the bounds of what is ordinarily known as public opinion and has become an article of faith, which exhorts them to press for nothing less than the elimination of mixture ..." 4)

Hierdie geloofsartikel kom ook vandag nog by die meeste

blankes/.....

---

1) Wilson, R.: Description of the Cape Colony, V.C. 58, p. 31
2) du Plessis, J.: A History of Christian Missions in S.A.
3) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, IX, p. 312.
4) U.G. 30/1939, p. 31.

blankes, selfs dié wat hulle reeds van die kerk en die godsdiens losgemaak het, voor. Dit het 'n ware artikel in die volksgeloof geword en hoe effektief dit werk teen bloedvermenging, word deur die Kommissie van Ondersoek verduidelik:

> „That existing public opinion, which is reflected in the social structure of the country, operates as a strong deterrent, was proved to us by the narration of cases in which a party to a betrothal, on the discovery of the true antecedents of the other, would often break off relations because public opinion would, under the circumstances, make marriage intolerable." 1)

Dit is nouliks nodig om dit in soveel woorde te sê dat diegene wat bereid was om hierdie sosiale sanksies te verontagsaam en die stigma daarvan te trotseer, nie die beste mensemateriaal van die land was nie. En dit geld nie net die blankes nie, alhoewel dit in besondere sin op hulle van toepassing is.

2. Faktore wat Kruising begunstig het.

'n Ondersoek van die faktore wat, aan die ander kant, kruising begunstig het, lei tot dieselfde ontdekking.

Die Kommissie van Ondersoek na Gemengde Huwelike het ook bevind dat in weerwil van hierdie geweldige sterk openbare mening, dit nog nie sterk genoeg was om bloedvermenging heeltemal uit te skakel nie, en beveel derhalwe wetlike verbod op gemengde huwelike sowel as buite-egtelike geslagsverkeer aan; 2) en rekenskap moet dus gegee word van daardie faktore wat verbastering in die hand gewerk het en dit nog steeds doen. Ook hier laat dit verdere lig val op die deelnemers aan die mengelproses. Dit aksentueer weereens op betekenisvolle wyse die boustowwe waaruit die Suid-Afrikaanse Kleurling saamgestel is.

(a) Primitiwiteit en Agterlikheid van die Nie-blankes.

Dieselfde faktor wat enersyds verhoed het dat algemene verbastering plaasvind, het andersyds daartoe aanleiding gegee dat vermenging op kleiner skaal onvermydelik was. Die primitiwiteit en agterlikheid van die nie-blankes het hulle feitlik die weerlose slagoffers van roekelose blankes gemaak.

(i) Onder die Slawe.

Die slawe was om verskeie redes 'n maklike prooi vir blanke misbruik:

Slawerny het kragtens sy eie aard die vernietiging en

algehele/.....

---

1) Ibid.
2) U.G. 30/1939, pp. 35-38.

algehele onmoontlikheid van 'n normale familielewe onder die slawe ingehou. Hulle het weliswaar deel gehad aan die wette van die natuur, en geslagsgemeenskap is hulle nie ontsê nie. Daar is selfs van owerheidsweë maatreëls getref om hulle min of meer permanent te laat kohabiteer, soos die geval in 1685 was met die hervormingsmaatreëls van kommissaris Van Rheede, [1] 'n man wat ongetwyfeld onder aandrif van hoë motiewe gehandel het. Maar omdat daar geen huwelik was nie, was daar geen seggenskap oor die kinders nie, en geslagsontrou was nie as owerspel strafbaar nie. [2] Dit het, veral in die slawelosie, 'n allervreeslikste toestand van onsedelikheid ten gevolge gehad: „They herd together like animals and have no higher moral sense. Female slaves are always ready to offer their bodies for a trifle..." [3]

Die sedelike ontwrigting wat op dié wyse veroorsaak is, is vererger deur die ontsettende armoede en ontberings waaraan hierdie mense blootgestel was. Ook hierdie euwel het Van Rheede probeer bestry en sodoende 'n treffende lig daarop laat val. Hy wou die slavinne beter laat klee ten einde ontug te vermy:

> „Den nood en d'armoede geeft groote aanleijdinge tot misdoen." [4]

Om van die soldate en matrose klere te verkry, het die slavinne hulle laat misbruik: Omdat die Kaapse klimaat so koud is,

> „zo is het seer gemakkelijk voor de soldaeten en matroosen en andere dit vrouwvolk alleen door een oud kleed te debaucheeren." 5)

Sommige manlike slawe het blykbaar later geweet hoe om hierdie toedrag van sake tot hul ekonomiese voordeel uit te buit. Hulle het naamlik hul „vroue" gebruik om vir hulle 'n inkomste te help verkry:

> „Some also obtain money or goods from their 'reputed' wives, who have their own way of earning at the expense of soldiers and sailors. These 'birds' are easily recognised by their 'fine feathers'". 6)

Dit/......

---

1) C.708: Instructien, p. 58.
2) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, IX, p. 151.
3) Mentzel, O.F.: Description of the Cape of Good Hope, II, V.R.V. 6, p. 125;
Vgl. ook Mentzel, O.F.: op. cit. I, V.R.V. 4, p. 116.
4) C.708: Instructien, p. 63.
5) Ibid, p. 64.
6) Mentzel, O.F.: op. cit., II, V.R.V. 6, p. 124.

Dit was vir die slavinne ook om ander redes voordelig om hul seksuele drifte te beoefen en elke keer so gou as moontlik weer swanger te word:

„... die slavinnen der Illustre Compagnie wachten naauwliks 14 dagen, waarna zy al wederom gelegentheid zoeken, om by den eenen of den anderen te slapen, als zynde de geilheid zee teogedaan; en dewijl zy altyd 6 weken voor en 6 weken na het kramen vry van werken zyn, zoo veroorzaakt haar bedurve natuur, nevens de goede en gemaklyke dagen, welke zy gedurende het kramen genieten, dat zy nergens dan om wellust en goddeloosheid denken. Te dien einde vervaardigen zy een minnedrank van melk of wyn en eijeren, waarin zy zuiker, zaffraan en kanneel doen, ten einde om te driftiger te worden in't uitvoeren van hare beestachtigheid, gelijk men dan ook in hare wooning over de 200 levendige kinderen aantreft." 1)

Dat die slavinne hulle daarop toegelê het om omgang met blankes te soek, is verstaanbaar. Dit was nie alleen die blanke wat vir sy gerief kon betaal nie, maar dit was ook vir die slavin in haar ellendige toestand van slawerny 'n eer om op dié wyse met haar meerdere te verkeer. So het Daniel Beekman 2) in 1714 opgemerk,

„At the hither end of the garden is the slave house. You may see the Dutch sailors frequently go in and out to the slave-women (which is conniv'd at by the Government) and are very acceptable to them, who are negroes and are very proud when their children prove whiter than themselves."

Slavinne van Oosterse herkoms was nogal met besondere liggaamlike skoonheid bedeel wat hulle as hulpmiddel in hierdie aktiwiteite kon aanwend.

„The female slaves of the Cape are indeed very handsome, particularly the Mustees, whose black eyebrows, hazel eyes, ruddy complexion, and well-moulded limbs merit the delineation of the ablest painter or the chisel of the most accomplished sculptor." 3)

Dit bevestig die bevinding van Thunberg 4) wat sê, „the children of the third generation mixed with Europeans, become quite white and are often remarkably beautiful", en as 'n mens Sparrman kan glo, was hulle nie onbewus van hulle bekoring nie. Op sy/.....

---

1) Kolbe, Peter: Naauwkeurige Beschrijving van die Kaap de Goede Hoop, I, pp. 389 en 390.
2) A Voyage to Borneo.
3) V.C. 58, Wilson, R.: Description of the Cape Colony, p. 32.
4) Travels in Europe, Africa and Asia, p. 112.

sy soektog na botaniese inligting in April 1772 het hy daarmee kennis gemaak:

> „Not far from the farm we had a brook to cross, where we met with a female slave who very officiously and obligingly shewed us the shallowest places. She seemed to lay her account in receiving some amorous kind of acknowledgement, in which she could not be otherwise than disappointed, as she had the misfortune to meet with a delicate as well as a weary philosopher." 1)

(ii) <u>Onder die Hottentotte.</u>

Die uiterste primitiwiteit van die Hottentotte teenoor die relatief hoë beskawingspeil van die blankes, het bloedvermenging vergemaklik en die inboorlinge feitlik aan die genade van die blanke avonturier uitgelewer. Op hierdie verskil in beskawingspeil en die uitwerking daarvan op die sedelike lewe, gaan Grevenbroek [2] enigsins in waar hy sê,

> „In the early days of the colony the natives thought that our men who lived next to them could vomit fire. They stood by in amazement, while on the discharge of our guns, they saw the largest wild animal, a lion or an elephant, laid low by one leaden bullet as if struck by lightning. Our cavalry likewise they regarded as so many centaurs, half horses half men; at the sight of them they began to shake; and they held their strength in such awe that any native wife or maid would prostitute herself to them, hoping like a second Thalestra, to conceive an Alexander; the woman's husband perhaps would urge her to it, and she would be all the more ready because firmly convinced that the virtue of the sire would be implanted in any child conceived from one of our men."

Dit is te betwyfel of Grevenbroek reg was toe hy so 'n berekende ambisie aan die sedeloosheid van die Hottentotte toedig. 'n Ander reisiger sien dit in die meer juiste perspektief van die kenmerkende seksuele losheid van die primitiewe Hottentot:

> „This day came down four of the Natives of the place; they (being the foulest Men that I ever say) dancing Naked, and shaking their Privy Parts, with an offer to the Hollanders, that they should lie with their Wives for a bit of rolled Tobacco,"

en dan volg die insiggewende opmerking:

> „... but the women are more to be admired, who have a flap/.....

---

1) Sparrman, A.: A Voyage to the Cape of Good Hope, I, p. 62.
2) An elegant and accurate Account of the African Race ..., p. 295.

„flap of skin that covers their Nakedness, but are so Ignorant, or I may say Brutish, that they will not stick to prostitute themselves, or do whatever you would have, for the least Recompense Imaginable; and of this I am an Eye-witness." 1)

Die Hottentotte het baie gou en op groot skaal van die blanke ekonomies afhanklik geword. Hierdie ekonomiese afhanklikheid het hulle in meer as een opsig aan die genade van die blankes uitgelewer, en diegene wat gewillig was om met Hottentotvroue om te gaan, het hoegenaamd geen teenkanting ondervind nie. Op geniepsige wyse weet Barrow te vertel,

„The Hottentots in the service of the colonists are in situations too dependant to dare to reject the proffered embraces of the young peasantry." 2)

Die gewilligheid van die Hottentotvroue skrywe Sparrman toe aan ontstamming, die beter voeding wat hulle by die blanke kry, vleiery, beloftes, presente en selfs dreigemente wat die blanke gebruik „in order to satisfy his unruly desires." [3]

Dat ekonomiese afhanklikheid in sommige gevalle 'n rol gespeel het, sou niemand wil betwis nie, maar dat foutvinderige mense soos Barrow en Sparrman die aandeel van die Hottentotvroue se bedenklike morele standaarde buite rekening laat, is baie duidelik. Hiervan het ten minste Sparrman [4] eerstehandse ondervinding gehad toe hy met die brute — maar skynbaar onbegrepe — minnemetodes van die primitiewe mens kennisgemaak het: In Augustus 1775 is sy geselskap in die omgewing van Riviersonderend deur twee Hottentotmeidjies van 14 tot 17 jaar besoek, en „without any degree of vanity we could plainly perceive that the visit was made on our account." Nadat hy hulle op tabak en brandewyn trakteer het, het hulle ewe ordentlik afskeid geneem.

„But when they got out of doors, these madcaps had the boldness to defy us to run after them, and catch them. We soon gave over the chase, but as often as we turned back, they came after us and defied us again. At length the elder of them, while she was running, not only fell down, but even seemed to wait for us in that position. So unexpected a circumstance gave us no small concern, as it made us begin to suspect the girl's virtue, till she drew a large knife, and threatened to plunge it into our hearts if we dared to approach any nearer!"

Die/.....

1) Cowley, Capt. Ambrose: Cowley's Voyage round the Globe, p.33.
2) Barrow, John: An Account of Travels into the Interior of S.A., ... I, p. 148.
3) Sparrman, A.: A Voyage to the Cape of Good Hope, I, p. 303.
4) Op. cit., I, p. 228.

Die waarheid is dat die Hottentotte benewens 'n algehele gebrek aan seksuele inhibisies, doelbewus omgang met die blanke gesoek het. Dit het nie alleen groter sekuriteit en bestaansveiligheid meegebring nie, dit was ook 'n eer.

> „Die Mädchen und jungen Frauen kommen in Abhängigkeitsverhältnis zum Weiszen auch auf ihre Rechnung. Im intimen Verkehr mit dem weiszen Mann findet die junge Hottentottin ein sorgfreies Leben. Ihre Eitelkeit wird meist nach jener Richtung befriedigt, ihre Sinnlichkeit spricht stark mit, und ein weiszes Kind zu gebären erfüllt sie oft geradezu mit Stolz." 1)

En hierdie eer het op die nageslag oorgegaan dermate dat die benaming ‚baster' 'n eretitel onder die Hottentotte geword het:

> „Der Burenvater der nur Bastardkinder hatte, gab diesen als Erbe nicht nur seine Herden, sondern einen guten Teil des auch in ihm lebenden Stolzes, der mangels Besserem eine Hottentotfrau dulden muszte, aber doch echter Burenstolz war. Dieser Stolz schuf im Bastardsohn das Gefühl, ‚ich bin weiszen Mannes Sohn, ich bin kein Eingeborener, ich bin Bastard' — das hört man heute noch tagtäglich." 2)

(b) <u>Diensvoorwaardes en Tekort aan Blanke Vroue.</u>

Die diensvoorwaardes van die Kompanjie se soldate het seksuele losbandigheid in die hand gewerk en Thunberg [3] beskrywe dit so:

> „A soldier here is not at liberty to marry ... and, ... many, as daily experience evinces, for want of this regulation, fall into bad courses, and ruin themselves by connexions with black women."

Maar al sou hierdie beperking nie bestaan het nie, is dit onwaarskynlik of dit enige verskil aan die uiteindelike resultaat sou gemaak het, want aan die Kaap was 'n kroniese tekort aan blanke vroue, sodat selfs die permanente koloniste dikwels ongetroud moes bly. In 1667 was daar onder die vryburgers slegs 19 vroue teenoor 100 mans. Dertig jaar na die stigting van die Kaap het die aantal vroue nog nie die 25-kerf verbygetrek nie. Herhaaldelik het die kommandeur die direkteure van die Kompanjie in kennis gestel hoe noodsaaklik dit is, en hoe die burgers dit begeer, dat meer vroue uit Holland moes kom. [4] Van Riebeeck se brief aan die Here XVII op 5 Maart 1659 lui in Leibbrandt se vertaling so:[5]

„It/.....

---

1) Schultze, Leonard: Aus Namaland und Kalaharie, p. 548.
2) Fischer, Eugen: Die Rehobother Bastards, p. 20.
3) Travels in Europe, Africa and Asia, I, p. 138.
4) Hoge, J.: Rassenmischung in Süd-Afrika, p. 139.
5) Prècis of the Archives of the Cape of Good Hope, Letters Dispatched, III, p. 95.

> „It would also be a good thing for the Company at the Cape, yea, most highly necessary, that the free-men should have their wives with them ... These young men have accordingly begged us to ask girls for them whom they might marry and settle down permanently."

Hy beveel dus aan dat reisigers toegelaat word om hul vroulike bediendes saam te bring op voorwaarde dat hulle dan aan die Kaap agterbly om te trou. Op 26 April 1659 herhaal Van Riebeeck die versoek:

> „It would be desirable if for the unmarried free agriculturists and burghers, at least 20 lusty farmers' or other ordinary people's marriageable daughters came over," 1)

en hy wys daarop dat, aangesien alles uit die grond opgebou moet word, diegene wat uit herehuise kom, of groot juffers wil word, nie sal deug nie.

Aan hierdie versoek is in 1685 vir die eerste keer gevolg gegee en daarna het dit met tussenposes gereeld plaasgevind. [2)]

Die uitwerking van hierdie skaarste aan blanke vroue lê voor die hand en Colenbrander [3)] berig daaroor as volg,

> „Vooral in de eerste jaren der nedersetting, toen de blanke vrouwen schaarsch waren ..., en de eigenaardige moreele eigenschappen van het Boerenras sich noch niet hadden kunnen ontwikkelen, had er een levendig geslachtsverkeer met slavinnen plaats ..."

(c) <u>Swak Gehalte van vroegste Blanke Inwoners.</u>

Om 'n volledige begrip te kry van die toenmalige omstandighede moet daar gevra word na die gehalte mens wat onder hierdie omstandighede moes lewe en dit vereis geen verbeeldingskrag om 'n voorstelling van die sedelike gedrag van hierdie „versopene luije, lompe vlegels",[4)] hierdie „very refuse of Europe" te vorm nie.[5)]

> „Es ist nicht verwunderlich dasz Männer dieser Art bei dem Mangel an weiszen Frauen ihre Geschlechtlichen Bedürfnisse bei den eingeborenen Frauen, den Hottentottinnen, oder bei den Sklavinnen zu befriedigen suchten." 6)

(d) Veragtering/.....

---

1) Leibbrandt, H.C.V.: op. cit., p. 115.
2) Colenbrander, H.T.: De Afkomst der Boeren, p. 72.
3) Op. cit., p. 71.
4) V.C. 36: Rapporten der Commissarissen, p. 167.
5) Vgl. Hf. III, par. 7(c), p. 120.
6) Hoge, J.: ibid.

(d) Veragtering in die Binneland.

Melding is reeds daarvan gemaak [1] dat toe die trek „overbergh" vroeg in die agtiende eeu begin het, en die trekkers van die beskawing agter hulle losgemaak is, [2] daar 'n bange benoudheid by verskeie reisigers en koloniste ontstaan het dat die trekboere sou verwilder, in barbarisme verval en met die inboorlinge vermeng. [3]

In 1703 reeds kla die Kerkraad van Drakenstein oor die feit dat geen predikant verkry kon word nie,

> „waardoor deese bloeijende gemeijnte ... van dagen tot dagen verwildert en verwoest, en soo dat nög soo voortgaat, eindelijk tot Hotnots schijnen te vervallen", 4)

en hierna kom gereelde waarskuwings van dié aard. [5] Benewens dié van baron Van Imhoff in 1743, [6] stel 'n versoekskrif uit die Camdebo in 1778 [7] dat die jeug opgroei, „gelyk het somme vee" en soos Van der Merwe [8] uit die Swellengrebel-Familie-Argief opdiep, word daar in 1776 voorsien „dat dit nog eene geheel verwilderde natie zal worden."

In die sewentiger jare het ekonomiese misstande die burgers naamlik dieper en dieper die binneland ingedrywe om daar deur middel van veeboerdery 'n bestaan te probeer maak. Sommige van hulle was toe reeds 40 dagreise ver van die Kaap af en hul ellendige lewensomstandighede het hulle so veragter dat verbastering met die Hottentotte 'n baie aktuele gevaar geword het. [9] Soos Van der Merwe [10] uit die Memorie van Nederburg (10 Julie 1779) in die Ryksargief, den Haag, aanhaal, was dit so erg

> „dat veele Huysgesinnen, afsonderlyk op eene plaats niet kunnende bestaan, by elkander in eene hut trekken terwyl de jongelieden, die geen middel hebben om sig neder te setten, ongetrouwd moeten blyven of sig onder de Hottentotten ophouden, uit welke vermenging mettertijd een nageslagt kan geboren worden, dat mogelijk nog erger dan de Bosjesmans Hottentotten tegenwoordig sal te dugten zijn."

Die/.....

---

1) Hf. IV, par. 1, p. 147.
2) MacCrone, I.D.: Race Attitudes in S.A., pp. 89-98.
3) van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, p. 241.
4) Spoelstra, C.: Bouwstoffen voor de Geskiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, I, p. 128.
5) Van der Merwe, P.J.: op. cit., pp. 241-245.
6) Vid. par. 1(d), p. 155.
7) C. 311: Memorien en Requesten.
8) Ibid.
9) Beyers, Coenraad: Die Kaapse Patriotte, p. 12.
10) Ibid.

Die burgers het self ook die gevaar ingesien en in die bekende Burgermemorie van 1784, [1] is hulle besorgd en verontrus oor die toekoms van hul kinders,

> „dewijl zij van zoo een wild veldleven een gehele verbastering van zeden moeten te gemoed zien, en in hun dierbaar kroost, het welk hen anders onder de gunstrijke hand der Voorzienigheid voor een zegen konde strekken, een geheel ontaarde natie, die mogelijk wel een ruim zoo gevaarlijk voor de Colonie kon worden, als nu de Boschjesmans hottentots zijn, beschouwen. Daar men billijk de angstvallige vraag mag doen, ‚kan het land reeds geen subsistensie geeven aan lieden by wie nog enige beschaafdheid is, wat zal het doen aan zulken die zig met hottentotten en kaffers vermengen'."

Hierdie toestande van armoede, ellende en honger onder die grensboere het in die praktyk meegebring dat van die blankes werklik as gevolg daarvan onder die Hottentotte verval het. In dieselfde Burgermemorie [2] word as illustrasie van die armoedige bestaan vermeld dat

> „veele Jonge Colonisten ... zig hier of daar in een miserable Hut onder die Hottentotten, alwaar het Vleesch van een wilden Bok, wel eens van een Renoster, zelf van verslindend Gedierte, hen tot brood verstrekt, hebben moeten ter neêr zetten".

Dat die armer klas blanke soms werklik op dieselfde voet met Hottentotte saamgelewe het, word verder bevestig deur die geval van Gerrit Renneken wat weens moord op 'n Hottentot ter dood veroordeel is en oor wie lord Bathurst as volg skrywe,

> „But the parents of the prisoner are poor, in a wandering state with the Hottentots. They were in partnership with the Hottentots, the Prisoner on the same footing with the boys of the same age with himself, who were Hottentots." 3)

Dit was egter nie alleen die tydelike ekonomiese resessie van hierdie tydperk wat die gevaar ingehou het nie, maar toestande aan die grens het uit die aard van die saak normaalweg noue kontak tussen blankes en Hottentotte meegebring. Dit het gekom deels as gevolg van die ekonomiese afhanklikheid van die ontstamde Hottentotte wat meer en meer deur armoede in diens van die blankes gedwing word; maar dit is veral veroorsaak deur die gesamentlike stryd van die blankes en Hottentotte teen die ge-

meenskaplike/.....

---

1) C.J. 316: Memorien en Rapporten, 17. 2.1784.
2) Ibid.
3) Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, IX, p. 248.

meenskaplike bedreiging van die Boesmans. 1) Daar het mettertyd naamlik 'n min of meer geykte patroon van die trekbeweging na die binneland ontstaan:

> „The Hottentots are, as it were, the bloodhounds who smell out the most fertile lands. When their kraals are discovered in such places several Europeans or Afrikanders soon appear and, by gifts, flattery and other forms of cajolery, wheedle the Hottentots into granting permission for them to settle alongside. But as soon as the pasture land becomes too scanty for the cattle of these newcomers and the Hottentots, the latter are induced by trifling gifts to withdraw and travel further inland. They prefer to remain in close proximity to the white man." 2)

Gesien hierdie noue ekonomiese en maatskaplike aanraking met die Hottentotte, gepaard met die skaarste aan vroue op die grens en die ontembare vryheidsdrang van die trekboer wat hom deur niemand wil laat gesê nie,

> „Kann es da auffällig sein dasz der junge Bur der sich nach des Vaters Tod im Besitz einer kleiner Herde sah, aber ohne Land und der nun auf herrenloses Gebiet (nordwärts) treckte, dauernd und zu förmlicher Ehe ein junges, hübsches Hottentotweib nahm — und sie haben in der Jugend oft wirklich hübsche Züge und Gestalten, so häszlich alte Hottentottinnen sind." 3)

Hierdie gedragswyse was natuurlik steeds die uitsondering en nooit die reël nie. Die geskiedenis het onomstootlik bewys dat hierdie mense as afwykendes beskou is wat hulle die veragting van die maatskappy op die hals gehaal het.

> „Der Stolz derjenigen Buren welche mit weiszer Frau in richtiger Ehe lebten verachtete jene und stiesz sie sozusagen gesellschaftlich aus." 4)

Hulle is beskou as diegene wat onder druk van die harde omstandighede van die grenslewe geswig het, wat van die geleentheid gebruik gemaak het om die remmende kragte van die beskawing af te gooi, wat ontaard en die slagoffers van degenerasie geword het: Hulle was die swakkelinge.

(e) Afwesigheid van Kleurgevoel.

Die behandeling van daardie faktore wat

bloedvermenging/.....

---

1) Fischer, Eugen: The Rehobother Bastards, p. 18.
2) Mentzel, O.F.: Description of the Cape of Good Hope, I, p. 36.
3) Fischer, Eugen: op. cit., p. 19.
4) Fischer, Eugen; op. cit., p. 20.

bloedvermenging in die hand gewerk het, sal nie volledig wees sonder dat melding gemaak word van die aanvanklike afwesigheid en/of onomskrewenheid van die kleurgevoel by die vroeë koloniste en ander blankes aan die Kaap nie. Dit is bekend dat hierdie kleurgevoel 'n geleidelike ontstaan gehad het, [1] en voordat dit met volle krag in die jong Suid-Afrikaanse kolonie sou fungeer, sou heelwat verbastering reeds plaasgevind het. [2] In gevalle waar die nie-blanke vroue die Christelike godsdiens aanvaar het, is daar in die vroegste tyd nie geaarsel om huwelike te voltrek nie.

Alhoewel daar by die inheemse blanke bevolking baie vroeg teenkanting teen rassevermenging ontstaan, was dit nie die geval by diegene wat die land nuut binnekom, of wat slegs tydelik hier aandoen nie. Hulle deel nie dieselfde weersin teen bloedvermenging nie, met die gevolg dat die proses vandag nog voortduur,

> „oor die algemeen in die kleiner sentrums en in die binneland in betreklik geringe mate, en in ruimer mate in die groter sentrums, veral kussentrums, met groot bevolkingsgroepe Kaapse Kleurlinge." 3)

'n Aansienlike bydrae is op dié wyse gelewer deur verbyvarende soldate en matrose: „In the course of time more European blood has been infused into the Coloured population, one source being visiting foreign seamen." [4]

3. Gemengde Huwelike.

(a) Blankes en Slavinne.

Weens die aanvanklike afwesigheid van 'n kleurskeidslyn, is daar in die begin verskeie huwelike tussen blankes en vrygestelde slavinne voltrek. Dit het geskied na belydenis van die Christelike geloof. In sulke gevalle is die betrokke persone op gelyke voet in die blanke maatskappy opgeneem.

> „At this time no distinction was yet made, on the score of colour only, between Europeans and slaves or natives. The sole bar to intermarriage was the question of religion, and when, by the open confession of faith, this was removed, white and black were held to stand upon the same level." 5)

De Jong/.....

---

1) Vid. par. 1(e), p. 157.
2) U.G. 30/1939: Report of the Commission on Mixed Marriages in S.A., p. 4.
3) U.G. No. 54/1937, par. 5, p. 8.
4) du Plessis, I.D.: The Coloured People of S.A. ..., p. 3.
5) du Plessis, J.: A History of Christian Missions in S.A., p. 32.

De Jong [1] verwys in sy brief van 20 Desember 1792 na die vermenging met slawe en Hottentotte en sê dan,

> „Daar zijn er zelfs van de oudste en aanzienlijkste geslagten, die zwart bloed in de aderen dragen. Evenwel dit is niet zichtbaar, en over het algemeen kan men de menschen hier schoon en welgemaakt noemen."

Die eerste huwelik van dié aard aan die Kaap is op 21 Mei 1656 voltrek tussen die assistent Jan Woutersz en Catarina Anthonis van Salagou in Bengale. Sy was die slavin van Bogaert, die admiraal van die retoervloot wat op 16 Maart 1656 by die Kaap aangekom het. Sy is op haar eie versoek deur haar eienaar vrygestel en toe het dit haar vrygestaan om in die huwelik te tree. Omdat daar op dié stadium geen predikant was nie, het die huwelik plaasgevind

> „voor den wet offte den Raedt van dese fortresse ... ende dat in openen raedtcamere na't eyndigen des Sondaeghs gelesen sermoens, als per resolutie heden daerover genomen." 2)

Met nog veel groter omhaal van woorde word die tweede huwelik van dié aard, tewete dié op 21 Julie 1658 tussen die vryburger, Jan Zacharias van Amsterdam, en Maria van Bengale wat hy spesiaal vir dié doel van die sieketrooster, Pieter van der Stael, afgekoop het, beskrywe. [3]

Alhoewel huwelike tussen blankes en volbloedslawe in 1685 deur kommissaris Van Rheede verbied is, [4] is huwelike tussen blankes en halfbloedslawe nie daardeur geraak nie en

> „bis zum Ende des 17 Jahrhunderts lassen sich aus den Trauregistern der reformierten Kirche in Kapstadt noch 20 weitere Fälle von Mischehen zwischen Weiszen und Farbigen feststellen." 5)

Hoge berig verder, „Im 18 Jahrhundert nehmen derartige Heiraten bedeutend zu," [6] maar wys dan ook daarop dat die volle gelykberegtiging van gedoopte gekleurdes mettertyd afneem. Dit beteken dat die gemengdbloediges al meer en meer as 'n groep op hul eie, tewete die Kleurlinggroep, na vore tree en op 6 Oktober 1791 word 'n versoek by die Goewerneur, Cornelis Jacob van de

Graaff/.....

---

1) Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ..., I, p. 126.
2) Dagh Register, II, p. 40.
3) Dagh Register, II, pp. 330 en 344.
4) Vid. par. 1(a)(ii), p. 150.
5) Hoge, J.: Rassenmischung in Süd-Afrika, p. 146.
6) Ibid.

Graaff, ingedien om

„te moogen oprigten een vrij Korps of Compagnie uit zoodanige inwoonders die ofschoon niet onder de Burgery konde begreepen worden, egter niet konde geemployeert worden tot dat geen waartoe de uijt slaafsche dienst ontslaagene en in vrydom gestelde inwoonderen verpligten en gehouden zyn." 1)

Hierdie onderskeid word nou gemaak uitdruklik ten spyte van die feit dat die kind uit 'n wettige huwelik gebore is.

(b) Blankes en Hottentottinne.

Wettige gemengde huwelike tussen blankes en opregte Hottentottinne was seldsame verskynsels. Die enigste bekende geval uit die aanvangsjare van die volksplanting was dié van Van Meerhoff en Eva wat feitlik onder Van Riebeeck se dak grootgeword het. Sy was 'n skoonsuster van die Kochoqua-kaptein, Oedasoa, en het, nadat sy die Hollandse taal bemeester het, waardevolle dienste as tolk verrig. Eienaardig getrou aan die bedenklike sedelike peil van haar nasie, het sy vir 'n geruime tyd met Van Meerhoff buite-egtelik saamgelewe, twee kinders by hom gehad, maar hom ten spyte daarvan dikwels op 'n eg Hottentotse wyse bedrieg:

„This morning we were told that our interpretress, Eva, who had disappeared last Friday with both her children, without saying a word, was staying in the country with a freeman named Thielman Hendricx ... This lewd vixen has often played us this trick, throwing aside her clean and neat clothes, and instead using stinking old cattle hides, just like all other dirty Hottentoo women do." 2)

In weerwil hiervan is sy egter in dieselfde jaar (1662) gedoop en twee jaar later is sy met Van Meerhoff getroud, en dat dit om politieke redes as 'n betekenisvolle gebeurtenis beskou is, blyk uit die amptelike ophef wat daarvan gemaak is:

„Wyders in Rade verscheenen zijnde Pieter van Meerhoff van Coppenhagen ondercherurgijn ... ende de Hottentoose tolckinne Eva ... haer te saemen in trouwbelofften hebbende begeven, ende dierhalven versoeckende omme met den anderen in den H. eghten staeth wettelyck te mogen worden bevestight, soos is by den Raet ... goetgevonden deesen luyden haer billyck versoeck te consenteren te meer om dat door dese verbintenis van de voorsz. Hottentoose tolckinne Eva die haer voor lange al heeft laeten doopen, ende smaeck in onse leer en religie begint te crijgen, met soo een fraey nuchter borst van aensien, deese inlantse natie

tot/.....

---

1) C.289: Requesten en Nominatien, p. 514.
2) Leibbrandt, H.C.V.: Precis, Journal (1662-1670), p. 81.

„tot ons meer ende meer sullen g'animeert worden, ende also meergemelte Eva nu velen jaeren d' E. Compe. als tolckinne heeft gedient daer voor noijt ijets anders heeft genooten als cost en clederen is mede verstaen dat men de selven tot een bruijtsgave ... soude vereren met een somme van vyftigh rijcxdaelders, ende soo haest te saamen getrouwt sullen weesen een vrolijcken maeltijt: verders om den bruydegom die hier sijn tijdt h. voor ondermeester heeft uijtgedient, oock wat meer te couragieren hebben denselven op sijn versoeck verhooght cherurgijn volgens d' onderstaende acte hem verleent." 1)

Hier en daar word in die loop van die agtiende eeu deur reisigers melding gemaak van skynbaar wettige huwelike met Hottentottinne, maar dit bly steeds uitsonderlik. Thunberg [2] skrywe in 1772, „There are instances of an European's having married a Hottentot woman, who has then been baptized", terwyl de Jong [3] in 1792 vertel van 'n armoedige Souflie wat hy in die onherbergsame omgewing van Kaappunt ontmoet:

„Deze man, die een Europeër is, was met een Hottentottin getrouwd, en heeft op deeze onbewoonde bergen, die schaars door menschen bezocht worden, een plekje gronds uitgekosen en 'er zich een hutje opgeslagen."

Die feit dat van sy baie dogters die waswerk doen vir die skeepsbemanning, dui daarop dat hulle nie die deftige aansien van die destydse blanke dames geniet het nie.

Huwelike met Hottentottinne het vroeg in die negentiende eeu ietwat opgelewe, maar ook opskudding verwek, toe verskeie sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, tewete Read, Janssen en op 'n later datum Schmelen, sulke verbintenisse aangegaan het. [4] Die kroon is gespan toe een van hulle in die Noordweste sy eie huwelik met 'n Hottentotvrou voltrek het. Hierdie miskenning van die maatskaplike sanksies wat toe reeds baie skerp omlyn was, het die sendelinge geheel en al uit voeling met die blanke bevolking geplaas. Só heftig was die reaksie dat die sendelinge self baie gou genoodsaak was om die wenslikheid van hul optrede te heroorweeg.

„As a result of the experience accumulated by the time of the 1817 'Synod', the marriage of missionaries with Hottentot women was officially distrusted, and little was heard of it after 1821." 5)

(c) Gemengde/.....

---

1) Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, No. 1, p. 316.
2) Travels in Europe, Africa and Asia, I, p. 179.
3) Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ..., I, p. 75.
4) U.G. 30/1939: Report of the Commission on Mixed Marriages, p.5.
5) MacMillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 173.

## TABEL 9: GEMENGDE HUWELIKE TUSSEN 1925 EN 1937.

| JAAR | Blanke man met | | | | Blanke vrou met | | | Totale aantal huwelike waarby blankes betrokke is. | Totale aantal gemengde huwelike. | % Gemengde huwelike van die totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blanke vrou. | Naturelle-vrou. | Asiatiese vrou. | Kleurling-vrou. | Naturelle-man. | Asiatiese man | Kleurling-man. | | | |
| 1925 | 14,022 | 13 | - | 85 | 6 | 1 | 28 | 14,135 | 133 | ·9 |
| 1926 | 14,908 | 20 | 1 | 66 | 5 | 2 | 15 | 15,017 | 109 | ·6 |
| 1927 | 15,622 | 61 | - | 66 | 3 | 5 | 18 | 15,775 | 153 | ·9 |
| 1928 | 16,348 | 35 | - | 76 | 7 | 5 | 12 | 16,483 | 135 | ·8 |
| 1929 | 17,192 | 15 | - | 64 | 1 | 3 | 16 | 17,291 | 99 | ·5 |
| 1930 | 16,604 | 16 | - | 60 | 1 | 5 | 15 | 16,702 | 97 | ·5 |
| 1931 | 15,688 | 7 | 1 | 59 | 1 | 3 | 14 | 15,773 | 85 | ·5 |
| 1932 | 15,408 | 6 | - | 63 | - | 6 | 7 | 14,590 | 82 | ·5 |
| 1933 | 16,709 | 9 | - | 57 | - | 7 | 10 | 16,792 | 83 | ·5 |
| 1934 | 19,890 | 7 | 2 | 47 | - | 3 | 13 | 19,962 | 72 | ·3 |
| 1935 | 20,599 | 7 | 2 | 66 | - | 1 | 15 | 20,690 | 91 | ·4 |
| 1936 | 22,294 | 6 | 1 | 44 | - | 6 | 16 | 22,367 | 73 | ·3 |
| 1937 | 23,121 | 8 | 1 | 69 | 1 | 8 | 14 | 23,222 | 101 | ·4 |
| TOTAAL | | 210 | 8 | 822 | 25 | 55 | 193 | | 1,313 | |

(c) Gemengde Huwelike onlangs.

Tabel 9 wat die aantal gemengde huwelike oor die jare 1925 tot 1937 weergee, is oorgeneem uit die verslag van die Kommissie van Ondersoek na Gemengde Huwelike,[1] en daaruit blyk die volgende:

(i) Algemeen.

Die aantal gemengde huwelike was nie baie hoog nie, en was deurgaans minder as 1% van die totale aantal huwelike waarby blankes betrokke was. Dit toon verder 'n aansienlike en min of meer geleidelike daling van ·9% in 1925 tot ·4% in 1937.

Dr. Dönges wys in 1949 daarop [2] dat daar tussen 1928 tot 1937 'n totaal van 912 gemengde huwelike voltrek is en 913 in die volgende tien jaar van 1938 tot 1947, dit wil sê 'n totaal van 1825 in 20 jaar, wat bereken teen 4 kinders per gesin 7,300 afstammelinge in die eerste geslag sou beteken.

(ii) Huwelike met Kleurlinge.

Verreweg die grootste hoeveelheid gemengde huwelike kom voor tussen blankes en Kleurlinge. Uit 'n totaal van 1,313 gemengde huwelike tussen 1925 en 1937 was nie minder nie as 1,015, of 77·3% huwelike met Kleurlinge; en dit is verder merkwaardig dat die blanke-man-Kleurling-vrou-kombinasie verreweg die mees populêre is en vir meer as 62·6% van alle gemengde huwelike verantwoord.

(iii) Huwelike met Bantoes.

In hierdie kombinasie is dit weereens die blanke man en die Bantoevrou wat verreweg oorweeg: Vir elke een blanke vrou wat met 'n Bantoeman getrou het, is daar meer as 8 blanke mans wat met Bantoevroue getrou het. Sedert 1928 was huwelike van blanke meisies met Bantoes 'n seldsaamheid en vir vyf agtereenvolgende jare van 1932 tot 1936 het soiets gladnie voorgekom nie. Ook die huwelike van blanke mans met Bantoevroue het aansienlik gedaal. Die buitengewone styging met en sedert 1927 moet toegeskrywe word aan die werking van die Ontugwet, nr. 5 van 1927, wat kohabitasie strafbaar gemaak het, maar oortreders die weg gewys het „to the evasion of penalties by a resort to marriage." [3]

(iv) Huwelike/......

1) U.G. 30/1939, p. 26.
2) Hansard 68, kol. 6307.
3) U.G. 30/1939: Report of the Commission on Mixed Marriages, p. 15.

(iv) Huwelike met Asiate.

In die geval van huwelike met Kleurlinge en Bantoes is daar twee belangrike verskynsels wat met mekaar ooreenkom: Daar is eerstens die verskynsel dat die blanke-man-en—nie-blanke-vrou—kombinasie oorheers, en tweedens toon die getal huwelike 'n dalende neiging. In beide hierdie opsigte toon gemengde huwelike met Asiate presies 'n teenoorgestelde neiging. Hier oorweeg eerstens die blanke-vrou—en-nie-blanke-man—kombinasie oorweldigend, en in plaas van te daal, toon die aantal huwelike 'n stygende neiging.

Die verklaring vir hierdie belangrike verskil moet gesoek word in die feit dat die Indiër enersyds om sakeredes met die blanke vrou trou: Hy word naamlik daardeur in staat gestel om die landswette te omseil ten opsigte van die besit van vaste eiendom.[1] Andersyds is daar egter ook aanduiding dat die Oosterling om een of ander rede 'n sterk voorliefde aan die dag lê om met westerse vroue te trou. In Maleia het dit reeds so erg geword dat die inheemse vroue beskerming by die regering gesoek het en die lastige vraag moes stel, „Wat is verkeerd met ons meisies?"[2]

'n Verdere verklaring wat voor die hand lê, het te doen met die gehalte mens wat op die spel staan. Dit is meesal die swakker tipe blanke, dié wat „beskerming teen homself nodig het",[3] wat in die minderbevoorregte Kleurling- of Bantoevrou 'n maklike prooi vind. Hierdie tipe blanke het nie genoeg om vir die Indiërmeisie aan te bied om so 'n afwyking te regverdig nie, en sy word buitendien deur godsdienstige, taal- en kultuurverskille van hom afgesonder. Hierteenoor het minderbevoorregte blanke meisies op betreklike groot skaal by ryk Indiërs in diens getree, en daardeur met hulle sosiale kontak gemaak, van hulle ekonomies afhanklik geword, en in hulle bestaansveiligheid gevind. Die natuurlike gevolg was meer en meer huwelike.

Vir die beoordeling van die karaktersterkte van die nageslag wat uit gemengde huwelike sou voortkom, is dit van die uiterste belang om op hierdie stadium weer te onthou dat dit feitlik deurgaans die swakkeling-blanke was wat hierdie soort huwelik oor sy hart kon kry.[4] Daar moet 'n ernstige skroef los wees met enigeen wat kans sien om die heiligste oortuigings van sy maatskappy oor boord te gooi en vir wie die stigma van maatskaplike sensuur/.....

---

1) Vgl. Hf. III, par. 9, pp. 133-144.
2) Die Burger, 19. 4.60, p. 7, kol. 1.
3) Hansard 70, kol. 2236.
4) Vgl. parr. 1 en 2, pp. 147-169.

sensuur nie gewig dra nie. Hierdie soort van mens is nie die beste bereken vir die prokreasie van 'n karaktervaste nageslag nie. En alhoewel die grootste bydrae tot die ontstaan van die Kleurling nie gelewer is deur middel van wettige gemengde huwelike nie, is dit nietemin duidelik dat langs hierdie weg tog 'n aansienlike kontribusie gemaak is.

4. Kohabitasie.

Waar dit by gemengde huwelike gegaan het oor huwelike wat wettig voltrek is, het kohabitasie te doen met gevalle waar die man en vrou mekaar „vat", dit wil sê saamleef sonder dat daar so 'n wettige huwelik aangegaan is. Hoge noem dit „wilde Ehen". [1] Terwyl sommige gevalle van kohabitasie van blywende aard was en slegs van die gewone huwelik verskil het ten opsigte van die wettigingsformaliteit, [2] was ander gevalle losser van aard en is dit nie altyd so duidelik waar kohabitasie ophou, en bloot toevallige gemeenskap begin nie. As algemene rigsnoer geld die beginsel dat met kohabitasie daar op 'n permanente of selfs tydelike grondslag 'n familie-atmosfeer tot stand kom, waarin wedersydse verantwoordelikhede enigsins aanvaar word. Waar hierdie familie-atmosfeer en wedersydse verantwoordelikheid ontbreek, word die geslagsverkeer as toevallige gemeenskap beskou.

(a) Blankes met Slavinne.

Kohabitasie kon dus alleen beoefen word deur diegene wat vir 'n korter of langer periode pal aan die Kaap woonagtig was, tewete koloniste, amptenare en soldate; en waar die probleem ten nouste saamhang met die tekort aan vroue, kan verwag word dat veral blanke mans hulle met slavinne op dié wyse sou besondig.

Daar was gevalle waar blanke mans met hul eie slavinne seksueel verkeer het, en hulle selfs vir dié doel aangeskaf het. Dit was die geval met 'n burger wat van sy vrou geskei was op voorwaarde dat hy nie weer kon trou nie. Hy het die las van hierdie beperking omseil deur vir hom 'n slavin te koop „met oogmerk om die plaats van zyne huisvrouw te vervullen." [3]

Volgens die regstelsel wat in swang was, het die kind wat gebore word, die status van sy moeder aangeneem, met die gevolg dat daar situasies ontstaan het waar die kind die slaaf van sy eie vader was. Hierdie skokkende toedrag van sake word in een enkele/.....

1) Rassenmischung in Süd-Afrika, p. 145.
2) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 10.
3) Hoge, J.: ibid.

enkele perikoop treffend beskrywe:

> „A certain hatter in the town who was a batchelor, had got two of his slaves with child. For the child he had by the one of them, he, in quality of its father, demanded baptism and accordingly this was baptised and consequently free; while the other girl's child remained unbaptized and a slave." 1)

Om ekonomiese redes het slawe-eienaars dikwels toegelaat dat hulle slavinne met blanke mans saamlewe. Dit het nie alleen hul slawestapel vermenigvuldig nie, maar ook die kwaliteit verbeter: Basterslawe was meer gesog en gevolglik duurder as volbloedslawe wat van elders ingevoer is.[2] Reeds Mentzel het hierdie praktyk deurgesien en opgesom:[3]

> „Female slaves sometimes live with Europeans as husband and wife with the permission of their masters who benefit in two ways: the cost of the upkeep of the slave is reduced through the presents she receives from the man, and her children are the property of her master since children of female slaves are themselves slaves. These slave children are found useful at a very tender age and cost little to bring up. They are likewise better-mannered and better educated than imported slaves."

Verskeie blankes wat eers buite-egtelik met slavinne saamgeleef het, het later wettige huwelike met hul eertydse konkubines aangegaan. Baie kinders is op dié wyse verwek, en uit talryke testamente van daardie vroeë tyd word dokumentêr bewys dat blanke vaders dikwels hierdie halfslagtige kinders hul erfgename gemaak het.[4]

(b) Blankes met Hottentottinne.

Die verskynsel van kohabitasie het veral na vore getree in verband met die blankes se geslagsverhouding met die Hottentotte. Baie van hierdie verbintenisse was permanent, maar was tog onwettig omdat dit nie in die kerk voltrek, of deur die staat geregistreer was nie.[5]

Hierdie soort van saamlewe is beoefen enersyds deur mense wat min of meer vreemdelinge was, soos skipbreukelinge, drosters en ontsnapte misdadigers.[6]

Interessant/.....

---

1) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, II, p. 127.
2) Sparrman, A.: A Voyage to the Cape of Good Hope, I, p. 77.
3) Description of the Cape of Good Hope, II, V.R.V. 6, p. 130.
4) Hoge, J.: ibid.
5) Marais, J.S.: ibid.
6) U.G. 30/1939: Report of the Commission on Mixed Marriages, p. 5.

Interessant en insiggewend is die mededeling van Valentyn [1] oor die Stavenisse wat op 16 Februarie 1686 aan die suid-ooskus van Suid-Afrika gestrand het. Van die bemanning het ongeveer 48 onder begeleide van die Hottentotte oor land na die Kaap gegaan.

> „Door hun lang verblyf onder deze Hottentotten hadden zy meest hun taal al geleert en waren er ook eenige die zich met eenige Hottentottinnen (by gebrek van beter) zo verre vermengt hadden, dat zy er eenige kinderen by hadden overgewonnen, 't welk zommigen uit aanmerking van de liefde en trouw hen 2 jaaren lang bewezen, bewogen had, om deze Hottentottinnen (gelyk hunne makkers deden) niet te verlaaten, maar liever altyd, om de kinderen, die zy reets by haar hadden, by de zelve te blyven, gelyk zy altyd daar by gebleven zyn."

In 'n brief van 20 Desember 1792 vertel De Jong [2] 'n verdere storie van moontlike skipbreukelinge:

> „By eene dezer natien, wier naam my niet te binnen komt (en wie kan dit vir hom kwalik neem, gesien die eienaardige fonetiek van Hottentottaal?), hadden zy twee oude blanke vrouwen aangetroffen, die tans met wilden getrouwd waren en kinderen hadden, doch zeker van Europische ouders afkomstig waren."

Verreweg die belangrikste bydrae langs die weg van permanente kohabitasie het egter andersyds gekom van die kant van die koloniste self. Alhoewel dit teen die wet was, is daar min of meer gereeld ruilhandelekspedisies deur blanke burgers na die Hottentotte in die binneland onderneem en dit was veral op hierdie togte dat van die burgers hulle by die Hottentotte gevoeg het. [3] So iets het plaasgevind op 'n reis in 1738 toe een van sowat 10 burgers,

> „den landbouwer Willem Wyk na den Hottentotten wyse een nabestaande van gemelten Cap. der groote Namacquas getrouwd en sig by dat geval in alles als een Hottentot gedraagen en gekleet heeft." 4)

Toe die nakomelinge van die vroeë setlaars hul kuddes in die verafgeleë noordwestelike streke ingedrywe het, het die lewensomstandighede op die grens hulle tot noue kontak met die Hottentotstamme gedwing. [5] Baie van hulle moes onvergesel van blanke vroue/.....

---

1) Beschrijving van oud en nieuw Oos-Indiën, V, p. 111.
2) Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, p. 54.
3) MacCrone, I.D.: Race Attitudes in S.A., p. 115.
4) Resolutien, 1739, p. 31.
5) Vid. par. 2(d), p. 167.

vroue gaan, en dit is nie onnatuurlik dat sommige van hulle Hottentotvroue sou gevat het nie, [1] en hierna verwys Thunberg [2] wanneer hy sê, „it has ... frequently happened that a colonist, without regular marriage, has had several children by a Hottentot mistress ..." Ook die secunde J.W. Cloppenburg het in die distrik van Swellendam ervaar hoedat mense wat naby die kerk woon, ordentliker lewe, terwyl dié wat verderweg woon, verwilder en van die kerk vervreem raak. Hy vra uit na hulle leefwyse en verneem van twee blankes „waarvan de eersten met een Bastard huishoud, en de tweede met een Hottentottin." [3]

Eugen Fischer lig dit nader toe: [4]

> „Die paar Burentöchter der mit weiszen Frauen verheirateten Männer bekamen natürlich rasch Buren zum Gatten, aber bei der groszen Zahl lediger Männer, muszten deren viele sich eben mit Hottentottinnen begnügen. Dasz der junge Bur solche zur Ehe nahm und nicht etwa nur vorübergehend mit ihr lebte, hängt mit jenem ganzen Leben und mit des Buren Art eng zusammen und ist fest begründet. Der Bur zieht herum seinen Herden nach, er braucht weibliche Hilfe zum Kochen, er wünscht recht viele Kinder als billig arbeitende Kräfte — das sind ganz andere Verhältnisse als wenn ein fest ansässiger Siedler ein farbiges Weib nimmt und sie samt ihrem ersten Kind wieder gehen heiszt ... Man sieht eine Reihe von Faktoren zusammenwirken, dasz eine Menge dauernder und, fügen wir dazu, guter und gesegneter Mischehen gab. So bekam der Mann eine Schar Bastardkinder, die er zur Aufsicht und Schutz seiner Herden als heranwachsende Jugend gut gebrauchen konnte, er sah sie als seine echten Kinder und Rechtsnachfolger an, auch wenn die Ehe bei den reinen Buren nicht für voll galt."

Die nakomelinge van hierdie verbintenisse het die benaming „Baster" gekry wat aanvanklik as 'n erenaam beskou is. [5] Hulle het hulself in vergelyking met volbloed-Hottentotte tereg meerderwaardig geag en het, by gebrek aan beter, verkieslik onder mekaar getrou.

> „They welcomed any new infusion of white blood, while discouraging, at any rate in later times, the addition of further native blood. The expressive words Vooruitbaster and Agteruitbaster (forward and backward miscegenation) remain to testify to this fact. In Rehoboth and Rietfontein, according to Baster law and custom, a white man marrying a Baster woman obtained a farm with his bride." 6)

Bekende/.....

1) Marais, J.S.: ibid.
2) Travels in Europe, Africa and Asia..., I, p. 179.
3) MacCrone, I.D.: op. cit., p. 117.
4) Op. cit., p. 20.
5) Fischer, Eugen: ibid.
6) U.G. 41/'26: Report of the Rehoboth Commission, par.64, p.18.

Bekende Afrikaanse vanne word oorvloedig onder hulle aangetref soos Van Wyk, Cloete, Swart, Maasdorp, Mouton, Claassen, Beukes, Engelbrecht, Koopman en dies meer.[1]

'n Besondere plek in die geskiedenis van die Basters word ingeneem deur die Griekwas. Hulle was afstammelinge van die oorspronklike Grigriqua (of ≠ Karihuriqua) in die omgewing van St. Helena-baai, [2] 'n splintergroep van die Kochoqua-stam. 'n Sterk infiltrasie van blanke bloed het plaasgevind en hierdie halfbloediges het op hulle beurt weer vermeng met die ellendige oorblyfsels van die min of meer rasegte Grigriqua. Onder leiding van Adam Kok het hierdie mense hulle in die Kamiesberge noord van die Olifantsrivier gevestig. Aanvanklik was daar eintlik twee onderafdelings tewete diegene onder Adam Kok by wie die Hottentot-eienskappe en taal nog oorweeg het, en die eintlike Basters wat hulle merendeels om Barend Barends geskaar het. [3]

> „These two diverse elements only combined when, from force of circumstances, their leaders entered into a bond for the purpose of mutual protection." 4)

Hiervandaan trek hulle mettertyd noordwaarts en word in 1800 in die omgewing van die Oranjerivier aangetref waar die eerste sendelinge van die Londense Sendinggenootskap met hulle kontak maak. Onder invloed van die sendelinge vorm hulle nedersettings soos Klaarwater (later Griekwastad), Campbell, en later Philippolis in die huidige Oranje-Vrystaat waarvandaan hulle na Niemandsland verhuis en Kokstad bewoon. In 1813 het hulle op aandrang van eerw. Campbell, „who represented to the principal persons the offensiveness of the word Bastards to an English or Dutch ear", besluit om net die naam „Griekwa" te gebruik in plaas van die alternatiewe benaming van „Basters". [5]

Daar is aanduidings dat die Griekwas voorheen oor aansienlike getalsterkte beskik het en teen 1855 het 'n sendeling, Edward Solomon, hul getal in die omgewing van Philippolis alleen op tussen 8,000 en 10,000 gestel,[6] maar sedert hulle geen grond meer besit nie, het hul samehorigheidsgevoel verdwyn, disintegrasie ingetree en hul getalle skerp afgeneem. [7] In sy memorandum oor/.....

1) U.G. 41/'26: op. cit., p. 3.
2) Vid. Hf. III, par. 5(b)(iii), p. 72.
3) Stow, G.W.: The Native Races of S.A., pp. 316 en 317.
U.G. 46/'26: op. cit., parr. 66 en 67, p. 18.
4) U.G. 46/'26: ibid.
5) U.G. 46/'26: op. cit., par. 73, p. 20.
Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, p. 19.
6) U.G. 41/'26: op. cit., par. 76, p. 22.
7) Cruse, H.P.: op. cit., p. 19.

oor die Griekwas in 1925 sê die magistraat van Kokstad,

> „... in my opinion the Griqua as a separate class are doomed to extinction. This will be slow but sure. Melting away of race and dispersion set in many years ago. They will gradually become absorbed in the great coloured class which is ever on the increase in this country." 1)

Die Griekwa-nedersettings noord van die Oranje-rivier het die eerste Bastergemeenskappe in daardie geweste geabsorbeer, maar mettertyd het ander Bastergroepe ontstaan in daardie gebiede van die Noordweste waardeur die Griekwas vroeër getrek het. Hierdie gemeenskappe het hulle om sekere sendingstasies geskaar, of is deur sendelinge beweeg om hulle by bestaande stasies aan te sluit. Die bekendstes van hierdie stasies was Komaggas (1808), Leliefontein (1816), Amandelboom (tans Williston, 1845), Pella (1849), de Tuin (1863), en later Olievenhoutsdrift (tans Upington) en Rietfontein. 2)

Mettertyd is die Basters óf verdring deur intrekkende blankes, óf verdrywe deur Koranna-rowerbendes, en baie van hulle is oor die Oranje-rivier gedwing. Onder hulle was Hermanus van Wyk en sy bastergroep wat in 1870 van die Swartboois verlof gekry het om 'n nedersetting op Rehoboth te vorm, 3) en so begin die geskiedenis van die Rehoboth Basters van Suidwes-Afrika.

Op die vroeëre lewenswyse van hierdie mense werp Lichtenstein 4) insiggewende lig waar hy hulle beskrywe as mense „whose regulations as a community, and whose habits and customs exhibit a curious intermediary state between savage and civilised life."

Net soos in die geval van die Griekwas, is die res van die Basters in Suid-Afrika óf reeds heeltemal uitgewis, óf reeds op pad na algehele uitwissing. Oral waar hulle in die nabyheid van blankes gewoon het, het hulle in 'n grootskaalse mengelproses met slawe en ander Hottentotte ondergegaan,

> „in einer niedrigen, völlig undefinierbaren rassengemischten Proletarierschicht"

en slegs op enkele relatief onbereikbare plekke het daar as gevolg van isolasie redelik „suiwer" Basters bly voortbestaan. 5)

(c) Blankes/.....

---

1) U.G. 41/'26: op. cit., par. 80, p. 24.
2) Ibid., parr. 82-91.
3) Ibid., parr. 92 et seq., p. 30.
4) Travels in Southern Africa ..., V.R.V. II, p. 302.
5) Fischer, Eugen: Die Rehobother Bastards ..., p. 21.

(c) Blankes met Bantoes.

Kohabitasie met die Bantoe het nooit op dieselfde skaal plaasgevind as met die slawe en Hottentotte nie. Die belangrikste redes hiervoor is die hegte stamorganisasie van die primitiewe Bantoe, sy kryglustigheid waardeur hy in die vroegste tye meerendeels op oorlogsvoet met die blanke geplaas was, maar veral ook die reeds sterk ontwikkelde kleurgevoel van die Suid-Afrikaanse blanke ten tye toe die eerste kontakte op groot skaal langs die oosgrens gemaak is. [1)]

Dit is egter 'n bekende feit dat in sekere gevalle blankes in Suid-Afrika wel permanent onder die Bantoe gaan woon het. Deurdat hulle op egte inboorlingwyse veelwywery beoefen het, het hulle hele stamme van basters in die lewe geroep. Die bekendste voorbeelde hiervan is die Buyse van Soutpansberg wat nog van die Z.A. Republiek 'n eie grondgebied ontvang het, en die Dunns van Zululand vir wie se nakomelinge Wet nr. 15 van 1935 voorsiening gemaak het. Maar hierdie twee families is by verre na nie die enigste nie, en die Kommissie van Ondersoek na Gemengde Huwelike [2)] maak melding van basterstamme in Suid-Natal wat die afstammelinge is van manne soos Finn, Ogle, King en Adams wat in die eerste helfte van die vorige eeu onder die Bantoe gaan woon het. Sommige van hierdie mense, soos die Buyse en die Dunns verkies om as Bantoe beskou te word solank hulle in hul stamverband verkeer, maar sodra hulle die stedelike gebiede binnegaan, word hulle onder die Kleurlinge opgeneem. [3)] Oor die basters van Suid-Natal word gerapporteer:

> „With further admixtures of native, coloured and European blood, members of these tribes now range from dark to very lightcoloured. They retain the family surname of their respective ancestors and aim — especially the females — at alliances with whites."[4)]

Verder rapporteer die Kommissie:[5)]

> „This kind of intermingling, begun many years ago, has been continued by numerous white men, who have from time to time resided in predominantly native areas. The relationship between the parties has sometimes led to marriage — more often not."

Tabel 9/.....

1) C. 79: Resolutien 1786, p. 560.
2) U.G. 30/1939, p. 23.
3) U.G. No. 54/1937: Die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, par. 11, p. 9.
4) U.G. 30/1939, p. 23.
5) Ibid.

Tabel 9 [1] toon aan hoedat daar in 1927, en enkele jare daarna, gepoog is om vervolging ingevolge die Ontugwet vry te spring, deur hierdie „wilde Ehen" te laat wettig deur huweliksformaliteite.

(d) Blankes met Kleurlinge.

Dit is verder ook 'n bekende feit dat veel groter getalle blankes gereeld met Kleurlinge gekohabiteer het. Die afmetings hiervan het eers enigsins aan die lig gekom toe die Ontugwysigingswet, nr. 21 van 1950, aangeneem is en vervolgings teen oortreders ingestel is.[2] Indien kohabitasie beskou mag word as 'n byverskynsel wat parallel loop met formele huwelike, kan die afmetings daarvan enigermate gegis word by die bestudering van kolomme 5 en 8 van Tabel 9. [3]

5. Toevallige Gemeenskap.

As gemengde huwelike en kohabitasie die Kleurling in sy duisende laat ontstaan het, dan het toevallige gemeenskap hulle in hul tienduisende in aansyn geroep. Daarvan getuig die vermengingsgebeure sedert die vroegste tye.

(a) Omgang met Slawe.

Daar bestaan oorvloedige dokumentêre bewys dat die Kaap in die sewentiende en agtiende eeue berugtheid verwerf het vir die gemak waarmee sowel ingesetenes as verbyvarende matrose en soldate hul vleeslike wellus met die slavinne kon laat botvier. Sprekend hiervan is die gesprek tussen twee soldate op die Adelaar wat in 1723 op sy tuisvaart van Oos-Indië na die Kaap seil. Terwyl hy onder gunstige weersomstandighede genoeglik luier tussen die mastoue op die dek, sê Willem Jansen vir Andries Goed,

> „Wy hebben nu een goede wind zoo zullen wy haazt aan die Kaap koomen, daar kunt gy braaf by die zwarte hoeren gaan",

en die antwoord kom terug, „dat kunt gy ook wel doen als je gelt heb." [4] Vir baie van hulle was 'n besoek aan die Kaap die Goeie Hoop dan ook

> „merely an opportunity to entertain the dusky slave girls at the inns, even if the proprietors, as alleged, made their charges 'without the fear of God before their eyes'"! [5]

(i) Die/.....

1) P. 174.
2) Vgl. The Cape Argus, 1. 4.60, p. 2, kol. 8.
3) P. 174.
4) C.J. 327: Criminele Process Stukken, 1723, p. 690.
5) de Kock, Victor: Those in Bondage, p. 121.

(i) <u>Die Slawelosie.</u>

Van alle plekke waar duistere seksuele onheile bedrywe is, neem die slawelosie aan die Kaap 'n plek van voorrang in. [1] Daar is byna geen enkele skrywe oor Kaapse toestande wat nie hiervan melding maak nie, en dit is duidelik dat hierdie plek een reusagtige bordeel was van die allerslegste soort. [2] Hoe erg dit was, word deur kommissaris Van Rheede treffend beskrywe en betreur. Hy het bevind dat

> „de concubinagie onder deselve (die slavinne) met onse natie soo openbaar ende bekent was, men daer van als getolereerde dingen sprak, oock dat de armoede en gebrek van kledingh tegen de koude veel van het vrouwvolck bewoogh om haer om een ouden rock of deken te laten misbruyken; dat oock op dese wyse de meeste aentelingh uyt Duydsche ouders voortkomende." 3)

Hy kom tot die aaklige gevolgtrekking dat die Kommandeur en Raad

> „veel meer sorge heeft gedragen en beter orde gestelt over de beesten, om deselve in sexe en geslagten van den anderen te scheyden dan over de menschen"

en dat „onse natie, vryluyden, matrosen en soldaten de meeste aenleydingh hadden gegeven dit vrouwvolck te verleyden ..." [4]

In weerwil van verskeie maatreëls wat bereken was om die toestand te verhelp, kom dit voor asof die Kaapse bewindhebbers nie veel moeite gedoen het om die betrokke plakkate toe te pas nie, [5] en Hoge [6] geraak tot die gevolgtrekking,

> „dasz das Sklavenquartier derKompanie eine Art Bordell war und dasz der Verkehr der Weiszen mit den Kompanieklavinnen von der Obrigkeit geduldet wurde."

Die slavinne het hulle hierdie attensies nie alleen laat welgeval nie, maar doelbewus daarna gesoek. Hulle het selfs allerlei hulpmiddele gebruik om hul seksuele drifte aan te wakker [7] en die gevolg was

> „towards the evening one can see a string of soldiers and sailors entering the lodge where they misspend their time until the clock strikes 9. After that hour no strangers are allowed to remain in the lodge.

The/......

---

1) Geyser, O.: Die ou Hooggeregshofgebou, p. 20 et seq.
2) Hoge, J.: Rassenmischung in Süd-Afrika, p. 144.
3) V.C. 38: Journaal van Hendrik A. van Rheede, 1685, p. 320.
4) Ibid.
5) Geyser, O.: op. cit., p. 22.
6) Op. cit., p. 144.
7) Vgl. par. 2(a)(i), p. 160.

„The Company does nothing to prevent this promiscuous intercourse, since, for one thing it tends to multiply the slave population, and does away with the necessity of importing fresh slaves." 1)

Hierdie toedrag van sake verklaar die verskynsel dat daar so vroeg as 1671 reeds 21 basterkindertjies in die losie alleen was, en dat hul getal binne veertien jaar aangegroei het tot 61 in 1685. [2)]

(ii) Taphuise, Herberge en Private Bordele.

Alhoewel die losie seker die goedkoopste bordeel was, was dit op verre na nie die enigste nie. [3)] Daar was 'n hele aantal drinkplekke, herberge en vergaderplekke waar die mees skokkende wanpraktyke aan die orde van die dag was. Hoe dit daar toegegaan het, blyk veral uit die gebruiklike omslagtige motivering wat in toenmalige plakkate vervat is. In 1678 het sommige blanke mans so ver gegaan dat hulle selfs in die openbaar en oral langs die paaie met slavinne omgang gehad het. Die owerheid het naamlik

„niet sonder groot onbenoegen en leetwesen comen t' ervaren hoe een party lichtvaardige menschen, soo Comp's dienaren onder dit guarnisoen binnen dese fortresse, als buyten d'selve elders bescheyden oock wel vry coloniers, of inwoonderen dezer plaatse gans ongevoelyck van de vreese godes in hare conscientie sodanigh verbastert geworden zyn dat haar langer niet en schroomen, niet alleenigh in't secreet te pleegen en te committeeren, selfs met onchristen vrouwen oft slavinnen van d' E. Comp$^{e.}$ als particuliere, 't schandelycke crime van fornicatie, nemaar oock als een gepermitteert en een goet gekeurt saack, stoutelyck in't openbaar, en aspect van een yder, op gemeene wegen, en plaatse, in manier als oft getroude luyden waren, met malcander te converseeren, ja in herbergen, en anderen by een comste te festoyeeren, yder voor syne concubine of bysitte te reputeeren, ende te erkennen."

Die gevolg was dat

„d' afcomelingen oft soodanige onwettelycke geteelde kinderen daar van 's Comp$^{e.}$ en particuliere slavenhuysen vervult syn, tot schandtvleck van de Nederlantse en andere Christen natien genoegsaam ooggetuygenisse schaffen." 4)

Maar/.....

---

1) Mentzel, O.F.: Description of the Cape of Good Hope, II, V.R.V. 6, p. 125.
2) Franken, J.L.M.: Die Taal van die Slawekinders ... in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Sept. 1927, p. 33.
3) Vid. p. 185.
4) C. 588: Dagverhaal, 9.12.1678, pp. 674 en 675.

Maar in weerwil van verbiedinge het die toestand eerder versleg as verbeter, want ongeveer drie jaar later, op 27 November 1681, word verneem hoe die mense hul selfrespek verloor het,

> „soo verre dat als gantsche onbeschaamde en lichtvaardige menschen, sowel de Europianen als slavinnen haar moedernaact ontcleeden, en in't aspect en aansien van anderen met malcanderen te dansen en meer diergelyke ongeregeltheden te dryven, besonderlyck tot dese hare vuylicheyt gebruyckende als een rendesvous of vergaderplaats 's Comp.s slaven logie en meer andere plaatsen die daarvan suspect syn, alwaar de slavinnen op seeckeren tyden van den dag sluyps wysen weten te transporteeren, 't welck dan saacken synde van bysonderen quade gevolgen, in lande van politie en justitie niet tollerabel..." 1)

Dit wil voorkom asof van die vrygeworde slavinne soos Cataryn en die Timoreeshuisgesin hul private huise as bordele gebruik het waarheen die slavinne van die Kompanjie sowel as van ander privaat eienaars

> „haer op seeckere gesette tijden weeten te transporteeren en haer lichaem t' eenemaal aen alle verfoeyelycke vleesselycke wellusten overgeven, en door de Europianen laaten gebruyken selffs sigh niet schamende haer vuyle lusten in 't openbaar te plegen ..." 2)

(iii) <u>Gewone Huishoudinge.</u>

Maar afgesien van hierdie openbare euwels, het geslagsverkeer met slavinne ook binne die raamwerk van die gewone huishoudinge plaasgevind en dit het vroeg begin. Op die aand van 22 Augustus 1660, nadat die wagte uitgesit was, het Van Riebeeck in die kwartiere van konstabel Willem gegaan,

> „ende aldaer denselven constabel ontcleed op sijn koij gevonden leggen neffens een slaevin van den Commandeur voorm. genaemt Maria by hem op deselve koij." 3)

Geen wonder dus dat die sieketrooster, Pieter van der Stael op 13 Maart 1661 in sy vyfde brief aan die Klassis van Amsterdam melding gemaak het van die doop van twee buite-egtelike kinders, „een van mijn slavin is genaemt Pietertje en een van den Hr. Commandeur is genaemt Reintje ..." 4)

Voorbeelde/.....

---

1) V.C. 9: Dag Register Verbatim Copy, 27.11.81, pp. 451 en 452.
2) C. 5: Besluite van die Politieke Raad, 26.11.81, p. 67.
3) C.326: Attestatien, 1652-1665, p. 251.
4) Spoelstra, C.: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, p. 17.

Voorbeelde van soortgelyke gevalle van toevallige gemeenskap kan ad libitum aangehaal word. [1] Kenmerkende voorbeelde is die volgende: Verskeie kere het vryburgers hulle op die plaas Bosheuwel aan slavinne besondig waar dit eenmaal selfs op bakleiery met die bestuurder uitloop en hulle met „malcander worstelden ende plockhairden." [2] In 1660 word vryburger H. Elbertsz op heterdaad betrap met die slavin Adouke wat in sy huis gewoon het. Hy het naamlik meermale haar man van die bed gejaag en by haar gaan lê. [3]

Die gevolge van hierdie geslagsverkeer blyk dan ook veelvuldig uit die doop van buite-egtelike kinders van slavinne en wit vaders. Op verskeie geleenthede berig Pieter van der Stael dat hy sulke buite-egtelike kinders gedoop het, [4] en in die oudste doopregister van die Kaapse Kerk wat in 1665 aangelê is, is verder talryke voorbeelde van dopelinge uit slavinne en blanke vaders aangemeld. [5] Op een stadium is daar juis oor die doop van hierdie kinders 'n hele opskudding verwek toe 'n besoekende leraar, ene ds. Baldeus, by een en dieselfde geleentheid 'n kind van „Christelijke Duytsche ouderen geboren" behoorlik gedoop het, „maar het ander slaven kindt heeft hy met goeden voorbedacht versmaedelijken wijs van hem afgewesen." Hieroor rig ds. Overney 'n skrywe aan die Klassis te Amsterdam waarin hy die doopbeleid aan die Kaap uiteensit: Kinders van belydende blanke ouers word gedoop en „ooc die kinderen die by de Duitse natie werden geprocreert, 'tsy dat de moeders zijn gedoopt of niet." [6]

Op die omstandighede ter sake werp Kolbe [7] insiggewende lig as hy die prosedure beskrywe wat daar by die doop gevolg is om vas te stel wie die vader was:

> „Is echter 't kind meer wit als geel, en de moeder pikswart, zoo is't een vast teeken, dat het een Europeaansche vader moet hebben gehad; wie echter dezelve is, kan de prediker niet anders vernemen dan dat de moeder of de slavin, die 't kind op den arm heeft, tot antwoord geeft: Ik en weet het niet, vader al lang weg, vader al lang na Holland toe. Of echter dit antwoord altyd te geloven, en de vader niet dikwyls voor handen is, zulks kan men niet wel

raden/.....

---

1) Hoge, J.: op. cit., p. 139;
   Franken, J.L.M.: op. cit., p. 33.
2) C.326: op. cit., p. 224.
3) C.326: op. cit., p. 157.
4) Spoelstra, C.: op. cit., pp. 17, 20, 24 en 26.
5) Hoge, J.: op. cit., p. 140.
6) Spoelstra, C.: op. cit., pp. 29 en 30.
7) Naaukeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop, II, pp. 322 en 323.

„raden. Ten minste is wel te denken, dat deze vrouwsperzoonen dikwyls zelf niet weten wie de rechte vader is."

In sulke gevalle word die vader dan aangedui as „een onbekende Christen" of die dopeling as „halfslacht."[1]

Die vraagstuk van vaderskap kon in sommige instansies nogal netelig raak. Afgesien van die geboorte van baie normale gemengdbloedige kinders wat as natuurlik kon deurgaan,[2] was daar ook geleentheid vir verskynsels wat die denkende mense van daardie tyd aan die raai gesit het. So 'n geleentheid was Sondag 15 Julie 1714:

„Heden werd de phisici of natuurkundigen een stoffe van bedenkelijkheijd verschaft als werdende door den Eerw. predikant d'Ailly ... gedoopt twee kinderen van ene dragt waarvan 't een vry blank en 't andere volkomende zwart was, zynde de vader die er voor stond genaamd Pieter Daaldyn en de moeder Thamar van Madagascar beyde zwarte menschen." 3)

Dit was nie die eerste raaisel van sy soort nie, maar vroeër is 'n verklaring makliker gevind: Op Saterdag 25 Julie 1671 word aangeteken,

„Sekere vryborgers slavinne is heden van tweelingen bevallen, zijnde 't eene van een neger, en 't andere van een Hollander geprogenereert, 't welck als seltsaam en een verscheyden concept synde niet hebben willen omitteren." 4)

Hierdie verbastering het in die loop van die agtiende eeu groot omvang aangeneem. Dit is deur private sowel as amptelike instansies oogluikend toegelaat, deels ook omdat dit finansiëel voordelig was, en Sparrman[5] wys daarop dat slawe wat in die land gebore is, veral halfbloediges, vanweë hul groter bekwaamheid duurder was as ingevoerde slawe. Dit word vertel dat slawe-eienaars om dié rede bloedvermenging van hulle slavinne met blankes verwelkom het,[6] en een het selfs 'n blanke Ier vir dié doel tussen sy slavinne aangehou.[7]

So groot was hierdie verbastering dat daar teen die einde van die Hollandse bewind in 1787 op bevel van die Krygsraad 'n besondere afdeling van die Burgermag ingestel is vir diegene van wie een ouer 'n onvrye was of wat buite-egtelik gebore is.[8]

Na/.....

1) Hoge, J.: op. cit., p. 140.
2) Vgl. ook par. 5(a)(i), p. 185.
3) V.C. 20: Dag Verhaal, p. 136.
4) V.C. 6: Dag Verhaal, p. 125.
5) A Voyage to the Cape of Good Hope, I, p. 77.
6) de Kock, Victor: Those in Bondage, p. 122.
7) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 10.
8) C.289: Requesten en Nominatien, 1791, p. 515.

Na die oorname deur die Engelse het hierdie toedrag van sake voortgeduur en in 1806 het 'n besoeker berig,

> „At present every female slave who attains the age of 15 or 16 years receives the visits of some lover by whom she becomes a parent. Her second child and so on, has another father, and probably one of different colour. These unhallowed births are far from discouraged or kept concealed from the family." 1)

(iv) <u>Blanke Vroue en Slawe.</u>

Oor die algemeen is hierdie vermengingsaktiwiteite bedrywe deur die blanke mans en die slavinne. Baie seldsamer is die gevalle van geslagtelike betrekkinge tussen wit vroue en gekleurde mans, [2] maar daar bestaan tog getuienis dat dit wel by wyse van uitsondering gebeur het.

Kolbe,[3] wat geen hoë dunk van die Kaapse blanke vroue gehad het nie, was van opvatting dat hul opvoeding aan die hand van die slawe-kindermeide ernstige skade gely het en dat hulle verder as gevolg van die beskikbaarheid van slawe-arbeid lui, gemaksugtig en sinlik geword het dermate

> „dat zy liever by de thee en koffy zitten, dan eenige arbeid doen. Eindelyk volgt uit dezen lediggang, die met allerhande snoeperyen gestyft en aangequeekt word, niets anders dan dat by de aannaderende huuwbare jaren dees of geene verbodene tydkorting gezocht en 't eeren kransje in den wind geslagen word."

Dit is dus geen wonder dat hy ook kan beweer dat „zwarte slaven en morzige Hottentotten" ook soms met blanke vroue omgang het nie,

> „te meer wyl zommige zelfs zwarte kinderen ter waereld brengen, die met Europeanen getrouwt zyn, dien zy naderhand diets maken, dat zy van dees of geenen Hottentot of slaven, waar na 't kind volkomen gelykt, verschrikt zyn, en dat 't arm schepzel daar van dat teken heeft. En hoe kan 't ook anders zyn doordien hare geilheid onverzadelyk is en haar wellustig leven haar tot alle onkuisheid lokt."

Ook 'n ander bekende reisiger wat die Kaap in die sewentiger jare van die agtiende eeu besoek het, maak van so iets melding, maar laat terselfdertyd deurskemer dat dit 'n groot skande moet wees:

"The/.....

---

1) Wilson : Description of the Cape Colony, V.C. 58, p. 30.
2) Hoge, J.: op. cit., p. 149.
3) Op. cit., II, pp. 308 en 309.

> „The daughters of the colonists are sometimes with child by their father's black slaves. In this case, in consideration of a round sum of money, a husband is generally provided for the girl, but the slave is sent away from that part of the country." 1)

Dit was nie alleen vir die blanke dame 'n skande nie, dit was vir die slaaf wat hom op dié wyse vergryp het, 'n gevaarlike bedryf. Sparrman,[2] 'n tydgenoot van Thunberg, werp meer lig op die saak. In die omgewing van die Paarl het hy naamlik 'n baie ryk man ontmoet met verskeie dogters,

> „one of whom had, by some accident or another, already lain in of a black child, the father of which as a reward for his kindness, had been advanced from the condition of a slave to that of prisoner for life in one of the Robben isles, and the lady herself to that of wife to her father's bailiff."

Hierdie slaaf het daar maklik van afgekom want volgens die Bataafse kode was so 'n oortreding 'n halsmisdaad. Die geval van Cupido van Bengale lewer hiervan grusame bewys waar hy

> „buyten pijn van ijser en banden, of eenige d' minste dreygementen van dien, vrywilligh heeft geconfesseert en beleden ... dat hy ... met een vervloeckte en overgeyle lust ingenomen getraght heeft syn lyffheeren dochtertjie genaemt Risie Jacobs, out ontrent 13 yaaren, te bekruypen en syn boos voornemen met haar te blusschen tot welcke eynde hy ... des nachts van syn slaapplaats opgestaan is, en geclommen op het soldertje daar 't ... dochtertje slaapen lagh, welcke gelegentheyt hy ... capteerende, heeft sigh bij haar nedergestreckt en vervolgens gepooght tot syn oogwit te geraacken, in 't welck oock tot het uytterste van feytelyckheijt gebracht hebbende, is wederom soetjes na beneden gesloopen, alsmede dat hy ... well eer ontrent 3 yaaren geleden met seeckere (: doen ter tyd ;) jonge dochter genaamt Anna Elizabeth Rooleeuw diverse en ontallycke maalen vleesselycke conversatie gehad heeft, continueerende daarin om en by een geheel jaar lanck, wanneer maar de gelegentheyt presenteerde, ja selffs als nu de gemelte jonge dochter te trouwen quam heeft hy ... nogh des anderen daaghs het genoth haars eere en lighaems deelaghtigh geweest voegende alsoo by syn verdoemelycke onkuysht. nogh een swaarder crimen van echtschenderye en welcke enorme delicten, saacken synde van zeer schadelycke gevolge, principaalijck van een slaaff ontrent sijn lijfheeren dochter streckende tot ruine van alle eer en maagdelycke kuijsheijt, geensints tollerabel in landen daar de justitie floreert, ... Soo is 't dat den E.achtb. Raadt ... hebben den delinquant met gemeene stemmen gecondemneert ... omme gebracht te werden ter plaatse

daar/.....

---

1) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia ..., I, p. 137.
2) A Voyage to the Cape of Good Hope, I, p. 66.

„daar men gewoon is crimineele vonnissen t' executeeren en aldaar aan een galge met de coorde gestraft te werden datter de doodt naarvolght laatende het doode lichaam op de duyntjes onder de aldaer opgerechte galge begraven ... Aldus gesententieert in 't Casteel d' Goede Hoop den 3en February 1681 mitsgaders g' executeerd den daaraanvolgende." 1)

Dit is egter duidelik dat hierdie soort van kombinasie by buite-egtelike geslagsverkeer slegs in uitsonderlike gevalle plaasgevind het, en alhoewel daar tog enkele gevalle selfs van huwelike tussen blanke meisies en nie-blanke mans in die huweliksregister van die Kaapse Kerk voorkom, bly ook dit 'n rare verskynsel. [2] By die bestudering van Tabel 9 [3] blyk dit dat hierdie neiging tot op datum voortgeduur het: Baie minder blanke vrouens het hulle met nie-blanke mans afgegee, as omgekeerd. Dit is veral die blanke man en die nie-blanke vrou in Suid-Afrika wat vir die ontstaan van die Kleurlingbevolking verantwoordelik gehou moet word.

(b) Omgang met Hottentotte.

Daar bestaan veel minder dokumentêre gegewens oor toevallige geslagsverkeer tussen blankes en Hottentotte. Die gebrek aan geskrewe informasie moet toegeskrywe word aan die pioniersomstandighede op die grens wat hulle weens gebrek aan geriewe, afsondering, afstand van die regeringshoofkwartier en die storm en drang van die grenslewe, net nie tot dokumentering geleen het soos gebeurtenisse in die onmiddellike omgewing van die Kaap nie. En dit was juis binne die vloeibare grenstoestande waar eintlik kontak met die Hottentot gemaak is en bloedvermenging plaasgevind het. Maar daar is nietemin aanduiding genoeg dat dieselfde patroon as dié met betrekking tot die slawe, hom ook hier ontvou.

Die grootste verskille tussen die blanke en die Hottentot op nagenoeg alle lewensterreine, maar veral aan die etniese, higiëniese en kulturele fronte was nie voldoende om 'n kloof diep genoeg te skep om somatiese kontakte uit te sluit nie. Nadat Wilson [4] met kernagtige styl die weersinwekkende lelikheid en vuilheid van die primitiewe Hottentot beskrywe het, ag hy dit gerade om op eufemistiese suggestiewe wyse aan die ontsettende krag van die vlees reg te laat geskied:

„But/......

---

1) C.J. 780.
2) Hoge, J.: op. cit., p. 148.
3) P. 174.
4) Description of the Cape Colony, p. 26.

> „but such is the caprice of fancy, or such is the design of providence to improve the race of these beings in exterior appearance, for they are destitute of none of the amiable natural qualities of women, that the finest young men who ever left Europe, do not revolt from their embraces or reflect on these aberrations with disgust."

Dat die owerhede hulle terdeë bewus was van hierdie algemeen menslike swakheid, blyk onder andere ook uit voorsorgmaatreëls wat onder spesiale omstandighede getref is. Toe Simon van der Stel op 1 September 1685 op sy reis na Namakwaland in die omgewing van die Bergrivier kom,

> „liet ook de Ed. Heer Commandeur een ordre uitgaan, dewyl wy de Hottentots-Kraalen meer en meer begonnen te naderen dat niemant van ons volk zich zelven zal hebben te vermengen in vleeschelyke wellust met de Hottentotse Natie op straffe van gegeesselt, en als een schelm van de E. Compagnie weggejaagt te worden." 1)

(i) Aan die Kaap.

Toevallige vermenging met Hottentottinne kon egter nie vermy word nie. Daar was 'n tekort aan blanke vroue en waar die blanke ook al met die Hottentotte kontak gemaak het, was die Hottentotvrou 'n maklike prooi. 2) Hulle het ook gou ontdek dat 'n onafhanklike lewensbestaan uit hierdie soort van aktiwiteite gemaak kon word sodat dit nie langer nodig sou wees om in diens van die koloniste te tree nie. Dit, natuurlik, was prostitusie. Vir dié doel het van hulle in groepe van ag tot tien hul eie huishoudinge opgebou waarvandaan hulle hulself ook aan kroeë, herberge en ander huise van ontug verbind het om 'n bestaan te maak. As gevolg van die tweede pokke-epidemie is die openbare aandag op hierdie toedrag van sake gevestig. Dit het naamlik geblyk

> „dat veele Hottentotse vrouwspersoonen ofte sogen. Bastaard Hottentottinnen insteede van by ordentelijke ingeseetenen te dienen, gelijk bevoorens gebruykelyk is geweest, sig de vryheid hebben aangemaatigt op sig selven te gaan woonen en alsoo door haars. ongereegelde en vuyle leevens wijse, niet alleen veel overlast aen andere goede ingeseetenen maar in 't bijsonder groote stank en onreijnigheijd in deese plaats komen te veroorsaaken." 3)

Gevolglik/.....

---

1) Godee-Molsbergen, E.C.: Reizen in Z.A. in die Hollandse Tijd, I, p. 147.
2) Vgl. par. 2(a)(ii), p. 163.
3) C. 47: Resolutien 1755, pp. 423 en 424.

Gevolglik moes die diakonie die onkoste van hul verpleging tydens die epidemie dra,

> „waarby nog komt dat veele van dat gespuys sig in de taphuijsen of sogen. schaggeryen ophoudende in deselve vooral een schandaleus en ergerlijck leven komen te voeren." 1)

Dit is

> „diervolgens besloten om by affixie van billietten te interdiceeren dat van nu af aan geene bastaard hottentottinnen sig sullen mogen verstouten om direct of indirect op haar selven te gaan woonen of eenige bysondere huyshoudingen te hebben veel min sig in schaggeryen of taphuysen op te houden, maar dat deselve in tegendeel in 't vervolg niet anders dan alleen by ordentelijke Europische ingeseetenen te deeser plaetse sullen mogen inwoonen en getollereert werden ..." 2)

So ernstig was die toestand

> „dat soo wanneer men eenige dier hottentottinnen sal bevinden 't sy op haer selven dan wel in een taphuys te woonen, deselve immediaat sonder forme van proces strengelijk gelaarst, en de tappers of waarneemers dusdaniger taphuysen, dewelke sig verstouten diergelijke vrouws persoonen in haare huysen te doen inwoonen, bovendien in een boete van een hondert Ryxd. ... sullen werden gecondemneert." 3)

Dit is nie duidelik in hoeverre hierdie strenge maatreëls geslaag het nie; maar wat wel bekend is, is dat een-en-dertig jaar later nog steeds gepraat word van „de ontugt ... als hetwelk ook hier aan de Caab selve omtrend het gemeen met de Hottentottinnen en slavinnen plaats heeft." [4]

(ii) In die Binneland.

As dit in die Kaap wild toegegaan het, was dit in die binneland, op en anderkant die grens nie veel beter nie. Drosters en misdadigers het dikwels hul vryheid in die binneland gesoek en hulle daar met die inboorlinge vermeng;[5] maar ook die koloniste het hul deel gedoen en reisigers maak sonder uitsondering melding van die infiltrasie van blanke bloed in die Hottentotstamme op die grens. Waar die blankes hulle by voorkeur in die nabyheid van die Hottentotte gevestig het, en

waar/.....

---

1) Ibid., p. 425.
2) Ibid., pp. 425 en 426.
3) C.684: Origineel Placcaat Boek, pp. 63-65.
4) C.79: Resolutien, 1786, p. 559.
5) van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, p. 42.

waar daar 'n kroniese tekort aan blanke vroue was, sou dit inderdaad vreemd gewees het as bloedvermenging nie sou plaasvind nie.[1]

Bewyse van hierdie soort bloedvermenging word gevind in die geskiedenis van die sogenaamde Orlams-Hottentotstamme, dit wil sê diegene wat eers met die blankes in aanraking was maar uit 'n soort van drang na selfbehoud en onder druk van die intrekkende koloniste, noordwaarts getrek het om uiteindelik in die Noordweste, langs die Oranjerivier en in Suidwes-Afrika 'n bestaan te vind.[2] Van hierdie mense sê Kreft, [3]

> „In the South-Western corner of the country where the Europeans first settled, the Hottentots became their servants at an early date ... and in the early pioneer days when the colonists were mainly men, there was a strong infusion of European blood in their veins."

Van die Orlams-mense was die Afrikaners en die Witboois die bekendstes; maar daar was ook nog die getalsterke Boois- en Bethanie-stamme, asook die Berseba- en Amraal-groepe. Hierdie mense was nie alleen met die gebruik van perde en buskruit bekend nie, maar het blanke bloed in hulle are gehad, min of meer soos blankes aangetrek en op 'n manier die christelike godsdiens bely. Lichtenstein [4] verhaal hoe die Hottentotte omstreeks 1750 benoorde die Olifantsrivier in diens van die boere was. Hulle is as deel van die Boer se huishouding beskou, en het die godsdiensoefeninge bygewoon.

> „The children of the Hottentot women, in whose veins Christian blood often flowed, were educated in Christianity: they learnt to sing psalms and to read; and were even to receiving the sacrament of baptism, as good Christians as the pure offspring of the Europeans." 5)

Dit was dan ook geen wonder dat een van hulle, Hendrik Witbooi, 'n dagboek nagelaat het wat een van die interessantste dokumente in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geword het nie.[6] Dr. C. Frey [7] gee 'n uitvoerige geskiedenis van die Orlams-stam wat as Afrikaners bekend was en sê onder andere, „Jager's tribe

and/.....

---

1) van der Merwe, P.J.: op. cit., p. 145.
2) Vid. Hf. III, par. 5(b)(iii), p. 72.
3) The Diary of Hendrik Witbooi, Joernaal van die S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, Bd. II, 1926/27, p. 50.
4) Travels in South Africa, II, p. 303.
5) Ibid.
6) Kreft, H.H.G.: op. cit., p. 49 et seq.
7) Jonker Afrikaner and his Time, Joernaal v.d. S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, Bd. I, 1925/26, p. 18 et seq.

and family ... were not of pure Hottentot descent, but had some European blood in their veins ..." [1]

Wat van die Orlams waar was, was ook waar van die Griekwas en die Korannas voordat hulle na die noorde teruggewyk het [2] en voordat eersgenoemde onder Adam Kok se leiding saamgetrek is.[3]

(iii) Hottentotmans en Blanke Vroue.

Net soos in die geval van die slawe was dit die blanke mans wat hulle met die Hottentotvroue misgaan het. Daar is geen dokumentêre bewys dat die omgekeerde plaasgevind het nie, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle soos dié van Adriaantje Plooy wat in 1741 onder die aandag gekom het. Sy was 'n minderjarige weeskind wat onder die sorg van haar broer, Willem Plooy geplaas was. Daar was sy eendag in die tuin toe 'n Hottentot Harmanus na haar gekom,

> „ende haar door drijgementen van haar te sullen vermoorden so verre gebragt hadde, dat sy sig aan syn onrijne wille heeft moeten overgeven, en dus van hem vleeselyk bekent was, mitsgd. dat sylieden hunne gijle driften drie agtereenvolgende dagen opgevolgt hebbende, sy Adriaantje Plooy, haarselven vervolgens hadde bevonden van hem bevrugt te syn, gelyk sy ... nu vyf maanden geleeden verlost was van 't ... kind, waarvan sy constantelijk betuygde den voorm: Hottentot Harmanus ... en geen ander de vader te syn." 4)

(c) Omgang met Nie-blankes onlangs: Bantoes, Asiate en Kleurlinge.

Die Kommissie van Ondersoek na Gemengde Huwelike het in 1939 bevind dat in resente tye kasuele verhoudings tussen blank en nie-blank verantwoordelik was vir 'n aansienlike aanwas van getalle onder die Kleurlingbevolking.

> „Practically every witness whom we questioned on the subject, agreed that mixed marriages make only a minor contribution towards the increase of the coloured population compared with that provided by the vast amount of illicit intercourse," 5)

want,

> „... the greatest amount of illicit intercourse takes place, not in the more durable relationships ..., but/.....

---

1) Ibid.
2) Vid. Hf. III, par. 5(b)(iii), p. 72.
3) Stow, G.W.: The Native Races of S.A., p. 316.
4) C.J. 2511: Requesten 21.4.1740 - 12.12.1743, p. 46.
5) U.G. 30/1939: Report of the Commission on Mixed Marriages in South Africa, p. 24.

> "...., but in relationships of a temporary or casual nature. A welfare officer who had made special investigation into the matter, and had for that purpose visited a number of centres in the Cape Province, stated in evidence that in his own observation there was a great number of cases of illicit intercourse between Europeans and non-Europeans ... From what has been said it is evident that illicit traffic of this kind takes place to a very great extent — probably far greater than is generally imagined."

Die uiterste sedelike losheid van die Kleurlinge het veel bygedra om hierdie toedrag van sake moontlik te maak. Soos voorheen vermeld, was die totale aantal geboortes onder die Kleurlinge 37,081 in 1937. [1] Hiervan was soveel as 13,453, of meer as 36%, buite-egtelik. Dit is nie moontlik om statisties vas te stel hoeveel van hierdie kinders blanke vaders gehad het nie. Dit is waarskynlik dat verreweg die grootste gros van hulle nie-blanke vaders gehad het, maar getuienis uit baie betroubare bron dui daarop dat 'n aansienlike hoeveelheid wel blanke ouers het. 'n Leraar van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van 'n Wes-Kaapland-se sendinggemeente het by ondersoek vasgestel dat uit 36 gevalle van buite-egtelike kinders van Kleurlingmoeders, 32 van hulle blanke vaders gehad het.[2]

Alhoewel toevallige gemeenskap as gevolg van die maatskaplike stigma wat kriminele vervolgings meebring, in die jongste tye vermoedelik afgeneem het, bestaan daar tog onomstootlike bewys dat dit nog steeds op groot en ontstellende skaal voortduur. Hoe groot die omvang daarvan is, kan uit die aard van die saak statisties nie bepaal word nie. Hierdie soort van oortredings word tans, meer as ooit vantevore, met voorbedagte rade geheim gehou. Al wat daarvan vir berekening vatbaar is, is die gevalle wat onder die aandag van die gereg kom, en waar strafregtelike stappe gedoen word. Van 1951 tot 1958 is naamlik 19,104 aanklagte van oortreding van die Ontugwet voorgelê, 16,159 vervolgings is ingestel en 11,063 oortreders is skuldig bevind. [3] Dit spreek vanself dat slegs 'n uiters geringe persentasie van die werklike getal oortredings voor die hof dien, en dit is gevolglik duidelik dat hierdie vraagstuk nog ver van 'n oplossing is. Hipoteties sou gestel kon word dat, indien Suid-Afrika in 1961 weer 'n kans sou kry om voor te begin, die ontstaan van 'n Kleurlingbevolking slegs 'n kwessie van tyd sou wees.

Die/.....

---

1) Hf. III, par. 5(d)(iii), p. 92.
2) Ibid.
3) Die Burger, 27. 1.60, p. 7, kol. 7.

Die Kommissie van 1939 het bevind,

> "... it may be accepted that illegitimate births due to intercourse between European fathers and non-European mothers are much more prevalent among Coloured People than among other non-European races;" 1)

maar daar is tog terdeë ook gevalle van bloedvermenging tussen blanke mans en Bantoevroue.[2] Op 7 Maart 1960 het die rare verskynsel hom voorgedoen dat die sekse omgekeer is: 'n Negentienjarige Bantoe is veroordeel omdat hy die Ontugwet met 'n veertienjarige blanke dogter oortree het.[3]

Diegene wat hulle op hierdie wyse besondig, tel onder hulle geledere baie uitlanders wat nie oor dieselfde kleurvooroordele beskik as die Suid-Afrikaners nie. Op 1 Maart 1950 het adv. C.R. Swart [4] in die Volksraad daarna verwys toe hy sê,

> "Ons sien ook waar in die hawestede van ons land buitelanders hier aankom en hier vrye uiting gee aan hul losbandige welluste, ons moeilike rasseprobleme nog meer vertroebel en gevaarlik gemaak word."

Eerw. D.P. Botha,[5] 'n Skiereilandse sendeling, onderstreep dieselfde waarheid:

> "Veral in en rondom Kaapstad het verbastering met blankes plaasgevind. As Hawestad was Kaapstad onderhewig aan die praktyke wat gewoonlik met seelui geassosieer word."

Maar hierdie bedenklike aktiwiteite is geensins tot besoekende seelui en soldate beperk nie. In 1939 het die Kommissie getuienis aangehoor ten effekte dat

> "... among the male European participants were persons of all classes including some of considerable standing. This statement was borne out by witnesses from other centres." 6)

Koerantberigte oor ontugsake in resente tye het aan die lig gebring dat die omstandighede in dié verband nog geen wesentlike verandering ondergaan het nie: Onder die oortreders is nog steeds vooraanstaande mense soos predikante, medici, onderwysers, polisie-dienaars en andere. En as dit met die groen hout

gebeur/.....

---

1) U.G. 30/1939, p. 24.
2) Die Burger, 11.3.60, p. 7, kol. 1; 23.3.60, p. 16, kol. 7; 13. 5.60, p. 15, kol. 5.
3) Die Burger, 9. 3.60, p. 16, kol. 7.
4) Hansard 70, kol. 2236.
5) Op die Horison, Junie 1959, p. 7.
6) U.G. 30/1939, p. 24.

gebeur, kan daar met veiligheid aangeneem word dat „die praktyke wat gewoonlik met seelui geassosieer word", in verreweg die meeste gevalle deur Suid-Afrikaanse blankes self bedrywe word, „die swakkeres van die samelewing ... baie mense wie se kleurgevoel nie bestaan nie, of baie afgestomp is." [1)]

In die geval van vermenging met Asiate is die sekse meesal omgekeerd en is dit veral die Indiërman wat hom met die blanke vrou misgaan. H.J.B. [2)] verhaal die geval van een Indiër wat tereggestaan het op aanklag van onsedelike omgang met vier verskillende blanke meisies van tussen 17 en 27 jaar. Twee van hulle het as gevolg daarvan geboorte aan kinders gegee. In elke geval was daar ekonomiese faktore op die spel. Dit was telkens arm blankes wat hulle uit armoede en nood vir geld laat mislei het, en die skrywer voeg daaraan toe, „Wat hier gebeur het, vind op ontstellende skaal oor die Transvaalse platteland, op die Rand en elders plaas." [3)]

(d) <u>Vermenging van Nie-blankes Onderling.</u>

Die mengelproses wat die Kleurlinge ten gevolge gehad het, is nie afgehandel sonder dat melding gemaak word van die vermenging van die nie-blankes onderling nie.

(i) <u>Slawe en Hottentotte.</u>

Dit blyk dat die Hottentotte heel aan die begin nie so goed gesind was teenoor die slawe nie en verlooptes om die lewe gebring het. Op 16 Augustus 1673 word aan die Goewerneur-generaal van Batavië berig van 'n slaaf, een van vyf „Singalese gecondemneerdens" wat op Saldanhabaai deur Hottentotte gedood is,

> „als wesende dese inlantse natie met een besondere haat tegens slaven ingenoomen, en derhalve onmogelyck de sulke die haar ter fugie begeven, derselven handen of anders van gebreck de doodt te ontkomen." 4)

Spoedig egter het hierin verandering ingetree en het die sedelike losheid van die Hottentotte 'n seksuele heenkome vir die ledige slawe meegebring. Captain Cowley [5)] het reeds gerapporteer,

„If/.....

---

1) Hansard 70, kol. 2236.
2) Die Indiër-vraagstuk in Suid-Afrika, p. 36 et seq.
3) Ibid.
4) C.496: Uitgaande Brieven, II, p. 732.
5) Voyage round the Globe, p. 35.

> „If a slave of the Company should have a mind to have carnal knowledge of one of their Women, let him but give her husband a bit of Tobacco-Roll of about three Inches long, he will fetch her forthwith to the slave and cause her to lye with him."

Hierdie toedrag van sake is eintlik natuurlik as daar in aanmerking geneem word dat daar steeds 'n geweldige oorwig van manlike teenoor vroulike slawe was. Aan die begin van die agtiende eeu was die verhouding in die omgewing van 6 : 1.[1] Namate die getal geboortes van slawekinders styg, het die verhouding verbeter, maar aan die einde van die eeu was dit nog nagenoeg 3 : 1. In 1791 was daar byvoorbeeld 11,026 volwasse manlike slawe teenoor 3,587 vroue, 'n oorwig van 7,339.

> „This disproportion of the sexes resulted in a good deal of miscegenation with Hottentot women, who since the days of Van Riebeeck had evinced great fondness for the slaves. One recalls the complaints of the Europeans at the time, when they saw the native women enticing away their slaves by offering them roast tortoises and other delicacies." 2)

Baie slawe het dan ook begrypenderwys na die verderafgeleë Hottentotgemeenskappe ontvlug en daarin opgegaan.[3]

Hierdie proses is verhaas toe die Hottentotte as gevolg van ontstamming en verarming op groot skaal by die koloniste in diens tree en hulle saam met die slawe in dieselfde status, tewete dié van diensbode, verval. In die twintigerjare van die agtiende eeu was dit juis die kinders van slawe by Hottentotvroue wat aanleiding was tot 'n petisie wat vir homself spreek,

> „Your humble servants beg to represent that at the present conjuncture of time in consequence of the greater part of the Hottentots residing with the freemen for their own support, some of our male slaves cohabit with the female Hottentots and the children are brought up at their expense, but when they have reached an age to be of some use they are either enticed away or maliciously withdraw themselves from the duty they owe to those who have brought them up — thus frequently causing much inconvenience, from the want of the services expected in return for the expenses incurred — as happened to some of the undersigned." 4)

Eers in 1775 is 'n regulasie uitgevaardig dat sulke kinders

wanneer/.....

---

1) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 13.
2) de Kock, Victor: Those in Bondage, pp. 114 en 115.
3) U.G. No. 54/1937: Die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, par. 3, p. 7.
4) MacCrone, I.D.: Race Attitudes in South Africa, p. 84.

wanneer hulle 18 maande oud is, by die plaaseienaar ingeboek moes word totdat hulle die ouderdom van 25 sou bereik. [1]

Na die vrystelling van die slawe veral, is die proses van amalgamasie en integrasie tussen Hottentotte en slawe aansienlik bespoedig. [2] Hierdie soort van bloedvermenging noem J.S. Marais [3] die belangrikste in die evolusie van die Kleurlingbevolking en dit ly geen twyfel nie dat die slawe en Hottentotte gesamentlik verreweg die sterkste bydrae tot die ontstaan van die Kleurlinge gelewer het. Dit word deur I.D. du Plessis [4] bevestig waar hy tot dieselfde slotsom geraak,

> „But the most important contribution to the evolution of the Coloured people was that resulting from miscegenation between the Hottentots and the slaves."

(ii) <u>Kleurlinge en Bantoes.</u>

As gevolg van geografiese en demografiese faktore was die toevoeging van Bantoebloed by die Kleurlinge aanvanklik gering. Terwyl die Kleurlinge hoofsaaklik in Wes-Kaapland saamgetrek was, was die Bantoe woonagtig in die ooste en die noorde. Geleidelik egter kom aansienlike Kleurlinggemeenskappe ook in die groter stede van laasgenoemde gebiede tot stand; en daar het rassevermenging plaasgevind meesal tussen die ontstamde Bantoe en die laer klasse Kleurlinge, veral waar hulle in dieselfde lokasies saamwoon. Die vermenging het die gebruiklike patroon gevolg, tewete nie soseer deur wettige huwelike nie, maar hoofsaaklik as gevolg van kohabitasie en toevallige gemeenskap. [5]

Alhoewel die Bantoe reeds vir meer as 100 jaar in die Kaapse Skiereiland aangetref word, was hulle aantal tot onlangs so gering dat dit goedskiks buite rekening gelaat kon word. Met die buitengewoon snelle industriële ontwikkeling van Wes-Kaapland in die afgelope paar dekades het die toestroming van die Bantoe in hierdie geweste 'n uiters netelige vraagstuk geword. [6]

Die redes vir die buitengewoon sterk instroming van hierdie mense in Wes-Kaapland [7] staan inter alia juis in verband met die/.....

---

1) Ibid.
2) Vgl. Hf. III, par. 6(f), p. 114; Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 265.
3) Op. cit., p. 13.
4) The Coloured People of S.A. ..., p. 2.
5) U.G. 54/1937: Die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, par. 8, p. 8.
6) Vid. Hf. III, par. 8(b), p. 129.
7) Vgl. du Toit, A.S.: Kontak en Assosiasie van Kleurling met Bantoe ..., p. 60.

## TABEL 10: KLEURLINGE EN BANTOES IN SEKERE STEDELIKE GEBIEDE VAN DIE SKIEREILAND.

| STEDELIKE GEBIEDE | KLEURLINGE. | | | | BANTOES. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1936 | | 1951 | | 1936 | | 1951 | |
| | M. | V. | M. | V. | M. | V. | M. | V. |
| Bellville | 376 | 421 | 2,835 | 3,318 | 47 | 14 | 1,493 | 843 |
| Kaapstad | 58,563 | 66,863 | 96,720 | 109,863 | 8,928 | 3,666 | 26,793 | 13,138 |
| Vishoek | 22 | 125 | 31 | 159 | 59 | 15 | 161 | 92 |
| Goodwood | 1,026 | 1,108 | 15,414 | 15,754 | 15 | 9 | 2,320 | 1,640 |
| Pinelands | 28 | 178 | 39 | 473 | 17 | 16 | 82 | 268 |
| Simonstad | 1,069 | 1,179 | 1,581 | 1,667 | 265 | 175 | 756 | 324 |
| Parow | 868 | 970 | 3,105 | 3,485 | 9 | 4 | 385 | 252 |
| TOTAAL | 61,952 | 70,844 | 119,725 | 134,719 | 9,340 | 3,899 | 31,990 | 16,557 |
| GROOTTOTAAL | 132,796 | | 254,444 | | 13,239 | | 48,547 | |

die aanwesigheid van die Kleurlinge hier, en veral die Kleurlingvrou. Met behulp van laasgenoemde is drank makliker bekombaar en kan hul seksuele behoeftes bevredig word.[1]

Tabel 10 vergelyk die Kleurling- en Bantoebevolking in sekere stedelike gebiede van die Skiereiland in 1936 en 1951. Dit is uit die Verslag van die Kommissie oor Afsonderlike Verteenwoordiging [2] oorgeneem, en drie belangrike gevolgtrekkings lê voor die hand: In alle gevalle word die Kleurlingmans in aantal deur die Kleurlingvroue oortref, wat noodwendig beteken dat sommige Kleurlingvroue ledig moet gaan; in alle gevalle oortref die Bantoemans die aantal Bantoevroue in die verhouding van ongeveer 2 : 1, wat ewe noodwendig beteken dat elke tweede Bantoe ook seksueel onbevredig moet bly. Die natuurlike gevolge van hierdie verskynsels is sonneklaar: Met die berugte sedelike losheid aan weerskante sou dit hoogs onnatuurlik wees as seksuele gemeenskap tussen Bantoemans en Kleurlingvroue nie op groot skaal plaasvind nie. In die derde plek toon die tabel 'n geweldige aanwas in die Bantoebevolking tussen 1936 en 1951. Dit het naamlik meer as verdriedubbel. Dit spreek dus vanself dat seksuele omgang met die Kleurlingvroue ook geweldig moet toeneem en dat die toevloed van Bantoebloed in die Kleurlingbevolking al sterker en sterker moet word.

Maar dranksmokkelary en die gebrek aan numeriese balans in die sekssamestelling van die twee nie-blanke groepe is nie die enigste redes vir bloedvermenging nie. Die Kleurling se kenmerkende dranksugtigheid, luiheid, leeglêery, gebrek aan verantwoordelikheidsin en sy gevolglike versuim om behoorlik vir sy familie te sorg, dwing die Kleurlingvrou dikwels om haar terwille van bestaansbeveiliging elders heen te wend. Die Bantoe met vaster werkgewoontes is nie selde nie 'n ware redder uit die nood. Waar rassevooroordeel of sedelike inhibisies by die laer Kleurlingtipe so goed as afwesig is, word vermenging met die Bantoe vanselfsprekend.

> „Wanneer so 'n man besluit om na sy tuiste in 'n Bantoegebied terug te keer, gebeur dit soms dat die Kleurlingvrou hom vergesel, indien hy nie alreeds 'n vrou daar het nie; of anders skik sy haar filosofies na omstandighede en soek maar weer na 'n volgende Bantoe wat bereid sal wees om haar te onderhou."

Vermenging/.....

---

1) Eiselen, W.W.M.: Die Kleurling en die Naturel, p. 7.
2) U.G. 21/1954, p. 101.
3) Eiselen, W.W.M.: Die Kleurling en die Naturel, p. 7.

Vermenging tussen Kleurlinge en die Bantoe word eintlik onvermydelik gemaak weens gebrek aan toereikende behuising. Op verskeie plekke in die Skiereiland het die vinnige toestroming van Naturelletrekwerkers die ontstaan van plakkersdorpe ten gevolge gehad waarvan Windermere, Cook se Bos, Grassy Park en Steenberg van die bekendstes is. Hier het hulle met die laer klas Kleurlinge saamgewoon en alhoewel die mate van vermenging nie presies bepaal kan word nie, bestaan daar geen twyfel dat dit op aansienlike skaal plaasvind en toeneem na gelang die Bantoebevolking van die Skiereiland styg. In groter sentra soos Kaapstad kom wel mettertyd suiwer Bantoewoongebiede tot stand, en word vermenging langs dié weg enigsins teëgegaan; maar op die kleiner plattelandse dorpies waar sodanige afsondering nie prakties uitvoerbaar is nie, woon Kleurling en Bantoe eenvoudig saam in dieselfde lokasie en oor die gevolge daarvan hoef nie gegis te word nie.

Die Bantoe gaan in die Skiereiland gewoonlik nie wettige huwelike met Kleurlinge aan nie, alhoewel enkele gevalle daarvan tog voorkom. Die Bantoekommissaris van Stadsgebiede in Wes-Kaapland berig dat in die loop van die hele 1951 slegs 17 sodanige huwelike voltrek is, terwyl dit in die eerste ses maande van 1953 op 12 te staan gekom het. Die styging is destyds toegeskrywe hoofsaaklik aan finansiële oorweginge, aangesien hoër lewenskostetoelae aan getroudes betaalbaar was. [1)]

Inderwaarheid bestaan daar normaalweg by die Bantoe 'n innerlike afkeer van die Kleurling [2)] en wanneer die Direkteur van Sensus en Statistiek bevind dat die Bantoe vir bevolkingsregistrasiedoeleindes graag as Kleurlinge geklassifiseer wil word, gaan dit nie soseer om die ideaal van 'n verbleikte vel nie as om die praktiese voordele re passe en drank wat daaraan verbonde is.[3)] Die Bantoe vermy gevolglik permanente verbintenisse met Kleurlinge. Hulle lewe wel met Kleurlingvroue saam, maar net so lank as wat hulle in die Skiereiland werksaam is. [4)] By die kantoor van die Kommissaris word dan ook voortdurend klagtes ingedien ten effekte dat Bantoemans hul Kleurlingbywywe verlaat het. [5)] In 1953 is beraam dat daar in Windermere 40 Bantoe, en in die plakkerskampe 50 Unie-Bantoe, 75 Basuto en 150 vreemde Bantoe met Kleurlingvroue saamlewe. [6)]

Hierdie/.....

---

1) U.G. 21/1954, p. 100.
2) Ibid.
3) U.G. 21/1954, p. 99.
4) du Toit, A.S.: Kontak en Assosiasie van Kleurling met Bantoe ..., p. 224.
5) Op. cit., p. 100.
6) Die Burger, 18.11.58, p. 6, kol. 3.

Hierdie neiging in die Skiereiland, naamlik dat wettige huwelike tussen Bantoes en Kleurlinge 'n betreklike rare verskynsel is, moet toegeskrywe word aan die oprigting van suiwer Bantoewoongebiede soos Nyanga en Langa waardeur die groepsidentiteit tot 'n mate behoue bly. Waar dit egter nie die geval is nie, die aanraking op vryer grondslag geskied, en ontstamming makliker kan plaasvind, is daar aansienlike, en in party opsigte steeds stygende ondertrouery tussen die groepe. Volgens huweliksyfers van die Buro vir Sensus en Statistiek was daar in die drie jaar van 1955 tot 1957 in die Unie as geheel gemiddeld 542 huwelike per jaar tussen Bantoemans en Kleurlingvroue. In dieselfde tyd het gemiddeld 357 Kleurlingmans met Bantoevroue getrou.

Dit blyk dat veral vreemde Bantoes, dit wil sê Bantoes wat van plekke buite die grense van die Unie afkomstig is, 'n besondere rol in hierdie verband speel. Hulle werk dikwels in hotels en losieshuise waar hulle in kwartiere langs dié van Kleurlingmeisies gehuisves word en dit is meesal net 'n kwessie van tyd voordat een of ander verbinding ontstaan.[1] Hoe bedenklik kort hierdie „tyd" kan wees, blyk sprekend uit die relaas van A.S. du Toit [2] waar hy getuig: „Dit is geen ongewone verskynsel dat hy dieselfde aand wat hy haar ontmoet het, ook sommer by haar slaap nie."!

Die Kommissaris het inligting ontvang dat tussen 65% en 75% van die vreemde Bantoemans met Kleurlingvrouens saamlewe. Deurdat daar op 31 Augustus 1953 altesame 1,435 van hulle in die Skiereiland geregistreer was, moes dit beteken dat daar destyds minstens 1,000 Kleurlingvroue van vreemde Bantoes afhanklik was. Die ergste is dat hul die Bantoegebruik van veelwywery ook met hul Kleurlingvroue beoefen en getuienis is gelewer dat „party vreemde Bantoemans drie en partykeer meer Kleurlingmeide as vrouens neem." [3]

Die enigste logiese gevolgtrekking is dié waartoe prof. N.J.J. Olivier geraak: [4]

> „Die aanwesigheid van die Naturelle hier skep verder 'n nuwe bastergeslag waarvan die resultate waarskynlik eers oor 'n geslag of twee hulself sal laat geld."

Dit is nie sonder betekenis nie dat van die 500 leerlinge van/.....

---

1) Eiselen, W.W.M.: Die Kleurling en die Naturel, p. 7.
2) Op. cit., p. 217.
3) U.G. 21/1954, p. 100.
4) Die Naturel in Wes-Kaapland, Sabra-tydskrif, Jan. 1953, p.8.

van die Nywerheidskool Ottery wie se rasseherkoms ondersoek is, daar soveel as 20, of 4%, was wat 'n ouerkombinasie van Kleurling-Bantoe getoon het.[1] Hierdie persentasie is indrukwekkend aangesien die Kleurling geneë sal wees om so 'n kombinasie weg te steek as dit moontlik sou wees. Aangeneem kan word dat hierdie persentasie dus die absolute minimum is. In werklikheid mag dit wel veel hoër wees.

(iii) Asiate met Bantoes en Kleurlinge.

Volledigheidshalwe moet vermenging van Asiate met die ander nie-blankes ook vermeld word; en dan kan meteens gekonstateer word dat daar aanduidings van grootskaalse buite-egtelike gemeenskap tussen Indiërmans aan die een kant en Bantoe- en Kleurlingvroue aan die ander kant is. Statistiek is in dié verband natuurlik nie voorhande nie, maar in Natal gaan dit so erg toe dat die Zulu die regering genader het om hulle teen bloedvermenging met die Indiërs te beskerm.[2] As in aanmerking geneem word dat daar van die begin af hier te lande 'n oorwig van Indiërmans teenoor -vroue is, en daar in 1951 nog 'n ongunstige balans van meer as 12,500 was, kan met veiligheid aangeneem word dat Indiërs hulle ook op groot skaal buite-egtelik met Kleurlinge misgaan.[3]

Dit is duidelik dat die Indiërs langs dié weg hoofsaaklik ontlading vir hul seksdrif soek, want huwelike, veral met Bantoevroue, is opvallend skaars en toon ook tekens van afname. Daar was slegs 5 sulke huwelike in 1957, wat veel minder was as in die twee vorige jare. Hierteenoor trou Asiate heelwat meer geredelik met Kleurlingvroue, tewete 72 in 1955, 81 in 1956 en 63 in 1957.[4] En dit is ook opvallend dat van die 500 Ottery leerlinge daar 17, of 3·4% is wat uit 'n Kleurling-Indiër-kombinasie afkomstig was.[5]

Dit is opmerklik dat Asiatiese vroue geen noemenswaardige omgang hou met ander Suid-Afrikaanse nie-blankes nie. Die feit dat daar nie genoeg van hulle is om in die behoeftes van hul eie gemeenskap te voorsien nie, tesame met religieuse, kulturele, ekonomiese en sosiale skeidsmure verantwoord hierdie verskynsel. Die Bantoe en Kleurling kan nog veel minder bied as die blanke man ten einde so 'n diepgaande en growwe afwyking te regverdig.[6]

6. Gevolgtrekking/

1) Vgl. Tabel 3, p. 53.
2) Die Burger, 16. 9.58, p. 7, kol. 7.
3) U.G. 42/1955: Volkstelling, 8.5.51, p. 2.
4) Die Burger: ibid.
5) Vgl. Tabel 3, p. 53.
6) Vgl. Hf. IV, par. 3(c)(iv), p. 176.

6. Gevolgtrekkings.

Op hierdie stadium is die gevolgtrekking te regverdig dat die mengelgroepe sowel as die mengelproses van die grootste betekenis moet wees vir die gehalte van die uiteindelike resultaat wat daaruit sou voortkom.

(a) Seleksie.

Van die mengelgroepe [1] het twee, tewete die Hottentotte en die slawe, in toto in die mengelproses opgegaan, terwyl daar van die res, tewete die blankes, Indiërs en Bantoes, slegs gedeeltelike bydraes van sekere deelnemers gekom het.

By die Hottentotte en die slawe was daar dus geen seleksie nie, minstens nie hier te lande nie. Hulle het in die samestelling opgegaan vir wat hulle werd was, en dit is duidelik dat ten spyte van sekere voortreflike en mooi temperamentele en karaktereienskappe daar baie en ernstige kenmerkende swakhede was wat in 'n moderne westerse maatskappy noodlottige komplikasies veroorsaak, veral ten opsigte van die jeug en sy aanpassing.

Onder die slawe van Oosterse oorsprong was daar weliswaar ook sommige wat besondere kwaliteit verteenwoordig het. Hullè geledere is aangevul met politieke gevangenes wat vir die samestelling van die Kleurlinge van groot betekenis was, nie vanweë hul getalsterkte nie, maar omdat hulle mense van stand en aansien was. Onder hulle was 'n man soos Sjeik Jussuf van wie gesê is,

> „Sheik Joseph was no ordinary man. He was not only of noble birth, but of unusual piety, a great warrior, a great prince, and also a priest deep in the knowledge of holy things." 3)

Op grond van oorwegings soos hierdie en die praktiese ervaring van die koloniste in die agtiende en negentiende eeue kom J.S. Marais [4] tot sy slotsom,

> „We must, therefore, conclude that of the two main elements which have combined to form the Coloured People, the slave element was ... the more hopeful and progressive element. It seems reasonable to assume that their slave progenitors have contributed substantially to whatever stability of character the Coloured People may possess."

Maar/.....

---

1) Vid. Hf. III, p. 53 et seqq.
2) Vid. Hf. III, parr. 5(c) en (d), pp. 77 en 88 et seqq.
3) du Plessis, I.D.: The Cape Malays, p. 5.
4) The Cape Coloured People, p. 177.

Maar as alles in aanmerking geneem word, bly die feit steeds staan dat beide slaaf en Hottentot maar nederige boustowwe was.

Hierdie twee hoofelemente is aangevul met gedeeltelike bydraes van blanke, Bantoe en Asiatiese kant, en by hierdie groepe het seleksie 'n uiters belangrike rol gespeel. By elkeen van hulle is daar sterk faktore wat bloedvermenging teëgaan [1] en in hul sterkste vorm soos by die blanke en ook die Asiaat, bring dit mee dat die mengelpersoon nie net religieuse oortuigings nie, maar ook maatskaplike aansien en selfrespek eenvoudig oorboord gooi om die mengeldaad te verrig. Dit kan normaalweg nie 'n sterk karakter wees wat in staat is om die remkrag van die godsdiens, die maatskappy en die gewete te ignoreer nie.

In uitsonderlike gevalle sou daar ten opsigte van morele integriteit miskien teoreties 'n goeie saak uitgemaak kan word vir 'n gemengde huwelik of selfs kohabitasie, maar oor die algemeen is dit die swakker klas mens in Suid-Afrika, uit watter rastipe ook al, wat hiervoor te vinde sou wees. In die geval van buite-egtelike gemeenskap gebeur dit soms dat selfs vooraanstaande mense hulle aan besondiging oorkant die kleurskeidslyn skuldig maak, en dit is selfs moontlik dat hier en daar kwaliteit langs dié weg kan deurvloei, maar oor die algemeen is almal dit ook hier eens dat dit gewoonlik geskied onder „die swakker broers en swakker susters aan wie 'n mate van hulp verleen, en wat teen hul eie swakhede beskerm moet word." [2]

Langs hierdie weg word in gekonsentreerde mate op die Kleurling ingeteel die swakste wat die blanke, Indiër of Bantoe het om aan te bied. Die belangrike betekenis van die voorafgaande analise is dat sekere kenmerkende swakhede soos vatbaarheid vir drank- en daggamisbruik, onsedelikheid, momentgebondenheid, gebrek aan selfbeheersing, deursettingsvermoë, verantwoordelikheid, doelgerigtheid, wilskrag, selfrespek en sedelike inhibisies, asook onverskilligheid teenoor maatskaplike sensuur, langs hierdie weg die karakterpotensiaal van die Kleurling binnegesluip en ondergrawe het, en dit nog steeds doen.

Daar bestaan op hierdie grond gewigtige getuienis dat die Kleurling in 'n besondere sin die slagoffer van sy eie genese is, deurdat vir 'n aansienlike deel van sy samestelling geselekteer en gekoöpteer word die bedenklikste en swakste materiaal wat die Suid-Afrikaanse maatskappy het om aan te bied. Oor sy

hereditêre/.....

---

1) Vgl. par. 1(a)-(e), p. 148 et seqq.
2) Hansard 68, kol. 6303.

hereditêre geesteserfenis hang 'n reusevraagteken.

(b) Gesinsverband.

Maar die genetiese gebeure bring verdere adverse omstandighede mee. As gevolg van buite-egtelike geslagsaktiwiteite word meer as een-derde van alle Kleurlingkinders buite die normale gesinsverband gebore. Meer as een uit elke drie kinders word groot sonder die vormende en behoudende invloed wat die gewone huislike lewe saam met 'n vader en 'n moeder uitoefen. [1] Dit alleen moet 'n katastrofale uitwerking hê, want dit word immers allerweë erken dat daar vir die lewe binne 'n normale gesinsverband, net geen plaasvervanger is nie.

(c) Maatskaplike Norme.

Die hereditêre erfenis is skraal indien nie negatief nie, en die vormende invloed van die gesinslewe ontbreek. Hierdie dinge staan teen 'n maatskaplike milieu waarvan hulle deel is. So 'n milieu se norme en sedelike standaarde kan nie hoog wees nie, want dié word op sy beurt deur die gehalte van die mensemateriaal en hul gesinslewe bepaal. So ontstaan 'n wederkerige werking van adverse invloede. Per slot van rekening beteken dit dat die kind groot word teen 'n agtergrond van onsedelikheid, dronkenskap en geweld, waar die positiewe invloed van 'n gesonde huislike atmosfeer, maatskaplike verantwoordelikheidsin, en persoonlike selfbeheersing nie bestaan nie; en as hy groot is, help hy, en ander soos hy, om op hul beurt die maatskaplike milieu uit te maak waarin die bose sirkelgang by herhaling verloop.

Die opvoeder wat met die gedragsafwykende Kleurlingkind werk, moet hom noodsaaklik van hierdie faktore vergewis. Dit is sy taak om enersyds wal te gooi teen die uitwerking van die hele maatskaplike milieu self, maar meer nog om andersyds ook wal te gooi teen die uitwerking van skrale en selfs negatiewe temperamentele erfgoed. As dit moeilik is om iemand bokant sy milieu uit op te voed, is dit nog moeiliker om hom bokant sy hereditêre neigings en swakhede uit op te voed.

Indien die opvoeder hierdie oorweginge in berekening bring by die beplanning en besinning van sy opvoedingswerksaamhede, sal dit veel help om 'n gesonde realisme te handhaaf, sonder om die idealisme prys te gee. Dit sal as 'n spoorslag dien tot begrypende en daarom simpatieke, maar tegelykertyd ook tot taaie en onvermoeide volharding met die opvoedingstaak. Dit is vir die opvoedkundige 'n groot saak om te onderskei tussen een wat kan,

maar/.....

---

1) Vgl. Hf. VII, par. 1, p.375.

maar nie wil nie en 'n ander wat wil, maar nie kan nie. Sonder uitsondering hang die sukses van sy werk daarvan af. En die sukses van sy werk is die heil van die kind.

Dit is waar dat die beeld wat hierbo geskilder is oor die herkoms van die Kleurling, met die noodwendige implikasies daarvan vir die Kleurlingmaatskappy en dus vir die gedragspatrone van die Kleurlingkind, deurgaans ongunstig en in menige opsig sinistêr is, dermate dat die vooruitsig op noemenswaardige sukses met korrektiewe behandeling soms in twyfel getrek word. Dit sou inderdaad 'n troostelose skouspel gewees het as die mens niks meer was as die biologiese produk van natuurwette en -wetmatighede nie. Maar as mens is ook die Kleurling beelddraer van God, al is dit ook by hom, net soos elders, 'n verduisterde beeld. Omdat hy beelddraer is, is hy ook voorwerp van genade, en kan hy nie sondermeer in sy toestand van verval en gevallenheid gelaat word nie. Ook vir die Calvinistiese pedagoog is die terapeutiese versiening van hierdie toestand dus 'n roepingstaak wat nie na willekeur aangedurf of gelaat mag word nie. Dit is 'n kategoriese imperatief, want dit is per slot van rekening die eer van God wat op die spel staan. En die Calvinis glo dat die almagtige Skepper ook as Herskepper magtig genoeg is om na sy welbehae ook hierdie verduisterde beeld op te klaar en hierdie verlore seun terug te bring.

BYLAES EN BIBLIOGRAFIE IN BAND III,

PP. 760 - 780.